# DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SRI LANKA 1900 TOT 1995. 'N SENDING-HISTORIESE BEOORDELING

deur

**MARTIN JOHN GRANT DU PLESSIS**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereiste vir die graad

DOCTOR DIVINITATIS

aan

die Fakulteit Teologie (Afd.B)

van die

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Universiteit Pretoria

Promotor: prof P G J Meiring

Pretoria 1996

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie proefskrif is daar 'n behoefte om my waardering uit te spreek teenoor die volgende persone:

Aan my promotor, prof. P. G. J. Meiring, wil ek my hartlike dank betuig. Sy leiding en raad was van onskatbare waarde. Vir sy bereidwilligheid om op kort kennisgewing die proefskrif na te gaan en sinvolle insette te lewer.

Aan my pa, ds. J. v. W. Du Plessis, vir die voorbeeld wat hy oor die jare heen vir my was. Sy entoesiasme as dit by die werk van die Here, en in besonder die werk in Sri Lanka, kom. Sy betrokkenheid by die Kommissie vir Wêreldsending vanaf 1980 was my inspirasie om by hierdie navorsing betrokke te raak.

Aan Gerrit Viljoen wat altyd bereid was om met die nuwe rekenaarprogram raad te gee en wat met die finale afronding en uitdruk van die proefskrif behulpsaam was.

Aan Abrenzi, Van Wyk en Johan wat betrokke was by die wel en wee van hierdie proefskrif. Ek wil veral my dank teenoor Abrenzi uitspreek vir haar bystand en geduld tydens die skryf van die proefskrif.

En laastens aan ons hemelse Vader wat my die krag en insig gegee het om hierdie navorsing te voltooi. Sonder Sy bystand sou dit nie vir my moontlik gewees het nie.

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1. INLEIDING


1.1 RELEVANSIE VAN DIE STUDIE 1

1.2 HIPOTESE 2

1.3 INLIGTINGVERSAMELING 3

1.3.1 GEPUBLISEERDE BRONNE 4

1.3.2 PERSOONLIKE ONDERHOUDE 4

1.3.3 AGENDAS EN NOTULES 5

1.3.4 KOERANTBERIGTE 6

1.3.5 KERKLIKE TYDSKRIFTE 6

1.3.6 DIE OORLOGMUSEUM VAN DIE BOEREREPUBLIEKE TE BLOEMFONTEIN 7

1.3.7 AFRICANA EN BESKERMDE VERSAMELING AAN DIE UNIVERSITEIT ORANJE-VRYSTAAT 7

1.3.8 DS. J.V. W. DU PLESSIS, SKRIBA VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 7

1.3.9 BESOEKE AAN SRI LANKA 8

1.3.10 METODE VAN NAVORSING 8

1.4 DIE METODOLOGIESE ASPEK 9

1.4.1 WAAROM SENDINGGESKIEDENIS? 9

1.4.2 BEGRIPSOMSKRYWING 12

1.4.2.1 Sendingbegrip 12

1.4.2.2 Sendingwerk in die Ooste 14

1.4.2.3 Ceylon en Sri Lanka 14

1.4.2.4 Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en Ceylon 15

1.4.2.5 Nederduitse Gereformeerde Kerk 16

1.5 SRI LANKA: DIE LAND EN SY MENSE 16
1.5.1 INLEIDING 16
1.5.2 DIE GESKIEDENIS VAN DIE EILAND SRI LANKA 19
1.5.2.1 Inleiding 19
1.5.2.2 Die Klassieke era 21
1.5.2.3 Die Koloniale era 23
1.5.2.4 'n Onafhanklike Sri Lanka 26
1.5.3 DIE MENSE EN HUL GODSDIENSTE 28
1.5.3.1 Die Sinhalese en Boeddhisme 28
1.5.3.2 Die Tamils en Hindoeïsme 31
1.5.3.3 Die Moslems in Sri Lanka 33
1.5.3.4 Die Burgers 33
1.5.3.5 Die Veddhas en die Sigeuners 34
1.5.4 DIE CHRISTELIKE KERKE IN SRI LANKA 34
1.5.4.1 Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 36
1.5.4.2 Ander Christelike kerke in Sri Lanka 42
1.6 HOOFSTUKINDELING 43
1.6.1 HOOFSTUK 2 43
1.6.2 HOOFSTUK 3 44
1.6.3 HOOFSTUK 4 45
1.6.4 HOOFSTUK 5 45
1.6.5 HOOFSTUK 6 45
1.6.6 HOOFSTUK 7 46
1.6.7 BYLAE 47
1.7 SLOTOPMERKINGS 47

**HOOFSTUK 2. AGTERGROND VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SE SENDINGBETROKKENHEID IN SRI LANKA: ONTWIKKELINGE IN SUID-AFRIKA EN IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK GEDURENDE DIE NEGENTIENDE EEU**


2.1 DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK RONDOM DIE NEGENTIENDE EEU 49

2.1.1 ONTWIKKELING VAN DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK GEDURENDE DIE NEGENTIENDE EEU 49

2.2 INVLOEDE WAT VAN REGOOR DIE WêRELD DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN SY LIDMATE BEÏNVLOED HET 55

2.2.1 DI. VAN LIER EN VOS 56

2.2.2 DIE LUTHERSE GEMEENSKAP EN MORAWIESE SENDING 57

2.2.3 DIE BRITSE EN SKOTSE PREDIKANTE 58

2.2.4 DIE FILANTROPIESE BEWEGING IN BRITTANJE EN DIE BELEID VAN DIE REGERING TEN OPSIGTE VAN SENDING 59

2.2.5 DIE LONDENSE SENDINGGENOOTSKAP 59

2.2.6 SAMEVATTING 60

2.3 DIE EERSTE SENDINGBETROKKENHEID VAN 'N SUID-AFRIKANER IN CEYLON: DIE WERK VAN DS. M.C. VOS (1804 TOT 1809) 61

2.3.1 INLEIDING 61

2.3.2 DS. M.C. VOS EN CEYLON 62

2.4 DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG (1899 TOT 1902) 64

2.4.1 INLEIDING 64

2.4.2 DIE AANLOOP TOT DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG 65

2.4.3 'N KORT OORSIG OOR DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG 67

2.4.3.1 Die Republikeinse offensief 67
2.4.3.2 Die eerste Britse offensief 68
2.4.3.3 Die tweede Britse offensief 70
2.4.3.4 Die Guerrillafase 71
2.4.4 DIE BRITSE STRATEGIE OM DIE BOERE MAGTE TOT OORGAWE TE DWING 71
2.5 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK AANVAAR PASTORALE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE BOEREKRYGSGEVANGENES IN DIE VREEMDE 73
2.6 SAMEVATTING 75

**HOOFSTUK 3. DIE BOEREKRYGSGEVANGENES IN CEYLON. (1900-1902.)**

3.1 DIE KAMPE VAN AANHOUDING 77
3.1.1 RAGAMA 78
3.1.2 HAMBANTOTA 78
3.1.3 URGASMANHANDIYA 78
3.1.4 DIYATALAWA 80
3.2 DIE ALGEMENE LEWE IN DIE KAMP 80
3.3 DIE ROL WAT DIE PREDIKANTE IN DIE KAMP GESPEEL HET 82
3.4 DIE GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE IN DIE KAMP 84
3.4.1 EREDIENSTE 85
3.4.2 HUISGODSDIENS EN GEBED 85
3.4.3 DIE KERKRAAD 87
3.4.4 PERSOONLIK ONDERHOUDE 87
3.4.5 BYBELLESINGS 88
3.4.6 DIE JEUG 88

3.5 SENDINGOË GAAN OOP IN DIE VREEMDE 90
3.5.1 REDES WAAROM DIE BOEREKRYGSGEVANGENES BY SENDING BETROKKE GERAAK HET 91
3.5.2 SENDINGKONFERENSIES TE DIYATALAWA 92
3.5.3 SENDINGKLASSE 93
3.5.4 SENDINGBIDURE 94
3.5.5 DIE CHRISTELIKE STREWERSVERENIGING EN SENDING 94
3.5.6 DIE CEYLON-HULP ZENDINGGENOOTSCHAP 96
3.6 DIE BOEREKRYGSGEVANGENES KEER TERUG NA SUID-AFRIKA 98
3.6.1 DIE SLUIT VAN DIE VREDESOOREENKOMS 98
3.6.2 DIE TERUGKEER NA SUID-AFRIKA 100
3.6.3 DIE AANHOUDING IN DIE VREEMDE. WAS DIT DIE MOEITE WERD? 101

**HOOFSTUK 4. DIE WERK VAN EERWAARDE A. J. K. DE KLERK EN S. F. SKEEN**

4.1 EERWAARDE ABRAHAM JAKOBUS KOTZE DE KLERK 106
4.1.1 SY LEWENSGESKIEDENIS 106
4.1.2 ABRAHAM DE KLERK EN SY WERK BY DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN CEYLON 108
4.1.2.1 Inleiding 108
4.1.2.2 Die gesondheid van sy vrou 109
4.1.2.3 Abraham de Klerk en die kerk in Ceylon 109
4.1.2.4 Abraham de Klerk en sendingwerk 115
4.1.2.5 Sy afsterwe en begrafnis 118
4.1.3 SAMEVATTING 121
4.2 EERWAARDE S.F. SKEEN 123
4.2.1 INLEIDING 124
4.2.2 EERW. SKEEN EN SY WERK BY DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN CEYLON 125

4.2.3 VERDERE KONTAK 127

4.3 SAMEVATTING 128


**HOOFSTUK 5. DS. RAJKUMAR THURAIRAJAH. (1941 - 1993.)**

5.1 AGTERGROND 130

5.2 DIE BEDIENING VAN DS. THURAIRAJAH 131

5.2.1 AGTERGROND 131

5.2.2 DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING EN DS. THURAIRAJAH 132

5.2.3 DIE WERK VAN DS. THURAIRAJAH IN DIE NOORDE VAN SRI LANKA 135

5.3 OMSTANDIGHEDE DRYF DS. THURAIRAJAH UIT JAFFNA 137

5.3.1 BURGEROORLOG 137

5.3.2 DS. THURAIRAJAH NA KANADA 140

5.3.3 DS. THURAIRAJAH KEER TERUG NA SRI LANKA 145

5.4 DIE SIEKTE EN AFSTERWE VAN DS. THURAIRAJAH 147

5.5 SAMEVATTING 150


**HOOFSTUK 6. DIE WERK VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING VAN DIE SINODE WES-TRANSVAAL**

6.1 AGTERGROND 156

6.1.1 DIE LANDE WAT DIE ONDERSOEKSPAN BESOEK HET 158

6.1.1.1 Frankryk 158

6.1.1.2 Amerika 159

6.1.1.3 Japan 159

6.1.1.4 Korea 160

6.1.1.5 Taiwan 161

6.1.1.6 Singapoer 161

6.1.1.7 Hong Kong 162

6.1.1.8 Sri Lanka

6.1.2 AANBEVELINGS VAN DIE ONDERSOEKSPAN 163
6.1.2.1 Ds. R. Thurairajah in Sri Lanka 164
6.1.2.2 Een miljoen Bybels na Rooi Sjina 164
6.1.2.3 Radiowerk 164
6.1.2.4 Kursusse 165
6.1.2.5 Ander sake wat die kommissie van ondersoek aanbeveel het 165
6.1.3 SAMEVATTING 166
6.2 SAMEWERKING TUSSEN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING EN DS. THURAIRAJAH TEN OPSIGTE VAN SENDINGWERK IN SRI LANKA 168
6.2.1 EERW. ABRAHAM DE KLERK EN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 168
6.2.2 DS. RAJKUMAR THURAIRAJAH 171
6.2.2.1 Inleiding 171
6.2.2.2 Sy werk te Jaffna 173
6.2.2.3 Sy werk te Colombo 176
6.3 VERDERE SENDINGBETROKKENHEID DEUR DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING IN SRI LANKA 188
6.3.1 DIE WERK VAN PIETER TER HAAR IN SRI LANKA 188
6.3.1.1 Inleiding. 188
6.3.1.2 Die sendingmetodes van Pieter ter Haar 190
6.3.1.3 Toekomsplanne 191
6.3.1.4 Ondersteuning vanuit Suid-Afrika 191
6.3.1.5 Sy verhouding met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en die Kommissie vir Wêreldsending 192
6.3.1.6 Samevatting 192
6.3.2 OPLEIDING VAN LEDE VAN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA 193
6.3.2.1 Die optredes van dr. A. M. Hofmeyr 194
6.3.2.2 Die optredes van dr. L. C. Dressel 194
6.3.2.3 Samevatting 194

6.3.3 STUDENTESPANNE NA DIE OOSTE 195
6.3.3.1 Inleiding 195
6.3.3.2 Spanne wat Hong Kong besoek het 196
6.3.3.3 Die studentespanne wat Sri Lanka besoek het 197
6.3.3.3.1 Inleiding 197
6.3.3.3.2 Die werkwyse wat die spanne volg 198
6.3.3.3.3 Reaksie van die studente na die besoek aan Sri Lanka 198
6.3.3.3.4 Reaksie van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 199
6.3.3.3.5 Samevatting 199
6.3.4 DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING VERSKAF BEURSE AAN STUDENTE VAN SRI LANKA 200
6.4 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING EN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA 200
6.4.1 INLEIDING 201
6.4.2 DIE EERSTE KONTAK TUSSEN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING EN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA 202
6.4.3 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE TWEE PARTYE VERBETER 204
6.4.4 TOEKOMSTIGE SAMEWERKING 206
6.4.5 SAMEVATTING 207
6.5 SAMEVATTING 208

**HOOFSTUK 7. BEOORDELING VAN DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN CEYLON**

7.1 INLEIDING 210
7.2 'N SENDINGDEFINISIE 211
7.2.1 DIE DRIE-DIMENSIONELE SENDINGDEFINISIE 219
7.2.1.1 Die kerugma of verkondigende dimensie 221
7.2.1.2 Die diakonia of liefdesdiens 222

7.2.1.3 Die koinonia of kerkopbouende dimensie 223
7.2.2 SAMEVATTING 224
7.3 DIE BEOORDELING VAN DIE SENDINGBETROKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, DS. RAJKUMAR THURAIRAJAH EN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA, AAN DIE HAND VAN DIE DRIE-DIMENSIONELE SENDINGDEFINISIE 225
7.3.1 DIE BOEREKRYGSGEVANGENES (1900-1902) 225
7.3.1.1 Die omvang van hul werk 226
7.3.1.2 Sendingbenadering van die Boerekrygsgevangenes 228
7.3.1.3 Sendingmetodes 233
7.3.1.4 Die uiteindelike invloed wat die Boerekrygsgevangenes op die inwoners van Ceylon gehad het 233
7.3.1.5 Die uiteindelike invloed wat die Boerekrygsgevangenes op die kerk in Suid-Afrika gehad het 234
7.3.2 EERWAARDES A.J.K. DE KLERK EN S.F. SKEEN 235
7.3.2.1 Eerw. A.J.K. De Klerk 236
7.3.2.1.1 Die omvang van sy werk 236
7.3.2.1.2 Sendingbenadering 236
7.3.2.1.3 Die invloed wat eerw. De Klerk op die Dutch Reformed Church in Ceylon gehad het 239
7.3.2.2 Eerw. S.F. Skeen 240
7.3.2.2.1 Die omvang van sy werk 240
7.3.2.2.2 Sendingbenadering 241
7.3.2.2.3 Sendingmetodes 241
7.3.2.3 Samevatting 242
7.3.3 DS. RAJKUMAR THURAIRAJAH 243
7.3.3.1 Die omvang van sy werk 243
7.3.3.2 Die Sendingbenadering van ds. Rajkumar Thurairajah 244
7.3.3.3 Die Sendingmetodes van ds. Rajkumar Thurairajah 248

7.3.3.4 Die invloed wat ds. Rajkumar Thurairajah op die kerk van Sri Lanka en Suid-Afrika gehad het 249
7.3.4 DIE BETROKKENHEID VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING BY SENDINGWERK IN SRI LANKA 250
7.3.4.1 Die omvang van die werk van die Kommissie vir Wêreldsending 250
7.3.4.2 Die Kommissie vir Wêreldsending se sendingbenadering 252
7.3.4.3 Die invloed wat die Kommissie vir Wêreldsending op die kerk in Sri Lanka gehad het 256
7.3.4.4 Die invloed wat die werk van die Kommissie vir Wêreldsending op die kerk in Suid-Afrika gehad het 257
7.3.5 DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA 258
7.3.5.1 Die omvang van die werk van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 259
7.3.5.2 Die Sendingbenadering van die Dutch Reformed Church in Sri-Lanka 260
7.3.5.3 Die invloed wat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka op Sri-Lanka en sy inwoners het 261
7.4 TOEKOMSTIGE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING IN SRI LANKA 262
7.4.1 DIE *KERUGMA* OF VERKONDIGENDE DIMENSIE 264
7.4.2 DIE *DIAKONIA* OF LIEFDESDIENS DIMENSIE 267
7.4.3 *KOINONIA* OF KERKOPBOUENDE DIMENSIE 268
7.5 SLOT 271

**BYLAE**

**1.1 DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING VAN DIE SINODE WES-TRANSVAAL** **273**
1.1 DIE SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE 274
1.2 DIE BELEID VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 277
1.2.1 VRYWILLIGE BYDRAES 277
1.2.2 DEPUTASIEWERK 278
1.2.3 EIENDOM VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 279
1.3 BESOEKE DEUR LEDE VAN DIE KOMMISSIE AAN DIE WERK IN DIE OOSTE 279
1.3.1 PANEEL VAN DESKUNDIGES 280
1.3.2 UITNODIGINGS VANUIT DIE BUITELAND SOWEL AS DIE BINNELAND VIR OPTREDES DEUR LEDE VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 281
1.3.2.1 Uitnodigings vanuit die buiteland 281
1.3.2.2 Uitnodigings vanuit Suid-Afrika 283
1.4 DIE LEWENSONDERHOUD VAN DS. THURAIRAJAH 283
1.5 REËLINGS VIR 'N BESOEK VAN DS. THURAIRAJAH AAN SUID-AFRIKA 286
1.6 DIE BEKENDSTELLING VAN DIE WERK VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 288
1.6.1 BROSJURES 288
1.6.2 SKYFIEREEKS EN VIDEOMATERIAAAL 291
1.6.3 UITSTALMATERIAAL 291
1.6.4 SAMEVATTING 292
1.7 DIE FINANSIËLE OPSET VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELD=SENDING 293
1.8 ANDER VELDE WAAR DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING IN DIE OOSTE BETROKKE IS 295

1.8.1 INLEIDING 295
1.8.2 THAILAND 295
1.8.3 EEN MILJOEN BYBELS NA ROOI SJINA 297
1.8.4 RADIOWERK 301
1.8.5 VERTAALWERK 301
1.8.6 TAIWAN 302
1.8.7 DIE BETROKKENHEID VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING IN HONG KONG 302
1.8.7.1 Die Chinese Church Research Centre 304
1.8.7.2 Die opleiding van lekewerkers 307
1.8.8 DIE WERK VAN DS. K. FOUCHÉ IN HONG KONG 309
1.8.9 SAMEVATTING 311
1.9 ANDER TERREINE WAAR DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING 'N LEIDENDE ROL GESPEEL HET 311
1.9.1 ONDERHANDELINGS MET DIE MINISTER VAN VERVOERWESE 311
1.9.2 AANBIEDING VAN 'N DAGKONFERENSIE IN VERBAND MET WÊRELDSENDING 312
1.9.3 DIE BETROKKENHEID VAN DIE KOMMISSIE BY 'N SUBKOMMISSIE VIR WERKERS OORSEE 315
1.9.4 BETROKKE BY DIE STUUR VAN GASDOSENTE NA HONG KONG 316
1.9.5 LEIDING AAN GEMEENTES WAT BY SENDINGWERK BETROKKE WIL RAAK 317
1.9.5.1 Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Ruyterwacht 318
1.9.5.2 Die Nederduitse Gereformeerde gemeente George 318
1.9.6 DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING DOEN NAVRAAG OOR DIE STATUS VAN SENDELINGE WAT IN DIE BUITELAND WERKSAAM IS 319
1.9.7 KONTAK MET ANDER SENDINGORGANISASIES 319
1.9.7.1 Betrokke by Eilandesending 320
1.10 SAMEVATTING 321

**BIBLIOGRAFIE** **322**

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 RELEVANSIE VAN DIE STUDIE

Die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk by sendingwerk in Sri Lanka was in die geskiedenis van die kerk van groot belang. Terwyl die kerk deur die jare heen by sendingwerk in Sri Lanka betrokke was, was weinig van sy lidmate egter daarvan bewus.

Die meeste Suid-Afrikaners is vertroud met die geskiedenis van die Boerekrygsgevangenes, maar die rol wat die kerk, en veral die leraars van die kerk, tydens hierdie tydperk in Sri Lanka gespeel het, is nie aan baie mense bekend nie. Die sendingpogings deur die Boerekrygsgevangenes is ook nie algemeen bekend nie.

Die waardevolle werk wat eerwaarde A.J.K. de Klerk in Sri Lanka verrig het, is slegs in enkele bronne te vind. Sy lewensgeskiedenis, sy betrokkenheid in Sri Lanka en sy tragiese afsterwe, is geskiedenis wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk-kringe nie alombekend is nie. Dieselfde geld vir eerwaarde S.F. Skeen wat De Klerk in Sri Lanka opgevolg het.

Die werk van die Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode Wes-Transvaal is bekend binne dié Sinode se grense, maar inligting aangaande die kommissie se werk is tot notules en agendas beperk. Die rol wat ds. Rajkumar Thurairajah as sendeling van die kommissie

gespeel het, is weer eens nie alombekend nie. Gemeentes en individue binne die grense van die Sinode van Wes-Transvaal is wel met die werk van die kommissie vertroud, maar buite die grense van die Sinode is kennis ten opsigte van die werk van die kommissie slegs tot individue beperk.

Met die navorsing word gepoog om die betrokkenheid van die Boerekrygsgevangenes, eerwaardes A.J.K. de Klerk en S.F. Skeen, ds. R. Thurairajah en die Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode Wes-Transvaal in Sri Lanka op skrif te stel. Die geskiedenis was en is belangrik vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk .

Die verhandeling konsentreer op die godsdienstige en sendingbetrokkenheid van die Suid-Afrikaanse rolspelers in Sri Lanka en om 'n bydrae te lewer om die geskiedenis van die verskillende rolspelers op te teken en te beoordeel.

## 1.2 HIPOTESE

Die hipotese waarmee gewerk word, is dat die die Nederduitse Gereformeerde Kerk betrokke by sendingwerk in Sri Lanka 'n belangrike rol gespeel het en nog steeds speel om die evangelie aan die mense in Sri Lanka te bring.

Die betrokkenheid van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk by Sri Lanka strek vanaf 1900 tot en met vandag. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat die kerk 'n belangrike bydrae gelewer het om die evangelie aan die mense van Sri Lanka te bring. Bewyse om die hipotese te staaf

is te vinde in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse rolspelers wat in Sri Lanka by sendingwerk betrokke was.

Die volgende aspekte is van belang:

Eerstens is die navorsing **sendinghistories** van aard. Die studie handel oor die rol wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van sendingwerk vanaf 1900 tot en met vandag gespeel het. In die navorsing word die godsdienstige en sendingbetrokkenheid van die verskillende rolspelers in hul bepaalde tye nagevors. Die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vanaf 1900 tot en met vandag word bestudeer.

Tweedens word gepoog om die betrokkenheid van die die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka **krities** te beoordeel. Dit word gedoen aan die hand van 'n omvattende sendingdefinisie soos deur J.J. Kritzinger daargestel. Die sendingbetrokkenheid van die verskillende rolspelers word gemeet aan die hand van 'n drie-dimensionele sendingdefinisie wat later breedvoerig uiteengesit word.

Laastens word gepoog om met **voorstelle** wat uit die navorsing voortspruit, 'n bydrae te lewer met die doel om verdere sendingbetrokkenheid deur die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka te verseker.

## 1.3 INLIGTINGVERSAMELING

Die doel van die navorsing was om die geskiedenis van alle Suid-Afrikaners wat met sendingwerk in Sri Lanka betrokke was, op skrif te stel. Die inligting vir die studie is op die volgende maniere ingesamel:

### *1.3.1 Gepubliseerde bronne*

'n Gebrek aan voldoende gepubliseerde bronne ten opsigte van die navorsingsonderwerp was 'n wesentlike probleem. Bronne in verband met sekere tye in die geskiedenis, soos die Boerekrygsgevangenes was redelik bekombaar. In die geval van die betrokkenheid van eerw. A.J.K. de Klerk, en dan veral eerw. S.F. Skeen was daar bykans geen gepubliseerde bronne nie. Die bronne wat wel oor die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka gehandel het, kon met groot vrug aangewend word.

### *1.3.2 Persoonlike onderhoude*

As gevolg van die gebrek aan bronne in verband met die navorsing, moes alternatiewe gevind word om die nodige inligting te verkry. Deur middel van persoonlike onderhoude kon die gebrek aan inligting in 'n mate oorkom word.

Onderhoude is in Suid-Afrika sowel as in die buiteland gevoer met persone direk betrokke by sendingwerk in Sri Lanka. Die navorser het byvoorbeeld met die eggenote van eerw. S.F. Skeen wat tans in Roodepoort woon, 'n onderhoud gevoer om enige inligting aangaande eerw. Skeen se betrokkenheid in Sri Lanka in te samel.

### *1.3.3 Agendas en notules*

'n Belangrike deel van die navorsing handel oor die werk van die **Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode Wes-Transvaal**. Die onstaan, samestelling, beleid en betrokkenheid van die kommissie kan in die agendas en notules vanaf 1980 tot en met vandag nagevors word. Om die betrokkenheid van die kommissie by sendingwerk in Sri Lanka en die res van die Ooste na te vors, was dié bronne van onskatbare waarde.

Met die lees van die navorsing ten opsigte van die Kommissie vir Wêreldsending is dit belangrik om kennis te neem van die feit dat die bladsyverwysings van die agendas en notules ooreenkom met dié op rekenaardiskette van die Kommissie vir Wêreldsending in die argief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria. Die notule van die vergadering van die Kommissie vir Wêreldsending op 14 Augustus 1995 is by die skriba van die Kommissie, ds. J. V. W. Du Plessis, beskikbaar.

Met behulp van ds. Charles Jantz, moderator van die **Dutch Reformed Church in Sri Lanka,** het die navorser insae gehad in die agendas en notules van hierdie kerk. Die bronne was veral insiggewend in verband met die bedanking van ds. R. Thurairajah uit die Dutch Reformed Church in Sri Lanka.

Ds. Jantz het ook die persoonlike korrespondensie van ds. Thurairajah tot die beskikking van die navorser gestel. Saam met die persoonlike onderhoud met ds. Jantz was dié twee bronne van groot waarde in die

opsig dat meer perspektief verkry kon word ten opsigte van die verhouding tussen ds. Thurairajah en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka. Die standpunte van beide partye kon dus bepaal word.

### *1.3.4 Koerantberigte*

Koerantberigte is gebruik om die situasie tans in Sri Lanka te beskryf. Die voortslepende burgeroorlog in Sri Lanka geniet daagliks aandag in die Oosterse koerante. In die navorsing word beskryf hoe die oorlog die lewe van ds. R. Thurairajah en die werk van die kommissie beïnvloed het. Die berigte in die koerante beskryf die omvang van die oorlog en die effek wat dit op die inwoners van Sri Lanka het.

### *1.3.5 Kerklike tydskrifte*

Bogenoemde was 'n ander bron waaruit inligting vir die navorsing ingesamel is. Daar is van Suid-Afrikaanse sowel as Sri Lankese kerklike tydskrifte gebruik gemaak.

Ten opsigte van die die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat by sendingwerk in Sri Lanka betrokke was, en ds. R. Thurairajah, word breedvoerig in *Die Sendingblad* en *Die Kerkbode* berig. Die skriba van die Kommissie vir Wêreldsending, ds. J. v .W. du Plessis, plaas op 'n gereelde basis berigte in die verskillende tydskrifte van die kerk.

*The Herald*, die amptelike koerant van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka, het breedvoerig berig oor die werk van eerw. A.J.K. De Klerk, die

Kommissie vir Wêreldsending en ook die betrokkenheid van die studentespanne in Sri Lanka.

Bogenoemde publikasies was uitstekende bronne wat vir die navorsing gebruik kon word.

### *1.3.6 Die Oorlogmuseum van die Boererepublieke te Bloemfontein*

Die Oorlogmuseum was van groot hulp met bronne in verband met die Boerekrygsgevangenes. Van die gepubliseerde bronne is die enigste beskikbaar in die wêreld. Primêre bronne kon dus in die veiligheid van die museum nagevors word.

### *1.3.7 Africana en beskermde versameling aan die Universiteit Oranje-Vrystaat*

Besoeke aan die Africana en beskermde versameling aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was van groot waarde in die soektog na die uitgawes van *Die Kerkbode* wat op die navorsing van toepassing was.

### *1.3.8 Ds. J.v. W. du Plessis, skriba van die Kommissie vir Wêreldsending*

Ds. J.v. W. du Plessis, skriba van die Kommissie vir Wêreldsending, kon baie inligting aangaande die betrokkenheid van die kommissie in Sri Lanka en die res van die Ooste verskaf.

Ds. Du Plessis het ingestem om alle feite aangaande die kommissie in die verhandeling te verifieer. As skriba van die kommissie vanaf 1980 was sy kennis van onskatbare waarde vir die navorsing.

Onderhoude is met ds. Du Plessis gevoer om meer inligting te bekom aangaande aspekte van die werk in die Ooste waar daar 'n gebrek aan bronne en inligting was. Ds. Du Plessis het ook vir die navorser onderhoude gereël met persone wat by sendingwerk in die Ooste betrokke is.

### *1.3.9 Besoeke aan Sri Lanka*

Vir die sinvolle insameling van inligting was dit vir die navorser noodsaaklik om self die werk in Sri Lanka drie maal te besoek. Tydens die besoeke kon die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk in Sri Lanka eerstehands waargeneem word. Onderhoude kon met persone direk betrokke by die werk in Sri Lanka gevoer word.

### *1.3.10 Metode van navorsing*

Die metode van navorsing het dus die volgende ingesluit:

- Deurskouing van die beskikbare gepubliseerde bronne.
- Onderhoudvoering met persone betrokke by sendingwerk in Sri Lanka deur die navorser self.

- Deurskouing van alle ter saaklike agendas en notules van die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka.
- Deurskouing van plaaslike en Sri Lankese kerklike tydskrifte.
- Deurskouing van ter saaklike koerantberigte.
- Besoeke aan die oorlogmuseum vir beskouing van gepubliseerde bronne in verband met die Boerekrygsgevangenes.
- Persoonlike onderhoude met die skriba van die Kommissie vir Wêreldsending ds. J.v. W. du Plessis.
- Waarneming en belewing van sendingwerk deur die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka tydens besoeke aan die land deur die navorser self.

## 1.4 DIE METODOLOGIESE ASPEK

### *1.4.1 Waarom Sendinggeskiedenis?*

Die doel van die navorsing was om die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk by die verkondiging van die evangelie in Sri Lanka, te bestudeer.

Stoop (1974:142-143) wys daarop dat sendinggeskiedenis hom besig hou met die verkondiging en verspreiding van die evangelie onder nie-Christene. Die sendinggeskiedenis sien dus sy arbeidsveld as die **verspreiding van die evangelie**. " Die taak van die Sendinggeskiedenis is die sistematiese beskrywing van wat of deur die gevestigde Christelike Kerk self en / of deur verskillende

sendinggenootskappe gedoen is en nog gedoen word om die Christelike godsdiens in die nie-Christelike wêreld te bring..." (Badenhorst, [s a]:10). Die sendinggeskiedenis behandel dus die waar, die wanneer, die hoe en deur wie die kerk sy sendingtaak deur die eeue volvoer het.

Crafford (1988:7-8) wys daarop dat die taak van die Sendinggeskiedenis nou aansluit by dié van die Kerkgeskiedenis en Algemene Geskiedenis. By Sendinggeskiedenis word gebruik gemaak van 'n ontleding en interpretasie van die primêre bronne waaruit so objektief moontlik 'n rekonstruksie van die verloop van die gebeure gemaak word. Sendinggeskiedenis het egter 'n eie aard volgens Crafford: "... daarin dat dit slegs konsentreer op die punte waar die **heil in die wêreld inbreek**, dat die klem val op die transkulturele milieu waarin die boodskap verkondig word, dat spesifiek gelet word op die metodes waardeur die boodskap op die mees doeltreffende wyse gekommunikeer is, dat gelet word op die wisselwerking tussen Christendom en nie-Christelike godsdienste en ideologië en dat aandag gegee word aan die geskiedenis van jongkerke wat uit sendingwerk gebore is" (Crafford, 1988:8).

Volgens Stoop (1974:143) kan sending as een van die belangrikste kenmerke van die kerk beskou word, daarom bestaan daar 'n noue verband tussen kerk-en sendinggeskiedenis. Die einddoel of resultaat van sending blyk tog weer die kerk te wees.

In hierdie studie word aandag gegee aan die wyse waarop die evangelie versprei is, die jong kerk gegroei het en die moeilike omstandighede wat geheers het tydens die verkondiging van die evangelie. Die missionêre inisiatief vanuit Suid-Afrika, sowel as die werk wat deur ds. Thurairajah

en die plaaslike kerk onderneem is, word onder die loep geneem en teen die historiese agtergrond van die tyd waarbinne dit plaasgevind het, beoordeel.

### *1.4.2 Begripsomskrywing*

In die verhandeling word van verskillende begrippe gebruik gemaak en dit is van belang vir die leser om kennis te neem van hoe die begrippe hanteer word.

#### *1.4.2.1 Sendingbegrip*

Sending word in die navorsing as 'n omvattende aksie beskou en daar word met 'n **drie-dimensionele sendingdefinisie gewerk**. Dié definisie word in detail in hoofstuk 7 behandel, tog is dit van belang om kortliks te verduidelik wat onder die begrip sending verstaan word.

"Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld,
waardeur Hy uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader.
Deur die gemeente:
* Laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig.
* Bring hy die gemeenskap van die die heiliges uit alle nasies totstand en
* Laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer.
So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld"
(Nederduitse Gereformeerde Kerk Oranje Vrystaat, Kerkorde, 1995:60).

Uit dié amptelike standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kom die volgende duidelik na vore:

Ten opsigte van sending is dit nie die gemeente nie maar God self wat stuur. Die **Drie-enige God** is die bron van alle sending, die *Missio Dei.* Die Vader het die Seun na die wêreld gestuur, die Seun het gekom om die goeie nuus te versprei en die Heilige Gees is gestuur om die werk voort te sit.

**Elke gemeente** en **elke lidmaat** het die verantwoordelikheid om by sendingwerk betrokke te raak, die *missio ecclesiae*. Ten opsigte van hierdie verantwoordelikheid het ons geen keuse nie. As gelowiges het ons saam met God Drie-enig deel aan die sendingtaak.

Die sendingtaak van die kerk is om in diens van die **koninkryk van God** te staan. Dit is egter belangrik dat sending omvattend verstaan moet word. Sending behels meer as net suiwer Woordverkondiging.

In die navorsing word van die drie-dimensionele sendingdefinisie soos deur J.J. Kritzinger daargestel, gebruik gemaak. Die sendingdefinisie staan nie los van die Sendingreglement van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie, trouens die drie-dimensionele sendingbenadering is in die reglement teenwoordig. Sending behels volgens dié definisie woordverkondiging of *kerugma* , die liefdesdiens of *diakonia* en die opbou van die kerk of die *koinonia* (Kritzinger, 1987:12-13). Dié definisie word in hoofstuk 7 breedvoerig verduidelik.

Sendingpogings kan nie net op een aspek van die mens konsentreer nie, maar moet op die mens as 'n geheel konsentreer. In Sri Lanka veral is dit van groot belang dat die sendingpogings die mens se behoeftes en situasies in ag sal neem.

Die kerk moet in die uitvoering van sy sendingtaak by meer as net die verkondiging van die evangelie betrokke raak. Die *koinonia* en *diakonia* dimensies is meer as net pogings om die evangelie beter te verkondig, dit is 'n integrale deel van Woordverkondiging. Deur middel van sending moet die kerk die Woord van God aan die nie-Christene in al sy dimensies bring.

#### *1.4.2.2 Sendingwerk in die Ooste*

In die navorsing word ten opsigte van die werk van die Kommissie vir Wêreldsending voortdurend na sendingwerk in die **Ooste** verwys. Dié begrip word gebruik om die verskillende sendingvelde aan te dui waar die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk betrokke is. Wanneer na die Ooste verwys word, sluit dit die volgende lande in:

- Sri Lanka.
- Hong Kong.
- Sjina.
- Thailand.
- Taiwan.

#### *1.4.2.3 Ceylon en Sri Lanka*

Die eiland Sri Lanka het met die verloop van die geskiedenis verskillende name gehad. Die eiland se geskiedenis is een van konflik. Tydens die era van kolonisasie is Sri Lanka deur verskeie Europese lande oorgeneem en het Sri Lanka sy onafhanklikheid ingeboet. Dit was

die vernaamste rede waarom Sri Lanka se naam van tyd tot tyd verander het.

Die geskiedenis en ander inligting ten opsigte van die naam Sri Lanka word later in die hoofstuk breedvoerig behandel.

In die navorsing word na **Ceylon** sowel as **Sri Lanka** verwys en moet deurentyd in gedagte gehou word dat van dieselfde eiland gepraat word. Die naam wat gebruik word hang saam met die vreemde moondheid wat op die bepaalde tydstip van die geskiedenis in beheer van Sri Lanka was. In die tyd van die Boerekrygsgevangenes en tydens die werk van eerwaardes A.J.K. De Klerk en S.F. Skeen het die eiland as Ceylon bekendgestaan. Toe die Kommissie vir Wêreldsending in 1980 op die eiland betrokke geraak het, was die eiland reeds bekend as Sri Lanka. In die beskrywing van die onderskeie tydperke word dienooreenkomstig na die naam van die eiland op daardie stadium in sy geskiedenis verwys.

*1.4.2.4 Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en Ceylon*

Met die verwysing na die **Dutch Reformed Church in Sri Lanka en Ceylon** geld dieselfde argument as in die geval van punt 1.1.4.2.3. Die naam van die kerk is bepaal deur wat die eiland op die bepaalde tydstip geheet het. Die kerk in sy beginjare was gekoppel aan die regering van die dag. Die naam van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gaan, indien die parlement die besluit van die kerk bekragtig, eersdaags weer verander.

#### *1.4.2.5 Nederduitse Gereformeerde Kerk*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk was met die verloop van die geskiedenis vanaf 1900 by sendingwerk in Sri Lanka betrokke. Saam met die leraars van die kerk is en word 'n belangrike bydrae ten opsigte van sendingwerk in Sri Lanka gelewer.

Ten opsigte van die tydperk van die Boerekrygsgevangenes, eerwaardes A.J.K. De Klerk en S.F. Skeen word na die **Nederduitse Gereformeerde Kerk** verwys.

Met die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending word na die **Sinode Wes-Transvaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk** verwys.


## 1.5 SRI LANKA: DIE LAND EN SY MENSE

### *1.5.1 Inleiding*

Die eiland Sri Lanka beslaan 'n oppervlakte van slegs 25 332 vierkante myl. Dit lê tussen 5°55 en 9°50 noorderbreedte en 79°42 en 81°52 oostelike ligging (Van Jaarsveld, 1973:154).

Die pragtige eiland staan as die *Pêrel van die Ooste* bekend. Besoekers aan Sri Lanka word deur asemrowende natuurtonele verras. Die klimaat van die eiland varieer van woestynagtige dele tot reënwoude. Sri Lanka

vorm deel van die Moeson-tropiese klimaat en het daarom duidelike droë en nat seisoene (Keuneman, 1994:325). Vanaf April tot Junie en Oktober tot Februarie word die eiland deur die Moeson reëns geteister. As gevolg van die baie reën is daar pragtige woude en tropiese plante op die eiland (Keuneman, 1994:26).




'n Kaart van die eiland Sri Lanka

Sri Lanka is bekend vir sy edelgesteentes, rys en veral vir die tee wat op die eiland verbou word. Mense wat Sri Lanka, die eiland nie ken nie, is meestal vertroud met Ceylontee. Sri Lanka se ekonomie is gebou rondom die tee-industrie en tee word op graat skaal na die buiteland uitgevoer. In 1990 was Sri Lanka die grootste uitvoerder van tee ter wêreld en word tans saam met Indië beskou as die grootste uitvoerder van tee ter wêreld.

Die geskiedenis van die tee-industrie kan na 1849 teruggevoer word. 'n Skot, met die naam van James Taylor het negentien akkers grond ontbos en tee aangeplant. Min het James Taylor besef dat dit die begin was van 'n industrie wat nog baie vir die mense van Sri Lanka sou beteken. Vanaf die dae van Taylor het die tee-industrie gegroei tot die grootste bron van inkomste vir die eiland. Tee word tans in drie distrikte verbou en elke distrik se tee het sy eie kenmerkende geur (Keuneman, 1994:293).

Van die grootste kopers van tee is Engeland, Amerika, die Republiek van Suid-Afrika, Egipte en nog vele ander lande. Twee miljoen mense in Sri Lanka word deur die tee-industrie geraak. Op 'n direkte en indirekte manier is die meeste mense in Sri Lanka vir hul daaglikse bestaan van die tee-industrie afhanklik (Johnson, 1981:86-87).

Sri Lanka is ook vir sy dierelewe bekend. Olifante word op die platteland aangewend om in die plantasies te help om swaar objekte te skuif. Die mense op die platteland gebruik ook waterbuffels om die rys plantasies mee te ploeg (Keuneman, 1994:312-314).

Soos reeds genoem het die eiland deur die eeue heen verskillende name gehad. Die vreemde moondhede wat van tyd tot tyd Sri Lanka beheer het, het die eiland se naam verander soos dit hulle gepas het. Oorspronklik het die eiland Sri Lanka geheet. Die Arabiese handelaars verander die naam na Seendib, wat *eiland van genot* beteken. Die Portugese noem die eiland weer Ceilao. Die Hollanders verander die naam na Zeilan en in 1796 word die naam van die eiland deur die Britse gesag na Ceylon verander. Met onafhanklikheid op 4 Februarie 1948 word die naam van die eiland weer amptelik Sri Lanka (Webb,1987: 13-21).

Oosthuizen (1975:154) maak melding daarvan dat Ceylon verreweg die aantreklikste landstreek was waar Boerekrygsgevangenis aangehou is.

Sri Lanka is een van min plekke ter die wêreld waar 'n groot verskeidenheid van mense, gelowe en tale aangetref word. Een van die uitstaande kenmerke van Sri Lanka is die vriendelikheid van sy mense. Inderdaad 'n eiland wat besoekers fassineer.

### *1.5.2 Die geskiedenis van die eiland Sri Lanka*

#### *1.5.2.1 Inleiding*

Sri Lanka is 'n eiland vol tradisie. Wilhelm Geiger skryf in 1932: "It is a wellknown fact that for hardly any part of the continent of India is there such a uninterrupted historical tradition as for the island of Ceylon" (Keuneman, 1994:32).

"'n Prins met die naam Vijaya het geland in Lanka, in die gebied wat Tambapanni genoem word". Hierdie woorde vol misterie was die begin van die eiland se geskrewe geskiedenis. Dié getuienis kom uit die literêre bron *Mahavamsa*. Die vervolg van die *Mahavamsa*, die *Culavamsa* vorm saam die primêre bron van die ryk historiese tradisie van die eiland Sri Lanka (Keuneman, 1994:32).

Die *Mahavamsa* en die *Culavamsa* kan so ver as die sesde eeu ná Christus teruggevoer word. Die twee bronne bestaan uit verhale en mites. Die waarde van die twee bronne is eers in 1826 vasgestel. In die *Mahavamsa* word na die aankoms van die Sinhalese, die meerderheidsgroep op die eiland, verwys. Verder word in meer detail gekyk na Vijaya, die vader van die Sinhalese mense. Volgens die bron het die Sinhalese in Sri Lanka gearriveer tydens die tyd van Parinibbana, die tyd met die afsterwe van Boeddha.

In die *Mahavamsa* word ook van die Tamils melding gemaak. Die Tamilmense het stedelike en plattelandse sentrums in Suid-Indië opgerig rondom die derde eeu voor Christus. Keuneman (1994:33) verwys pertinent dat vroeë Sri Lanka multi-etnies was en dat geen etniese groep vyandig teenoor die ander een was nie.

Die geskiedenis van Sri Lanka kan in die volgende eras onderverdeel word:

- Die Klassieke era.
- Die Koloniale era.
- Die Onafhanklike era.

#### *1.5.2.2 Die Klassieke era*

Die antieke beskawing van Sri Lanka het in die droë sone van die eiland ontstaan en gefloreer. Vroeë vestigings was meestal op die oewers van riviere en die mense het van rys gelewe. Die vestigings het later na die binneland uitgebrei en die inwoners moes leer om met die droogte saam te leef. Die stryd om oorlewing was een van die vernaamste redes waarom Sri Lanka een van die grootste besproeiingsbeskawings van die antieke wêreld geword het.

Grootskaalse **besproeiingsnetwerke** was so vroeg as die eerste eeu ná Christus in werking in Sri Lanka. Die water van die riviere wat vanaf die berge en nat sone gevloei het, moes ten volle benut word. Kanale en reservoirs is opgerig. Damme is gebou wat uitlaatplekke in die walle gehad het om die vloei van die water te reguleer. Vir die tyd waarin die damme gebou is, was dit geniaal. Rondom die derde eeu na Christus het die ingenieurs van Sri Lanka die *bisokotuwa* ontwerp. Hierdie was die prototipe van die moderne sluise by damme. Met al die uitvindsels kon die vroeë inwoners van Sri Lanka genoeg water kry in die droë sones. As gevolg van die besproeiingsnetwerk kon die inwoners rondom die agtste eeu dele van die land gebruik vir die verbouing van landbouprodukte (Keuneman, 1994:35).

As gevolg van die groei in die landbou het twee groot sentras van die **Sinhalese beskawing** in die droeë sone ontstaan naamlik Anuradhapura in die noorde en Polunnaruwa in die suide. Dié twee stede het die hoofstede van die Sinhalese koninkryk geword (Keuneman, 1994:35).

'n Integrale deel van antieke Sri Lanka was die Boeddhistiese godsdiens. Theravada-Boeddhisme het Sri Lanka waarskynlik rondom die derde eeu voor Christus bereik. Volgens oorlewing het Asoka, die laaste keiser van Indië, die eerste Boeddhistiese sendelinge na Sri Lanka gestuur. Boeddhisme het tot staatsgodsdiens gegroei en die basis van die kultuur en beskawing gevorm. In 1979 was Boeddhisme die godsdiens met die grootste aanhang in Sri Lanka (Johnson, 1981:23).

Die Sinhalese deel van die bevolking en Boeddhisme het onlosmakend van mekaar geword. Dié mense sien hulself as die *uitverkore volk* wat Boeddhisme op die eiland moet verkondig en versprei. Anuradhapura vir die Boeddhiste het 'n belangrike stad geword. Tempels of *stupas,* soos dit bekend staan, is oral gebou ter verering van Boeddha. As gevolg van die groot suksesse met die boerdery het die Sinhalese deel van die gemeenskap baie ryk geword. Hulle het nie geskroom om geld aan hul godsdiens te spandeer nie. Anuradhapura het een van die beste en rykste stede in antieke Sri Lanka geword.

Die **konings** het 'n belangrike rol in antieke Sri Lanka gespeel. Die heerser het sy rykdomme met sy arbeiders gedeel en mildelike bydraes aan die Boeddhistiese kloosters gemaak.

Die belangrikste sosiale klassifikasie in die antieke tyd was die kastestelsel, 'n gebruik wat van Indië na Sri Lanka oorgekom het. Tog het die kastestelsel in Sri Lanka 'n eiesoortige karakter. Net soos in Indië bepaal beroep of ambag iemand se plek binne die kastestelsel. In kontras met die stelsel in Indië het die Sinhalese sisteem geen religieuse

gronde nie. Interessant is dat Boeddha self die kastestelsel veroordeel het. Die impak wat die kastestelsel in Sri Lanka op die samelewing gehad het was veel *sagter* as in die geval van Indië (Keuneman, 1994:36-37).

Die klassieke era het egter ook sy probleme opgelewer. Daar was 'n inval van die Tamils vanuit die suide van Indië. In die *Mahavamsa* word daar baie geskryf aangaande die stryd tussen die Tamils en die Sinhalese (Keuneman, 1994:37). Tydens die vyfde en sesde eeu is Sri Lanka vanuit 'n ander oord bedreig. Drie magtige Hindoestate in Suid-Indië wou hul geloof ten alle koste versprei. Hulle het hul kultuur, taal en geloof op ander afgedwing. Van die Tamilgemeenskappe was ten gunste van die militante groepe vanuit Indië en het hulle gehelp om Sri Lanka binne te kom (Keuneman, 1994:37-38).

Die Klassieke era is gekenmerk deur 'n voortdurende stryd tussen die Tamils en die Sinhalese. Stories is versprei dat die Tamils die vyande van Sri Lanka en die Sinhalese deel van die bevolking is. Die ineenstorting van die besproeiingstelsel in die dertiende eeu is ook voor die deur van die Tamils gelê. Tussen 1479 en 1519 gaan die Tamils te Jaffna selfs so ver en verklaar hulself as 'n onafhanklike koninkryk.

#### *1.5.2.3 Die Koloniale era*

As gevolg van struwelinge onderling het die inwoners van Sri Lanka te laat die gevaar van oorheersing van vreemde moondhede besef. Ceylon word in die volgende paar jaar deur die Portugese, Hollanders en Engelse *ingeval*. In die jare van oorheersing is die inwoners van die

eiland aan Europese invloede blootgestel. Die Europese kultuur is aan die inwoners van Ceylon as die norm voorgehou (Bandara, 1972: 11-12).

Die **Portugese** arriveer in Sri Lanka in die begin van die sestiende eeu. Hul grootste prioriteit was om beheer oor die handel te verkry. Van die Sinhalese leiers is in die Rooms-Katolieke Kerk opgeneem en so word die mag van die konings verbreek. Die inwoners van Sri Lanka het nou totaal beheer oor hul eiland verloor. Om die Portugese heerskappy te verbreek, tree die mense van Sri Lanka in 'n alliansie met die Hollanders (Keuneman, 1994:42). Een vorm van oorheersing is dus slegs met 'n ander vervang.

Prioriteit vir die **Hollanders** was die speserybedryf. Hulle wou 'n monopolie oor die handel in speserye in die wêreld hê. Met die verwydering van die Portugese uit Sri Lanka kon die Hollanders begin om beheer van die speserye in Sri Lanka oor te neem. Die Hollanders verower die twee hawens van die Portugesee in 1641 en besluit om dit vir hul eie doeleindes te gebruik. Sri Lanka het die een Europese dominasie vir 'n ander verruil.

Die vreemde moondhede het hul eie godsdienste na Sri Lanka gebring: Portugese - Rooms-Katolieke Kerk, en die Hollanders - Calvinisme. Plaaslike tale het later Portugese en Hollandse woordeskat bevat. Van die Sinhalese deel van die bevolking het Portugese name aangeneem (Keuneman, 1994:42-43).

In 1795 het die magtige **Brittanje** Sri Lanka verower. Hulle het die Hollanders verdryf uit die land wat hulle Ceylon herdoop het. Saam met die Britse oorheersing het die Anglikaanse Kerk na Sri Lanka gekom.

Die Britse owerhede het Sri Lanka van 'n infrastruktuur voorsien. Paaie is gebou sodat alle gebiede op die eiland makliker bereik kon word.

Op die ekonomiese terrein het die Britse oorheersing merkwaardige veranderinge teweeg gebring. Die vestiging van koffie-en teeplantasies het 'n baie positiewe invloed op die Sri Lankese ekonomie gehad. Vandag is die ekonomie gebou op klapper-, tee- en rubberuitvoere.

As gevolg van die sukses van die teeplantasies het sommige van die mense van Ceylon baie ryk geword. 'n Nuwe elite sosiale klas het tot stand gekom. Dié mense het hul kinders na Westerse opvoedkundige inrigtings gestuur. Hulle het selfs die Westerse kultuur aangeneem (Keuneman, 1994:44-46). Die atmosfeer in Sri Lanka het ná die kontak met die Europese volke dus heelwat verander.

Aan die einde van die negentiende eeu begin 'n sterk nasionale gevoel binne Sri Lanka ontwikkel. Nasionalisme word aan geloof gekoppel. Mense wou weer die Boeddhistiese waardes aanneem. In 1915 breek die Sinhalese onluste uit maar Brittanje onderdruk dit vinnig deur die leiers gevange te neem (Keuneman, 1994:49-50).

Die Britse owerhede het egter besef dat hulle uiting aan die nasionalisme moet gee eerder as om dit te onderdruk. In 1931 gee Brittanje aan die inwoners van Sri Lanka weer stemreg. Alle Sinhalese manne en vroue bo die ouderdom van een en twintig jaar kon stem, en 'n nuwe regering is na die verkiesing saamgestel.

Met die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die strewe na totale onafhanklikheid vir eers gestuit. Sri Lanka ondersteun Brittanje in die

oorlog en Colombo word 'n belangrike skakel tussen Europa en die Ooste. Japan val Ceylon in April 1942 aan en duisende troepe en burgerlikes sterf. Die aanslag word met behulp van die Britse troepe afgeweer. Sri Lanka was tydens die oorlog 'n uiters belangrike skakel teen Japan. Colombo is as 'n vloot-en lugmagbasis gebruik (Johnson, 1981:2). Vir die inwoners van Sri Lanka was die oorwinning belangrik omdat 'n vreemde moondheid se poging om Sri Lanka in te neem, nie geslaag het nie (Keuneman, 1994:51-52).

Na die oorlog stel Brittanje 'n kommissie aan onder leiding Van graaf van Donoughmore. 'n Konstitusie moes opgestel word wat veral vir self= regering voorsiening sou maak. Brittanje sou egter steeds hulp aan Sri Lanka verskaf indien hulle dit sou verlang. Op 4 Februarie 1948 verkry Sri Lanka weer sy onafhanklikheid (Keuneman, 1994:52). Die vreedsame oorskakeling kan grootliks daaraan toegeskryf word dat Brittanje in 1948 Sri Lanka vrywillig aan sy mense terug gegee het (Johnson,1981:160).

### *1.5.2.4 'n Onafhanklike Sri Lanka*

Die eerste staatspresident van 'n onafhanklike Sri Lanka was D.S. Senayake. Vir die nuwe regering was die eerste paar jaar moeilik. Met die onttrekking van Brittanje het die ekonomie van Sri Lanka 'n knou gekry. Eers rondom 1950 het die uitvoere van rubber en tee verbeter.

Deel van die Sri Lankese politiek is die opposisiepartye. In 1956 verslaan die Sri Lanka Freedom Party die regering en word 'n nuwe beleid aan die mense van Sri Lanka voorgehou. Na 1956 begin verskeie probleme soos etnisiteit, taal en godsdienstige verskille in Sri Lanka

ernstige afmetings aanneem. Rasseopstande was aan die orde van die dag (Keuneman, 1994: 55-56).

Die politieke bestel in Sri Lanka is vir 'n buitestander moeilik verstaanbaar. 'n Verandering in regering vind gereeld plaas. Deur middel van sluipmoorde word van die politieke leiers van die toneel verwyder. Die politieke *spel* in Sri Lanka is ongenaakbaar en politiek en godsdiens is sinoniem.

In Mei 1972 word die naam van Ceylon amptelik verander na Sri Lanka. Tydens dié tyd is die spanning tussen die Tamil-en Sinhalese deel van die bevolking besig om op te laai. Die Tamils was nie deel van die parlement nie en dit veroorsaak groot probleme. Militante Tamilgroepe eis dat 'n onafhanklike staat in die noorde van Sri Lanka, *Eelam,* aan hulle afgestaan word (Keuneman, 1994:57).

Die konfrontasie tussen die Sinhalese regering en Tamilrebelle het verreikende gevolge vir Sri Lanka en sy mense gehad. Midde-in die burgeroorlog is gewone landsburgers vasgevang. As gevolg van die oorlog is toerisme aan die afneem en is verskeie dele van die eiland steeds vir besoekers en inwoners verbode. Die ekonomie ly ook onder die burgeroorlog. Miljoene roepees was en word steeds in die oorlog ingepomp en duisende mense boet met hul lewens. Sri Lanka, as een van die armste lande ter wêreld, kan allermins 'n burgeroorlog van dié aard bekostig. Die meeste Sri Lankese hoop van harte dat die probleme opgelos kan word en dat almal weer in 'n vry en vreedsame Sri Lanka kan woon.

### 1.5.3 *Die mense en hul godsdienste*

Sri Lanka is 'n land vol etniese diversiteit. In moderne Sri Lanka is spanning tussen die verskillende etniese groepe 'n realiteit. Elke groep het sy eie unieke geskiedenis, kultuur, taal en godsdiens. Keuneman (1994:69) som die situasie ten opsigte van die etnisiteit korrek op: "For ethnicity is not merely an ideological phenomenon in Sri Lanka: it is a deeply emotional one". Die etniese struktuur in Sri Lanka sien soos volg daar uit:

- Die Sinhalese groep.
- Kandy Sinhalese.
- Sri Lanka Tamils.
- Indiese Tamils.
- Sri Lanka Moslems.
- Indiese Moslems.
- Burgers en Europeërs.
- Maleiers (Johnson, 1981:19).

Dit is opvallend dat elke bevolkingsgroep met 'n bepaalde godsdiens geassosieer kan word. Waar 'n bepaalde etniese groep bestudeer word, kan dit nie geskied sonder om na hul geloof te kyk nie. Vervolgens word die verskillende etniese groepe in Sri Lanka, en dan veral hul godsdienstige voorkeure, uiteengesit.

#### *1.5.3.1 Die Sinhalese en Boeddhisme*

Die Sinhalese deel van die bevolking in Sri Lanka word met die Boeddhistiese geloof geassosieer. Dit is hulle wat Boeddhisme aan Sri

Lanka bekend gestel het. Volgens die legende is die Sinhalese mense van Sri Lanka afstammelinge van die leeu (*sinha*) en die leeu se bloed (*le*) is nog in hul are (Keuneman, 1994:71).

Volgens die *Mahavamsa* was die eerste Sinhalese wat in Sri Lanka voet aan wal gesit het, die Vijaya. Navorsing toon dat die oorspronklike Indo-Ariër-setlaars van die noorde van Indië afkomstig was.

Boeddhisme is 'n integrale deel van die lewe van die Sinhalese mense. Die Sinhalese gedeelte van die bevolking beslaan vier en sewentig persent van die totale bevolking. Dit is omtrent elf miljoen mense. Oral op die eiland, behalwe by Jaffna, is die Sinhalese in die meerderheid en waar die Sinhalese mense op die eiland woon, is die Boeddhistiese geloof prominent.

In Sri Lanka is daar twee belangrike heilige plekke vir Boeddhiste van regoor die wêreld. Keiser Asoka het 'n steggie geneem van die **heilige boom** waaronder Boeddha sy verligting ontvang het en dit in Anuradhapura geplant. Dié boom is vir alle Boeddhiste van groot belang omdat die oorspronklike boom nie meer bestaan nie. Van oral kom toeriste en Boeddhiste om die boom te besigtig (Keuneman, 1994:73-75).

In die vierde eeu is nog 'n skat na Sri Lanka gebring. Die **linkeroogtand** van Boeddha wat 'n groot bron van krag vir Boeddhiste is, word in 'n tempel te Kandy bewaar. Een maal per jaar word 'n fees gehou waar 'n replika van die tand deur die strate gedra word.

Die Sinhalese het nie net Boeddhisme nie, maar ook die kastestelsel na Sri Lanka gebring. Binne die Sinhalese gemeenskap word veertien verskillende kastes onderskei. 'n Persoon se posisie in die kastestelsel word bepaal deur sy ambag, rituele status of selfs sy huwelikskeuse. In Sri Lanka word drie verskillende sektes binne die Boeddhisme aangetref. Ten opsigte van dogma verskil hulle weinig, maar elkeen beklemtoon sekere kaste verskille, rituele en kleredrag. Die Siyam Nikaya-sekte beskou hulself as die hoogste kaste (Keuneman, 1994:75-76).

Die aanbiddingspatrone van die Boeddhiste is ingewikkeld. 'n Boeddhis sal sy pansala of tempel ongeveer vier maal per maand besoek. Die besoek word deur die fases van die maan bepaal. Blomme word na die tempel geneem en 'n olielamp word aangesteek. Aanbidding vir die Boeddhis geskied individualisties.

Een van die hoekstene in die geloofslewe van 'n Boeddhis is om goeie dade te doen. Goeie dade moet tydens die mens se lewe op aarde gedoen word om te verseker dat die individu in 'n beter posisie weer na die aarde sal terugkeer. Die uitdeel van aalmoese aan armes en die versorging van die Boeddhistiese monnike is hoog op die prioriteitslys van enige Boeddhis (Keuneman, 1994:75-77).

Boeddhisme in Sri Lanka akkommodeer baie van die ander gelowe. Tydens aanbiddingsgeleenthede word van Hindoeïsme en ander godsdienste se gebruike geïnkorporeer.

Singalees is een van die amptelike tale van Sri Lanka. Die Sinhalese gedeelte van die bevolking het in die geskiedenis die beheer oor die regering gehad. Dit is een van die redes vir die probleme in Sri Lanka

dat die Tamils voel hulle word nie in hul eie land geken nie. Om die situasie op te los is die amptelike tale van Sri Lanka tans Singalees, Engels en Tamil (Keuneman, 1994:78). Baie van die Sinhalese mense het Westerse gewoontes en gebruike aangeneem.

Op die platteland sowel as is die stad word die tradisionele drag deur die vroue, die sari, nog gereeld gedra. Die Sinhalese is gasvrye en vriendelike mense.

### *1.5.3.2 Die Tamils en Hindoeïsme*

Die Tamils wat van die suide van Indië afkomstig is, het Hindoeïsme na Sri Lanka gebring. Die noorde van Sri Lanka is geskiedkundig die gedeelte waar die meeste Tamils van Sri Lanka te vinde is. Die Tamils beslaan negentien persent van die totale bevolking van Sri Lanka. Die Tamils in Sri Lanka kan in twee groot groepe verdeel word: die Jaffna-en Indiër-Tamils. Twee derdes van die Tamils in Sri Lanka staan as Sri Lanka-of Jaffna-Tamils bekend. Die oorsprong van die Tamilbevolking in Sri Lanka dateer twee duisend jaar terug. Die res van die Tamilbevolking staan as Indiër-Tamils bekend. Tamils in Sri Lanka word met die Tamil-taal en Hindoegeloof geassosieer. Die Tamils is besonder trots daarop dat hulle direkte afstammelinge van die Tamils van die suide van Indië is (Keuneman, 1994:81).

Die Indiër-Tamils het as huurarbeiders na Sri Lanka gekom om op die teeplantasies te werk. Hierdie invloei van Indiër-Tamils was tydens die Britse oorheersing rondom die laat negentiende en vroeg twintigste eeu. Die meeste van die mense is steeds op die tee plantasies werksaam.

Die Jaffna-Tamils in die noorde vorm die kern van die Tamilbevolking. Uit dié Tamilgroepering word die militante groepe binne die Tamils aangetref. Binne die Tamilbevolking word ook etniese verskille aangetref. Die Jaffna-Tamils beskou hulself as 'n hoër klas as die res van die Tamilbevolking. Die rede hiervoor is dat hul beweer dat hulle rasegte Tamils is sonder enige vermenging met ander bevolkingsgroepe. Onder die Jaffna-Tamils is daar 'n streng kastestelsel. Die Brahmane of priesters vorm die hoogste kaste, gevolg deur die vellala of boerdery= gemeenskap. Die laer kaste bestaan uit die vissermanne en dromslaners. Die godsdiens vorm 'n belangrike deel van die kastestelsel (Keuneman, 1994:81-82).

Keuneman (1994:82) maak melding daarvan dat omtrent twintig persent van die Tamils in Sri Lanka die Christelike geloof aangeneem het. Hier het die Rooms-Katolieke Kerk veral groot suksesse behaal.

Die Sri Lankese Hindoe se belangrikste bron van geloofskennis is die Vedas. Hindoeïsme het geen formele belydenis of universele beheerorganisasie nie. Godsdiens word deur die individu en veral binne gesinsverband beoefen. Die meeste van die Hindoes in Sri Lanka vorm deel van die Sjiwagroep. Sjiwa word as die oppergesag en as die vernietiger in die klassieke Hindoe drie-eenheid gesien (Keuneman, 1994:81-83).

Daaglikse rituele vorm 'n belangrike deel van die Hindoe se lewe in Sri Lanka. Die tradisionele drag wat deur die Tamilvroue gedra word is ook 'n sari. Tog is daar 'n verskil ten opsigte van patrone wat die Sinhalese vroue dra.

*1.5.3.3 Die Moslems in Sri Lanka*

Die Moslems in Sri Lanka is die afstammelinge van die Arabiese handelaars wat hulself rondom die agtste eeu ná Christus in Sri Lanka gevestig het. As gevolg van die feit dat die Arabiese handelaars geen vroue na Sri Lanka gebring het nie, het rassevermenging met die Sinhalese en Tamils plaasgevind (Keuneman, 1994:87).

Die Moslems van Sri Lanka word hoofsaaklik in twee hoofstrome verdeel, die More en die Maleiers. Beide van die groepe praat Arabies. Net soos in die geval van die ander godsdienste in Sri Lanka, is ander gelowe se gebruike in die Moslems se godsdiens ingeweef (Keuneman, 1994:87).

*1.5.3.4 Die Burgers*

Die Burgers is een van die minderheidsgroepe in Sri Lanka. Hulle is die afstammelinge van die Hollanders. Die naam *burger* beteken letterlik dorpsbewoner en verwys na enige Sri Lankees met Europese voorouers. Oor die algemeen is die Burgers vreedsame mense wat goeie menseverhoudings met die ander bevolkingsgroepe in Sri Lanka handhaaf. Baie van die Burgers het egter oor die jare heen na Europese lande verhuis.

*1.5.3.5 Die Veddhas en die Sigeuners*

Die **Veddhas** is 'n primitiewe stam wat in die uithoeke van die eiland aangetref word. Met die verloop van jare het hulle egter deel van die gemeenskap geword. Een van die redes hiervoor is omdat dié mense op 'n manier moes oorleef. Hulle het uit die woude gekom en met boerdery begin om 'n bestaan te probeer maak (Keuneman, 1994:90).

Die **Sigeuners** kom oorspronklik vanaf Indië sowat twee duisend jaar gelede. Hulle swerf oor die eiland heen en probeer op enige manier 'n bestaan maak. Die meeste van die mense van Sri Lanka sien hierdie mense as 'n lastigheid (Keuneman, 1994:91).

Die godsdiens van die twee groepe rus op die besluit van die individu self. As gevolg van die vermenging met die ander groepe word 'n verskeidenheid van godsdienste deur die Veddhas en Sigeuners beoefen.

### *1.5.4 Die Christelike kerke in Sri Lanka*

Sri Lanka is die tuiste van vier van die wêreld se grootste godsdienste: Boeddhisme, Islam, Hindoeïsme en die Christendom. Die fondament van die Christendom in Sri Lanka is deur die Rooms-Katolieke Kerk gelê. Die eerste Rooms-Katolieke sendeling wat in Sri Lanka gewerk het, was Vader Vincente in 1505 (Franciscus,1983:2). Met die Portugese in beheer van Sri Lanka het hulle die Rooms-Katolieke kerk na die eiland gebring. Soos hul voorgangers, het die Hollanders dieselfde taktiek gebruik om hul Protestantse geloof aan die inwoners van Sri Lanka bekend te stel. Van die leiers van Sri Lanka is in die kerke opgeneem en

sodoende het baie van die inwoners van die eiland ook lidmaatskap van die Westerse kerke aanvaar. 'n Hegte verhouding het dus bestaan tussen staat en kerk. Trouens, die staat het alles in sy vermoë gedoen om die kerk aan die inwoners van die eiland bekend te stel. Vir die Christelike kerke het dit groot suksesse tot gevolg gehad.

Die probleem was egter dat die inwoners as gevolg van dié beleid uitgebuit is. Godsdiens is as 'n politieke instrument gebruik (Franciscus, 1983:9).

Die Christelike kerk het vinnig gegroei alhoewel baie van die nuwe bekeerlinge slegs nominale Christene was. Hulle het die kerk weer tot hul eie voordeel gebruik. Die positiewe kant van die beleid was dat baie van die inwoners tot bekering gekom het. Hierdie Christene het die kern van die kerk in Ceylon gevorm en was direk daarvoor verantwoordelik dat die evangelie oor die eiland versprei het.

Alhoewel die Christelike kerk een van die kleinste kerke in Sri Lanka is, is die getalle besig om te vermeerder. Na die kolonisasietydperk in Sri Lanka het die Europeërs verskillende kerke agtergelaat. In Colombo alleen word Anglikaanse, Baptiste, Nederduitse Gereformeerde, Presbiteriaanse, Metodiste en Rooms-Katolieke Kerke aangetref (Keuneman, 1994:327).

Tydens die kolonisasietydperk het die kerke meestal hul eie geestelike leiers na Sri Lanka gebring. Na die ontrekkings het van die leiers vir 'n tydperk in Sri Lanka aangebly, maar die plaaslike kerk moes die beheer en organisasie van die kerke oorneem. Vandag is al die kerke waarlik selfstandig en lei self hul eie geestelike leiers op. Finansiële hulp word

by geleentheid deur die moederkerke vanuit Europa en Suid-Afrika verskaf om die kerk in Sri Lanka te help.

#### *1.5.4.1 Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka*

Die Hollanders het die Gereformeerde tradisie na Sri Lanka gebring en aan die inwoners van Sri Lanka bekendgestel. In teenstelling met die Portugese het die Hollanders nie hul godsdiens op die plaaslike bevolking afgedwing nie. Hulle het nie probeer om proseliete te maak nie, alhoewel dit vir die Hollandse goewerneur belangrik was dat die evangelie oor die eiland versprei sou word (Franciscus, 1983:4).

Verskeie predikante uit Holland het na Sri Lanka gekom om te help met die vestiging van die kerk. Omdat hul getalle maar min was, is hulle bygestaan deur proponente vanuit Holland en Ceylon (Franciscus, 1983:7).

Die Hollanders het Galle reeds in 1640 verower, maar die kerk het eers op 6 Oktober 1642 met eredienste begin. Hierdie is die datum wat aanvaar word as die stigtingsdatum van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka. Ds. Antonius Hornhovius van Utrecht was die eerste predikant te Galle (Franciscus, 1983:10).

In 1662 vind die eredienste in Colombo plaas in Hollands, Tamil en Portugees. Hierdie is 'n duidelike aanduiding van die diversiteit wat binne die kerk bestaan het. Die bediening van die lidmate in Sri Lanka as gevolg van taal en ander verskille was uiters moeilik. As deel van die bekendstelling van die Gereformeerde tradisie aan die inwoners het die

Hollanders skole vir die plaaslike bevolking daargestel (Franciscus, 1983:10-11).

Die kantoor van die Hollandse goewerneur het al die Gereformeerde predikante vanuit Holland se salaris betaal. Die plaaslike gemeentes was geensins vir hul predikante vanaf Holland se salarisse verantwoordelik nie. Daar was ook finansiële hulp aan die Dutch Reformed Church se gemeentes vanaf die staat se kant.

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het verskeie krisisse in sy geskiedenis beleef. Tydens die oorname deur Brittanje is van die Hollandse geestelikes gevange geneem en die kerke herderloos gelaat, met die gevolg dat baie van die gemeentes agteruitgegaan het (Franciscus, 1983:16). Later is hulle vrygelaat en het die skole en gemeentes weer herleef, maar met die verskil dat al die kerke nou onder die gesag van die Britse owerhede geval het. In 1831 besluit Brittanje dat die Gereformeerde leraars nie meer deur die staat betaal sou word nie. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was by 'n kruispad. Fondse sou gevind moes word om die voortbestaan van die kerk te verseker. Oproepe om finansiële hulp is vanuit Ierland, Skotland en Suid-Afrika beantwoord. Predikante van oor die wêreld heen het op die noodkreet geantwoord en na Sri Lanka gegaan om te help (Franciscus, 1983:25). Die kerk het egter probleme ondervind met die stelselmatige onttrekking van Hollandse predikante ná die Britse oorname. Die redes vir die onttrekking was dat van die predikante nie kans gesien het om onder die nuwe owerheid te werk nie en dat daar vanaf die staat se kant omtrent geen fondse meer vir die Gereformeerde kerk beskikbaar gestel is nie (Franciscus, 1983:16-18). Rondom 1805 slegs enkele Hollandse

geestelikes in Sri Lanka werksaam. Tussen die Hollanders wat in Sri Lanka agtergebly het en die Britte was daar nie goeie samewerking nie.

Godsdiensvryheid het eers in 1799 op Sri Lanka se wetboeke verskyn. As gevolg van al die bekeerlinge vanuit die heidendom na die Rooms-Katolieke Kerk en Gereformeerde kerke, was so 'n wet noodsaaklik.

Met die Boerekrygsgevangenis se aankoms in Ceylon in 1900 was hulle verras om ‘n Dutch Reformed Church in Ceylon aan te tref. Die feit dat die kerk deur die Hollanders gestig is, maar omtrent niemand in die kerk 'n woord Hollands kan praat of verstaan nie, het die Boere verbaas. Die gemeentes se getalle is klein en finansieel kry hulle swaar. Ds. Geo Thom skryf in *Die Kerkbode* van 7 Augustus 1902 (516-518) oor die geestelike verval in die Dutch Reformed Church in Ceylon. Hofmeyr (1928:25) berig dat ds. Thom dit betreur dat die eens sterk kerk in so 'n swak toestand verkeer het. Van die bekeerlinge het selfs terug gegaan na hul heidense geloof. Volgens briewe vanuit Ceylon was die ganse Dutch Reformed Church in Ceylon slegs agt honderd lidmate sterk. Dit is interessant om op te merk dat lede van die Dutch Reformed Church in Ceylon die Boerekrygsgevangenes goedgesind was (Henning, 1974:1-14).

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka ontwikkel in 1952 interne probleme. 'n Skeuring vind plaas as gevolg van dogmatiese verskille (Franciscus, 1983:27). Die kerk bedien tans al die bevolkingsgroepe in Sri Lanka. Verskillende eredienste word gehou om die taal verskille te akkommodeer.

Die relatief klein Gereformeerde Kerk in Sri Lanka is die oudste lidkerk van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:61). Op 10 Oktober 1992 vier die Dutch Reformed Church in Sri Lanka sy drie honderd en vyftigste bestaansjaar. Vir dié geleentheid is gaste van regoor die wêreld genooi. Vanuit Suid-Afrika het di. H.J. le Roux, J.v. W. du Plessis en C.F. Sieberhagen die verrigtinge namens die Kommissie vir Wêreldsending bygewoon (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:5).

As een van die oudste Gereformeerde kerke het die getalle van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka oor die jare heen nie noemenswaardig vermeerder nie. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Een van die redes is dat die kerk 'n gebrekkige sendingvisie het en 'n tweede is dat die kerk dit moeilik vind om die evangelie in 'n oorwegend Boeddhistiese land uit te dra.

'n Poging van die kant van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka om groter impak in Sri Lanka te hê, was om die naam van die kerk te verander. Die General Consistory het besluit dat die nuwe naam van die kerk die Christian Reformed Church in Sri Lanka sou wees. Verskeie redes vir die besluit om die naam van die kerk te verander, is aangevoer. Eerstens weet die Boeddhis nie wat Dutch Reformed beteken nie en tweedens verwys die woord *kerk* in Singalees na enige kerk selfs 'n Moskee. Om die rede is op die naamsverandering besluit sodat die naam van die kerk vir alle inwoners van Sri Lanka duidelik sou wees. Dit is dus 'n duidelike poging om die kerk vir die mense van Sri Lanka meer toeganklik te maak (Jantz, 1995). Wetgewing in Sri Lanka vereis egter dat die parlement die naamsverandering van 'n kerk moet goedkeur. Die

kerk het die aansoek by die parlement ingedien en wag tans op die goedkeuring.


Om die voortbestaan van die Gereformeerde Kerk te verseker, sal die kerk moet uitreik na die heidendom. Tans het die Dutch Reformed Church in Sri Lanka vyf en twintig gemeentes wat deur vyf geordende leraars en 'n paar evangeliste bedien word.

As 'n klein kerk onder 'n Boeddhistiese regering ondervind die kerk met die regering self nie veel probleme nie. Op die platteland ondervind die Christene egter probleme met die Boeddhiste. Van die kerkleiers is op die platteland aangeval en kerkgeboue is afgebrand. Dit lyk egter of 'n plaaslike Boeddhistiese monnik meestal vir die voorvalle verantwoordelik was. Die mense van die omgewing moet vir hom sorg en as hulle na die Christendom oorgaan, sou dit nie meer die geval wees nie.

Ds. Charles Jantz, moderator van die Dutch Reformed Church, verduidelik dat die werk onder die Boeddhiste 'n holistiese benadering vereis. Armes moet fisies gehelp word met hul probleme en die evangelie moet met woord en daad verkondig word (Jantz, 1995).

Die visie van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka is dat hulle deur die plaaslike bevolking erken sal word en dat hulle meer mense vir Christus sal wen. Die kerk wil meer aan die behoeftes van die plaaslike bevolking aandag gee. Omdat die kerk klein is, wil hulle na meer kontak met ander kerke streef sonder om hul hul Gereformeerde tradisie op die spel te plaas (Jantz,1995).

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het 'n belangrike rol om binne Sri Lanka te speel. Die Woord van die Here moet aan die miljoene verlore mense gebring word. Pragtig om te sien dat een van die bekendste bakens in dié Boeddhistiese land die Wolvendal Kerk in Colombo is. Toeriste van oral kom om dié unieke kerk te besigtig. In die vorm van 'n Griekse kruis is die kerk 'n getuienis van die teenwoordigheid van die Gereformeerde kerk in Sri Lanka (Brink, 1904:31).



Die Wolvendal kerk wat in 1749 opgerig is

### *1.5.4.2 Ander Christelike kerke in Sri Lanka*

Met Brittanje in beheer van Sri Lanka het die **Anglikaanse Kerk** ook na die eiland gekom. Die Britse gesag het gevoel dat die kerk sendingwerk in Sri Lanka moet doen. Volgens hulle was die oorblywende Hollandse kerke nie opgewasse vir die taak nie en het hulle hulp van buite nodig gehad. In dié tyd was daar 'n sterk sendinggevoel in Engeland en het verskeie Sendinggenootskappe Sri Lanka as 'n teikengebied vir sendingwerk geïdentifiseer. Die eerste sendelinge is deur die Londense Sendinggenootskap na Sri Lanka gestuur (Franciscus, 1983:19).

Onder die eerste sendelinge wat deur die Londense Sendinggenootskap na Sri Lanka gestuur is, was ds. M.C.Vos van die Kaap. Die Britse goewerneur in Sri Lanka het die predikante aan 'n spesifieke gemeente gekoppel. In 1845 is 'n **Presbiteriaanse** leraar na Galle en Matara gestuur (Franciscus, 1983:20-21).

Die Anglikaanse kerk het na hul aankoms die Wolvendal kerk in Colombo vir hul eredienste gebruik. Die kerk is deur die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie in 1749 op 'n heuwel naby die hawe gebou (Franciscus, 1983:51). Die Anglikaanse Kerk het hul eredienste in Engels sowel as Singalees aangebied. Die dienste is so gereël dat dit nie met die dienste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebots het nie. Later was daar konfrontasie oor die gebruik van die kerk toe die Anglikaanse Kerk die kerkgebou as hul eie opgeëis het. Die staat het egter tussen beide getree en beslis dat die kerk die eiendom van die Dutch Reformed Church in Ceylon is (Franciscus, 1983:23).

Nog 'n kerk wat Sri Lanka as potensiële sendingveld geïdentifiseer het was die **Christian Reformed Church of America**. In 1948 stuur hulle predikante van hul kerk om in Sri Lanka te gaan woon en werk (Franciscus, 1983:26).

**Die Rooms-Katolieke Kerk** is deur die Portugese na Sri Lanka gebring. Dit was hul antwoord op die heidendom wat hulle op die eiland aangetref het. Die Rooms-Katolieke Kerk het as' t ware baanbrekerswerk in Sri Lanka verrig.

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Die opset van die navorsing sien soos volg daar uit:

### *1.6.1 Hoofstuk 2*

Hoofstuk 2, wat as historiese inleiding vir die studie dien, kyk eerstens na die sendingbetrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die negentiende eeu, die tydperk wat die Tweede Vryheidsoorlog en die sendingaksie in die krygsgevangenekampe voorafgegaan het en wat die gangbare sendingbegrip in dié tyd gevorm het. Vanaf 1857 het die kerk besluit om by sendingwerk buite die grense

van die land betrokke te raak. Daar word na die invloede verwys wat op die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingewerk het, veral die gebeure in Holland en die res van Europa wat die godsdienstige lewe in Suid-Afrika beïnvloed het. Verwysing word na ds. M.C. Vos gemaak wat namens die Londense Sendinggenootskap met sendingwerk in Ceylon betrokke was.

Die tweede deel van die hoofstuk verwys kortliks na die aanloop en verloop van die Tweede Vryheidsoorlog en die strategie wat die Britse owerhede gebruik het om die Boere na die vredestafel te dwing. Die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk by die Boerekrygsgevangenes in die lande van aanhouding, geniet ook aandag.

### *1.6.2 Hoofstuk 3*

In hierdie hoofstuk word die Boerekrygsgevangenes se verblyf in Ceylon bestudeer. Hul aankoms en omstandighede in die kampe word beskryf en daar word veral op die godsdienstige omstandighede van die Boere gekonsentreer. Tydens hul aanhouding het 'n geestelike herlewing plaasgevind.

Daar word na sendingkonferensies, die werk van die Strewers vereniging en verskeie ander aspekte wat die godsdienstige lewe van die Boere en hul sendingbedrywighede beïnvloed het, verwys. Die hoofstuk word afgesluit met die terugkeer van die Boerekrygsgevangenes na Suid-Afrika.

### *1.6.3 Hoofstuk 4*

Die aandag word hier op die werk van eerwaarde A.J.K. De Klerk en S.F. Skeen gevestig. Dié twee studente van die Sendinginstituut te Wellington het diep spore in Ceylon getrap.

Die werk van eerw. **A.J.K. De Klerk** word in meer detail behandel. Aandag word op sy lewensgeskiedenis en sy begeerte om sendingwerk te gaan doen, gevestig. Sy betrokkenheid by die kerk in Ceylon word in behandeling geneem en eindig met sy tragiese afsterwe.

Bronne in verband met die werk van eerw. **S.F. Skeen** was moeilik bekombaar. Uit die beskikbare bronne word na sy betrokkenheid by die Dutch Reformed Church in Ceylon gekyk.

### *1.6.4 Hoofstuk 5*

Ds. Rajkumar Thurairajah het saam met die Kommissie vir Wêreldsending 'n baie belangrike rol in Sri Lanka gespeel. Die hoofstuk staan stil by sy lewensgeskiedenis, sy omstandighede waaronder hy sendingwerk gedoen het , die omstandighede rondom die burgeroorlog en in hoe 'n mate dit sy lewe en bedieningbeïnvloed het. Die hoofstuk word afgesluit met die afsterwe van ds. Thurairajah en sy begrafnis.

### *1.6.5 Hoofstuk 6*

In hierdie hoofstuk word 'n verdere en belangrike ontwikkeling in die geskiedenis van die evangelisering van Sri Lanka geskets. Die

geskiedenis en betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka word volledig behandel.

Die samestelling, beleid en werking van die Kommissie vir Wêreldsending word in behandeling geneem, asook die projekte waarby hierdie kommissie in die Ooste betrokke is.

Die hoofstuk word afgesluit met die behandeling van die verhouding en samewerking tussen die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en die Kommissie vir Wêreldsending.

### *1.6.6 Hoofstuk 7*

In hierdie hoofstuk word die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka beoordeel aan die hand van J.J. Kritzinger se drie-dimensionele sendingdefinisie. Die sendingdefinisie word as 'n bruikbare instrument aangewend om die verskillende Suid-Afrikaanse rolspelers se betrokkenheid by Sri Lanka te beoordeel.

Die beoordeling word nie negatief nie, maar as opbouend beskou. Die kerk en sy lidmate het oor die jare heen 'n groot en belangrike bydrae ten opsigte van sendingwerk in Sri Lanka gelewer. Die doel van die slothoofstuk is om die bydraes te beoordeel en die omstandighede wat geheers het, te skets. Die rolspelers moet teen die agtergrond van die tydvak waarbinne hulle beweeg het, beoordeel word.

### *1.6.7 Bylae*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk word tans in Sri Lanka deur die Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode Wes-Transvaal verteenwoordig. Die Kommissie het oor die jare heen 'n belangrike bydrae tot sendingwerk in Sri Lanka gelewer.

Aspekte soos die samestelling, funksionering en betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by ander sendingvelde in die Ooste is van belang vir die navorsing. Om die rede word die addisionele inligting aangaande die Kommissie vir Wêreldsending in die bylae opgeneem met die doel om 'n volledige beeld ten opsigte van die Kommissie vir Wêreldsending te skets.

## 1.7 SLOTOPMERKINGS

Dit is die begeerte van die navorser dat die verhandeling **enersyds** sal bydra tot 'n beter begrip en beoordeling van die sendingwerk wat gedurende die afgelope eeu deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka onderneem is, en **andersyds** dat die studie enkele riglyne vir toekomstige samewerking met die oog op die verdere uitbreiding van God se koninkryk in Sri Lanka sal bied.

# HOOFSTUK 2

# AGTERGROND VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK SE SENDINGBETROKKENHEID IN SRI LANKA; ONTWIKKELINGE IN SUID-AFRIKA EN IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK GEDURENDE DIE NEGENTIENDE EEU

In die eerste deel van die hoofstuk word die **ontwikkeling van die sendingbetrokkenheid** van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die negentiende eeu bestudeer. Daar word gekyk na invloede wat op Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingewerk het vanuit binne sowel as buite Suid-Afrika.

Die tweede deel van die hoofstuk handel oor die **eerste betrokkenheid** van 'n Suid-Afrikaner by die Dutch Reformed Church in Ceylon.

Die derde deel van die hoofstuk handel oor die aanloop en verloop van die **Tweede Vryheidsoorlog**. Die oorlog het uiters ontwrigtend op die bevolking van Suid-Afrika ingewerk. Gesinne is as gevolg van die oorlog uit mekaar "geskeur". Mans, vrouens en kinders is gevange geneem en in kampe aangehou.

Die hoofstuk word afgesluit met verwysing na die **betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk** by veral die Boerekrygsgevangenes.

## 2.1 DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK RONDOM DIE NEGENTIENDE EEU

### *2.1.1 Ontwikkeling van die sendingbetrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die negentiende eeu*

Die geestelike herlewing wat in Europa teen die einde van die agtiende eeu plaasgevind het, het die stigting van verskeie **Sendinggenootskappe** tot gevolg gehad. Van die Sendinggenootskappe het tydens hul verblyf in Suid-Afrika 'n groot invloed op die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgeoefen (Van Heerde, 1951:51).

Die Sendinggenootskappe het 'n belangrike rol ten opsigte van die ontwikkeling van die sendingbetrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gespeel. Hier kan veral die name van die Suid-Afrikaanse, Londense, Wesleyaanse en Glasgow-Sendinggenootskappe genoem word (Crafford, 1982:24-25).

Sedert die begin van die negentiende eeu was daar 'n groeiende belangstelling na sendingwerk aan die Kaap. Die entoesiasme wat in Europa geheers het, het die kerk in Suid-Afrika ook beïnvloed. Saam stig di. H.R. van Lier en M.C. Vos "het Zuid-Afrikaansche Maatschappy tot Bevordering van die uitbreiding van Christus Koninkrijk" (Van Heerde, 1951:66-68). Die eerste Suid Afrikaanse Sendinggenootskap. Die genootskap verskil van die ander in die opsig dat hulle nie buite die grense van Suid-Afrika wil werk nie.

Crafford (1982:36) beskou **1824** as 'n "beslissende datum" vir die sendinggeskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk het daar 'n groeiende belangstelling in sendingwerk ontwikkel. By die Sinode in November 1824 word besluit dat sendelinge deur die kerk georden kan word: "een algemene kerkvergadering zullen kunnen worden geordend, om onder gemeenten door hun uit de heidenen verzameld, de heilige Sacramenten te bedienen, onder de bepalingen welke de Synode dienstig zal oordeelen desaangaande" (Crafford, 1982:37). Dié besluit het het daartoe gelei dat sending 'n amptelike kerklike aksie geword het en het teweeggebring dat meer sendelinge hulself aangemeld het en deur die kerk georden is.

Tydens die Groot Trek in 1834 was daar baie Sendinggenootskappe werksaam in Suid-Afrika, wat 'n groot invloed op die **Voortrekkers** uitgeoefen het. Die Voortrekkers was ook daarvoor verantwoordelik dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die grense van die Kaap na die binneland versprei het. Tydens die Trek self kon die Voortrekkers nie 'n bydrae tot sendingwerk lewer nie. Die Voortrekkers is ook daarvan beskuldig dat hul teen sendingwerk gekant was. Crafford (1982:52) wys daarop dat dit geensins die geval was nie. Die beskuldigings was hoofsaaklik afkomstig van die Engelse sendelinge van die Londense Sendinggenootskap. Die bewyse was egter daar dat die Voortrekkers nie teen sending gekant was nie: hulle het aan sendelinge huisvesting verskaf en hulle versorg (Crafford, 1982:51-54).

By die Sinode van **1857** besluit die Nederduitse Gereformeerde Kerk om by sendingwerk buite die grense van die Kaap betrokke te raak. Ten

spyte van die groot tekort aan predikante besluit die kerk dat sy sendingaksies uitgebrei moet word (Crafford, 1982:61). Die geboorte van die buitelandse sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is te danke aan die besluite wat in 1857 geneem was. Die kerk sou in Afrika en selfs in Ceylon by sendingwerk betrokke raak. Die Sinode van 1857, met sy sterk sendingvisie, het die gemeentes en lidmate van die kerk verder aangespoor om betrokke te raak by sendingwerk. Lidmate van die kerk het hulself aangebied om namens die kerk sendingwerk te gaan doen.

'n Kommissie word deur die Sinode benoem wat die diens van reisende sendelinge na Suid-Afrika moes bekom. Die Sinode van 1852 het voorts besluit dat predikante van die kerk ten minste een maal per jaar 'n sendingpreek in hul onderskeie gemeentes moes lewer(Van der Merwe, 1934:166-167).

Die kerk het by sending aan die **Kaap** sowel as buite die grense van die Kaap betrokke geraak. Die werk van die kerk is verder gekonsolideer met die stigting van die sendingkerke. So is die eerste Sinode van die Sendingkerk in 5 Oktober 1881 te Wellington gehou (Crafford, 1982:99).

Die Kaapse kerk was ook by die **Korannasending** betrokke, maar met die uitbreek van die oorlog kon die sending nie meer voortgaan nie. Die kerk het gemeentes en lidmate aangemoedig om met sendingwerk onder die swart mense te begin. Reeds in 1898 word 'n beroep op gemeentes gedoen om onder die swart mense te begin werk. In reaksie hierop benoem die kerk 'n werker om namens die kerk onder die **Xhosas** te werk wat besig was om damme aan die Kaap te bou (Crafford, 1982:104-105).

Sendingaksies was geloods by **Soutpansberg, Bethesda, die Waterberggebied, Saulspoort** en vele ander plekke (Crafford, 1982:62-82). Die Kaapse kerk het ook by sendingwerk in **Betsjoeanaland** (die huidige Botswana) betrokke geraak (Crafford, 1982:83-90).

In die Kaapse kerk het daar 'n herlewing in **1860** plaasgevind wat vir die sending 'n belangrike hupstoot gegee het. 'n Christelike konferensie is van 17 tot 19 April 1860 te Worcester gehou. 'n Voorstel word gemaak dat predikante vanuit Skotland, Holland en Duitsland gewerf moes word om die tekort aan predikant in Suid-Afrika aan te vul. Uit hierdie konferensie is die Sendingkonferensies gebore wat vanaf 1865 gereeld plaasgevind het.

Die ervaring van die **Skotse leraars** en hul sending ywer het die leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verder gemotiveer om by sendingwerk betrokke te raak (Van der Merwe, 1934:146-147).

Andrew Murray was een van die Skotse leraars wat die sendingvisie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sterk beïnvloed het. (Van der Merwe, 1934:155-156). In die tyd is die eerste Pinksterbidure gehou waar die lidmate van die kerk geleentheid kry om vir tien dae byeenkomste van gebed by te woon. Dié gebruik geld vandag nog steeds in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Van der Merwe, 1934:157-159).

Crafford (1982:58) maak die stelling dat die buitelandse sowel as binnelandse sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geweldig deur geestelike herlewings gestimuleer is. Dit het daartoe gelei

dat groot getalle studente hulself vir teologiese opleiding aangemeld en meer manne hulself beskikbaar gestel het vir die sending.

Die afskeiding van die Transvaalse kerk van die Kaapse Sinode het noodwendig die sendingwerk van die kerk nadelig beïnvloed. Tog het die situasie die kerk in Transvaal voor 'n groot uitdaging gestel om op eie stoom met sendingwerk te begin (Crafford, 1982:121-122).

Met die totstandkoming van die **Vrystaatse Sinode** in 1864 het die kerk gepoog om die sendingwerk van die Kaapse kerk voort te sit. Die gesindheid het veral die gemeentes positief geïnspireer. Die Vrystaatse Sinode van 1864 het die grondslag gelê dat sendinggemeentes binne die moedergemeentes se grense kan ontstaan. Hier is die basis vir pragtige samewerking gelê wat oor baie jare heen gestrek het. Die Sinode van die Vrystaat het ook 'n sendingkommissie gekies wat die opdrag gekry het om 'n **sendingreglement** op te stel. Die Sinode het besluit dat elke leraar binne sy gemeentegrense sendingwerk moet doen en dat sy kerkraad hom hierin moet bystaan (Crafford, 1982:123-124).

Crafford (1982:124) deel die betrokkenheid by die sending in die Vrystaat in drie fases in naamlik: -

- Die fase waarin die blanke leraars die leiding geneem het.
- Die fase waarin van Swart kategete gebruik gemaak is.
- Die laaste fase waar blanke sendelinge uitgegaan het om sendingwerk te gaan doen.

**Gemeentes** het op plaaslike vlak by sendingwerk betrokke geraak. Wakkerstroom, Potchefstroom, Vryheid en Standerton is van die

gemeentes wat self by sendingwerk betrokke geraak het (Crafford, 1982:140-143).

## 2.2 INVLOEDE WAT VAN REGOOR DIE WêRELD DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN SY LIDMATE BEÏNVLOED HET

Tydens die negentiende eeu was konflik deel van die alledaagse lewe in Suid-Afrika. Die Boere was met die Britse owerheid in stryd om onafhanklikheid gewikkel. Al hierdie omstandighede het die kerk en sy lidmate beïnvloed.

Burgers van verskillende lande het in dié tyd na Suid-Afrika geïmmigreer. Politieke en godsdienstige neigings in Europa het op die wyse na Suid-Afrika gekom. Die politieke en ekonomiese onstabiliteit in Nederland het na die Hollandse administrasie in Suid-Afrika oorgewaai. Aan die einde van die agtiende eeu was die godsdienstige lewe in Nederland gekenmerk deur 'n sterk sendingvisie (Van der Merwe, 1934:73) Die Duits-Oos-Indiese-Kompanjie het leraars van die Hollandse kerke aan die Kaap aangestel (Van der Merwe, 1934:75).

Op die kerklike gebied in Suid-Afrika was sinvolle bediening van die lidmate deur die predikante van die kerk 'n wesentlike probleem. Afstande het besoeke aan lidmate bemoeilik en kontak met lidmate was bykans onmoontlik. Lidmate het ver van die kerk gewoon en kon nie gereeld eredienste bywoon nie. Die geestelike meelewing van die lidmate van die kerk was op daardie tydstip baie swak. Betrokkenheid by die kerk het geen emosionele implikasies meegebring nie. Prediking het oor die Bybel, kategismus en artikels van Dordt gehandel (Van der Merwe, 1934:75). In dié tyd het ds. Van Lier in Suid-Afrika op die toneel verskyn. Van Lier was deur John Newton beïnvloed en dit kom veral in sy preke na vore. William Carey se ondersteuning van die missionêre

beweging in Engeland het tot die ontstaan van 'n soortgelyke beweging in Nederland gelei. Die herlewing wat in Nederland plaasgevind het, het die lewe van Van Lier ook verander. In sy preke gee hy veral aan herlewing aandag. Hy stel 'n totale verandering van elke Christen se lewe voor. Na sy afsterwe het ds. M.C Vos by hom oorgeneem en kan dié twee leraars as hooffigure van die herlewing binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou word (Van der Merwe, 1934:75-76).

Al bogenoemde omstandighede het ‘n invloed op die kerk en sy lidmate gehad, vervolgens word in meer detail na die verskillende invloede wat die siening van die kerk beïnvloed het, gekyk.

### *2.2.1 Di. Van Lier en Vos*

Ds. Helperus Ritzema van Lier het in 1786 as 'n groot sendingentoesias na Suid-Afrika gekom en is op 8 Oktober 1786 as predikant van Kaapstad bevestig (Van Heerde, 1951:40-41). In 1788 het sestig Christene hulself daartoe verbind om saam met hom die evangelie aan die Hottentotte aan die Kaap te verkondig. Die ellende van sowat 11 000 slawe aan die Kaap en die nood van die Hottentotte het hom en sy volgelinge aangevuur (Kriel, 1961:14-15). Ds. Van Lier het van die standpunt uitgegaan dat die evangelie van niemand weerhou mag word nie. “Geen mensch, welk eene vertooning van deugd en onschuld hy ook make, kan het Evangelie missen, en aan geen mensch, hoe schuldig en gruwelijk ook, wordt het Evangelie geweigerd” (Van Heerde, 1951:41). Sy preke het die mense geïnspireer om by sendingwerk betrokke te raak; sy invloed het selfs verder as net die Kaap gestrek.

Van Lier sterf in 1793 en ds. Machiel Christiaan Vos het sit sy werk aan die Kaap voort (Van der Merwe, 1934:80-81). Hy begin met die bearbeiding van die slawe aan die Kaap. Later in die hoofstuk word spesifiek by die werk van ds. Vos in Ceylon stilgestaan.

### *2.2.2 Die Lutherse gemeenskap en Morawiese sending*

Lede van die Lutherse gemeenskap aan die Kaap het 'n roeping gehad om die slawe te bearbei. Van die slawe is later deur die Lutherse kerk gedoop en as gevolg van die suksesse wat aan die Kaap behaal was, het verskillende denominasies na Suid-Afrika gekom om sendingwerk te doen (Van der Merwe, 1934:83).

Die Lutherse gemeenskap het as voorbeeld vir die kerk in Suid-Afrika en sy lidmate gedien met hul sendingpogings onder die slawe. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dus vanuit verskillende oorde gestimuleer om by sendingwerk betrokke te raak.

In 1792 is die Morawiese sending aan die Kaap toegelaat. Interdenominasionele sending het al hoe meer aan die Kaap op die voorgrond getree. Die Morawiërs het klem op persoonlike piëteit gelê en dan veral ook aan geestelike dissipline. Lede van die sending het nie net die evangelie verkondig nie, maar ook die plaaslike bevolking opgelei in boerderymetodes en musiek en fasiliteite daar gestel vir skoolopleiding (Van der Merwe, 1934:83-88).

As gevolg van die invloede van buite Suid-Afrika op die kerk het daar 'n missionêre gevoel in die kerk aan die Kaap posgevat. Lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hulle siening ten opsigte van

sendingwerk verander en het die behoefte gehad om by sendingwerk betrokke te raak.

### *2.2.3 Die Britse en Skotse predikante*

Rondom 1806 was die Kaap besig om in Britse hande te val en in 1814 het Nederland die Kaap finaal aan Brittanje oorhandig. Van die begin af was daar konflik tussen Brit en Boer. Brittanje het gepoog om vanaf 1820 die Kaap totaal te verengels. Vyf duisend setlaars het hulle in die Kaapkolonie gaan vestig en Nederlands is mettertyd met Engels as amptelike taal vervang.

Saam met die Britse owerheid het verskeie Britse en Skotse predikante na die Kaap gekom. Predikante vanaf veral Skotland het 'n goeie invloed op die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehad. Vanaf 1795 het minder Nederlandse predikante egter na Suid-Afrika gekom en dit was die oorsaak vir baie vakante poste binne die kerk. As gevolg van die tekort aan leraars het ds. Thom opdrag ontvang om Skotse leraars te werf om na Suid-Afrika te kom. Baie van die "ingevoerde" predikante het die goeie werk van di. Van Lier en Vos voortgesit (Van der Merwe, 1934:89-94).

As gevolg van die invloei van Skotse leraars het die gemeentes en lidmaatgetalle vinnig gegroei. Op 8 November 1834 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die staat onafhanklik geword. Die staat kon nog steeds predikante aanstel, maar kon nie meer met kerklike sake inmeng nie. Vanaf 1857 ontvang die kerk ook nie meer finansiële hulp van die staat nie.

Teen dié tyd het die Nederduitse Gereformeerde Kerk verder na die platteland versprei as gevolg van die feit dat baie mense hul heenkome buite die grense van die Kaap gaan soek het. Sodoende het die Nederduitse Gereformeerde Kerk spoedig na die afgeleë plekke in Suid-Afrika uitgebrei (Van der Merwe, 1934:93-95).

### *2.2.4 Die filantropiese beweging in Brittanje en die beleid van die regering ten opsigte van sending*

Brittanje se oorname van die Kaap het tot gevolg gehad dat die Britte die lewe aan die Kaap grootliks beïnvloed het. In Brittanje is in die tyd veral gestreef na die bevryding van die slawe en die gesindheid het ook na die Kaap oorgewaai (Van der Merwe, 1934:95-96). Die bewindhebbende Britse regering aan die Kaap was baie positief ten opsigte van sendingwerk. Sendelinge is selfs onder die toesig van die staat geplaas. In 1805 word 'n proklamasie uitgevaardig dat sendelinge aan die Kaap welkom was. Die enigste voorwaarde was dat die nuwe sendelinge in hul eie gebied moes werk en nie binne die bestaande gemeentes se grense nie (Van der Merwe, 1934:96-97).

### *2.2.5 Die Londense Sendinggenootskap*

Die ontstaan van die Londense Sendinggenootskap was te danke aan die sterk sendingvisie wat rondom die sewentiende eeu in Europa geheers het. Oorspronklik was die organisasie die "Missionary Society" genoem met 'n baie duidelike interdenominasionele karakter. Vanuit die organisasie ontstaan die Nederlandsche Zendinggenootschap wat baie

sendelinge na Suid-Afrika gestuur het (Van der Merwe, 1934:98-99).

Twee persone van die Londense Sendinggenootskap wat 'n beduidende rol in Suid-Afrika gespeel het, was Johannes van der Kemp en ds. John Philips. Beide het die visie gehad om by sendingwerk in Suid-Afrika betrokke te raak (Van der Merwe, 1934:102-104).

### *2.2.6 Samevatting*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in die tyd voor die Tweede Vryheidsoorlog 'n sterk sendingvisie ontwikkel. Die kerk in die Kaap, Vrystaat en Transvaal het in hul onderskeie gebiede by sendingprojekte betrokke geraak. Die Nederduitse Hervormde en die Gereformeerde Kerk was ook by sendingwerk betrokke.

Die invloede wat vanuit die buiteland op die kerk in Suid-Afrika ingewerk het, het bygedra tot die ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbetrokkenheid.

Die kerk was dus uiters positief teenoor sendingwerk voor die uitbreek van die oorlog. Die oorlog het egter in 'n mate die werk wat tot op dié stadium verrig was, vernietig. Met die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899 word die kerk en die aktiwiteite van die kerk ontwrig. Lidmate en predikante het by vegtende kommando's aangesluit en gemeentes is herderloos agtergelaat. Uit die aard van die saak het sendingwerk ook tot stilstand gekom. As gevolg van die finansiële nood onder die Suid-Afrikaners moes van die werk gestaak word. Sendelinge is deur die Britse owerhede onder huisarres geplaas. Die verhouding

tussen die blankes en anderskleuriges van Suid-Afrika het ook as gevolg van die oorlog versleg. Britse magte het van swart mense gebruik gemaak in hul oorlogvoering teen die Boere, met die gevolg dat die Boere niemand meer vertrou het nie (Crafford, 1982:144).

Aan die positiewe kant van die oorlog was dat die Here die situasie gebruik het om die kerk en sy lidmate geestelik te laat groei. Die Boere het opnuut hul afhanklikheid van God besef. Die geestelike herlewing onder die Boerekrygsgevangenes in Ceylon getuig hiervan.

## 2.3 DIE EERSTE SENDINGBETROKKENHEID VAN 'N SUID-AFRIKANER IN CEYLON: DIE WERK VAN DS. M.C. VOS (1804 TOT 1809)

### *2.3.1 Inleiding*

Alvorens daar verder aandag aan die Tweede Vryheidsoorlog gegee kan word, moet daar eers stilgestaan word by die werk van ds. M.C Vos in Ceylon. Michiel Christiaan Vos het op agtienjarige leeftyd tot bekering gekom en die behoefte gehad om by sendingwerk betrokke te raak. Die verkondiging van die evangelie aan die slawe aan die Kaap hom na aan die hart gelê. As leraar van die gemeente Rodezand (Tulbagh) het hy en die lidmate van die kerk begin met 'n projek om aan lidmate se huishulpe en slawe die Woord van die Here te verkondig (Crafford, 1982: 23-24). Uit die aard van die saak het ds. M.C. Vos se projek onder die slawe 'n opskudding in die gemeente veroorsaak, maar spoedig het die suksesse wat hy behaal het die gemeentelede oortuig om al hul slawe by die projek in te skakel (Van Heerde. 1951:42-43). Dit het ook aanleiding gegee tot die opstel van "een catechiseerboekje" wat as hulp

gedien het met die bearbeiding van die slawe (Kriel, 1961:15-16). Onder die invloed van ds. Vos het die gemeente Roodezand by sendingwerk betrokke geraak(Van Heerde, 1951:106-109).

As leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die 'n groot rol wat hy gespeel het aanleiding gegee tot die herlewing binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk . Gemeentes in die distrik het spoedig die voorbeeld van ds. M.C. Vos en sy gemeente gevolg (Kriel, 1961:16).

### *2.3.2 Ds. M.C. Vos en Ceylon*

Voordat hy hom as leraar van die kerk in Suid-Afrika gevestig het, was hy aktief met sendingwerk in die buiteland besig. As 'n verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap vertrek ds. Vos in 1804 na Ceylon om daar sendingwerk te gaan doen. Dit was die eerste kontak tussen die eiland bewoners en 'n Suid Afrikaanse kerkleier. Volgens Du Plessis (1911:266) maak ds. Vos melding van die Dutch Reformed Church in Ceylon wat saam met die Hollanders na die eiland gekom het en van die swak toestand waarin die kerk in Ceylon homself bevind.

Hy vertel voorts van die blydskap onder die mense om weer 'n leraar in hul midde te hê: “Deze arme lieden, die geen predikantie te dezer plaatse in negen jaren hadden gehoord, verheugen zich” (Du Plessis, 1911:264). Mense moes hul kinders in die Rooms-Katolieke Kerk laat doop omdat daar nie 'n leraar was om die taak te vervul nie. Die vriendelikheid van die mense het vir ds. Vos opgeval. Hy moes egter eers na die owerhede gaan sodat die hom kan plaas waar hulle dit goedvind. Die mense het hom ook aangeraai om die taal so spoedig moontlik aan te leer (Du Plessis, 1911:264-266).

Na sy aankoms op die eiland het hy twee Hollandse predikante ontmoet wat ook in Ceylon besig was met sendingwerk. Die heidendom en aanhang van Boeddha het ds. Vos diep getref: "O Heer, ontferm u over de arme inwoners van dit dicht bevolkte land" (Du Plessis, 1911:266). Hierdie was volgens ds. Vos 'n uitstekende geleentheid vir enige sendeling om die evangelie te verkondig. Die oes was groot, maar die arbeiders min. Hy het begin deur traktaatjies onder die plaaslike bevolking te versprei en het oral eredienste waargeneem (Du Plessis, 1911:267).

Die goeweneur en sy administrasie het besluit om ds. Vos by Galle te plaas op 8 Maart 1805 vertrek hy daarheen. Tydens sy eerste drie maande by Galle het hy opnuut tot die besef van die ellendige toestand van die kerk gekom: "maar ik kan u geen genoegzaam denkbeeld van hun elledigen toestand geven" (Du Plessis, 1911:269). Hy het met katkisasieklasse begin, maar die nodige materiaal het ontbreek (Du Plessis, 1911: 269-270).

Ds. Vos maak melding daarvan dat vir die eilandbewoners om lidmaat van 'n Christelike kerk te wees, sy voordele gehad het. Volgens 'n ou wet kon kinders nie eendag van hul ouers erf as hulle nie in 'n Gereformeerde kerk gedoop is in nie, met die gevolg dat die kerk lidmate gehad het wat nie werklike Christene was nie (Cronje, 1981: 275-276).

Ds. Vos was vanaf 1804 tot en met 1809 in Ceylon werksaam en betrokke by die gemeente te Galle voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het.

Die betrokkenheid van ds. Vos op Ceylon was die eerste kontak tussen die inwoners van die eiland met 'n Suid-Afrikaner. Dit sou die begin wees van 'n verhouding wat tot vandag sou strek. Daar was lang tye wat daar geen kontak tussen Suid-Afrikaners, en dan by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en die inwoners van Ceylon was nie. Met die aankoms van die Boerekrygsgevangenes in 1900 was daar weer vir die eerste maal na 1809 kontak tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die mense van Ceylon.

## 2.4 DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG (1899 TOT 1902)

### *2.4.1 Inleiding*

Met die aanbreek van die twintigste eeu was Suid-Afrika in 'n volskaalse oorlog gewikkel. In Transvaal en die Vrystaat was die Boere in 'n hewige stryd met die Brittanje gewikkel. Die twee strydende partye het die oorlog vanuit hul verskillende perspektiewe soos volg gesien:

- Die Engelse:
  "The British felt impelled to eradicate Negro slavery to protect and support the missionary to exploit all mineral wealth and especially to maintain a free passage, for trade and communication from the Cape to the lands beyond the Limpopo river and beyond the Zambezi..." (Van der Merwe, 1934:183).

- Die gevoel van die Boere soos deur ds. Andrew Murray opgesom:
  "The one cause of the war is the independence of the Republic (Transvaal). It refuses to be dictated to in internal affairs. It is willing

to allow discussion and friendly counsel, has proved itself ready to act on it.... The one object of the orginators of the agitation which has led to the war is to destroy the independence of the Republic" (Van der Merwe, 1934:183).

As gevolg van die oorlogswolke wat in Suid-Afrika begin saampak het, het die Afrikaanssprekende Boere in die land begin saamstaan. 'n Nasionalistiese gevoel was sterker as ooit tevore in die geskiedenis. Die oorlog was egter ook verantwoordelik vir 'n tydperk van grootskaalse armoede in die geskiedenis van die Afrikaner (Van der Merwe, 1934:184).

Volgens Wessels (1991:1) was die Tweede Vryheidsoorlog gemeet aan wêreldstandaarde, nie 'n groot oorlog nie. Vir Suid-Afrikaners was dit egter die bloedigste en omvangrykste stryd wat nog tussen blankes en blankes in Suid-Afrika afgespeel het. Alhoewel swart en bruin mense in die oorlog betrokke was, was die stryd hoofsaaklik tussen blankes en blankes. Die betrokkenheid van Brittanje in die oorlog moet as deel van hul belangstelling in Afrika gesien word. Brittanje was in 'n wedloop om kolonies gewikkel. Die oorlog kan dus opgesom word as 'n stryd tussen Britse imperialisme en Afrikaner nasionalisme.

### *2.4.2 Die aanloop tot die Tweede Vryheidsoorlog*

'n Belangrike punt van konflik was die totstandkoming van die twee onafhanklike Boererepublieke, naamlik die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), soos Transvaal bekend gestaan het, en die Oranje-Vrystaat. Die Britse owerhede se pogings om 'n federasie in Suid-Afrika tot stand te bring, het nie gerealiseer nie. Die ontdekking van goud in 1886 aan die

Witwatersrand was nog 'n aanleidende faktor tot die uitbreek van die oorlog (Wessels, 1991:2).

Al hoe meer Britse soldate het na Suid-Afrika gekom en is op die Boere=Republieke se grense ontplooi. In reaksie op dié indirekte offensief stel die Transvaalse regering, in oorleg met president M.T. Steyn, 'n ultimatum aan die Britse regering, naamlik dat alle troepe aan die Republikeinse grense onttrek moes word en soldate wat ná 1 Junie 1899 aan die Kaap arriveer, stelselmatig na Brittanje onttrek moes word. Die Transvaalse regering gaan verder en sê dat indien daar nie binne vier en twintig uur aan die ultimatum gehoor gegee sou word nie, dit as 'n oorlogsverklaring teen die Zuid-Afrikaansche Republiek beskou sal word (Wessels, 1991:2). Die Engelse regering was verbaas oor die ultimatum en het besef dat dit op konflik kon uitloop (Pakenham, 1982:104). Die ultimatum van die boere verstryk op 11 Oktober 1899 om 17:00. Die Britse regering reageer nie op die ultimatum nie en die eerste geveg van die oorlog vind op 12 Oktober 1899 naby Kraaipan plaas. 'n Gids=lokomotief word aangeval en 35 van die Britse soldate gee hulself oor (Wessels, 1991:2 en 9). Pakenham (1982:107) beskryf dit as die begin van die "great drama". Die pers in Brittanje het soos volg ten opsigte van die ultimatum gereageer: "a infatuated step by this petty republic" (Pakenham, 1982:109).

Die Britte het altesaam ongeveer 27 000 man in Suid-Afrika beskikbaar gehad om te veg. Dit blyk egter dat hulle nie goed vir die oorlog voorbereid was nie. Die Boere se vermoëns is totaal onderskat en die getal Britse soldate was te min om al die grense te bewaak. In Natal was daar ongeveer 10 000 soldate van die Britse regering, in die Kaap 2 500 en 1 250 in die Vrystaat. Die Britse regering was van mening dat

75 000 soldate voldoende was om die twee Boere Republieke te verslaan. Die uiteindelike getal soldate wat nodig was, was 448 435 soldate. Dit was sonder die vrywilligers en "joiners " wat die getalle van die Britse magte verder versterk het (Wessels, 1991:3-4).

Aan die kant van die Boere is dit moeilik om die getal soldate wat by die oorlog betrokke was te bepaal. Dit blyk egter tussen 50 000 tot 60 000 soldate te wees (Wessels, 1991:4-5).

Aanvanklik was die Boere nie daarop uit om Britse grongebied te buit nie, hulle wou net die Republieke beskerm.

Beide kante het geglo dat die oorlog nie baie lank sou duur nie. Die oorlog sou uiteindelik 963 dae duur en het die Britse belastingbetaler 200 miljoen pond gekos (Pakenham, 1982:572-573).

### *2.4.3 'n Kort oorsig oor die Tweede Vryheidsoorlog*

Die oorlog kan in die volgende hooffases ingedeel word:

1. Die Republikeinse offensief.
2. Die eerste Britse offensief.
3. Die tweede Britse offensief.
4. Die guerrillafase (Wessels, 1991:7).

#### *2.4.3.1 Die Republikeinse offensief*

Tydens dié fase het die Boeresoldate die inisiatief geneem deur aanvalle op die Britse magte te loods. Mafeking is aangeval en totaal van die

buitewêreld afgesny. Mafikeng was vir die Boere'n strategiese dorp. Hier was winkels waar die voorrade van die Boere aangevul kon word ( Meintjies, 1976:25). Aan die Natalse front besluit die Boere om Newcastle te beleër en ruk daarna op na Ladysmith. In die dorp was 'n groot aantal Britse soldate gestasioneer en hulle het Ladysmith hewig beskerm (Wessels, 1991:9-12). Die oorwinning wat die Boere by Ladysmith behaal het word deur Pakenham (1982:153) as "the kock down blow" beskryf.

Dit wou voorkom of die Boeremagte die Britse regering 'n gevoelige slag toegedien het en 'n voorsprong in die oorlog opgebou het. Wessels (1991:12) is egter van mening dat ten spyte van die suksesse van die Boere die Britse regering hul strategiese inisiatief behou het en dat die Boere nie hul taktiese suksesse kon opvolg nie.

#### *2.4.3.2 Die eerste Britse offensief*

Genl. Buller arriveer op 31 Oktober 1899 in die Kaap en neem die bevel van die Britse magte oor. In die stadium het die Boere Mafeking en Ladysmith beleër. Buller besluit om van sy oorspronklike strategie af te wyk en eers die dorpe wat die Boere beleër het, te bevry.

Die grootste offensief deur die Britse magte in dié fase was om Ladysmith weer van die Boere terug te neem. Na die mislukking van die slag van Colenso besluit die Britse regering om genl. Buller met generaaal Fredrick Sleigh Roberts te vervang. Hy arriveer op 10 Januarie 1900 in Suid-Afrika.

Met die veranderinge wat in die topstruktuur van die Britse leër plaasgevind het, duur die stryd by Ladysmith steeds voort. Buller het egter nie veel suksesse gehad nie. Hy het wel daarin geslaag om die Boere by Ladysmith uit te put en taamlik te ontsenu (Wessels, 1991:19-21).

Alhoewel die Britse magte swaar gekry het, was hulle aan die Noord-Kaapse front totaal in beheer.

### *2.4.3.3 Die tweede Britse offensief*

Op dié tydstip van die oorlog wou dit voorkom of die Britse magte min sukses behaal het. Tot en met 10 Februarie 1900 het die Boere daarin geslaag om die Britse magte van Republikeinse grondgebied weg te hou. Om verskeie redes was die Boerevegters uitgeput en met Roberts in beheer van die Britse magte, was die moraal van die Engelse besonder hoog.

Die tweede offensief van die Britse magte het vanaf 11 tot 29 Februarie 1900 plaasgevind. Roberts besluit om aanvalle vanaf die Kimberleyfront op die Boere te loods. In sy opmars beleër hy Bloemfontein sonder enige teenstand en op 3 Mei 1900 trek hy verder langs die hoofspoorlyn in die rigting van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Wessels, 1991:26-27).

Met al sy suksesse het Roberts verwag dat die oorlog spoedig sou eindig en oorhandig hy op 29 November 1900 beheer aan Kitchener oor. Pres. Kruger vlug na Mosambiek en Roberts beskou dit as ‘n teken dat die Boere verslaan is (Pakenham, 1982:458-459). Met Pretoria onder Britse beheer was die verwagting dat die oorlog verby is en dat die Boere spoedig oorrompel sou word. 'n Verrassing het egter op die Britte gewag, want die Boere het met 'n totaal nuwe strategie gekom om die Britse magte te stuit, naamlik guerrilla-oorlogvoering.

### 2.4.3.4 *Die Guerrillafase*

Hierdie fase het totaal van die ander in fases in die oorlog verskil. Die oorlog was nou eerder 'n bewegingsoorlog as 'n semi-konvensionele oorlog. Hierdie fase was die deel van die oorlog wat die langste geduur het, tot met die beëindiging van die oorlog op 31 Mei 1902. Die Boere het tydens die fase tot 'n groot mate die taktiese inisiatief herwin (Wessels, 1991:35).

Skermutselinge het regoor die land heen plaasgevind en die Boere het groot sukses met dié manier van oorlogvoering behaal. Die Britte was genoodsaak om vinnig ander planne te beraam. Britse troepe is in kleiner groepe verdeel om die Boere op húl manier van oorlogvoering hok te slaan. 'n Blokhuisstelsel is in werking gestel om strategiese gebiede te beskerm (Wessels, 1991:44).

## ***2.4.4 Die Britse strategie om die Boere magte tot oorgawe te dwing***

Met die verloop van die oorlog het die Britse magte ook die oorlog na die burgerlikes geneem. Dertig duisend plaashuise is afgebrand en veertig dorpe is verwoes. Die Britte het in dié stadium van die oorlog 'n "sweep and scour policy" gevolg (Pakenham, 1982:518). Alles is voor die voet afgebrand, landerye is verwoes en veetroppe is uitgewis. Vroue en kinders van die Boere is in konsentrasiekampe geplaas. Militêr kon die Britte nooit werklik die Boere verslaan nie maar die maatreëls het die Boere na die onderhandelingstafel gedwing (Wessels, 1991:44-45).

Die ander strategie wat die Britte gebruik het, was om alle krygsgevangenes in aanhoudingskampe te plaas. Die probleem was egter dat die kamp in Kaapstad te klein geword het en dat addisionele plekke van aanhouding gevind moes word. 'n Kamp te Kimberley was 'n oplossing, maar weens die omstandighede waarin die land was, was so 'n stap nie wesentlik nie. Roberts het reeds aanbeveel dat Boere na kampe buite Suid-Afrika geneem word en in plekke soos St Helena aangehou word (Journal of Principal Events, 1900:100).

Dit het egter nie dadelik gerealiseer nie. Die Britse magte was bang dat die Boere wat in kampe was, dalk bevry kon word of sou ontsnap. In Junie 1901 maak Kitchener die volgende stelling: "All prisoners of war and their families should be permantly deported from South Africa..." Fiji en ander lande word as moontlike bestemmings vir die Boere genoem. Die bepalings van die Den Haagse konfensie het blykbaar nie vir Kitchener en die Britse regering gegeld nie. Later dreig Kitchener verder "they would be permantly banished from South Africa..." (Oosthuizen, 1975:35-36).

Hierdie twee maatreëls wat deur die Britse regering toegepas is, het tot baie bitterheid en haat gelei. Boere is vir enige onbenulligheid na vreemde lande heen gevoer en daar aangehou. Foute is selfs deur die Britse regering gemaak deur die verkeerde persone weg te voer (Oosthuizen, 1975:36-37). Die behandeling wat die Boerekrygsgevangenes van die Britse magte ontvang het, kon hulle nooit vergeet nie. Tydens die deportasie is die Boere in haglike omstandighede op skepe aangehou en dit kan as 'n wonderwerk beskou word dat nie meer van hulle aan siektes en epidemies gesterf het nie (Oosthuizen, 1975:108).

## 2.5 DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK AANVAAR PASTORALE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE BOEREKRYGSGEVANGENES IN DIE VREEMDE

Die Den Haagse konvensie het bepaal dat alle krygsgevangenes hul geloof vryelik kon beoefen. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk moes eers die toestemming van die Britse regering kry om sy mense in aanhouding te besoek. Die Britte het op hulle beurt geglo dat die godsdiens van die Boere 'n rol in hul politieke lojaliteit gespeel het. 'n Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaande uit di. J.H. Neethling, A. Murray en J. Albertyn word saamgestel om met die Britse regering te onderhandel (Reid, 1989:41-43).

Nadat samesprekings tussen die kommissie van die kerk en die Britse regering plaasgevind het besluit die Britte soos volg:

- Alle gevangenes kan geestelik versorg word. Predikante kan die Boere in aanhouding in hul kampe besoek.
- Klere sal aan gevangenes verskaf word.
- Predikante sou gratis per skip na lande vervoer word waar die Boere aangehou is (Van Tonder, 1982:6-7).

Die meeste van die gevangenes was lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en daarom was die meeste betrokke leraars van dieselfde kerk. Besoekende predikante kon egter ook die Boere in aanhouding besoek (Reid, 1989:43).

Op die geestelike vlak is daar goed na die Boere omgesien. Eredienste, katkisasieklasse en Bybelvoorlesings is gereeld gehou. Dit blyk dat die sterk geloof van die Boere hul tyd in aanhouding leefbaar gemaak het (Reid, 1989:45-49).

Na die besluit van die Britse regering om die Boere buite Suid-Afrika aan te hou moes 'n manier gevind word om die Boere ook in die vreemde geestelik te bedien. Boere is na St. Helena, Indië, Bermuda en Ceylon geneem. Die taak van die kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was om toe te sien dat die lidmate van die kerk in die vreemde geestelik bedien word. So doen ds. A. F Louw by die kommissie aansoek om in die vreemde te gaan help. "Aangebode diens, weet ek, is nie altyd welkom nie, maar as die kommissie hulp nodig het sal ek, mits die kerkraad toestemming gee bereid wees om gestuur te word waarheen die kommissie verlang dat ek sal gaan" (Louw, 1963:11).

So het die kommissie van leraars in Suid-Afrika gebruik gemaak om saam met die Boerekrygsgevangenes na die vreemde te gaan. Die getuienis van die gevangenes in die vreemde oor die betrokkenheid van die predikante by hul lidmate was oorweldigend. Die boodskappe en woorde van bemoediging het die tyd van aanhouding vir die Boere draagliker gemaak. Die aankoms van 'n predikant is met blydskap afgewag en met groot hartseer is weer van hom afskeid geneem (Oosthuizen, 1975: 316-317). Oor die verwelkoming van 'n leraar uit Suid-Afrika skryf C. P. Pretorius soos volg: "Toen stroomden wij van alle kanten aan met banken en felstoeljes en kassies zij drukten in propvol buiten rand om zitten zij ommekaar..." (Oosthuizen, 1975:317).

Ds. A. F. Louw en **St. Helena** is as sinoniem beskou (Louw, 1963:25).

Hy het die Boere by twee geleenthede te St. Helena besoek en selfs 'n St. Helena Zending Hulp Kommissie in die lewe geroep (Louw, 1963:110). Tydens die tyd van ds. A. F. Louw op St. Helena is 'n sendingkonferensie gehou. Verlof is vir van die Boere gereël en 300 kon die konferensie bywoon (Louw, 1963:91). Hier het jong manne hulself aangebied om by sendingwerk betrokke te raak. "Is ek sendeling in my eie huis", is een van die vrae wat aandag geniet het.

Op **Bermuda** het ds. en mev. Albertyn en proponent Van Blerk die Boere geestelik bearbei (Benbow, 1962:32-34).

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk was dus voortdurend besig om sy lidmate in die vreemde te bedien. In dié tyd maak al die leraars van 'n geestelike herlewing in die vreemde melding. Boere het as gevolg van hul omstandighede nader aan die Here beweeg. Die kerk en die leraars van die kerk het baie opgeoffer om die Boere in die vreemde te bedien. Die Here het hulle egter gebruik om 'n herlewing te bewerkstellig. As gevolg van die herlewing wat onder die Boere in die vreemde plaasgevind het, het die Boere met hul terugkeer as 'n geestelike inspuiting vir vele plaaslike gemeentes gedien. Baie van die krygsgevangenes het in die vreemde in aanhouding werklik tot bekering gekom.

## 2.6 SAMEVATTING

Teen dié agtergrond moet die geskiedenis van die Boerekrygsgevangens in Ceylon gelees word. Sekere invloede vanuit die buiteland het op Suid-Afrika ingewerk. Die kerk het ook nie van die invloede ontsnap nie. Mense, en veral lidmate van die Nederduitse

Gereformeerde Kerk, is meer van sendingwerk en veral die feit dat elke lidmaat 'n verantwoordelikheid het om die Woord van die Here aan die nie-Christene te verkondig, bewus gemaak.

Die Afrikaner se lewe is deur die aanloop en verloop van die Tweede Vryheidsoorlog geweldig ontwrig. Niemand het verwag dat Boere vir 'n onbepaalde tyd na vreemde lande gedeporteer sou word nie. Gesinne is swaar getref en ontwrig. Baie van die Boere het in die oorlog gesterf en hul vrouens het sonder heenkome op plase agtergebly. Die sterk sendingvisie wat onder talle lidmate rondom die negentiende eeu in Suid-Afrika geheers het, het ook op die Boerekrygsgevangenes ‘n invloed gehad. In Ceylon het hulle by die sending betrokke geraak en hul verantwoordelikheid om die Woord van die Here te verkondig, uitgeleef. Met hul terugkeer het die Boere elk maandeliks 'n donasie gegee om 'n evangelis in Ceylon te onderhou wat die evangelie aan die eiland bewoners verkondig het.

# HOOFSTUK 3

# DIE BOEREKRYGSGEVANGENES IN CEYLON (1900 tot 1902)

Suid-Afrika en Ceylon - twee lande so ver van mekaar verwyder, maar deur die geskiedenis onteenseglik aan mekaar verbind. Na die Vryheidsoorlog het die naam Ceylon vir Suid-Afrikaners nuwe betekenis aangeneem. Dorpe soos Colombo, Diyatalawa, Ragama, Mount Lavinia en vele ander het huishoudelike name geword. Ceylon was die land waarheen 5 000 van Suid-Afrika se burgers weggevoer is. Die gevangenskap van die Boere en hul deportasie na Ceylon het die Afrikaner in 'n krisis gedompel. Gesinne is "opgebreek" ;vrouens en kinders is in konsentrasiekampe aangehou. Vir die kerk, en veral die sending van die kerk, het dit verreikende gevolge gehad.

## 3.1 DIE KAMPE VAN AANHOUDING

Die Boere is in vier kampe op die eiland Ceylon aangehou: Diyatalawa, Ragama, Hambantota en Urgasmanhandiya. Diegene wat siek was, is by Mount Lavinia gehuisves. Dit het as 'n hersteloord gedien en was gewild onder die Boere (Oosthuizen, 1975:163-165). Omtrent 150 Boere het hier aangesterk (Brohier, 1946:74-75).

### *3.1.1 Ragama*

Op 8 Januarie 1901 is die eerste gevangenes na die Ragamakamp geneem. Dié kamp was veral gebruik om ander nasionaliteite en die *moeilikheidmakers* onder die Boere te huisves. Die grootste getal gevangenes wat hier aangehou is, was 338 (Brohier, 1946:72-73). Ragama was onder die Boere 'n gehate kamp. Volgens hulle was al die verraaiers in hierdie kamp aangehou (Oosthuizen, 1975:160-161). Dit is interessant om daarop te let dat baie van die inwoners van die kamp Hollanders was (Henning, 1974:1-14).

### *3.1.2 Hambantota*

Die kamp is op 19 September 1901 geopen. Die *inwoners* van die kamp was persone wat op parool was en meer vryelik kon rondbeweeg. Nooit is meer as 57 gevangenes in die kamp aangehou nie (Brohier, 1946: 75).

### *3.1.3 Urgasmanhandiya*

Urgas, soos die kamp bekend gestaan het, is op 11 September 1901 geopen. Sowat 200 Boere, onder wie verskeie offisiere, is hier aangehou. Geestelike versorging by die kamp was 'n groot probleem. Die kamp was ver van die ander en het geen inwonende predikant gehad nie. Eerwaarde Tweed van die Dutch Reformed Church in Ceylon het die gevangenes geestelik versorg (Brohier, 1946:75-77).

Daar was dus 'n mate van kontak tussen die Dutch Reformed Church in Ceylon en die Boerekrygsgevangenes.



Van die grafte van die Boerekrygsgevangenes wat in Ceylon gesterf het

### *3.1.4 Diyatalawa*

Die grootste getal Boere is in dié kamp aangehou, naamlik 4 735 (Brink, 1904:119). Ongeveer 150 myl per spoor vanaf Colombo het die kamp Diyatalawa gelê. In April 1900 het die Wesliaanse sending die grond en die geboue van die Diyatalawakamp ontruim. Drie weke later ontvang die openbare werke departement die opdrag om die plek in 'n kamp vir Boerekrygsgevangenes te omskep (Brohier, 1946:4-5). Dag en nag is aan die kamp gewerk en is dit na slegs tien weke voltooi en aan die gevangenisowerhede oorhandig. In Shingalees beteken dié naam *Diyatalawa* waterbronne en golwende vlaktes (Henning, 1974:1-14). Diyatalawa het uit tagtig hutte bestaan wat in twee dorpies verdeel was, naamlik Krugersdorp en Steynsburg. In elke hut het gemiddeld 56 manne met hul eie hutkaptein gebly (Brink, 1904:120-122).

Diyatalawa is veral die kamp waarmee Suid-Afrikaners die gevangenskap in Ceylon geassosieer het. Om dié rede word die kollig in die navorsing op die Diyatalawakamp geplaas.

## 3.2 DIE ALGEMENE LEWE IN DIE KAMP

Die kamp was 'n dorpie op sy eie. Boere het begin met *besighede* en flink sake gedoen. Gebrek aan kontantvloei onder die *kopers* het egter menige besigheid se einde veroorsaak. F.E.O. Mors begin 'n boekwinkeltjie en ontvang later parool om voorraad in Colombo te gaan aankoop. Mors was 'n persoon met 'n besigheidsaanvoeling en het groot sukses met sy winkel gehad (Van Jaarsveld, 1973:39-44).

Die *Diyatalawa Dum-Dum* was die kamp se eie koerant. Sekere voorskrifte van die Britse owerhede moes nagekom word voordat die koerant gedruk en gepubliseer kon word (Henning, 1974:1-14). Fotograwe, persone wat wandelstokke en mansklere gemaak het, het in *De Strever* geadverteer (De Strever, 1 Maart 1902:60). Twee hutte het vir die ywerige lesers 'n biblioteek gevorm. Hier is algemene leesstof en stigtelike lektuur tot die gevangenes se beskikking gestel (Brink, 1904:157). *De Strever* (14 Junie 1902:146) berig dat die biblioteek se boeke deur middel van 'n skenking aangevul is. Die blad beveel hul lesers ten sterkste aan om die biblioteek te besoek en van die fasiliteite gebruik te maak. Hulle berig verder dat met die skenking die aantal boeke in die biblioteek tot 180 aangevul is. Diyatalawa het ook oor sy eie hospitaal met vyf dokters beskik.

'n Skool was 'n groot behoefte onder die gevangenes. Die skool het sy oorsprong by die katkisasieklasse gehad. Ds. Roux het gesien dat baie van die katkisante nie kon lees of skryf nie. Skoolopleiding was noodsaaklik en het gehelp om die ledigheid te verdryf (Brink, 1904:156). Die getalle van die skool het so gegroei dat twee geboue later nodig was. Die leerlingtal was spoedig 400 (Oosthuizen, 1975:375-378). In die begin was die enigste leerboek in die skool die Bybel. Omdat daar geen boeke was nie, het elke hut hul Bybels gedurende die dag vir die skool beskikbaar gestel. Fondse vanuit Suid-Afrika en Holland het dit moontlik gemaak om later boeke vir die skool aan te koop. Een onderwyser was te min en later moes ses onderwysers die kinders en *oues* wat skool gegaan het, leer. Die hoofonderwyser was 'n mnr. Pienaar van Winburg (Brink, 1904:156-157). Na die vredesooreenkoms

sluit die skool sy deure finaal op 28 November 1902 (Oosthuizen, 1975:378).

## 3.3 DIE ROL WAT DIE PREDIKANTE IN DIE KAMP GESPEEL HET

Die predikante wat in Diyatalawa onder die Boere gewerk het, was geliefd en hul werk gewaardeerd. Die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde, Gereformeerde en ander kerke was saam in een verband. Die predikante het almal om die beurt die gevangenes bedien. Samewerking tussen die onderskeie predikante was baie goed (Oosthuizen, 1975:317-319). Dit blyk dat die Britse regering oortuig was dat godsdiens en die politieke lojaliteit van die Boere nie geskei kon word nie. Dit was die vernaamste rede waarom daar aanvanklik gesukkel is om toestemming te verkry dat predikante Sondae eredienste kon hou. Toestemming is na 'n tydperk verleen met die voorwaarde dat geen preek politiek sou bevat nie.

Ds. P.H. Roux van Senekal het 'n belangrike rol in die Diyatalawakamp vervul. Genl. Roux was 'n leiersfiguur vir wie die Boere respek gehad het. "De hoogewaardeerde Generaal, die als een wakker held, zijn groot en krachtig werk deed, tot afbreking van Satan's rijk" (Brink, 1904:165). Hy het byeenkomste gelei en het as voorsitter van verskeie organisasies opgetree. Die preke wat hy gelewer het, het kritiek van die Britse owerhede uitgelok. Daar is beweer dat hy die gevangenes opgesweep het en om dié rede is hy na Nuware Elija geneem en daar alleen aangehou. Volgens die owerhede het die kamp na die verwydering van genl. Roux rustiger geword (Oosthuizen, 1975:308-309). Genl. Roux het

gereeld briewe aan die Boerekrygsgevangenes in die Diyatalawakamp geskryf om hul te bemoedig (De Strever, 28 Junie 1902:161).

Ds. D. Postma van die Gereformeerde Kerk was nog 'n predikante wat die gevangenes bearbei het. "Arbeidzaam en inschikkelijk om ook hen, die niet tot zijn kerkgenootschap behoorden, te gemoet te komen, zoo zelfs dat enkele zijner gemeente en kerkraadsleden meenden, dat hij te veel toegaf" (Brink, 1904:165).

Ds. George Murray van Oudtshoorn het vier maande saam met die ander leraars die gevangenes bearbei.

Di. Geo Thom van Frankfort, Minnaar van Heilbron, Boshoff en eerw. Henry Roux van Bethlehem was die ander leraars wat tydens die gevangenskap van die Boere in die Diyatalawakamp werksaam was (Brink, 1904:165). Hulle het mekaar afgewissel en was nie almal op dieselfde tydstip in Ceylon nie (Cronje, 1981:273).

In een van ds. Boshoff se briewe skryf hy dat 'n Wesliaanse predikant, eerw. Olivier, asook offisiere van die Heilsleer, elke Sondag in die kamp gepreek het (Hofmeyr, 1928:33). Uit briewe wat die predikante aan *Die Kerkbode* geskryf het, kan die stand van die geestelike lewe in die kamp afgelei word. Genl. ds. Roux skryf dat as gevolg van 'n finansiële tekort nie nog predikante na Ceylon gestuur kon word nie. (Hofmeyr, 1928:17) Ds. Albertyn skryf in *Die Kerkbode* (27 Oktober 1900:612) dat die Engelse bewaarders hom uiteindelik toestemming verleen het om te preek. Dié toestemming was weer eens met sekere voorwaardes toegestaan.

Oosthuizen (1975:352) meld dat die preke van die predikante nie opruiend was nie maar eerder bestraffend en hoopvol. Die predikante het baie daartoe bygedra dat 'n geestelike herlewing plaasgevind het. Een van die gevangenes som die gevoel rondom die predikante soos volg op: "Wat was het ons als gevangene tog heerlik om telkemale de beleide boodschap van het lieflike evangelie te horen" (Oosthuizen, 1975:316). Elke predikant was op sy manier geliefd. Ds. Geo Murray was een van die gewildste leraars onder die gevangenes. Brink (1904:153-154) skryf dat hy vir elke probleem 'n antwoord gehad het. Sy terugkeer na Suid-Afrika is deur die Boere betreur. Ds. Geo Murray het die Boere in Ceylon vanaf 10 November 1900 tot en met 21 Maart 1901 bedien.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se lidmate het omtrent 90% van die gevangenes uitgemaak. Ander kerkgenootskappe verteenwoordigend in die kamp, was die Gereformeerde, Griekse, Lutherse en Franse Gereformeerde Kerke. Onder die Boere was egter ook ateïste en persone van die Joodse geloof (Brohier, 1946:39).

## 3.4 DIE GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE IN DIE KAMP

Die godsdienstige aktiwiteite wat in die Diyatalawakamp plaasgevind het, word verder breedvoerig in hierdie hoofstuk beskryf. Die rede hiervoor was om die geestelike ingesteldheid van die Boerekrygsgevangenes te skets. Die godsdienstige aktiwiteite in die kampe en die geestelike lewe van die Boerekrygsgevangenes het veral hul siening ten opsigte van sending beïnvloed. Die navorser poog voortdurend om die geskiedenis vanuit 'n sendinghistoriese perspektief te beskryf.

### *3.4.1 Eredienste*

Ds. Roux sê dat predikante wat probleme met kerkbywoning in Suid-Afrika het, net na Ceylon moes kom. Die kerkbywoning was uitstekend. Daar is twee maal elke Sondag op vier verskillende plekke eredienste gehou (Hofmeyr, 1928:17). Die tye van die onderskeie eredienste was om nege uur die oggend en vyf uur die middag (Die Kerkbode, 27 Desember 1900:804-805). Ds. P. Boshoff skryf dat van die dienste soms deur 2 000 man bygewoon is (Hofmeyr, 1928:31-32). Hy maak melding van 'n diens vir jongelinge wat deur 1 800 persone bygewoon is. Die eredienste is meestal gehou in 'n gebou wat die Engelse owerhede aan die Boere beskikbaar gestel het vir ontspanning (Die Kerkbode, 7 Maart 1901:147).

Geestelike liedere was uiters gewild. In *De Strever* (16 Februarie 1902:38) word selfs van 'n "Zingklas" melding gemaak. Psalms en gesange en ander geestelike liedere is hier gesing. Die sang van die krygsgevangenes by die eredienste was vir almal teenwoordig 'n belewenis.

### *3.4.2 Huisgodsdiens en gebed*

Die gevangenes het elke aand *hutgodsdiens* gehou, aldus ds. A. Murray (Die Kerkbode, 15 Augustus 1901:465-468). Dit was bemoedigend om te sien dat die Boere op 'n spontane manier uiting aan hul geloof gegee het. Kerkraadslede in elke hut het leiding by die "hutgodsdiens" geneem (Hofmeyr, 1928:31-32). Uit die bronne wat bestudeer is, blyk dit dat baie

aandag en tyd aan godsdiens gewy is. Dit is verblydend dat ten spyte van die hoeveelheid tyd wat aan godsdiens afgestaan is, die gevangenes ook in hul vrye tyd rondom die Woord van God vergader het. Dit blyk ook dat dié geleenthede elke aand in die hutte tot vele groepbesprekings aanleiding gegee het (Oosthuizen, 1975:337). Elke hut het sy eie Bybel gehad. Die Bybel is vir persoonlike gebruik, hutgodsdiens en ook vir die skool as leerboek aangewend (Henning, 1974:1-14). Die Bybel was die belangrikste en mees gelese boek in die kamp (Oosthuizen, 1975:348).

Gebed het 'n belangrike deel van die gevangenes se alledaagse lewe gevorm. Die onsekerheid het die Boere nader aan hul God gebring. In die aande het die Boere spontaan buite gestaan en bid. Hierdie gewoonte het met die verloop van tyd roetine geword (Oosthuizen, 1975:341). Uit die skrywe van ds. Boshoff is dit duidelik dat dié gewoonte van die Boere 'n indruk op hom as persoon gemaak het. Hy skryf dat bykans 1 000 Boere in groepies van twee tot tien saans saam buite gebid het (Oosthuizen, 1975:343). Die omstandighede het daartoe bygedra dat die Boerekrygsgevangenes 'n intense godsdiensbelewenis gehad het. Mense was ernstig oor hul godsdiens en die toegewydheid van die Boere het 'n blywende indruk op die Britse owerhede en plaaslike bevolking gelaat (Oosthuizen, 1975:347-348). Woensdagaande het die weeklikse bidure plaasgevind. In *De Strever* (4 Januarie 1902:9) word melding gemaak van 'n week van gebed vroeg in 1902. Gebedslyste is opgestel en het as riglyn gedien vir die byeenkoms. Pretorius (1900-1902:379) skryf in sy dagboek dat in die gebedsweek aan die duisende verlore siele gedink is; mense wat verlore is omdat hulle God nie ken nie. Daar is gebid vir die uitbreiding van die koninkryk van God en die vele sendelinge werksaam in hul onderskeie

sendingvelde. Gereeld is 'n oproep tot voorbidding gedoen vir 'n bepaalde saak (De Strever, 25 Januarie 1902:29).

### *3.4.3 Die kerkraad*

Vir die orde en instandhouding van die *gemeentes* in die kamp was die sinvolle funksionering van die kerkraad noodsaaklik. Die kamp is in vier gemeentes verdeel,elk met 'n duisend lidmate. Elke gemeente het sy eie kerkraad gehad en vergaderings is weeklikse gehou (Hofmeyr, 1928:33). Melding van maandelikse sinodale of algemene vergaderings word ook gemaak. Elke kerkraadslid het die hut waarin hy gebly het, bedien. Hulle was verantwoordelik vir die organisering van die kerklike aktiwiteite. Brink (1904:155) maak ook melding van gereelde kerkraadsvergaderings. By die vergaderings word aan verskeie sake soos die organisering van die gemeente aandag geskenk.

### *3.4.4 Persoonlik onderhoude*

Ds. Roux maak van persoonlike onderhoude melding (Hofmeyr, 1928:17-18). Dit blyk dat onder persoonlike onderhoude besprekings in 'n groot groep asook individuele gesprekke verstaan word. In die persoonlike onderhoude is aan verskeie onderwerpe aandag gegee. Die belangrikheid van die persoonlike onderhoude blyk uit die feit dat Brink (1904:152) ook hiervan berig. Die byeenkomste het gewoonlik op 'n Saterdagmiddag plaasgevind en die was 'n geleentheid waar die Boere uiting aan hul geloof kon gee.

### *3.4.5 Bybellesings*

Die krygsgevangenes se lewe het rondom hul verhouding met hul God gedraai. Om dié rede het die Bybel 'n sentrale rol in hul lewens gespeel. Om hul kennis van die Bybel uit te brei, is Bybellesings weekliks gehou. Predikante het die lesings om die beurt gelei. By die Bybellesings het die predikant die inleiding waargeneem en vraagstukke aan die hoorders voorgelê. Dan is daar geleentheid vir besprekings gegee. Die Bybellesings was uiters gewild onder die gevangenes. Mense kon met vraagstukke en praktiese probleme na die lesings kom. Bybellesings het die vorm van 'n broederlike gesprek aangeneem (Brink, 1904:152). Uit die Bybel is vrae beantwoord en antwoorde op alledaagse probleme verskaf. Die byeenkomste rondom die Bybel het tot 'n positiewe selfondersoek onder die gevangenes gelei. Dit blyk dat veral die koms van ds. Roux nuwe lewe in die Bybellesings geblaas het (Brink, 1904:152). Positiewe melding word van ds. Postma van die Gereformeerde Kerk se bydraes by dié lesings gemaak.

### *3.4.6 Die jeug*

'n Groot aantal kinders het deel van die gevangenes uitgemaak (Brohier, 1946:36-39). Daar moes noodwendig aandag aan die behoeftes van die jeug geskenk word. In die kamp is 'n Christelike Strewersvereniging en Christelike Jongeliedevereniging in die lewe geroep (Oosthuizen, 1975:321). Daar word gereeld van die Strewersvereniging en hul voorsitter, Kotie van Heerden, melding gemaak. Die vereniging se getalle het vinnig gegroei sodat ruimte 'n wesentlike probleem geword het (Hofmeyr, 1928:19). Daar was spoedig verskillende takke van die

Christelike Strewersvereniging (De Strever, 17 Mei 1902:125). Pretorius (1900-1902:392) maak in sy dagboek van gereelde vergaderings van die "Strevers" melding. Lede van die verenigings was baie ernstig oor hul godsiens (Oosthuizen, 1975:324). Later word melding van die Strewers se betrokkenheid by sending gemaak. Hulle het *De Strever* die vereniging se blaadjie self uitgegee (Henning, 1974:1-14).

Die inisiatief van die Strewers was iets besonders. Uit hul publikasies kan die betrokkenheid van die jeug, en dan by name die Strewers waargeneem word. Met ywer is aan vergaderings deelgeneem,'n blaadjie uitgegee en by lede van die vereniging asook medegevangenes is betrokkenheid by die uitbreiding van die koninkryk van God bepleit (De Strever, 25 Januarie 1902:29). Die blaadjie van die Strewers het uit boodskappe, onderwerpe, nuus in die kamp, korrespondensie, Bybelraaisels en Boere wat hul dienste adverteer, bestaan (De Strever, 1 Maart 1902:60).

Opvallend is die hoeveelheid aandag wat in die blaadjie aan sending gewy word. Die Strewersvereniging het uit bykans 300 lede bestaan (Hofmeyr, 1928:33). Onder leiding van ds. Roux is verskeie debatsgeleenthede gelei. Onderwerpe soos sake uit die geskiedenis, die toekoms en die optrede van die jeug, en dan veral hul betrokkenheid by die kerk, is by dié geleenthede behandel (Brink, 1904:156). Die sukses van die Christelike Strewersvereniging kan aan die vereniging se sterk leierskap toegeskryf word (De Strever, 17 Mei 1902:125).

Skoling van die jeug is spoedig as 'n prioriteit geïdentifiseer. Ds. A. Murray berig dat die kategese en ander kerklike aktiwiteite goed funksioneer (Die Kerkbode, 15 Augustus 1901:465-468). Ds. P. Boshoff

skryf dat die getal persone betrokke by die kategeseskool omtrent 700 was en dat honderd van hierdie *leerlinge* ouer persone was wat nooit in die verlede betrokke in hul gemeentes was nie (Hofmeyr, 1928:32).

Om die jeug meer van die Woord van God te leer het die predikante die noodsaaklikheid van die Sondagskool reeds vroeg beklemtoon. Die eerste katkisante het in Januarie 1901 belydenis van geloof afgelê. Daar is ook 'n besluit geneem dat die groep by hul terugkoms in Suid-Afrika in hul tuisgemeentes voorgestel sou word (Oosthuizen, 1975:334). In die twee jaar van ballingskap het verskeie jongmense en volwassenes belydenis van geloof afgelê . Hofmeyr (1928:17-18) maak melding dat ds. Roux op 'n tydstip besig was om 264 katkisante aan te neem.

Alles het egter nie net voorspoedig met die kerk en dan veral die katkisasieklasse gegaan nie. In die Urugaskamp was daar probleme ten opsigte van persone wat aangeneem moes word. Ds. Boshoff en eerw. Tweed het die bediening van die kamp om die beurt behartig. Probleme ontstaan nadat ds. Boshoff 39 persone aangeneem het, maar nie hul sertifikate aan hulle wou oorhandig nie. Die Dutch Reformed Church in Ceylon, onder leiding van eerw. Tweed, het egter bevind dat die manne aan die vereistes voldoen om tot hul kerk toegelaat te word. Hy het hulle aangeneem en as nuwe lidmate in die kerk verwelkom. Elkeen van die 39 het hul sertifikate van die Dutch Reformed Church in Ceylon ontvang (Brohier, 1946:75-77).

## 3.5 SENDINGOë GAAN OOP IN DIE VREEMDE

### *3.5.1 Redes waarom die Boerekrygsgevangenes by sending betrokke geraak het*

"In die tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld" (Efesiërs 2:12). Bogenoemde is een van die tekste wat die Boere se belangstelling in die lot van die heidene geprikkel het (Cronje, 1981:274). So is die saadjie gesaai wat later volwaardig ontkiem het. Die Boere het bewus geword van die mense en hul godsdiens in die vreemde land. In 'n brief van een van die krygsgevangenes word van die Boeddhiste wat hul geluk buite Christus soek, melding gemaak. Dit val die Boere op dat in dié arm land geen koste ontsien word as dit by godsdiens kom nie. Die pragtige tempels is 'n sprekende voorbeeld hiervan (De Strever, 15 Maart 1902:71). Ds. Roux maak in sy Dingaansdagpreek melding van die groot getalle Boeddhiste in Ceylon en hul getrouheid aan hul godsdiens. Hy meld verder dat die Boere by dié mense kon leer oor hul getrouheid teenoor hulle godsdiens (Brink, 1904:171).

Hofmeyr (1928:15) wys daarop dat Suid-Afrikaners as 'n Calvinistiese volk glo dat die Here oor lotgevalle van mense beskik en dat dit hy is wat sy volk na 'n afgeleë plek gevoer het. Hier in Ceylon het die Here die ballingskap van sy mense gebruik om hul oë te open vir sending onder die groot getalle heidene. Die Boere het dit by die heidene probeer tuis= bring dat hul God ook vir hulle (heidene) ware geluk sal bring. Nadat die Boere met hul lot vrede gemaak het en die ballingskap hul verhouding met hul hemelse Vader verdiep het, het hul met sendingoë na die heidene gekyk (Cronje, 1981:274). In dié tyd is baie sendelinge gewen deurdat baie van die gevangenes het by verskeie sendingaktiwiteite

betrokke geraak het. Die invloede wat op die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingewerk het, het die Boerekrygsgevangenes se siening van sending beïnvloed. Klem is op die redding van siele gelê en weinig op die werklike nood van die mense. Die unieke situasie waarin die Boerekrygsgevangenes hulself bevind het, het uit die aard van die saak hul aanvanklike sendingpogings te Diyatalawa beïnvloed. Die Boere se pogings was dus kenmerkend van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbeleid gedurende die negentiende eeu.

### *3.5.2 Sendingkonferensies te Diyatalawa*

In *Die Kerkbode* van 26 Junie 1902 (445-446) skryf een van krygsgevangenes oor die sendingkonferensie wat te Diyatalawa plaasgevind het. Die berig was 'n uittreksel van 'n verslag aan ds. Rabie, die voorsitter van die kommissie vir sendingeksamens. Die konferensie het in Desember 1901 in die kamp plaasgevind. Alle belangstellendes binne en buite die kamp is na die konferensie uitgenooi. Onder diegene wat teenwoordig was, was di. Boshoff, Minnaar en die eerw. sendeling Roux. Saam met die kerkraadslede en belangstellendes was daar 600 man. Vrae soos "Wat is sending?, "Is ons verplig om sendingwerk te doen?" was by die konferensie behandel. (De Strever, 26 April 1902:103-104).

In *Die Kerkbode* word vertel van 'n onverskillige jongman, een van die voordansers, wat homself as sendeling aangebied het (26 Junie 1902:445-446). Die konferensie was dit eens dat sendingwerk die taak van die gemeente op aarde is. Van die boere opper die vraag hoekom daar so min sendelinge in die kerk is. Van die boere wou weet hoe 'n mens wat sondig is, dan sendingwerk kan doen. Die sendingklasse wat

by die kamp aangebied is, was 'n direkte uitvloeisel van die sendingkonferensie.

In *De Strever* word van 'n tweede sendingkonferensie op 8 Mei 1902 berig (17 Mei 1902:125). Die konferensie het om drie uur op Hemelvaartdag in die rekreasiesentrum plaasgevind. Die voorsitter was ds. Minnaar en aandag is aan die sendingklasse en persone wat hulself opnuut as sendelinge aan die Here aanbied, gegee. Een van die Boere wat as 'n bekende teenstander van sending beskryf is, het homself ook as sendeling beskikbaar gestel. Tydens die tweede konferensie is tyd ingeruim vir voorbidding vir die kerk se sendelinge asook vir die sendingwerk van die kerk.

### *3.5.3 Sendingklasse*

Van die Boere het die behoefte uitgespreek om by moontlike sendingklasse betrokke te raak. Altesaam 101 persone het hul belangstelling om sendelinge te word, te kenne gegee. Die *nuwe* sendelinge rig 'n versoek aan die kerk om opleiding aan hulle te verskaf sodat hulle voorbereid kon wees vir die taak wat vir hulle voorlê. Getuienis soos "De Heer heeft my geroepen tot dit werk en hy zal my de nodige wysheid geven", was algemeen (De Strever, 14 Junie 1902:145-146). Mense het, nadat hul verhouding met die Here verdiep het, hulself en hul tyd tot diens van die Here aangebied (Oosthuizen, 1975:333). Hebreers 12:1 het die manne na aan die hart gelê. Dit was by hulle 'n saak van erns om alles af te lê om sodoende die kroon van die Here te ontvang en om deur die Here gebruik te word. Die nuwe "sendelinge"

het tot die besef gekom dat hulle alreeds in die Diyatalawakamp met sendingwerk moes begin (De Strever, 14 Junie 1902: 145-146). Van die manne wat in hut 48 woonagtig was het begin om die onverskilliges in die kamp te bearbei (De Strever, 8 Februarie 1902:40).

### *3.5.4 Sendingbidure*

Ten spyte van die feit dat daar elke week bidure gehou was, het aparte sendingbidure elke Maandagaand plaasgevind. H.S. Kok skryf in *Die Kerkbode* (8 Mei 1902:363-364) dat die bidure gebruik is om te bid vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Spesiale melding word gemaak van die sendelinge wat op die sendingveld besig is om die evangelie te verkondig. Die Strewers was ook by aktief die bidure betrokke.

### *3.5.5 Die Christelike Strewersvereniging en sending*

Soos vroëer van melding gemaak, was die Christelike Strewersvereniging betrokke by sending. Die onderwerp *sending* word gereeld in hul blaadjie bespreek en behandel. Tekste wat sendingwerk bekendstel en verduidelik, word aan die lesers van die blaadjie deurgegee (De Strever, 26 Januarie 1902:21). In *De Strever* van 26 Januarie 1902 (p.21) word die bebekende sendeling William Carey aangehaal: "Verlang niet naar veel rust, maar naar veel geduld. Verwacht groote dingen van God, probeer groote dingen voor God". Aanhalings soos bogenoemde is aangewend om 'n betrokkenheid by die lesers ten opsigte van sending te kweek. 'n Beroep word op die jeug gedoen om 'n sendeling in die hart te wees. Die redaksie spreek hul

dankbaarheid jeens die predikante uit wat gereeld sendingpreke aan die gevangenes lewer.

In *De Strever* (8 Februarie 1902:38) word melding gemaak van 'n mev. S. van Biljon van Worcester wat 'n donasie van twaalf pond gestuur het om in Ceylon aangewend te word vir sendingwerk. Donasies soos dié is aangewend vir boeke vir persone wat hulself beskikbaar gestel het vir sendingwerk.

Op 'n vergadering van die Strewers op 23 Maart 1902 word die kwessie van binnelandse sowel as buitelandse sending bespreek. Van die gemeentes het voor die oorlog 'n sendeling finansieel ondersteun. Die Strewers word aangemoedig om elke pennie te spaar en dit vir sendingwerk beskikbaar te stel (De Strever, 15 Maart 1902:69). Op dieselfde vergadering word 'n daadwerklike beroep op die Strewers gedoen om aktief by sendingwerk betrokke te raak. Die invloed van die Strewersvereniging onder die Boerekrygsgevangenes kan nie onderskat word nie. In April 1902 het die beweging om en by 750 lede gehad (De Strever, 26 April 1902:104).

Almal is in een groot kamp aangehou en as gevolg van 'n tekort aan sosiale geleenthede is vergaderings goed bygewoon (Brink, 1904:164). Die entoesiasme en die erns waarmee die Boere met hul godsdiens omgegaan het, het 'n blywende indruk op die plaaslike bevolking gelaat. Die mense kon sien dat die gevangenes, ten spyte van hul omstandighede 'n innerlike vreugde het wat hulle nie geken het nie. Die Boere het dié aanknopingspunt gebruik om hul God aan die heidene bekend te stel (Brink, 1904:164). 'n Artikel oor "Wat is sending" verskyn in *De Strever* van 12 April 1902 (p.96). Deur middel van 'n praktiese

voorbeeld word aan die lesers verduidelik wat sending is: "Zending beteekent zielen aanbrengen voor het koninkryk der Hemelen of medewerken aan den bouw van den grooten tempel Gods". *De Strever* het 'n daadwerklike rol gespeel om die Boerekrygsgevangenes vir sending toeganklik te maak.

### *3.5.6 Die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap*

Die belangrikste bydrae wat die Boerekrygsgevangenes gelewer het om die Woord van die Here na die heidene in Ceylon te bring, was met die stigting van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap. Dié indirekte bydrae wat die krygsgevangenes tot sendingwerk gelewer het, het verreikende gevolge vir die kerk in Ceylon gehad. As gevolg van die inisiatief is kerke gebou en heidene tot bekering gebring.

Die bekeerlinge onder die gevangenes wat na die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer het, besluit om op 'n indirekte manier in Ceylon betrokke te bly. Die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap word gestig om geld in te samel vir 'n persoon wat die evangelie in Ceylon wou verkondig. Elke krygsgevangene sou 'n geldelike bydrae maak en die som geld sou dan jaarliks na Ceylon gestuur word om die sendeling te onderhou (Cronje, 1981:277).

'n Reglement is vir die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap opgestel en het die volgende behels:

- Die doel van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap was om met dankbaarheid die dade van die Here in Ceylon te onthou. Die Boerekrygsgevangenes moes jaarliks een of meer sendelinge na

Ceylon stuur. Finansies moes gevind word om 'n evangelis in Ceylon te onderhou.

- Enige persoon kon lidmaatskap van die genootskap verkry. Die voorwaarde was dat elke lid een pennie, of jaarliks een sjieling, sou bydra om die verkondiging van die evangelie in Ceylon moontlik te maak.
- Die bestuur van die genootskap het bestaan uit 'n voorsitter, onder=voorsitter, sekretaris en tesourier (De Strever, 19 Julie 1902:176).

Ds. C.R. Ferreira van Koppies, self 'n krygsgevangene van Ceylon, is as eerste sekretaris van die Zendinggenootschap verkies. 'n Gevoel van verantwoordelikheid is by die gevangenes gekweek ten opsigte van die baie *verlore siele* in Ceylon. Die Boere het met 'n brandende sendingywer vanaf die eiland na Suid-Afrika teruggekeer. Een van die Boerekommandante stel dit soos volg: "Tot aandenking van ons verblijf te Ceylon moeten wij een Zendeling hier onderhouden na ons terugkeer naar huis" (Cronje, 1981:277). Op dié manier het die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur middel van die krygsgevangenes by sendingwerk in Ceylon betrokke geraak. As gevolg van die inisiatief van die Zendinggenootschap is later op versoek van eerw. Tweed in Ceylon twee sendelinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk na Ceylon gestuur om die Dutch Reformed Church in Ceylon van hulp te wees. Die entoesiasme van die Boerekrygsgevangenes het gegroei tot volskaalse betrokkenheid by sendingwerk in Ceylon. Die stigting van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap moet teen die agtergrond van die sendingsituasie gedurende die negentiende eeu in Suid-Afrika gesien word.

Sendinggenootskappe was aktief in Suid-Afrika besig met sendingwerk. Gedurende dié tyd het die Nederduitse Gereformeerde Kerk met hul eie sendingpogings begin. 'n Sendingatmosfeer het gedurende die negentiende eeu in Suid-Afrika geheers. As gevolg van die suksesse wat Sendinggenootskappe in Suid-Afrika behaal het, stig die Boere hul eie Sendinggenootskap om by sendingwerk in Ceylon betrokke te raak. Teen dié agtergrond was dit 'n logiese besluit om 'n Sendinggenootskap in die lewe te roep.

## 3.6 DIE BOEREKRYGSGEVANGENES KEER TERUG NA SUID-AFRIKA

### *3.6.1 Die sluit van die vredesooreenkoms*

31 Mei 1902 is 'n besondere datum in die geskiedenis van Suid-Afrika. Vrede word tussen Kitchener, Milner en die afgevaardigdes van die Oranje-Vrystaat en Transvaal gesluit. Om 23:05 op dié dag word die voorwaardes van oorgawe Melrose Huis in Pretoria geteken (Wessels, 1991:46). Die vredesooreenkoms het onsekerheid en 'n onrustigheid onder die Boere teweeggebring. Almal was verheug oor die einde van die oorlog, maar die voorwaardes het die gevangenes totaal onkant betrap. “Het heilige erfdeel van onze vaderen hebben wij verloren” (Brink, 1904:219). Elkeen moes 'n eed van getrouheid aan die Britse koning aflê. Dit was vir die gevangenis baie swaar om 'n eed van getrouheid aan die *vyand* te onderteken.

Op 12 Junie 1902 ontvang die gevangenes in die Diyatalawakamp 'n brief van genl. Roux waarin hy die Boere die volgende meedeel:

- Die brief word aan al die offisiere en manskappe in die Diyatalawakamp gerig.
- Genl. Roux deel die gevangenes mee dat die vredesooreenkoms 'n verstandige besluit was.
- Hy weet dat die Boere baie ontevrede is as gevolg van die vredesooreenkoms, maar almal sou steeds waardige verteenwoordigers van Suid-Afrika bly.
- Genl. Roux versoek die Boere om nie teen die ooreenkoms te rebelleer nie en trots te wees op die feit dat die Afrikaner sy man teen die Britse magte gestaan het (Brink, 1904:220-221).

Die Boere besef spoedig dat die ondertekening van die vredesooreenkoms die enigste manier was om weer na hul vaderland terug te keer. Van die gevangenes het geweier om die eed te onderteken en moes noodwendig in Ceylon agterbly (Oosthuizen, 1975:522-525).

Die krygsgevangenes was onder die indruk dat hulle dadelik na Suid-Afrika sou terugkeer. 'n Maand na die vredesooreenkoms laat weet die Britse regering dat krygsgevangens van die Oranje-Vrystaat en die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek op eie onkoste dadelik na Suid-Afrika kon vertrek. Indien dit nie moontlik was nie, moes almal wag totdat die regering vervoer vir die gevangenes kon reël (Brohier, 1946:110-112). Selfs die ondertekening van die eed het nie die terugkeer van die Boerekrygsgevangenes bespoedig nie.

Die Boerekrygsgevangenes het hulle vir die reis na Suid-Afrika begin voorberei. Op 1 Augustus 1902 word die hut wat as kantoor van *De*

*Strever* gedien het, afgebreek. Die Boere spreek die hoop uit dat die werk wat die Strewersvereniging in Diyatalawa verrig het, in Suid-Afrika voortgesit sou word.

### *3.6.2 Die terugkeer na Suid-Afrika*

S.M. de Villiers skryf in sy dagboek oor die reis terug na Suid-Afrika: "Die trein gaan voort met sy swaar vrag ligte harte" (Oosthuizen, 1975:547). By die vreugde was daar egter ook die hartseer oor dié wat in ballingskap gesterf het en in 'n vreemde land hul laaste rusplek gevind het. Brohier (1946: 110-112) skryf dat die Boere verbasend stil op die skepe terug na hul vaderland geklim het. Vir sommige was die oomblik te groot. Van die gevangenes het in Ceylon agtergebly om daar te werk. Een van diesulkes was F.E.O. Mors wat as 'n boekbinder in Colombo begin werk het (Oosthuizen, 1975:570).



Ds. Willie Rossouw by grafte van die Boerekrygsgevangenes te Colombo

### *3.6.3 Die aanhouding in die vreemde. Was dit die moeite werd?*

Ten slotte moet die vraag beantwoord word: "Was dit alles die moeite werd?" Die vraag word deur die gevangenes self beantwoord. "Het is Gods wil dat wij hier zijn, en op zijn tijd zal die verlossing kom" (Hofmeyr, 1928:16). Die Here het op sy manier die situasie van die Boerekrygsgevangenes gebruik om hul verhouding met hul hemelse Vader te versterk. By die Diyatalawakamp in Ceylon het 'n godsdienstige herlewing plaasgevind. Mense het tot bekering gekom en die situasie het die Boere tot selfondersoek gedwing. Een van die Boere kom tot die slotsom: "Goddank door ons ballingskap zijn wij naderaan Hom gebracht" (Oosthuizen, 1975:326). Mense het die ballingskap as 'n leerskool ervaar en die tyd gebruik om hul in hulle godsdiens te verdiep (Die Kerkbode, 8 Mei 1902:363-364). In die kamp is op die kerklike terrein voortgegaan soos in hul tuisgemeentes. Eredienste word elke

Sondag gehou. Spesiale dienste soos op Pinkster en Dingaansdag is getrou aangebied en bygewoon (Pretorius, 1900-1902:170-171).

Die predikante kon nie uitgepraat raak oor die geestelike opbloei in die kampe nie. Godsdiens het op die eiland Ceylon vir die Boerekrygsgevangenes nuwe betekenis gekry (Oosthuizen, 1975:568). Daar was egter ook probleme in die kamp. Almal was nie tevrede met die hoeveelheid tyd wat aan godsdiens bestee is nie. Ds. Roux skryf aan *Die Kerkbode* dat daar persone was wat gekla het dat te veel tyd aan godsdiens bestee is (23 Mei 1901:301-303). Henning (1974:1-14) berig voorts dat onder die Boere ook dobbelaars, Sabbatskenders, luiaards en onverskilliges was. Ds. Roux praat van seuns wat nog nooit hul voete in 'n kerk gesit het nie (Oosthuizen, 1975:340). Verhale van bekerings was egter aan die orde van die dag.

Die Boerekrygsgevangenes het tydens hul verblyf in Ceylon die plaaslike bevolking beter leer ken. Die krygsgevangenes het besef dat die Boeddhistiese geloof die mense van Ceylon niks kon bied nie. Indien hulle nie 'n poging aanwend om die evangelie van die Here aan die inwoners van die eiland te verkondig nie, sou miljoene mense verlore gaan. Van die Boere was bereid om by sendingwerk in Ceylon betrokke te raak. Sommige wou selfs ná die oorlog in Ceylon aanbly om onder die plaaslike bevolking te werk. Een van die boere skryf aan *Die Kerkbode:* "Die Koelies hier roepen ons toe. Komt over en help't ons" (26 Junie, 1902:445-446).

Die bydrae wat die Boerekrygsgevangenes van Ceylon gelewer het tot die bearbeiding van die heidene in dié verre land, kon eers later na waarde geskat word. Die Here het inderdaad die omstandighede van

die ballingskap gebruik om 'n totale geestelike herlewing te bewerkstellig. In Ceylon het die Boerekrygsgevangenes 'n sendingvisie ontwikkel om die evangelie aan die heidene te verkondig. Die sendingbetrokkenheid van die krygsgevangenes in Sri Lanka het die pad vir eerwaardes De Klerk en Skeen voorberei. Die sendingbetrokkenheid van die Boere na hul terugkeer na Suid-Afrika was egter nie blywend van aard nie. Wat egter van belang was, was dat hulle deur middel van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap kontak met die kerk in Sri Lanka behou het wat samewerking in die toekoms moontlik gemaak het.

# HOOFSTUK 4

# DIE WERK VAN EERWAARDES A. J. K. DE KLERK EN S. F. SKEEN

Tydens die aanhouding van die Boerekrygsgevangenes in Ceylon het daar 'n geestelike herlewing in die kampe plaasgevind. 'n Groot sendingoplewing is veral in Ceylon ondervind. Gevangenes het hul dienste vir die sending aangebied en verenigings is in Ceylon gestig om 'n sendingbewussyn te kweek. In die vorige hoofstuk is reeds na die stigting van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap verwys. Die lede van die genootskap het hulself ten doel gestel om hul tuisgemeentes in Suid-Afrika meer sendingbewus te maak. Lede het die verantwoordelikheid onderneem om 'n sjieling per jaar by te dra om sendingwerk in Ceylon te ondersteun. As gevolg van dié bydraes is 'n geestelike werker, Lloyd Joseph, en later 'n evangelis, C.F. Hettiaratchy, aangestel om die evangelie in Ceylon te verkondig. Beide was onder die toesig van die Dutch Reformed Church in Ceylon. Lede van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap het na evangelis Hettiaratchy as "onze zendeling te Ceylon" verwys.

Die herinneringe van die Boerekrygsgevangenes het egter vervaag en sodoende ook die ideale van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap. Die inkomste van die genootskap het in 1911 tot slegs agtien pond per jaar gedaal. Ds. L.C. Ferreira van Destadesfontein, Clocolan, die sekretaris van die genootskap op die tydstip vra die lede: "Hebben we dan vergeten wat en aan Wien wij die belofte gedaan hebben? Wij hebben dien gelofte den Heeren

gedaan. Geen lid toch zegge: Ik ben niet in staat om mijn shilling per jaar bij te dragen. Dit is onmogentlijk" (Cronje, 1981:281).

In 1925 ontvang ds. C.R. Ferreira van Koppies, die latere sekretaris van die genootskap, 'n brief van eerw. Tweed van die Dutch Reformed Church in Ceylon waarin hy skryf oor die tekort aan predikante in Ceylon. Eerw. Tweed het voorheen aan die Presbiteriaanse kerk van Engeland behoort maar is tans 'n leraar van die Dutch Reformed Church in Ceylon (Cronje, 1981:279).

Ds. Ferriera stel die behoefte van die Dutch Reformed Church in Ceylon in Die Kerkbode van 8 April 1925 (p. 455): "Die behoefte die kerk aldaar aan predikanten heeft blootgelegd. Hij vraag of daar niet iemand in onze kerk was die gewillig zijn aan' t hoofd van 'n gemeente aldaar te stellen. " Die *helper* van Suid-Afrika sou vir die bearbeiding van die Burgers in Ceylon aangewend word. Alhoewel die Burgers direkte afstammeling van die Hollanders is, was hulle slegs Engels magtig, wat dan ook die amptelike taal van die Dutch Reformed Church is (Hofmeyr, 1928:34).

Na hierdie versoek van ds. Ferreira in die Kerkbode neem Abraham Jakobus Kotze de Klerk 'n afgestudeerde student van die Sendinginstituut te Wellington die uitnodiging aan. Hy tree met ds. Ferreira in verbinding wat op sy beurt eerw. De Klerk se kwalifikasies na die Dutch Reformed Church in Ceylon stuur vir goedkeuring. Die Dutch Reformed Church was tevrede dat eerw. De Klerk die nodige kwalifikasies het om in Ceylon te werk en stel sy salaris op 5 000 roepees vas. De Klerk was daarvan oortuig dat die Here hom geroep het om in Ceylon te gaan werk.

## 4.1 EERWAARDE ABRAHAM JAKOBUS KOTZE DE KLERK

### *4.1.1 Sy lewensgeskiedenis*

Eerw. De Klerk is in die jaar 1900 op die dorpie Garies gebore en word in 'n baie arm huis groot. Om dié rede moes hy die skool na standerd 5 verlaat. Geen fondse was vir verdere skoolopleiding beskikbaar nie. Hy was 'n skrander leerling en wou graag verder studeer. Die sendeling op Garies, eerw. D.J. Rosseau, het hom aangemoedig om na die dorp terug te keer en sy skoolopleiding te voltooi. Die skoolhoof mnr. Barnard, het met spesiale klasse gehelp om die agterstand wat hy gehad het uit te wis. Hy word egter ernstig siek met die gevolg dat Abraham de Klerk na Vanrhynsdorp moes gaan om sy studies te voltooi (Hofmeyr, 1928:34-35).

Met hulp van sendingvriende op Vanrhynsdorp en die kerkraad van Garies kon Abraham de Klerk na Vanrhynsdorp gaan vir sy verdere skoolopleiding. Mev. H.T. van der Meulen, die pastorievrou van Vanrhynsdorp, het van Abraham de Klerk verneem en huisvesting aan hom verskaf in 'n buitekamer. Hy het die ideaal gehad om 'n sendeling te word. Met dié doel in gedagte het hy met erns aandag aan sy skoolwerk gegee. Mev. Van der Meulen meld dat Abraham de Klerk goed presteer het, maar met Engels gesukkel het. Min het hy geweet dat dit die taal sou wees waarin hy die Woord van die Here sou verkondig. Abraham de Klerk was ten volle betrokke in die plaaslike gemeente. Hy het Sondagskool aangebied en getrou aan die gemeentelike aktiwiteite deelgeneem. Op Vanrhynsdorp was hy onder die mense bekend vir sy gebedslewe.

Ds. Rabie van die Sendinginstituut moedig Abraham de Klerk om na Wellington te gaan vir sy opleiding. Weer eens het sy vriende gehelp en kon hy met behulp van hul bydraes sy studies in Wellington begin. Alhoewel dit vir hom swaar was om van sy vriende en familie afskeid te neem, was die behoefte om sendeling te word, groter. Tydens sy verblyf te Wellington ontvang hy voortdurend hulp van sy sendingvriende. 'n Onbekende man van Johannesburg het tien pond vir sy studies elke jaar belowe en mense van Clanwilliam het gereeld bydraes gestuur. Na die afsterwe van die onbekende vriend het die Christenstudentevereniging besluit om hom te help.

Abraham de Klerk was 'n ernstige jongman wat baie hard gewerk het. Voordat hy sy studies kon voltooi, beveel sy dokter aan dat De Klerk vir 'n kwartaal rus vanweë spanning en ‘n hoë werkslas. Later slaag hy sy eksamens en tree in die huwelik met mej. Mina Baard van Remshoogte, Vanrhynsdorp (Hofmeyr, 1928:35-37). Dit was in dié tyd dat hy die berig van ds. Ferreira in *Die Kerkbode* gelees het en homself beskikbaar gestel om in Ceylon te gaan werk. Saam met sy vrou vertrek hulle per skip na Ceylon om daar in die Dutch Reformed Church in Ceylon te gaan werk (Cronje, 1981:278).

Eerw. De Klerk het homself dus beskikbaar gestel om namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Ceylon te gaan werk.

### *4.1.2 Abraham de Klerk en sy werk by die Dutch Reformed Church in Ceylon*

#### *4.1.2.1 Inleiding*

Op 21 Mei 1925 word Abraham de Klerk in die Dutch Reformed Church in Ceylon georden. Die kerk in Ceylon het uit sewe gemeentes bestaan (Cronje, 1981:278). Sy eerste korrespondensie vanuit Ceylon rig hy aan ds. Ferreira van Koppies, wat direk daarby betrokke was dat hy in Ceylon kon gaan werk (Cronje, 1981:278). Hy bedank ds. Ferreira vir die brief wat hy op die dag van sy bevestiging ontvang het. Hy meld dat sy bevestiging op Hemelvaartdag 'n besondere gebeurtenis in sy lewe was. Dit het in die geskiedkundige Wolvendal Kerk plaasgevind (Hofmeyr, 1928:38). In sy brief meld hy dat hulle as mense van Suid-Afrika baie verwelkom is. “Ek voel baie gelukkig in my werk. My vroutjie verlang soms huistoe, maar dit is natuurlik” (Hofmeyr, 1928:38).

Oor die vooruitsigte ten opsigte van sy werk is hy baie opgewonde. Hy vertel dat hulle in die buitewyke van Colombo bly. Die gemeente wat hy moes bedien, lê buite die munisipale grense van die stad in die voorstad Dehiwela (Hofmeyr, 1928:38). Later aanvaar hy ook verantwoordelikheid vir twee gemeentes, naamlik Dehiwela en Wellawatte (Cronje, 1981:278). Die pastorie was baie naby aan die oorspronklik ligging van die Mount Laviniakamp.

Dit was vir hom wonderlik dat hy na soveel jare ook kon werk waar van sy mede Suid-Afrikaners gevangenes was. Die mense het met groot ontsag van die gevangenes gepraat: ”Dit is altyd vir my ‘n riem onder die

hart wanneer die mense hier van die boer captives praat as fine people" (Hofmeyr, 1928:38). Hy kom ook tot die besef watter groot indruk die Boerekrygsgevangenes op die mense van Ceylon gemaak het (Hofmeyr, 1928:38). De Klerk vertel in een van sy briewe dat hulle die grafte van die Boerekrygsgevangenes op Kersdag besoek het. Die geleentheid het hom diep geraak dat van sy medeburgers so ver van die huis hul laaste rusplek moes vind. Op die grafstene lees hy die name van L.C. Uys, J.I.J. Nel en vele ander. Hy skryf verder dat die plaaslike bevolking met bewondering na hulle gestaar het terwyl hulle by die vreemdelinge se grafte vertoef het (Hofmeyr, 1928:47).

#### *4.1.2.2 Die gesondheid van sy vrou*

Later skryf hy dat hy baie gelukkig in sy werk is maar dat sy vrou baie moeilik aanpas. Die klimaat van Ceylon en die afstand vanaf die huis het die aanpassing vir sy vrou bemoeilik. Die klimaat op die eiland het egter sy tol geëis en sy vrou moes op advies van haar dokter vroeg in 1927 na Suid-Afrika terugkeer. Hy besluit om eers in Ceylon te bly alhoewel die verlange na sy seun en vrou groot was (Hofmeyr, 1928:49). Abraham de Klerk het egter besef dat hy eers sy werk moes afhandel voordat hy hom by sy gesin in Suid-Afrika kon aansluit.

(Hofmeyr, 1928:39). Die toestand van die gemeentes waarin hy werksaam was, het hom diep bekommer. Eerw. Rosseau merk op dat De Klerk hom in van sy skrywes meegedeel het dat die kerk in Ceylon nie na wense georganiseer was nie. Hy het in 'n poging om die lidmate van die gemeente op te spoor, die eiland deurkruis. 'n Antwoord moes gevind word vir die leë kerke.

Abraham de Klerk wou die grondbeginsels van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die kerk in Ceylon vestig (Hofmeyr, 1928:39). Volgens De Klerk was die kerk in Ceylon "oop "vir die metodes vanuit Suid-Afrika. Die kerk op die eiland was egter reeds vir jare selfstandig en vernuwing moes uiters versigtig hanteer word. De Klerk het dit op homself geneem om wette en bepalings vir die kerk op te trek. Met sy aankoms op die eiland was daar vir al die gemeentes slegs een kerkraad. Na 'n jaar se verblyf het sy gemeente hul eie kerkraad gekies. Dit was verbasend om te lees dat 'n gevestigde kerk soos die Dutch Reformed Church in Ceylon nie veel op kerkorganisasie ag geslaan het nie (Hofmeyr, 1928:39). Daar was geen sprake van 'n doop- of lidmaatregister nie (Cronje, 1981: 278).

Abraham de Klerk het stelselmatig sy invloed in sy gemeente laat geld. Hy het deur middel van sy preke die gemeente onderrig en ook, waar indien nodig, bestraf. Die gemeente het spoedig besef dat hulle een van die grootste profete van sy tyd in hul midde het (Hofmeyr, 1928:40). Hy was baie baie geliefd onder die kerkmense van Colombo en sy eredienste is deur lede van verskillende denominasies bygewoon. Baie mense het getuig dat Abraham de Klerk 'n persoonlikheid gehad het wat ander mense aangetrek het. Vinnig het die bywoning van die eredienste

verbeter. Hy was suksesvol omdat hy met 'n bepaalde plan in Ceylon gewerk het.

Die werk het egter ook sy probleme gehad. Die kastestelsel in Ceylon was 'n bron van groot frustrasie in die kerk. In die gemeente was bekeerde Boeddhiste en Hindoes. 'n Wesliaanse predikant deel De Klerk mee dat hy nie al sy gemeentelede kon besoek nie, want vele is in 'n laer kaste as hy. Die kastestelsel is so deel van die mense se lewens dat dit selfs die kerk se werk bemoeilik het (Hofmeyr, 1928:41). Die raad aan elke predikant in Ceylon was dat indien jy jouself vir die werk van die Here beskikbaar gestel het, almal voor Christus gelyk is.

Abraham de Klerk skryf dat in Ceylon jaarliks drie groot feeste plaasgevind het. In Mei vind die *kersfees* van die Boeddhiste plaas en in Augustus die Hindoefees die "Vale Festival" (Hofmeyr, 1928:45). Die derde fees wat gevier is, was Kersfees wat in 'n mate 'n Christelike fees is. Kersfees soos ons dit ken, was op die eiland jaarliks 'n groot geleentheid. Dit het nie net 'n dag nie maar 'n seisoen geduur.

De Klerk meld dat die eerste tekens van voorbereiding vir Kersfees reeds in Oktobermaand opgemerk kon word. Dan is elke gemeente besig om kersliedere vir die groot geleentheid te oefen. Elke gemeente het sy eie sangdiens gehad. Hierdie dienste word deur die mense goed bygewoon. Die sing van kersliedere was ook 'n manier om fondse in te samel. Leraars van die kerk het by dié geleenthede fondse vir die armes ingesamel. Die kerk het ook geleentheid aan die kinders gegee om hul eie liedere met Kersfees te sing (Hofmeyr, 1928:45). Die sing van kersliedere kan egter nie net aan die kerk gekoppel word nie. Ander het ook van die Kersfeesgesindheid gebruik gemaak om geld in te samel.

Tydens die eredienste op Kersdag was die bywoning baie goed. 'n Gebruik in Ceylon was dat almal op Kersdag nuwe klere moes dra. De Klerk skryf dat dit 'n ongewone gesig vanaf die kansel was om al die mense in nuwe klere te sien. Tydens die Kerstyd gee die gemeentes ook etes aan die armes. Abraham de Klerk berig verder dat die meeste van die kerkgangers na al die bedrywighede van die vorige nag in die kerk geslaap het, net na die erediens word die leraar en dan die ander kerkgangers voorspoed toegewens (Hofmeyr, 1928:45-46). Na die erediens beweeg die meeste mense na die begraafplaas om op dié dag ook die afgestorwe familie te onthou.

De Klerk het 'n leidende rol gespeel ten opsigte van die totstandkoming van die jeugblad van die Dutch Reformed Church in Ceylon, *Our Friend* (The Herald, Mei 1927:16-17). Jeugbediening het hom na aan die hart gelê. Hy het verskeie byeenkomste vir die jeug gehou. 'n Voorbeeld hiervan is sy evangelisasiedienste vir die jeug. Abraham de Klerk was 'n persoon wat self gedoen het wat hy verkondig het.

In Abraham de Klerk se laaste twee briewe aan sy familie in Suid-Afrika skryf hy dat hy besig was om sy werk af te handel en van al die vriende en gemeentelede afskeid te neem. 'n Skenking van 3 850 pond deur 'n ryk man vir die oprigting van kerkgeboue, was gebedsverhoring (Cronje, 1981:278). Die gemeentes van Wellawatte en Dehiwela het geen kerkgebou gehad om eredienste aan te bied nie. Daar is van skoolgeboue gebruik gemaak. Dit was een van De Klerk se doelwitte om vir die gemeente 'n kerkgebou daar te stel. Fondse van die gemeentelede sou nie genoeg wees nie en hulp van buite was die enigste oplossing. Sy vrou vertel dat De Klerk nagte deur vir dié saak

gebid het. Een oggend het die reuse skenking van 'n onbekende persoon in die pos gekom. Inderdaad gebedsverhoring. Abraham de Klerk het besef indien hy die kerkgebou wou voltooi voor sy vertrek terug na Suid-Afrika, moes daar dag en nag gewerk word. Die plan was dat die inhuldiging van die kerkgebou net voor sy vertrek sou plaasvind (Hofmeyr, 1928:54).

Rondom Goeie Vrydag was dit baie druk in die gemeente. In dié tyd word eerw. Hitchcock bevestig en sou ds. Skeen as plaasvervanger vir De Klerk in Ceylon arriveer. Die reëlings vir eerw. De Klerk se afskeid op 8 Mei 1927 was reeds getref. Ds. Skeen sou op Dinsdag 10 Mei 1927 georden word. Abraham de Klerk het dit verkies dat die tyd so bedrywig was, want die verlange na sy gesin het al groter geword. 'n Vrou van die gemeente het met sy kos en wasgoed gehelp (Hofmeyr, 1928:49-50). In sy laaste brief aan sy vrou skryf Abraham de Klerk dat die Here vir hom baie goed was in die tyd alleen op die eiland. Ten spyte van die verlange kon hy sy werk afhandel.

Tussen al die normale gemeenteverpligtinge het hy begin inpak vir die reis terug na Suid-Afrika. Hy skryf dat daar steeds van die gemeentelede gepoog het om hom te oorreed om in Ceylon te bly: "O, maar die mense is so beslis soos nooit tevore nie, dat ons moet terugkom" (Hofmeyr, 1928:52).

Die kerkgebou is op 7 Mei 1927 voltooi en die inwyding van die kerk sou op 12 Mei 1927 plaasvind (Hofmeyr, 1928:54). Die Here het egter anders beskik en Abraham de Klerk sou nie die voorreg hê om die inwyding van die kerkgebou te beleef nie.



Eerw. De Klerk en drie lidmate wat belydenis van geloof afgelê het

*4.1.2.4 Abraham de Klerk en sendingwerk*

Abraham de Klerk is as leraar van die Dutch Reformed Church in Ceylon bevestig. Hy was dus verantwoordelik vir 'n spesifieke gemeente. Dit

het egter nie sy liefde vir die sending gedemp nie. Die kern van sy bediening was die wen van *siele* vir die koninkryk van God (Cronje, 1981:282). Hy meld dat Christen-sendingwerk in Ceylon besig was om af te koel. Elke kerkgenootskap bearbei slegs sy eie lidmate, met die gevolg dat die heidengodsdienste veld wen. In sy brief aan ds. Ferreira meld hy dat hy ywerig is om sendingwerk in Ceylon te doen. Dit was vir hom moelik om die massa mense te sien en te weet hulle ken die Here nie. Dit was vir hom 'n bron van kommer dat die kerk vanuit Suid-Afrika nie in Ceylon sendingwerk doen nie (Cronje, 1981:278). Volgens eerw. De Klerk werk hy met goeie mense van die kerk, hulle moet net aangemoedig word sodat hulle ook 'n sendingywer kan ontwikkel. Die kerk in Suid-Afrika was in Ceylon nodig (Hofmeyr, 1928:38- 39).

Uit de Klerk se briewe is die verlange om sendingwerk te doen, duidelik waarneembaar. Sy eerste prioriteit bly egter sy gemeente van die Dutch Reformed Church in Ceylon. Met die hulp van sy gemeente vestig hy 'n sendingstasie in die noorde van Ceylon. Sy vrou het ook haar man se sendingywer gedeel en 'n "Woman Missionary Union" op die been gebring. Die Union het ooreenkomste getoon met die Vrouesendingbond in Suid-Afrika. Mev. De Klerk het gepoog om 'n entoesiasme onder die vroue vir sendingwerk te gekweek (Cronje, 1981:278).

Abraham de Klerk het ook met sendingwerk onder die kinders begin, maar het sterk teenkanting van die Boeddhisteleiers ervaar. In sy versoek aan ds. Ferreira vir hulp stel hy voor dat 'n leraar in sy plek na Ceylon kan kom en sodat hy al sy aandag aan sendingwerk kon wy. Hy wou die sendingmetode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk -Afrika

in Ceylon toepas. Sy pligte by die Dutch Reformed Church het hom egter verhinder om direk by sendingwerk betrokke te raak.

Saam met die verkondiging van die evangelie aan die heidene wou hy ook hul sosiale omstandighede verbeter. Die skynbare onverskilligheid van die kerk ten opsigte van die heidene het hom bekommer. Hy was onder die indruk dat die primêre taak van die kerk die redding van siele is, daarom het hy gepoog om die kerk meer bewus te maak van sendingwerk (Hofmeyr, 1928:40). Hy kom tot die besef dat die plaaslike kerk baie moeilik 'n krag teen die Boeddhiste kon vorm, daarom vra hy hulp vanaf Suid-Afrika sodat die kerk se sendingmetodes ook in Ceylon geïmplementeer kon word. Hy vra ook die hulp van die Oranje-Vrystaat se sendingkommissie om toesig oor die werk te hou. Die Dutch Reformed Church in Ceylon en die sendingkommissie van die Oranje-Vrystaat kon dan as vennote saam werk en die salarisse kon tussen die twee organisasies verdeel word. Die kerk in Ceylon kon dan later alle verantwoordelikheid vir die werk en die salarisse aanvaar(Hofmeyr, 1928:42).

'n Dokter in Colombo skenk 'n stuk grond aan die kerk vir die oprigting van 'n sendingstasie, maar die fondse vir die ontwikkeling van die grond ontbreek. Abraham de Klerk voel dat die kerk in Suid-Afrika hier 'n geleentheid gehad het om in Ceylon by sendingwerk betrokke te raak: "'n Vaderlike hand en oog is nodig in Ceylon" (Hofmeyr, 1928:41).

Sy brandende begeerte om sendingwerk te doen, blyk duidelik uit 'n episode wat met hom gebeur het. Hy en een van die sendelinge het op 'n aantal Rodias op pad erens heen afgekom. Hulle was verwaarloos en hul gelaatstrekke het van wanhoop gespreek. Die Rodias is die laagste

Sy brandende begeerte om sendingwerk te doen, blyk duidelik uit 'n episode wat met hom gebeur het. Hy en een van die sendelinge het op 'n aantal Rodias op pad erens heen afgekom. Hulle was verwaarloos en hul gelaatstrekke het van wanhoop gespreek. Die Rodias is die laagste kaste in die kastestelsel en is deur geen kerk bedien nie. Abraham de Klerk wou by die sendeling weet of daar 'n kerkgenootskap is wat onder die *lae* kaste werk. Sy antwoord was dat die Anglikaanse Kerk jare gelede onder die mense probeer werk het, maar later moed opgegee het. Hierdie episode kon De Klerk nie vergeet nie. Siele wat verlore gaan en niemand doen iets daaromtrent nie. Dit was vir hom 'n geleentheid wat benut kon word (Hofmeyr, 1928:43).

Hy het later 'n sendeling ontmoet wat vir dertig jaar reeds met sendingwerk onder een van die primitiewe stamme in Ceylon besig was. Die mense was bekend daarvoor dat hulle steel om aan die lewe te bly. Hy vertel dat sy sukses minimaal was. Eers na dertig jaar het drie van hulle na hom gekom met die versoek dat hy hulle meer moes vertel. Dit het daartoe gelei dat van hulle, en ander lede van die stam, tot bekering gekom het. Later word sewe en veertig gedoop (Hofmeyr, 1928: 43-44).

In sy eie gemeente het De Klerk gepoog om ook sy passie vir sending aan die lidmate oor te dra. Hy het baie van sy tyd aan die bearbeiding van die jeug bestee. De Klerk het 'n sendingorkes begin vir al die sendingwerkers in die gemeente. Sy plan van aksie was om die gemeente by sendingaktiwiteite betrokke te kry (The Herald, Mei 1927:17). The Herald van Mei 1927 berig dat Abraham de Klerk 'n evangelis by uitnemendheid was.

sodanig dat hy op 5 Mei met longontsteking in die hospitaal opgeneem word (The Herald, Mei 1927). In die hospitaal het die longontsteking in maagkoors ontwikkel (Hofmeyr, 1928:54-55).

Op Sondagoggend 15 Mei 1927, om vier uur die oggend sterf Abraham Jakobus Kotze de Klerk terwyl 'n jongman van die gemeente by hom waak. Die jongman vertel dat De Klerk sy hande na bo uitgestrek en gesê het: "Ek beveel my liewe vrou en my arme seuntjie aan Gods genadige beskerming. Laat ons nou bid, want ons is in die teenwoordigheid van die Almagtige" (Hofmeyr, 1982:55). Na slegs twee jaar in Ceylon en op sewe en twintigjarige leeftyd sterf Abraham de Klerk.

Hy word deur sy gemeentelede as 'n eenvoudige man wie se werk nog vir jare in Colombo gesien sou word, beskou. *The Herald,* amptelike blad van die Dutch Reformed Church in Ceylon, wy hul Mei 1927-uitgawe in sy geheel aan eerwaarde Abraham de Klerk. In die uitgawe kon die volle omvang van die werk van De Klerk eers na behore geskat word. Eerbetoon en dankbaarheid vir al sy opofferings het ingestroom. Die mense van Colombo het hom as 'n geestelike krag in die kerk ervaar (The Herald, Mei 1927:3).

Die begrafnisdiens van eerw. De Klerk het vanuit die Regentstreet Kerk plaasgevind. Eerw. Skeen, sy opvolger, het ook by dié geleentheid opgetree. Die twee was boesemvriende en die geleentheid was vir eerw. Skeen 'n groot beproewing. Mev. Skeen deel die navorser in 'n onderhoud op 11 Mei 1995 te Roodepoort mee dat De Klerk eerw. Skeen oorreed het om na Ceylon te kom. Die twee vriende het mekaar by die sendinginstituut te Wellington leer ken.

Hofmeyr (1928:61) berig dat eerw. Skeen tydens die erediens moeilik gepraat het. Hy vertel dat Abraham de Klerk bekend was vir sy gebedslewe. As 'n seuntjie van twaalf jaar oud tot en met sy afsterwe, het gebed 'n kardinale rol in sy lewe gespeel. Saam het hulle tydens hul jare by die Sendinginstituut gebedsgroepies gevorm. Skeen vertel: "He became a spiritual force in the college, and a blessing to many students" (The Herald, Mei 1927:3-4). Aan die groot getal mense wat die diens bygewoon het, was dit duidelik dat De Klerk 'n geliefde en gerespekteerde man in Colombo was. Die kerk was te klein vir almal wat kom afskeid neem het. Di. Tweed, Flemming, Vadergist, Joseph en Hitchcock het aan die diens deelgeneem. Hofmeyr (1928:61) vertel: "En toe die groot skare die welbekende lied tot afskeid sing: God zijn met u tot we u wederzien het selfs hy geween".

Vriende getuig dat hy in twee jaar vermag het wat ander nie in 'n leeftyd kon doen nie. Sy lewe kon in drie punte saamgevat word: erns, gebed en openheid. Hy het iets gehad wat hom gedryf het. Sy lewe het om die Bybel gedraai en alles het hy daaraan gemeet. Maar vele vertel dat die rede vir sy sukses sy gebedslewe was. Die gebedsgeleenthede wat hy waargeneem het, was vir die gemeentelede 'n bron van krag: "They have made us realize that prayer is the key to a holy living" (The Herald, Mei 1927:7).

Abraham de Klerk se invloed in Ceylon het verder as net die Dutch Reformed Curch in Ceylon gestrek. Hy het nie net die Christene nie maar ook mense van ander denominasies beïnvloed. Selfs die dagblaaie in Colombo het met groot bewondering oor eerw. De Klerk geskryf. Volgens die koerante was sy lewe gekenmerk deur sy

eerlikheid en sy ywer om die Woord van die Here aan die mense te bring (The Herald, Mei 1927:11).

Die kerk het briewe van mense oor die hele Ceylon ontvang. Die beheerliggaam van die Dutch Reformed Church in Ceylon het ook hulde aan eerw. De Klerk gebring. Dank is uitgespreek vir die oprigting van die kerk te Dehiwela (The Herald, Mei 1927:18). The Herald (Mei 1927:8) merk tereg op dat die Dehiwelakerk 'n monument ter herinnering aan die werk van Abraham de Klerk te Ceylon is. Sondag na Sondag sou geslagte oor die jare heen in die kerkgebou die werk van die boerseun vanuit Suid-Afrika onthou. Hy het alles moontlik gedoen om vir die gemeentes van Dehiwela en Wellawatte 'n kerkgebou te voorsien. Eerw. Skeen sê tydens die onthulling van die kerkgebou: "Ons het nou hierdie gebou aan God gewy, wat as ‘n monument vir eerw. De Klerk hier staan" (Hofmeyr, 1928:56).

In die kerk is 'n pragtige gedenkplaat opgerig met die woorde:

In Memory of Rev. Abraham Jacobus Kotze de Klerk.
Collegiate minister
of the
Dutch Reformed Church
Colombo
1925-1927

By whose efforts this church was erected and whose deeply lamented death took place at its completion.

Born 23th April 1900

Died 15$^{th}$ May 1927

"He walked with God and he was no more for God
took him ... "
Gen. 5:24

(The Herald, May 1927:11).

Van die mense het Abraham de Klerk as eksentriek beskou. *The Herald* (Mei 1927:9) som egter die man Abraham de Klerk soos volg op: "Rev. De Klerk was a great man of prayer, and simplicity of faith. He was filled with the passion to spread news of salvation".

In haar laaste brief aan die gemeentelede van die Dehiwelakerk spreek mev. De Klerk haar opregte dank uit en vra die voorbidding van die gemeente (The Herald, Mei 1927:17).

### *4.1.3 Samevatting*

Vandag word daar in die Dutch Reformed Church in Ceylon nog steeds gepraat van die De Klerk-kerk. Die naam Abraham de Klerk het bly voortleef na sewentig jaar. Ds. Hitchcock het in 'n onderhoud met die skriba van die Kommissie vir Wêreldsending, ds. Japie du Plessis, sy groot waardering vir die werk van De Klerk uitgespreek. "I cried like a little child when he died" (Die Sendingblad, Januarie 1982:25). Die twee en tagtigjarige ds. Hitchcock met sy besondere geheue, praat van die werk wat eerw. De Klerk slegs in twee jaar vermag het. As 'n gebaar van blydskap omdat mense van Suid-Afrika weer in Sri Lanka kom werk, het ds. Hitchcock so ver gegaan om eerw. De Klerk se graf self skoon te maak (Die Sendingblad, Januarie 1982:28). Vandag is daar van die

Dutch Reformed Church in Ceylon by die kategeseskool die "Rev. A.J.K. De Klerk memorial prize" (Cronje, 1981:279).

Om te skerp kritiek te lewer ten opsigte van die sendingbetrokkenheid van eerw. De Klerk blyk onregverdig te wees. Hy het 'n belangrike rol binne die Dutch Reformed Church in Ceylon gespeel maar kon geen aandag aan evangelisering wy nie. Dit was baie duidelik dat hy 'n geweldige indruk op die lidmate van die Dutch Reformed Church in Ceylon gemaak het.

Dit was vir almal moeilik verstaanbaar dat die Here eerw. De Klerk net vir twee jaar in Ceylon gebruik het. Met sy ywer sou hy nog baie vir die mense van Ceylon kon doen. Die Here het egter anders beskik. Gemeentelede onthou hoe hulle saam met hom by een van sy laaste preke gesing het: "God zij met u tot we u wederzien" (Hofmeyr, 1928:62). Die Here het Abraham de Klerk gebruik om tot die mense van Colombo deur te dring. Die invloed wat hy op die mense van die kerk gehad het, is vandag nog sigbaar. *The Herald* (Mei 1927:13-14) berig dat hy soos 'n kind geglo het, dat hy liefde vir sy medemens uitgestraal het en dat hy ongekende lewensvreugde gehad het. Die lidmate kon nie oor sy gebedskrag uitgepraat raak nie. 'n Bekende gesegde van De Klerk by die Sendinginstituut te Wellington was dat enigeen hom enige tyd van die nag kon wakker maak om te bid (Hofmeyr, 1928:76). Van die gemeentelede getuig dat hy elke oggend sy dagtaak met 'n gebed begin het (Hofmeyr, 1928:65-68). 'n Skrywer aan *The Herald* (Mei 1927:77-78) vertel dat eerw. De Klerk se kanselgebede aangrypend was. Hy praat van 'n krag en diepte wat in sy openbare gebede oorgekom het. Die gedeelte oor Abraham de Klerk word afgesluit met 'n besondere

gedig wat hy op 3 Mei 1927 geskryf het en wat sprekend van die man was:

"If you cannot speak like angels
If you cannot preach like Paul
You can tell the love of Jesus
You can say - He died for all

If you cannot rouse the wicked
With the judgments dread alarms
You can lead the little children
to the saviour's waiting arms.

And it may be that the children
You have led with trembling hand
Will be found among your jewels
when he reach the better land.

Let none hear you idly speaking
There is nothing I can do
While the souls of men are dying
And the Master calls for you" (The Herald, May 1927:11).

## 4.2 EERWAARDE S.F. SKEEN

### *4.2.1 Inleiding*

Die opvolger van eerw. De Klerk was sy boesemvriend vanaf sy studentejare op die Sendinginstituut S.F. Skeen. Hy sou ook betrokke wees by die Dutch Reformed Church in Ceylon. Abraham de Klerk het, nadat hy besluit het om na Suid-Afrika terug te keer, sy vriend gevra om in sy plek op die eiland Ceylon te gaan werk. Eerw. Skeen het besluit om die uitdaging te aanvaar. Mev. Skeen vertel dat sy en haar man kort na hul troue na Ceylon is (Mei 1995). Hulle het per vragskip na Ceylon gevaar en was vir drie weke ter see. By hul aankoms in Colombo se hawe het eerw. Tweed hulle verwelkom. Hy het hul egter die ontstellende nuus oor eerw. De Klerk se siekte meegedeel. Mev. Skeen vertel dat hulle hul intrek in sy pastorie moes neem. Dit was vir die Skeen egpaar ontstellend om te sien dat as gevolg van sy siekte De Klerk sy besittings nog nie kon inpak nie.

Die pastorie was loopafstand vanaf die Dehiwela-kerk en uiters gerieflik. Eerwaarde Skeen se werk was grotendeels in Colombo en net soos sy voorganger bedien hy die Dehiwela-en-Wellawatte gemeentes. Hy is bevestig in die historiese Wolvendal Kerk. Eerw.Skeen het die eerste geleentheid tot sy beskikking gebruik om die Diyatalawakamp waar al die Boerekrygsgevangenis aangehou was, te besoek. Mev. Skeen vertel dat hulle gou vriende gemaak het met die gemeentelede. Gelukkig was eerwaarde Skeen goed tweetalig en het hy vinnig aangepas om sy bediening in Engels voort te sit (Mei 1995).

### *4.2.2 Eerw. Skeen en sy werk by die Dutch Reformed Church in Ceylon*

Volgens mev. Skeen (Onderhoud Mei 1995) het haar man elke Sondag die eredienste waargeneem. Hy het die gemeente leer ken deur huisbesoek te doen. Die bearbeiding van die gemeente in Colombo het op dieselfde manier plaasgevind as die gemeentes in Suid-Afrika. Omdat die kerk se getalle relatief klein was, het Skeen die geleentheid gebruik om uit te reik na die heidene.

Sy vrou vertel dat hy en 'n groep van die jeug sommige aande op die strate evangelisasiewerk gaan doen het. Hy het nie oor 'n voertuig beskik nie en het die werk meestal te voet gedoen. Mev. Skeen het saam met haar man gepoog om die evangelie aan die heidene te bring. Sy het by 'n naburige meisieskool godsdiensklasse aangebied.

Die kerkbywoning by sy twee gemeentes was goed en sommige aande is die dienste in die buitelug gehou. Eerw. Skeen was egter ontnugter oor die geestelike doodsheid wat in die Dutch Reformed Church geheers het. Soos eerw. De Klerk, het Skeen ook in die sending belang gestel. Dit was sy wens dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die geleentheid sou aangryp om by sendingwerk in Ceylon betrokke te raak. Tydens eerw. De Klerk se verblyf het daar 'n herlewing ten opsigte van sending begin. As gevolg van die tekort aan mannekrag het die bewuswording ten opsigte van die sending getaan. Skeen skryf (Hofmeyr, 1928:73) dat eerw. De Klerk die saad vir sending gesaai het maar dat die kerk in Ceylon geestelik onvolwasse was (Hofmeyr, 1928:73).

Soos die Masedoniese man, roep eerw. Skeen na die kerk in Suid-Afrika: "Kom oor en help ons" (Hofmeyr, 1928:73). Die kerk was besig om ten gronde te gaan en het dringend hulp nodig gehad. Eerw. Skeen was bekommerd, die kerk is slegs in naam die Nederduitse Gereformeerde Kerk want alles in die kerk word vervang. Die kerk in Ceylon het 'n behoefte gehad om deel te wees van die kerk in Suid-Afrika of Holland. Die Burgers uit wie die grootste aantal lidmate van die kerk bestaan het wou graag aan hul Nederlandse verlede vasklou. Die behoefte was daar om hul kinders die tradisies van die Hollanders te leer (Hofmeyr, 1928: 73).

Die kerk in Ceylon was finansieel selfstandig maar het aan kerkbestuur ver tekort geskiet. Eerw. Skeen het die gemeente ook gehelp deur die finansiële beplanning van die twee gemeentes te behartig (Skeen, 5 Mei 1995).

Kritiek van die kant van eerw. Skeen is dat doop-en huweliksregisters opsy gesit is en dat leraars hul eie formuliere ontwerp. Skeen doen 'n beroep op die kerk in Suid-Afrika om iemand te stuur om die kerk in Ceylon op te lei, iemand met sterk organisatoriese talente om die kerk reg te ruk.

'n Interessante versoek van eerw. Skeen is dat predikante wat op reis gaan nie Ceylon moet vergeet nie. Was dit nie vir hulle moontlik om 'n werksbesoek aan Ceylon te bring nie? Die besoek sou soos 'n ware vakansie in die pragtige natuurskoon van Ceylon wees (Hofmeyr, 1928:74).

Eerw. Skeen het in 1930 'n beroep na die gemeente Edenburg in die Vrystaat aanvaar en is in 1987 in Randfontein oorlede (Skeen, 5 Mei 1995).

### *4.2.3 Verdere kontak*

Met eerw. Skeen se vertrek na 'n verblyf van drie en 'n half jaar in Ceylon word Suid-Afrika se betrokkenheid en dan veral met die kerk aldaar verbreek. Eerw. Skeen se roep om hulp vanuit Ceylon kon nie deur die kerk in Suid-Afrika beantwoord word nie. Tog het twee manne vanuit die verre Suid-Afrika 'n besondere bydrae gelewer in die kerk op die eiland Ceylon.

Johannes Roux van die spoorwegbearbeiding in die Kaap het Ceylon op 23 Maart 1947 besoek (Die Kerkbode, 19 Mei 1976:641). Hy het konferensies bygewoon en sendelinge besoek, maar na die eerwaardes De Klerk en Skeen het geen predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Ceylon gaan werk nie.

Die kontak is egter nie dadelik tussen die kerke van Suid-Afrika en Ceylon verbreek nie. Die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap wat gestig is na die ballingskap van die boere in Ceylon, het steeds bestaan. Die Boere het gereeld hul een sjieling wat ongeveer tien sent was, per jaar bygedra (Cronje, 1981:280). Hulle het dit gedoen om in diens van die koninkryk van God te staan. Die genootskap het die nie-geordende geestelike werker Lloyd Joseph , C.F. Hettiatchy en later S. de Silva ondersteun. Dié persone het onder die toesig van die kerkraad van Wolvendal gemeente gewerk.

Die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap het egter nie die krisis, dat van sy lede nie meer hul bydraes betaal, oorleef nie en is later ontbind. Die werk is deur die genootskap op 1 Februarie 1932 aan die saakgelastigde van die kerk in die Oranje-Vrystaat oorgedra. Die band wat daar vir jare tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die kerk in Ceylon was, is tydelik verbreek (Cronje, 1981:281).

## 4.3 SAMEVATTING

Deur middel van eerwaardes De Klerk en Skeen het die sendinginstituut te Wellington 'n belangrike rol in die Dutch Reformed Church in Ceylon gespeel. Die instituut het vanaf 1881 tot en met 1962 altesaam 566 sendelinge gelegitimeer, wat 'n beduidende rol ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingpogings gespeel het (Crafford, 1982:507-510). Ook in Ceylon kon die instituut deur middel van sy studente 'n waardevolle bydrae lewer.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het na die verloop van die Tweede Vryheidsoorlog intens by sendingwerk in Suid-Afrika betrokke geraak. In die Vrystaat, Natal en Transvaal het elke kerk sy eie sendingpogings van stapel gestuur (Crafford, 1982:148-173).

Een van die redes waarom die belangstelling van die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap se lede ten opsigte van die sendingwerk in Ceylon getaan het, was omdat die kerk op groot skaal by sendingwerk in Suid-Afrika betrokke was. Die kerk het dus nie sy verantwoordelikheid ten opsigte van sendingwerk laat vaar nie, maar kon sy aandag slegs op sekere velde vestig.

# HOOFSTUK 5

## DS. RAJKUMAR THURAIRAJAH (1941 TOT 1993)

Vir vyftig jaar was daar geen kontak tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die inwoners van Sri Lanka nie, eers in 1980 word daar weer nuwe kontak gemaak. Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode Wes-Transvaal in Sri Lanka kan nie losgemaak word van die lewe en werk van **ds. Rajkumar Thurairajah** nie. Na die eerste kontak tussen ds. Thurairajah en lede van die Kommissie vir Wêreldsending, was dit duidelik dat ds. Thurairajah 'n besondere persoon was. Op die mense wat die voorreg gehad het om hom deur die jare heen te ontmoet, het hy 'n blywende indruk gelaat. Hy was 'n persoon wat erns met sy roeping gemaak het. Later in sy bediening het hy met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gebots as gevolg van sy sterk sendingvisie. Om dié rede het hy ook as leraar van dié kerk bedank en homself net op sendingwerk toegespits.

"I was called to serve a people, suppressed, living in poverty, spiritually lost in Sri Lanka. " (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:47).

Die doel van hierdie hoofstuk is om **agtergrond** te verskaf oor die mens, Rajkumar Thurairajah. Sy lewensgeskiedenis word beskryf sodat dit as agtergrond kan dien vir hoofstuk 6. In hoofstuk 6 sal die werk van ds. Thurairajah en die kommissie aan orde kom. Hoofstuk 5 moet dus as 'n inleiding van hoofstuk 6 gelees word.

## 5.1 AGTERGROND

Rajkumar Thurairajah is op 8 November 1941 in die Noorde van Sri Lanka gebore. Hy was die oudste van drie kinders en is later deur eerw. S. Kulendran in die kerk van Suid-Indië gedoop. Sy skoolopleiding het hy by die Kollege te Jaffna ontvang. Hy het belydenis van geloof afgelê in die Wolvendal-gemeente op 20 November 1966 van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka ( Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:26).

Beide sy ouers was Christene en het hom dienooreenkomstig opgevoed. Die jong Rajkumar Thurairajah het gevoel dat die Here hom roep om in sy diens te staan, daarom het hy by die Dutch Reformed Church in Sri Lanka aansoek gedoen om as leraar van die kerk opgelei te word. Sy aansoek word goedgekeur en aan die begin van 1968 begin hy met sy teologiese opleiding by die DRC Seminary and Bible Institute. Hy voltooi sy studies op 6 Julie 1971 en ontvang die *Graduate of Theology*-diploma (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:26). As leraar van van die kerk wou hy iets daadwerklik doen aan die miljoene verlore mense in Sri Lanka (Senasinghe, 1995).

Op 1 Desember 1971 tree hy in die huwelik met mej. Kirupamalar Sinnathamby en uit die huwelik word drie kinders gebore (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:26-27).



Ds. en mev. Thurairajah, sy skoonouers en hul gesin

## 5.2 DIE BEDIENING VAN DS. THURAIRAJAH

### *5.2.1 Agtergrond*

In Junie 1971 ontvang ds. Thurairajah 'n beroep na die Wolvendal-gemeente en word op 22 Augustus 1971 in die gemeente georden. Na

sy ordening word hy afgesonder om onder die Tamils in die gemeente te werk. Tydens sy bediening te Wolvendal word hy president van die *General Consistory of the Dutch Reformed Church in Sri Lanka* en vorm later ook deel van die teologiese opleiding van die kerk.

Ds. Thurairajah het egter besef dat hy vasgevang is in 'n kerk met geen sendingvisie nie. Sy roeping en visie kon hy nie in die Dutch Reformed Church in Sri Lanka uitleef nie. Hy besluit om Colombo veral om twee redes te verlaat: Eerstens die gebrek aan 'n sendingvisie by die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en tweedens as gevolg van persoonlike probleme wat hy by die Wolvendal-gemeente ondervind het (Thurairajah, 1995). Dit was vir hom 'n moeilike besluit, maar hy kon nie anders nie omdat die kerk deur sy optrede getoon het dat sendingwerk vir hulle onnodig was. Daarom bedank hy op 11 Oktober 1979 uit die Dutch Reformed Church en stig die Communications Ministry in Jaffna (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:26-27).

Hy wou die evangelie veral aan die verlore mense veral in die Noorde van Sri Lanka bring. Met sy aankoms in die noorde het ds. Thurairajah egter die probleem gehad dat hy finansiële steun vir sy bediening self moes bekom. In 'n arm land soos Sri Lanka is geld altyd 'n probleem en moeilik bekombaar.

### *5.2.2 Die Kommissie vir Wêreldsending en ds. Thurairajah*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het om verskeie redes in wêreldsending begin belangstel. Een van die redes was die politieke klimaat wat in Suid-Afrika geheers het. As gevolg van die politieke bestel in Suid-Afrika was Afrika *toe* vir die Nederduitse Gereformeerde

Kerk se verdere betrokkenheid by sendingwerk. Die kerk het na alternatiewe sendingvelde gesoek waar die Nederduitse Gereformeerde Kerk nog welkom was.


Tydens die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Kaapstad, wat ds. Thurairajah as afgevaardigde bygewoon het, tree hy in gesprek met ds. P. E. S. Smith. Op sy beurt het ds. Smith van die geleentheid gebruik gemaak om met die Kommissie vir Wêreldsending van Wes-Transvaal in verbinding te tree (Thurairajah, 1995). In Junie 1980 kruis die paaie van ds. Thurairajah met die van die Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode van Wes-Transvaal en kon die kommissie van die geleentheid gebruik maak om by sendingwerk buite Afrika betrokke te raak.

Die verhouding oor die jare heen tussen die kommissie en ds. Thurairajah was uniek. Die kommissie het dit vir hom moontlik gemaak om sy visie uit te leef. Hulle het aan hom die nodige middele verskaf om sy werk in die noorde van Sri Lanka te begin. 'n Hegte vriendskap het tussen ds. Thurairajah en die skriba van die kommissie, ds. Japie du Plessis, ontwikkel (Thurairajah, 1995). Die kommissie sou die werk van ds. Thurairajah ondersteun en hy sou hulle met gereelde verslae van die werk op hoogte hou.

Met die verloop van jare het die kommissie en ds. Thurairajah saam groot suksesse behaal. Die verhouding tussen die twee partye was openhartig en op wedersydse vertroue gebaseer. Dit was 'n unieke verhouding wat oor duisende kilometers heen gewerk het. Ds. Thurairajah wou Suid-Afrika graag weer besoek, maar sterf voordat sy wens bewaarheid word. Gelukkig het baie van die lede van die kommissie oor die jare heen Sri Lanka self besoek en persoonlik met ds.

Thurairajah geskakel. Sodoende kon die verhouding tussen die twee partye versterk word.

Dit was vir almal in Sri Lanka en Suid-Afrika 'n groot skok om te verneem dat ds. Thurairajah bloedkanker onder lede het. Die diagnose was dat hy vir die res van sy lewe onder doktersbehandeling sou wees. Met behulp van medikasie kon die leukemie vir die volgende vyftien tot twintig jaar onder beheer gehou word. Hy moes egter gereeld twee maal per jaar vir intensiewe behandeling na Vellore in Suid-Indië gaan. Die Kommissie vir Wêreldsending doen op daardie stadium 'n beroep op die mense van Suid-Afrika om vir ds. Thurairajah en sy gesin te bid (Die Sendingblad, September 1984:301).



Di. Thurairajah en Japie du Plessis

### 5.2.3 *Die werk van ds. Thurairajah in die noorde van Sri Lanka*

Sonder die finansiële druk kon ds. Thurairajah sy volle aandag aan sy werk bestee. In die dorpie Sandilpay waar hy gewerk het, het omtrent 500 gesinne, almal Hindoes gewoon. Binne die bestek van 'n paar maande is 30 gesinne gedoop. Gereelde eredienste is op Sondae gehou asook Bybelstudies gedurende die week (Die Sendingblad, Augustus 1983:243-244).

Die liefde vir sy mense was die vernaamste rede vir die sukses wat ds. Thurairajah in Jaffna behaal het. Die armes het hom na aan die hart gelê. Hy het baie vir die mense gedoen sonder dat iemand daarvan kennis gedra het. Om die evangelie ook aan hierde minderbevooregte mense te bring, was vir hom prioriteit (Senasinge,1995). Onder armes hierdie minderbevoorregtes was hy uiters gewild omdat hy geen onderskeid tussen mense gemaak het nie (Senasinghe, 1995). Gou het die nuus oor die vrygewige man versprei en het bedelaars en almal met finansiële probleme by hom kom aanklop om hulp. Vanuit sy eie salaris het hy vele gesinne in nood gehelp.

Later het die Kommissie vir Wêreldsending fondse aan ds. Thurairajah beskikbaar gestel waarmee hy die armes kon help. Die mense in Suid-Afrika se harte het uitgegaan na die armes in Sri Lanka wat so swaarkry en het ook bygedra tot hierdie belangrike saak (Die Sendingblad, Augustus 1983:236). Die gemeente te Jaffna het vinnig gegroei omdat baie van die bekeerlinge uit die heidendom ds. Thurairajah verder gehelp het om die evangelie te verkondig (Die Sendingblad, Januarie 1982:28).

In dié tyd het ds. Thurairajah geen kontak met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gehad nie. Sy visie wat hy in die stadium van sy bediening gehad het, was om die evangelie aan soveel mense moontlik te verkondig.



Ds. Thurairajah bedien die nagmaal aan van die nuwe bekeerlinge uit die heidendom



Na 'n paar maande se sendingwerk deur ds. Thurairajah groei die gemeente se getalle vinnig

## 5.3 OMSTANDIGHEDE DRYF DS. THURAIRAJAH UIT JAFFNA

### *5.3.1 Burgeroorlog*

Rondom 1982 ontwikkel Sri Lanka interne probleme. 'n Deel van die Tamilbevolking wou Jaffna as 'n onafhanklike staat, *Eelam,* verklaar. Die

regering van die dag het hierdie aansprake egter geïgnoreer. Die Tamil United Liberation Front is gestig om dié ideaal te verwesenlik. Omdat die regering onwillig was om met die rebelle te praat, begin die organisasie om deur middel van terreuraanvalle die mense van Sri Lanka se aandag op hul eise te vestig (Keuneman, 1994:61). So het die Tamil Tigers, die terroristevleuel van die groep, in Sri Lanka bekendheid verwerf. In 1983 word 12 soldate en 'n offisier deur die Tamil Tigers in 'n hinderlaag doodgeskiet. Die gebeure wat hierop volg staan as *Black July* bekend. In 'n week van geweld het bendes in Jaffna inbeweeg en alle Tamils aangeval en hul huise verwoes. Besighede in Jaffna sowel as die openbare mark waar die Tamils hul inkopies doen, is tot op die grond afgebrand. Tydens die aanvalle het 387 mense gesterf en is 90 000 mense in vlugtelingkampe opgeneem. Twintig duisend Tamils is dakloos gelaat. Die regering het na 'n week ingegryp en is wet en orde deur middel van die weermag herstel.

Vir die res van 1983 het die normale gang van die lewe weer voortgegaan. Die terroriste het egter in die laaste deel van 1984 weer eens hul terreuraanvalle verskerp, met die verskil dat bomme in openbare plekke geplant is en tot groot lewensverlies gelei het. Kenners meen dat die Tamil Tigers poog om tans weer 'n teenreaksie van die Sinhalese bevolking uit te lok om meer steun onder die Tamilbevolking te verkry (Keuneman, 1994:62). Om orde in die land te herstel kondig die regering 'n noodsituasie af. Dit het egter nie die plofbare situasie in Sri Lanka ontlont nie.

Die burgeroorlog sou nog baie lewens in Sri Lanka eis en dit blyk dat daar geen maklike oplossing is nie. *Gulf News* (22 Oktober 1995:1) berig dat die Tamil Tigers ses en sestig mense van drie dorpies voor die voet

vermoor het. In Colombo word die opslagdepot waar al Sri Lanka se petrol en diesel geberg word, die lug in geblaas. As gevolg van die optrede deur die terroriste was daar in Sri Lanka 'n maand lank geen diesel beskikbaar nie. Die regering het met die weermag teruggeslaan en dertig van die Tamil Tigers doodgeskiet (Daily News, 25 Oktober 1995). 'n Oorlog wat geen wenners het nie, woed na agt jaar steeds in Sri Lanka.

Teen dié agtergrond moet die werk van ds. Thurairajah gesien word. Hy kon nie meer vryelik rondbeweeg en sy werk doen nie. Die veiligheid van sy gesin was vir hom 'n groot probleem. Die feit dat ds. Thurairajah self 'n Tamil is, het geen verskil aan die terroriste gemaak nie. Spoedig het hulle besef dat hy 'n salaris vanuit die buiteland ontvang en word hy ook 'n teiken. Sy kombi, televisie en ander hulpmiddels wat hy vir sy werk gebruik het, is afgeneem. Te midde van die chaos was hy steeds besig om sy mense te bedien.

Die omstandighede het egter so versleg dat ds. Thurairajah nie meer met sy werk kon aangaan nie. Na samesprekings met die kommissie verlaat hy Jaffna in 1987 en verhuis na Colombo (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:27). Dit was slegs 'n tydelike maatreël totdat die toestande in die noorde sodanig verbeter dat hy sy werk kon hervat. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het in die tussentyd nog 'n leraar verwelkom wat die werklas van die ander leraars kon verlig. Hy word deur die Dutch Reformed Church in Sri Lanka weer by die Wolvendal-gemeente aangewend waar hy die Engelssprekende en Tamil sprekende lede van die gemeente bearbei het. Die Kommissie vir Wêreldsending steeds vir sy salaris verantwoordelik was. Dit lei tot beter

samewerking tussen die kerk in Sri Lanka en die kommissie. Hy help ook die kerk met die opleiding van die Tamil-evangeliste.

Ds. Thurairajah moes na Colombo uitwyk as gevolg van sy gesondheid sodat hy nader aan die dokters kon wees en binne bereik van die hospitaal in Vellore, Indië (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:27). Sy probleme met die Tamil Tigers het egter nie hier opgehou nie. Selfs in Colombo het hulle sy lewe bedreig. Dit het so erg geword dat dit tyd was dat hy ook Colombo moes verlaat (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:8).

### *5.3.2 Ds. Thurairajah na Kanada*

In April 1990 neem ds. Thurairajah 'n uitnodiging van sy suster aan om haar saam met sy twee dogters in Kanada te besoek. Die vakansie het hy broodnodig gehad, maar raak tydens die vakansie weer ernstig siek. Die bloedkanker was volgens die medici buite beheer. Chemoterapie blyk die enigste oplossing te wees. In Kanada is mediese behandeling baie duur, maar met die genade van die Here besluit die Kanadese kankervereniging om die onkoste van sy behandeling te dra (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:26;30-31).

Met al die verwikkelinge besluit ds. Thurairajah dat hy eers nadat sy gesondheid verbeter het, sou besluit wanneer hy na Sri Lanka terugkeer. Tydens sy verblyf in Kanada het hy baie na sy vrou, seun en die mense van Sri Lanka verlang. Hy spreek sy dank uit teenoor die kommissie vir hul ondersteuning en gebede. Nog 'n probleem blyk egter te wees dat die medikasie wat hy ontvang nie in Sri Lanka beskikbaar was nie. Hy kon tot op daardie stadium nog nie vasstel of dit in Indië beskikbaar sou

wees nie. 'n Oplossing sou wees om ses maande se medikasie vooruit te ontvang sodat hy dit saam kon neem na Sri Lanka.

Die kommissie besluit dat ds. Thurairajah tot en met einde November 1990 verlof kon neem (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:31). Met die gesondheid van ds. Thurairajah het dit volgens hom heelwat beter gegaan en hy het geglo dat dit nie lank sou neem voor hy weer met sy werk in Sri Lanka sou kan voortgaan nie. Tydens sy verblyf het van die kerke hom gebruik om dienste waar te neem vir die Tamilsprekende persone in Kanada. In Kanada is daar in die omgewing van 40 000 Sri- Lankese waarvan 25 000 Tamils is. Van die kerke het hom genader om permanent as leraar in Kanada aan te bly. Hy het egter sy posisie in Sri Lanka aan die verteenwoordigers van die kerke verduidelik. Hy en sy vrou besluit dat die dogters vir 'n onbepaalde tyd in Kanada moes aanbly en dat hy sy suster finansieel sal ondersteun terwyl sy twee dogters by haar in Kanada woon.

In Sri Lanka versleg die omstandighede in die noorde daagliks. Ds. Thurairajah ontvang die slegte nuus dat sy vrou en seun deur die Tamil Tigers onder huisarres geplaas is. Hulle eis 'n losprys van $5000 voordat sy vrou en seun vrygelaat sou word. Ds. Thurairajah voel dat indien hy die keer voor die druk van die terroriste swig, hulle hom en sy gesin nooit sou uitlos nie. In sy gesprekke met ds. Du Plessis versoek hy dat die nuus nie aan die pers bekendgemaak sou word nie. Die kommissie moes onder geen omstandighede die losprys betaal nie. Ds. Thurairajah het 'n offisier in die weermag geken by wie hy om hulp sou aanklop. Indien sy planne slaag sou hy poog om hulle ook na Kanada te bring. Sy vrou het egter onder die druk geswig en die losprys betaal. Vir

drie dae vlug sy en haar seun deur die woud tot by 'n vlugtelingkamp waarvandaan hulle na Colombo gebring word.

Vlugtelingstatus word aan ds. Thurairajah en sy twee dogters toegestaan, maar dan mag hulle Kanada nie verlaat nie. Indien hulle Kanada vir slegs 'n dag verlaat, sou hulle die status verbeur. Ds. Thurairajah doen 'n beroep op al die lede van die kommissie om Christene in Suid-Afrika te vra om vir hom en sy gesin te bid. Al die gebeure het 'n negatiewe invloed op sy huwelik gehad. Sy vrou kon die druk in Sri Lanka nie meer verwerk nie. Sy wou nie meer in Sri Lanka bly nie en het aansoek gedoen vir 'n visum na Kanada (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:31-32).

Vir die eerste maal was ds. Thurairajah nou onseker of hy na Sri Lanka moes terugkeer. Hyself het begin soek na alternatiewe buite Sri Lanka. In 'n brief aan die skriba, ds. Du Plessis, skryf hy dat nie in Kanada was om luuks te lewe nie. Hy was ook nie daar om die oorlog vry te spring nie. Hy skryf verder dat die Here sy lewe lank 'n doel met sy lewe gehad het, daarom voel hy dat die Here hom na Kanada gebring het (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:7).

Uit die skrywe kan 'n mens duidelik aflei dat die gemoedstoestand van ds. Thurairajah nie na wense was nie. Hy voel dat hy sy lewe lank eerlik gelewe het en niemand skade berokken het nie. Die geld wat hy van die Kommissie vir Wêreldsending ontvang het, het hy gepoog om te verdubbel (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie:35-36). Hy bly worstel met die feit dat die Here hom juis geroep het om sy Woord aan die mense in Sri Lanka te bring. Die kerke in Kanada het gereeld met hom in verbinding getree om as leraar van die Tamils op te tree. Die

poging van die kerke om hom as leraar te werf, het sy besluitneming verder bemoeilik.

In 'n telefoongesprek op 29 November 1990 met ds. Du Plessis word alles net vir hom te veel en stort hy ineen. Later vertel hy dat die bekende stem van ds. Du Plessis vir hom net een te veel was. In Kanada was daar niemand met wie hy kon praat nie. Na die ineenstorting ontvang hy doktersbehandeling; geestelik was hy totaal uitgeput. Om alles te verduidelik, skryf hy 'n brief aan die Kommissie vir Wêreldsending waarin hy die situasie verduidelik. Volgens ds. Thurairajah was dit die moeilikste brief wat hy in sy lewe moes skryf. Hy voel dat die Here hom in Kanada ook wil gebruik. Met die aansoek van sy visum wat gewoonlik twee maande duur, het hy slegs tien minute gewag (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:35). Dit alleen was 'n wonderwerk. Die mense in Kanada kon nie verstaan dat hy dit enigsens oorweeg om na Sri Lanka terug te keer en dus sy vlugtelingstatus te verloor nie. Met al die probleme tuis en die druk vanuit Kanada op hom, besluit hy om eers in Kanada aan te bly. Gaan hy terug na Sri Lanka, kon dit sy huwelik *skeur*. Hy stuur ook fondse aan sy vrou in Sri Lanka om so gou moontlik na Kanada te kom, maar die Kanadese owerhede wou nie aan haar 'n visum toestaan nie.

Ds. Thurairajah spreek die hoop uit dat hy nog steeds vir die Kommissie vir Wêreldsending kon werk. Hy wou graag binne die Gereformeerde tradisie bly funksioneer. Vir hom is dié tyd 'n groot krisis in sy lewe en kom hy met oplossings wat hy graag aan die kommissie voorlê (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:36):

- Hy stel voor dat hy Sri Lanka een maal per jaar vir so lank as ses maande besoek, maar eers nadat hy sy tydperk as vlugteling in Kanada uitgedien het en die land vryelik kon verlaat en weer sonder probleme kon terugkeer.
- Ten opsigte van die noorde van Sri Lanka het 'n familielid van sy vrou, Kingsley Ebenhaeser, 'n evangelisasie kursus in Indië voltooi. Hy sou dus, met die hulp van ds. Thurairajah se skoonpa, met die werk in Jaffna voortgaan.
- Hy steek ook voelers uit of die kommissie dit nie sou oorweeg om hul werk na die Tamils in Kanada uit te brei nie (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:37).

Die kommissie besef dat ds. Thurairajah die vorige jaar onder geweldige druk verkeer het en dat hy geestelik en liggaamlik uitgeput was. Ds. Thurairajah wou graag sy werk in Sri Lanka hervat maar omstandighede het dit op die oomblik nie toegelaat nie. Die kommissie sit met die probleem dat hul werk in Sri Lanka om ds. Thurairajah draai. Die lede van die kommissie besluit dat daar nie oorhaastig opgetree moet word nie. Dit blyk egter dat indien ds. Thurairajah permanent in Kanada sou aanbly hulle alternatiewe planne sou moes maak.

Op 'n vergadering 29 Januarie 1991 besluit die kommissie soos volg:

- Dat ds. Thurairajah se voorstel om sesmaandeliks na Sri Lanka te gaan nie die oplossing is nie.
- Dat indien ds. Thurairajah in Kanada sou aanbly, hy vir een jaar salaris sou ontvang en dat die kommissie sy lewensversekering in stand sal hou.

- Die kommissie doen 'n beroep op ds. Thurairajah om gedurende 1991 te besluit of hy na Sri Lanka sou terugkeer en of hy in Kanada sou aanbly.
- Indien hy besluit om na Sri Lanka terug te keer, sou alle ooreenkomste voortgaan soos voorheen (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991: 4-5).

Die kommissie besluit dat na Pieter ter Haar as 'n moontlike oplossing vir die werk in Sri Lanka gekyk moet word. Die kommissie wou ook met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka onderhandel vir moontlike samewerking in die toekoms (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:4-5). Al die besluite is deur ds. Du Plessis op skrif gestel en per koerier na ds. Thurairajah in Kanada gestuur (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:27-28).

Gedurende die krisistyd in die lewe van ds. Thurairajah het die kommissie alles in hul vermoë gedoen om hom te help. Voortdurende kontak is gehou deur middel van die telefoon, oproepe is aan Christene in Suid-Afrika gerig om vir hom te bid en ds. Du Plessis is ook deur die kommissie in die tyd na Kanada gestuur om ds. Thurairajah persoonlik by te staan. In die briewe van ds. Thurairajah spreek hy sy opregte dank uit vir die kommissie se bereidwilligheid om hom te help. Uit dit alles kan die hegte band wat oor die jare heen gevestig is, duidelik gesien word.

### *5.3.3 Ds. Thurairajah keer terug na Sri Lanka*

Vir ds. Thurairajah was 1990 en 1991 nie maklike jare nie. Steeds worstel hy met die idee om na Sri Lanka terug te keer. Na vele korrespondensie met die Kommissie vir Wêreldsending en

onderhandelinge met sy vrou besluit hy om na Sri Lanka terug te keer. In Julie 1991 arriveer hy in Colombo waar hy weer sy dienste aan die Dutch Reformed Church in Sri Lanka aanbied. Tydens sy verblyf in Kanada het hy en die kerk in Sri Lanka ook met mekaar kontak behou. Die Dutch Reformed Church aanvaar hom weer as 'n volwaardige leraar van hul kerk. Na samesprekings tussen die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka word ds. Thurairajahg aan die kerk in Sri Lanka *geleen* (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:27). Die Dutch Reformed Church plaas ds. Thurairajah by die Kohuwela-gemeente waar hy die Engels-sowel as Tamilsprekende gemeentelede bedien.

Ds. Thurairajah keer egter na 'n leë huis terug. Sy vrou moes met haar aankoms in Colombo al hul meubels verkoop sodat sy kos kon koop om van te lewe. Al hul spaargeld het sy as losprys aan die Tamil Tigers betaal. Ds. Thurairajah doen 'n beroep op die kommissie om voorbidding te doen vir hom en sy gesin sodat hulle in Colombo kon werk sonder inmenging van die Tamil Tigers (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:62-63).

Sy vrou was egter nog vasbeslote om by haar dogters in Kanada aan te sluit sodra haar visumaansoek slaag. Die Kanadese regering is egter baie streng met die toekenning van visums aan persone vanuit Sri Lanka (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:82).

Na al die probleme lyk dit of die Kommissie vir Wêreldsending en ds. Thurairajah se werk weer op koers was. Met sy terugkeer skryf ds. Thurairajah: "I made a firm decision to return to Sri Lanka because of the conviction and my calling to minister to the thousands lost in spiritual

darkness in Sri Lanka" (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:28). Hy skakel by sy nuwe gemeente binne die Dutch Reformed Church in Sri Lanka in en druk sy stempel op die gemeente af. In dié tyd is die kerksaal gerestoureer, die tuin is weer onder beheer gebring en die gemeente groei geestelik pragtig. Met die hulp van die kerk in Sri Lanka en die kommissie kon hy weer sy roeping ten volle uitleef.

Die Kommissie vir Wêreldsending het ds. Thurairajah weer eens verseker van hul ondersteuning en voorbidding. Die kommissie het 'n beroep op alle kerkrade binne die Sinode van Wes-Transvaal gedoen om saam met hul gemeentes voorbidding te doen vir die Thurairajah-gesin (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:10-12).

## 5.4 DIE SIEKTE EN AFSTERWE VAN DS. THURAIRAJAH

Sedert ds. Thurairajah in Colombo gearriveer het, blyk dit dat sy gesondheid nie verbeter het nie. Na die terugslag in Kanada het sy toestand slegs versleg.

Tydens 'n telefoonkonferensie van die Kommissie vir Wêreldsending op 2 Maart 1993 berig ds. Du Plessis dat dit glad nie goed gaan met ds. Thurairajah se gesondheid nie. Dokters het ds. Thurairajah meegedeel dat hy nie meer lank sou lewe nie. Ds. Thurairajah rig 'n versoek aan ds. Du Plessis om hom in Sri Lanka te besoek. Hy wou graag finale reëlings met ds. Du Plessis aangaande die voortsetting van die werk en sy

persoonlike sake tref (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:4-5). Deur die jare heen het 'n hegte vriendskap tussen di. Du Plessis en Thurairajah ontwikkel.

Die Kommissie vir Wêreldsending gee ds. Du Plessis toestemming om dadelik na Sri Lanka te vertrek. Tydens die skriba se besoek aan Sri Lanka deel hy ds. Thurairajah namens die kommissie mee dat:

- indien hy bedlêend sou word, die kommissie hom vir ses maande salaris en reiskoste sou betaal.
- na die ses maande die kommissie sy salaris vir 'n verdere ses maande oorbetaal.
- indien hy sterf, die kommissie alle moontlike onkostes sou betaal.

Ds. Thurairajah rig die versoek aan ds. Du Plessis dat indien hy sterf hy die begrafnisrede moet waarneem. Ds. Du Plessis gee die versekering aan ds. Thurairajah dat die kommissie na sy vrou sal omsien. 'n Laaste versoek van die kant van ds. Thurairajah is dat die kommissie en dan veral ds. Du Plessis sy vrou moet bystaan om die geld van sy lewenspolis te belê . Hy bedank die kommissie en veral ds. Du Plessis vir hul hulp en bystand deur al die jare heen (Kommissie vir Wêreldsending,29 Maart 1993:4-5).

Verdere samesprekings word met ds. Charles Jantz van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en mev. Thurairajah gevoer. Ds. Jantz gee die kommissie die versekering dat van die kerk se kant af ook na mev. Thurairajah omgesien sou word.

Vir di. Thurairajah en Du Plessis was die samesprekings nie maklik nie. Beide het egter die voorreg gehad om rustig met mekaar te gesels en reëlings vir die laaste maal te tref. Die afskeid by die lughawe was 'n emosionele geleentheid vir die twee groot vriende. Met die besef dat hy sy vriend en kollega vir die laaste maal lewend sou sien, keer ds. Du Plessis na Suid-Afrika terug.

Toe sy vrou merk dat sy gesondheid drasties verswak het, neem sy hom na Indie. Vriende moes haar help om hom na die lughawe en tydens die vlug na Indië te ondersteun; hy was alreeds te swak om homself te help. Op 13 Maart 1993 sterf ds. Rajkumar Thurairajah in 'n hospitaal in Madras, Indië.

Die afsterwe van ds. Thurairajah was baie gouer as wat almal verwag het. Skokgolwe het deur die kerk in Sri Lanka en Suid-Afrika getrek na die afsterwe van dié sendeling. Reëlings is so getref dat ds. Du Plessis, skriba van die Kommissie vir Wêreldsending, die begrafnis kon bywoon (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:7-8). Ds. Du Plessis sou die begrafnisrede waarneem en die Sondag in die tuisgemeente van ds. Thurairajah optree.

Die kommissie besluit in Suid-Afrika voor die vertrek van ds. Du Plessis dat:

- die laaste paaiement van sy voertuig betaal sou word en dat die voertuig dan die eiendom van mev. Thurairajah sou word;
- mev. Thurairajah tot einde Junie 1994 kosteloos in die huis kon aanbly; daarna sou sy self die huur moet betaal of alternatiewe verblyf kry;

- ses maande se salaris en toelaes aan haar uitbetaal sou word;
- al die gemeentes in die Sinode van Wes-Transvaal in kennis gestel sou word van die dood van ds. Thurairajah (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:7-8).

Op 20 Maart 1993 vind die begrafnis van ds. Rajkumar Thurairjah in Colombo plaas. Die begrafnisdiens vind plaas vanuit die Kohuwela Kerk waar hy tot en met sy afsterwe leraar was. 'n Gedenkdiens is ook in die Wellwatte gemeente gehou. Baie mense het die twee dienste bygewoon en opmerklik was die aantal heidene wat hul laaste eerbetoon aan die ontslape ds. Thurairajah gebring het. Al die leraars van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het aan die dienste deelgeneem wat deur ds. Charles Jantz gelei is. Die diens het begin soos ds. Thurairajah dit versoek het, met die sing van *What a friend we have in Jesus* (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1993:10-11).

Ds. Du Plessis neem sy boodskap uit 1 Korintiërs 13:13: die geloof, die hoop en die liefde. Hierna het almal na die begraafplaas beweeg waar die oorskot van ds. Thurairajah veras is. Later word sy as by Jaffna gestrooi waar hy grootgeword en gewerk het. Hy sou die begrafnis graag in Jaffna wou gehad het, maar die voortslepende burgeroorlog het die wens onmoontlik gemaak.

## 5.5 SAMEVATTING

In 'n baie kort tydperk het ds. Thurairajah groot suksesse in die noorde van Sri Lanka, Jaffna asook in Colombo behaal.

In Jaffna het hy in 1980 begin met Christian Communications wat gegroei het tot 'n suksesvolle uitreikaksie na die heidene. Saam met die Kommissie vir Wêreldsending van die Sinode van Wes-Transvaal het hy 'n waardevolle bydrae gelewer (Die Sendingblad, Augustus 1983:243-244).

Die metodes wat ds. Thurairajah gebruik het, kan tydens sy bediening te Jaffna soos volg saamgevat word:

- Deur middel van Christian Communications het hy die evangelie aan die massas heidene in Jaffna gebring. Alle navrae wat uit die aksie gespruit het, het hy opgevolg. Christian Communications was meer op die makrovlak gerig: die bekendstelling van die evangelie aan die massas. Hierdie aksie het ds. Thurairajah veral vanaf die mark in Jaffna geloods.

- Op mikrovlak het ds. Thurairajah die evangelie aan die mense van die dorpie Sandilpay gebring. Hy en sy vrou het die inwoners van die dorpie persoonlik besoek en die evangelie aan hulle gebring. Belangstellendes het hy weer besoek en meer inligting aangaande die Christendom deurgegee.

- Die bekeerlinge moes geakkommodeer word en spoedig is 'n kerkgebou te Jaffna opgerig. In hierdie stadium moes ds. Thurairajah meer aandag aan die opbou van die plaaslike gemeente gegee. Eredienste en bidure is gereeld gehou en die bekeerlinge is gedoop.

- 'n Belangrike deel van ds. Thurairajah se plan van aksie was om die bekeerlinge in so 'n mate toe te rus dat hulle self kon uitgaan om die

evangelie te verkondig. Dit was een van die vernaamste redes waarom die werk tydens sy afwesigheid in Jaffna kon voortgaan.

In Colombo moes hy sy bediening aanpas by die stadsituasie, maar sy sendingvisie het dieselfde gebly. Vanaf Colombo het hy die werk in Jaffna gekoördineer. Hy het met uitbreidings, soos Bybelkorwerk, in Colombo begin en ook op hierdie terrein waardevolle werk verrig. Hy het nog soveel ideale gehad om die Woord aan die miljoene heidene in Sri Lanka te bring, maar die Here het egter anders beskik.

Ds. Thurairajah het veral ten opsigte van die volgende 'n belangrike rol vervul:

- Hy het as 'n lewende voorbeeld vir die **Dutch Reformed Church in Sri Lanka** gedien. Met sy sendingpogings in die noorde van Sri Lanka het hy aan die kerk getoon dat daar miljoene mense in Sri Lanka is wat die evangelie nog nooit gehoor het nie. Sy werk te Jaffna het ook bewys gelewer dat die mense 'n behoefte aan die evangelie van God gehad het. Hy het gemeen dat indien die Dutch Reformed Church in Sri Lanka sy voortbestaan wou verseker, daar daadwerklik aan sendingwerk aandag gegee sou moes word. Na sy terugkeer na Colombo het hy weer eens deel van die Dutch Reformed Church geword en kon hy sodoende die kerk van binne beïnvloed ten opsigte van sendingwerk.
- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en by name die **Sinode van Wes-Transvaal** kon deur middel van hul betrokkenheid by ds.Thurairajah hul visie vir Wêreldsending uitleef. Ds. Thurairajah het aan die kommissie die geleentheid gebied om in Sri Lanka by sendingwerk betrokke te raak. Sy ywer en entoesiasme het vir die

lede van die kommissie as voorbeeld gedien. Saam kon die twee partye die evangelie daadwerklik in Sri Lanka verkondig.

Kritiek kan teen die bedieningspatroon van ds. Thurairajah in Jaffna uitgespreek word. Hy het slegs op woordverkondiging gekonsentreer en weinig aandag aan die inskakeling van die bekeerlinge in die kerk gegee. Die gemeente in Jaffna het ook in isolasie gefunksioneer sonder enige kontak met ander kerke. Deur die bedanking van ds. Thurairajah uit die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het hy dié kerk egter gedwing om meer indringend na hul sendingbenadering te kyk. In hoofstuk 7 word die bydrae wat ds. Thurairajah in Sri Lanka gelewer het, aan die hand van die drie-dimensionele sendingdefinisie, meer volledig beoordeel.

Die naam Rajkumar Thurairajah sal egter nog lank in die gedagtes van die mense van Sri Lanka en Suid-Afrika bly. Hy het 'n blywende indruk gemaak op die mense wat saam met hom gewerk het. Die talente wat hy van die Here ontvang het, het hy na die beste van sy vermoë gebruik. Sy lewe het gedraai om sy liefde vir sy God en sy liefde vir sy mense. Waar hy as leraar gewerk het, het daar geestelike herlewing gekom (Kommissie vir Wêreldsending, 19 April 1991:7).


Lede van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka met wie hy nie altyd saamgestem het nie, het vir hom en sy werk net die grootste waardering gehad. In die laaste jare het hulle almal as 'n span saamgewerk en het sy kennis vir die Dutch Reformed Church in Sri Lanka baie beteken.

Die laaste gemeente waar hy gewerk het, was die gemeente Kohwela. Hul dankbaarheid vir sy werk in die gemeente word uitgebeeld op 'n

gedenkplaat wat in die kerkgebou aangebring is. Die nagedagtenis van ds. Thurairajah sal hulle altyd bybly (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:54).

Ds. Charles Jantz, moderator van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka, het die begrafnisdiens van ds. Thurairajah op 'n treffende manier afgesluit:

> "For our dear brother Rajkumar Thurairajah and all the saints who from their labour rest - Hallelujah"
>
> (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Maart 1991:28).




Die gedenkplaat in die gemeente Kohuwela

# HOOFSTUK 6

# DIE WERK VAN DIE KOMMISSIE VIR WÊRELDSENDING VAN DIE SINODE WES-TRANSVAAL

## 6.1 AGTERGROND

Gedurende die tagtigerjare beleef Suid-Afrika 'n moeilike tyd. As gevolg van die politieke bestel in die land word Suid-Afrika van die res van die wêreld geïsoleer. In dié tyd is ekonomiese sanksies op Suid-Afrika toegepas en nêrens in die wêreld sou Suid-Afrikaners meer onvoorwaardelik welkom wees nie. Die res van die wêreld poog om soveel druk op die Suid Afrikaanse regering te plaas dat hulle onder die geweldige druk sou swig.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk beleef in dié tyd ook van sy moeilikste jare in die geskiedenis. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk word beskuldig dat die kerk die regering se apartheidsbeleid steun. In die buiteland word die kerk as 'n instrument in die hande van die regering beskou. Die Wêreldbond van Gereformeerde kerke is een van vele kerklike organisasies wat besluit om apartheid en die ondersteuners van dié beleid, te isoleer. Om dié rede was die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook nie meer oral in die wêreld welkom nie.

Die kerk ondervind probleme op sendingvelde in Afrika. In Afrika het 'n weerstand teen Suid-Afrika opgebou. Sendelinge moes werkspermitte verkry alvorens hulle in sekere lande van Afrika kon werk en as gevolg van dié politieke beleid in Suid-Afrika was dit vir sendelinge moeilik om die permitte te verkry (Cronje, 1981:390).

Op soek na 'n sendingveld buite die grense van Suid-Afrika was Afrika vir die Sinode van Wes-Transvaal dus nie 'n opsie nie omdat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie daar altyd welkom was nie. Daarom moes die Sinode van Wes-Transvaal 'n alternatiewe sendingveld vind.

Teen dié agtergrond moet die besluit van die Sinode Wes-Transvaal gesien word om sendingwerk buite Afrika te gaan doen:

Tydens die sitting van die Sinode van Wes-Transvaal vanaf 10-19 Julie 1979 dien ds. J. H. Herholdt 'n beskrywingspunt in namens die ring van Potchefstroom aangaande 'n pos vir Wêreldsending. "Die Sinode besluit om 'n sendingpos met die oog op wêreldsending te skep en dra dit aan die Sinodale Sending Kommissie op om die saak te ondersoek met die oog op praktiese uitvoering en te handel na bevind van sake met die begrotingskommissie" (Agenda Sinode Wes-Transvaal, 1979:508). Die Sinode het die beskrywingspunt in behandeling geneem en besluit dat 'n pos vir wêreldsending geskep kan word (Handeling Sinode Wes-Transvaal, 1979:740 en 834).

Op 'n Sinodale sendingkommissievergadering te Lichtenburg word die volgende persone aangestel om ondersoek in te stel na 'n moontlike sendingveld buite Suid-Afrika: di. J. H. Herholft, E. Botha en J. v. W. du

Plessis. Ds. W. J. Olwagen (Mema) sou by die geselskap in Hong Kong aansluit vanwaar hy en die ondersoekspan Singapoer en Sri Lanka sou besoek.

Die lede van die ondersoekspan skakel vooraf met kontakpersone in elke land wat besoek sou word. Na al die voorbereidings en beplanning vertrek die span op 14 Januarie 1980 na hul eerste bestemming, Parys, Frankryk (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:2-3).

Die uiteindelike doel van die besoek aan die buiteland was om 'n geskikte sendingveld te vind waarby die Sinode van Wes-Transvaal betrokke kon raak. Die besoek aan die buiteland word volledig behandel sodat die leser 'n geheelbeeld kan kry. Die bevindinge en aanbevelings van die ondersoekspan word weer eens volledig uiteengesit. Die span se besoek aan die buiteland en hul aanbevelings dien dus as agtergrond waarteen die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk in Sri Lanka behandel en beoordeel sal word.

### *6.1.1 Die lande wat die ondersoekspan besoek het*

#### *6.1.1.1 Frankryk*

Kontak is vooraf met ds. Kayayan van die Perspectives Reformees bewerkstellig. Die organisasie is veral daarop gerig om die evangelie deur middel van die radio aan die mense in Frankryk te bring. Na gesprekke met ds. Kayayan en sy vrou het die span weer eens die geestelike nood in Frankryk besef, 'n land wat geestelik agteruitgegaan het en wat die Blye Boodskap dringend nodig het. Die span moes

besluit of daar by die bestaande werk ingeskakel sou word en of 'n nuwe sendingaksie van stapel gestuur moes word. Frankryk is die land waarvandaan die Hugenote gevlug het ter wille van hul godsdiens. Die situasie tans is dat Frankryk 'n baie groot sendingveld is waar meer as veertig miljoen mense het geen kontak meer met die evangelie het nie.

Die aanbeveling van die kommissie was dat indien die besluit op Frankryk sou val, die werk van ds.Kayayan ondersteun kon word (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:4).

*6.1.1.2 Amerika*

In Amerika was daar verskeie kenners ten opsigte van sendingwerk in die Ooste. Die ondersoekspan wou graag met die kenners samesprekings voer om meer te wete te kom hoe om sendingwerk in die Ooste aan te pak. Samesprekings is met ds. Bern Brunsting van die Greenville Reformed Church en ds. Edwin Luidens van die National Council of Churches van die Verenigde State van Amerika gevoer. Ds. Luidens het die kommissie gehelp om met sendelinge in die Ooste kontak te maak en afsprake was gereël vir die kommissie se besoek aan die Ooste (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:5).

*6.1.1.3 Japan*

In Japan was met ds. Tobie de Wet kontak gemaak. Hy het as gids vir die kommissie opgetree en hulle op 'n toer deur Tokio geneem. Hier het die span weer eens die geestelike nood van die mense van Japan ervaar waar slegs 1,2% van die bevolking Protestante is.

Na samesprekings met ds. De Wet en verskeie Japannese kerkleiers is die volgende geïdentifiseer waar moontlike hulp verskaf kon word:

- Die plaas van 'n sendeling in Osaka om onder die groot aantal seemanne te werk. Dié persoon sou ook behulpsaam kon wees om die Christene in Osaka en Tokio te bearbei.
- Daar is in Japan 'n groot aantal vlugtelinge vanuit Rooi-Sjina. Die mense lewe in swak toestande en het materiële sowel as geestelike hulp nodig.
- Die moontlikheid is uitgespreek dat Japan as basis gebruik kon word vir Bybelverspreiding na Sjina.

#### *6.1.1.4 Korea*

Die kerk in Korea het 'n blywende indruk op al die lede van die kommissie gelaat. Lede was uitgenooi om 'n erediens by die Youn Nak Presbiteriaanse Kerk met sy baie lede by te woon. Die kerk het sy ontstaan aan die duisende vlugtelinge uit Noord-Korea te danke (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:6-7).

Dr. C. Allen was die eerste sendeling wat Korea besoek het. Hy was in 1845 deur die Presbiteriaanse kerk van Amerika na Korea gestuur. Deur die verloop van jare het die Presbiteriaanse kerk 'n groot rol in Suid Korea gespeel. Sendelinge kon egter nie altyd vryelik in Korea werk nie. Gedurende die Japannese oorheersing was dit vir alle sendelinge lewensgevaarlik om in Korea te werk.

Die kerk in Korea is veral vir hul gebedslewe bekend. Die kerk in Korea beleef tans 'n herlewing soos nog nooit tevore nie as gevolg van hul voorbidding vir herlewing in hul land. Tydens 'n erediens wat die kommissielede by die Youn Nak-kerk bygewoon het, was daar twee duisend mense in die kerk teenwoordig. Die lede van die kommissie is dit eens dat baie by die kerk in Korea geleer kan word. Om kontak met die kerk te behou, was van groot belang vir die kommissie (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:8-10).

#### *6.1.1.5 Taiwan*

Inwoners van dié eiland is meestal vlugtelinge van die vasteland Sjina. Kontak was met dr. Charles Chao gemaak wat die kommissie sou help met hul ondersoek in Taiwan. Hy was besig om teologiese werke in Mandaryns te vertaal om dit vir die Sjinese bevolking meer toeganklik te maak.

Die behoefte wat in Taiwan geïdentifiseer is, is 'n tekort aan sendelinge wat by universiteite en kolleges kan doseer. Studente is gretig om Engels te leer en die aanknopingspunt moet ten volle benut word ( Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:10-11).

#### *6.1.1.6 Singapoer*

Die Presbiteriaanse kerk is stewig in Singapoer gevestig, maar het nie die lewenskragtigheid van dieselfde kerk in Korea nie. Heelwat Sendinggenootskappe het hul hoofkantore in Singapoer. Die stad word as 'n basis gebruik om die hele Asië te bedien.

Die kerkleiers in Singapoer het die behoefte uitgespreek dat die Kommissie vir Wêreldsending met hulle moet skakel. Die versoek is na die Sinodale Sendingkommissie verwys (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:11-12).

#### *6.1.1.7 Hong Kong*

Tydens die tyd van die ondersoek was Hong Kong uiters strategies geleë om die ganse Ooste te bereik. Hier ontmoet Weste en Ooste mekaar. Rooi Sjina kon met gemak vanuit Hong Kong bedien word.

Lede van die kommissie was van die oortuiging dat Hong Kong as basis gebruik kan word om sendingwerk in Sjina te doen. Die hawe kon gebruik word om Christelike lektuur en materiaal na Sjina *uit te voer*. In Hong Kong is daar tans verskeie organisasies wat in Sjina sending en evangelisasiewerk doen.

In samesprekings met kerkleiers in Hong Kong word die visie genoem om een miljoen Bybels Sjina in te neem. Die Kommissie vir Wêreldsending beloof om 'n aantal Bybels beskikbaar stel vir die kerk in Hong Kong en op hul beurt kan die kerk in Hong Kong die Bybels aan Christene in Sjina lewer (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:13-14).

#### *6.1.1.8 Sri Lanka*

Ds. Rajkumar Thurairajah oor wie breedvoerig in die vorige hoofstuk

gehandel is, was die persoon in Sri Lanka met wie die kommissie geskakel het. Hy het hulle by die lughawe ontmoet en tydens hul besoek aan Sri Lanka vergesel.

Die Algemene Sinodale Sendingkommissie het die Sinodale Sendingkommissie van Wes-Transvaal per brief in kennis gestel van die werk van ds. Thurairajah in Sri Lanka. Sy agtergrond en dan veral sy sendingvisie was aan die lede van die kommissie bekend.

Ds. Thurairajah is deur die Here geroep om onder die Tamils in die noorde van Sri Lanka te werk. Sy ideaal was om deur middel van visuele hulpmiddels die Woord van die Here aan die mense van Jaffna te bring. Vir die doel stig ds. Thurairajah Christian Communications. Die kommissie voel dat dié projek verder ondersteun moet word. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het klaarblyklik geen sendingvisie nie. Die kerk in Wes-Transvaal sien hier die geleentheid om betrokke te raak by sendingwerk in Sri Lanka (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:15).

Die toestande en die geestelike nood in Sri Lanka het elke lid van die span aangegryp. Die kommissie besef dat die land en sy mense die hulp van die Sinode Wes-Transvaal nodig het.

### *6.1.2 Aanbevelings van die ondersoekspan*

Die kommissie wat moontlike sendingvelde moes ondersoek, het na hul terugkoms in Suid-Afrika die volgende aanbevelings aan die Sinodale Sendingkommissie gedoen:

*6.1.2.1 Ds. R. Thurairajah in Sri Lanka*

Die lede van die span beveel aan dat Wes-Transvaal verantwoordelikheid vir die werk van ds. Thurairajah aanvaar. Die kommissie sou ook vir die lewensonderhoud van ds. Thurairajah verantwoordelik wees. Die ooreenkoms sou vir vier jaar opgestel word en dan jaarliks hernu word. In 1980 het die lewensonderhoud van ds. Thurairaja sowat R3 000-00 per jaar beloop.

Die kommissie stel voorts voor dat 'n ateljee vir hom ingerig word. Mema sou gevra word om met die inrig van die ateljee behulpsaam te wees (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:16).

*6.1.2.2 Een miljoen Bybels na Rooi Sjina*

Die kommissie is van menig dat bogenoemde 'n projek van die Sinode van Wes-Transvaal kon word. Die Bybels word na Hong Kong geneem vanwaar dit Rooi Sjina ingeneem sal word (Sinodale sendingkommissie, 11 November 1979:16).

*6.1.2.3 Radiowerk*

Die werk van Trans Wêreldradio het die lede in al die lande beïndruk. Uitsendings na Sjina, Indië en ander plekke maak die Ooste *oop* vir die evangelie.

Die kommissie stel voor dat radiouitsendings na Rooi-Sjina begin moes word en dat fondse vir die projek ingesamel moes word.

#### *6.1.2.4 Kursusse*

Die kommissie was van menig dat Bybelkorkursusse so spoedig moontlik beskikbaar gestel moes word om in die Ooste aangewend te word (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:17). *Bybelkor* in Suid-Afrika se doelstelling is om die evangelie uit te dra en die toerusting van gelowiges en draers van die besondere ampte deur middel van Bybelstudiegidse- en skolingskursusse (Jaarboek, 1992:6 ).

#### *6.1.2.5 Ander sake wat die kommissie van ondersoek aanbeveel het*

- Vertaalwerk deur dr. Chao

  Dat die hulp van die kerkrade gevra moet word in die poging om fondse te vind om die projek te ondersteun (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:17)

- Chung Yuan Christian College

  Gelowige afgestudeerde studente moes in Suid-Afrika gevind word om Engels by bogenoemde kollege te doseer (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:17).

- Brosjure

  Dit was noodsaaklik dat die werk in die Ooste aan die mense in Suid-Afrika bekend gestel moes word. 'n Brosjure moes gedruk en aan elke gemeente versprei word (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:17).

- Kommissie vir Wêreldsending

  Die ondersoekkommissie beveel aan dat 'n subkommissie vir wêreldsending saamgestel moet word om die werk te koördineer. Die kommissie moes kontak met die kerke in die Ooste, en veral dan ook Korea, bewerkstellig (Sinodale Sendingkommissie, 11 November 1979:17-18).

### *6.1.3 Samevatting*

Die besluit om by sendingwerk in die Ooste betrokke te raak, het uit die aard van die saak finansiële implikasies ingehou. Hierdie implikasies is met die begrotingskommissie bespreek. Die ideaal van die Kommissie vir Wêreldsending was om uitsluitlik op vrywillige bydraes staat te maak.

Met die aanbevelings van die lede wat die ondersoek behartig het, het die Sinode van Wes-Transvaal nou 'n geleentheid gehad om by sendingwerk in die Ooste betrokke te raak. Die Kommissie vir Wêreldsending wat die werk sou koördineer, het besef dat 'n groot taak op hulle wag. Al die gemeentes in die sinodale gebied van Wes-Transvaal sal van die werk in die Ooste bewus gemaak moes word. Daar sal swaar op lidmate, kerkrade en hul leraars gesteun word.

Die befondsing van die werk sou deur middel van vrywillige bydraes gevind moes word. Geen finansiële hulp sou van Sinodale kant ontvang word nie.

Die sendingwerk deur die kommissie is in die geloof aangepak. Die kommissie was daarvan oortuig dat die Here die fondse sou voorsien en dat die werk in die Ooste sou groei, met die uiteindelike doel voor oë dat die koninkryk van God uitgebrei sou word en dat die miljoene verlore mense in die Ooste die geleentheid gebied sou word om Jesus Christus as hul Verlosser en Saligmaker aan te neem.

Na aanleiding van die aanbevelings van die ondersoekspan is dit duidelik dat die Kommissie vir Wêreldsending by meer velde in die Ooste as net Sri Lanka betrokke sou wees. Vir die doeleindes van die navorsing sal slegs aandag aan die betrokkenheid van die kommissie in Sri Lanka gegee word.

In die **bylae** aan die einde van die verhandeling word die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk in die Ooste volledig bestudeer. Die volgende aspekte geniet aandag:

- Die totstandkoming en beleid van die Kommissie vir Wêreldsending.
- Ander sendingvelde in die Ooste waar die Kommissie vir Wêreldsending betrokke is, Sri Lanka uitgesluit.
- Terreine waar die Kommissie vir Wêreldsending 'n leidende rol gespeel het.

## 6.2 SAMEWERKING TUSSEN DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING EN DS. THURAIRAJAH TEN OPSIGTE VAN SENDINGWERK IN SRI LANKA

### *6.2.1 Eerw. Abraham de Klerk en die Kommissie vir Wêreldsending*

Eerw. de Klerk het as' t ware die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka voorgegaan. Van die ouer lidmate van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka kan steeds vir eerw. de Klerk onthou. As gevolg van die wonderlike werk wat hy in Sri Lanka verrig het, was die kommissie van die begin af welkom in Sri Lanka. Die rol wat eerw. de Klerk in Sri Lanka gespeel het, is van groot belang vir die Kommissie vir Wêreldsending. Die bekende de Klerk kerk in Colombo is sprekend van die sukses wat eerw. De Klerk in Sri Lanka behaal het. Die kommissie het verantwoordelikheid aanvaar om die pragtige kerkgebou in stand te hou.

Ds. Thurairajah het gehelp om die graf van eerw. De Klerk in stand te hou met die finansiële hulp van die kommissie. Tydens besoeke van lede van die kommissie aan Sri Lanka is die graf besoek en 'n kranse gelê . Ds. Thurairajah help ook met die onderhoud van die grafte van die Boerekrygsgevangenes in dieselfde kerkhof (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Februarie 1982:2).

Ds. J.W.L. Hofmeyr het 'n boek geskryf aangaande die lewe en werk van eerw. De Klerk. Die boek het as belangrike agtergrond vir die kommissie gedien. Die kommissie het met die Nasionale Pers onderhandel om die boek te herdruk maar die nodige toestemming moes verkry word alvorens die boek herdruk kon word (Kommissie vir

Wêreldsending, 9 Februarie 1982:2). Dit het nie gerealiseer nie en die geskiedenis van eerw. De Klerk is dus op rekenaar geplaas en aan die lede van die kommissie gestuur (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:94-95).

Die rol wat eerw. De Klerk in Sri Lanka gespeel het, was vir die Kommissie vir Wêreldsending baie belangrik sodat die Christene in Suid-Afrika die geskiedenis rondom die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka kon leer ken.

Die beleid van die Kommissie vir Wêreldsending was eenvoudig. Die kommissie wou die woord van die Here aan die mense in veral Sri Lanka bring. Hierdie betrokkenheid in die Ooste moes op die doeltreffendste manier geskied. In Sri Lanka en die ander dele van die Ooste waar die kommissie betrokke was, is van plaaslike sendelinge gebruik gemaak. Die Kommissie vir Wêreldsending het die persone vanuit Suid-Afrika bygestaan en ondersteun.



Die bekende De Klerk Kerk in Colombo

### *6.2.2 Ds. Rajkumar Thurairajah*

#### *6.2.2.1 Inleiding*

Die besluit van die Kommissie vir Wêreldsending was om die werk van ds. Rajkumar Thurairajah in Sri Lanka te ondersteun. Omdat Sri Lanka en Suid-Afrika ver van mekaar verwyder was, moes die kommissie 'n bepaalde strategie vind om die werk te laat slaag. Afstand, kommunikasie en eiendom is slegs enkele probleme wat die kommissie sou moes oorkom.

Die kommissie vaardig di. Du Plessis en Van Niekerk af om Sri Lanka in 1980 te besoek met die doel om met ds. Thurairajah samesprekings te voer aangaande die werk. Hul taak was om vas te stel hoe om 'n sendingprojek vanaf Suid-Afrika in Sri Lanka te bedryf. Alle aspekte wat die betrokkenheid van die kommissie in Sri Lanka raak, moes ondersoek word. Nadat die lede Sri Lanka besoek het, moes hulle aan die kommissie terugrapporteer.

Di. Van Niekerk en Du Plessis was van mening dat 'n sendingraad in die lewe geroep moes word wat die werk in Sri Lanka kon koördineer. Alle eiendom en geboue wat bekom word, sou dan in die naam van die raad geregistreer word (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1980:1). Lede van die kommissie asook persone werksaam in Sri Lanka sou in die sendingraad dien. Die kommissie besluit dat die raad uit drie lede van die Jaffnagebied, vier lede van die Kommissie vir Wêreldsending en een lid van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka sou bestaan. Die

lid van die Dutch Reformed Church sal slegs 'n adviserende stem hê. Die kommissie besluit verder dat indien die raad in Suid-Afrika vergader, die voorsitter van die Kommissie vir Wêreldsending as voorsitter sou optree. Indien die raad in Sri Lanka, vergader sou ds. Thurairajah as voorsitter optree. 'n Reglement sou opgestel word om te bepaal hoe die raad sou funksioneer (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1981:2). Die kommissie besluit verder dat die volgende lede die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers sou wees:

- Ds. P. van Niekerk.
- Ds. J. D. Herholdt.
- Ds. E. Botha.
- Ds. B. Badenhorst.
- Ds. J.v.W. du Plessis (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Maart 1981:2).

Weens verskeie redes het die stigting van die sendingraad nooit gerealiseer nie. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was nie positief oor die kommissie se betrokkenheid by die werk van ds. Thurairajah nie. Aan die ander kant het die kommissie vroeg reeds besef dat die kerk die werk sou vertraag. Ds. Thurairajah en die Kommissie vir Wêreldsending het dus as vennote in die noorde van Sri Lanka opgetree.

Dit is belangrik om te besef dat die kommissie se werk in Sri Lanka nie los van ds. Thurairajah gesien kan word nie. Hy het as 'n agent vir die kommissie in Sri Lanka opgetree. Met die hulp van die kommissie kon ds. Thurairajah sy ideaal verwesentlik. Die kommissie kon aan die ander kant, met hul betrokkenheid by die werk van ds. Thurairajah, hul roeping om sendingwerk in die Ooste te doen, uitleef. Saam kon die twee partye

hul visie om die Woord van die Here aan die mense in die noorde van Sri Lanka te bring, uitleef.

### *6.2.2.2 Sy werk te Jaffna*

Ds. en mev. Thurairajah was vandat hulle na Jaffna verhuis het, besig om na die mense van die omgewing uit te reik. Elke Sondag is omtrent tien myl per voet afgelê om gesinne te besoek. Meer as twee honderd huisgesinne is op die manier bereik. Tagtig van die gesinne het versoek dat hy opvolgbesoeke moes doen. Vir die kort tydperk wat ds. Thurairajah in Jaffna besig was om sendingwerk te doen, het hy merkwaardige sukses behaal (Kommissie vir Wêreldsending, 30 Oktober 1980:2).

Om sy tyd optimaal te benut, besluit die kommissie om vir ds. Thurairjah 'n kombi aan te koop. Hiermee kon hy sy mense makliker besoek en die kombi kon ook vir die werk van Christian Communications aangewend.

As gevolg van die groeiende belangstelling het 'n kerkgebou noodsaaklik geword. Die dienste is vir eers in die huis waar ds. Thurairajah woon, gehou. Daar is besluit dat die huis waarin ds. Thurairajah woon, moontlik gekoop kon word, want die erf sou ruim genoeg wees vir die bou van 'n kerk (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1980:4). Die belangstelling in die evangelie groei verder en in 1980 woon reeds 118 persone die eredienste in Jaffna by. Bekeerlinge vanuit die heidendom word voorberei om op Goeie Vrydag belydenis van geloof af te lê. Ds. Thurairajah was verder besig om 'n Sondagskool vir al die kinders daar te stel (Kommissie vir Wêreldsending, 22 September

1980:1).

Die oorspronklike gedagte van die kommissie en ds. Thurairajah was om alle bekeerlinge by die Dutch Reformed Church in Sri Lanka in te skakel. Die saak sou egter deeglik ondersoek moes word of dit die beste oplossing sou wees. Die verhouding tussen die kommissie en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was baie onseker. Die probleem blyk dus te wees of die bekeerlinge vanuit die heidendom by die Dutch Reformed Church in Sri Lanka ingeskakel moes word en of ds. Thurairajah met kerkstigting in Jaffna moes voortgaan.

Na die bedanking van ds. Thurairajah uit die Dutch Reformed Church in Sri Lanka stig hy Christian Communications om deur middel van visuele middele die evangelie aan die mense in Jaffna te bring. Hy beplan om sy kombi met 'n skyfieprojektor en 'n klankstelsel toe te rus om byvoorbeeld by die mark in Jaffna sendingwerk te doen. Di. Du Plessis en Botha het die nodige middele vir ds. Thurairajah in Colombo bekom. Met die toerusting kon ds. Thurairajah soveel meer mense bereik om hulle van die evangelie bewus te maak (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:2).

Ds. Thurairajah het die kombi vir vele take gebruik, soos om van die mense met vervoer te help en siekes na die hospitaal te neem. Ds. Thurairajah se werk het veral om die volgende dorpies gesentreer: Sandilipay, Uri en Alaveddy. Die oprigting van 'n kerkgebou is vir die gemeente eerste prioriteit. Van die lede was bereid om grond vir die saak te skenk (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:10).

Tydens 'n besoek van lede van die kommissie versoek ds. Thurairajah

dat indien moontlik riglyne vir hom neergelê moes word hoe om in Jaffna met die werk voort te gaan. Na samesprekings besluit die lede van die Kommissie vir Wêreldsending saam met ds. Thurairajah dat die volgende riglyne ten opsigte van die werk sou geld:

- Ds. Thurairajah moes eers die werk in die drie dorpies konsolideer.
- Dat gemeentebou vooropgestel sou word.
- Gereelde bidure, Bybelstudies en gemeente-aktiwiteite moes ingestel word.
- Waar moontlik sou geboue opgerig word, maar die kommissie sou eers fondse vir die projekte moes vind.
- Indien enige persoon eiendom aan die kerk skenk of beskikbaar stel, moes voorwaardes eers vasgestel word (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:10-11).

Na die vertrek van die lede van die kommissie het ds. Turairajah voortgegaan om die gemeente in die drie dorpies te vestig. Elke oggend kom hy en sy werkers byeen vir 'n biduur alvorens daar met huisbesoek begin word. Tydens die biduur word probleme bespreek en strategieë word bepaal om meer mense uit die heidendom te bereik (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Februarie 1982:4).

Die universiteit in Jaffna is deur ds. Thurairajah as 'n belangrike vertrekpunt beskou om met die jongmense kontak te maak. Die jeug vanuit die noorde van Sri Lanka gaan na die universiteit vir hul opleiding (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Februarie 1982:4).

As gevolg van die **voortslepende burgeroorlog** in Sri Lanka is die werk van ds. Thurairajah en die Kommissie vir Wêreldsending nadelig

beïnvloed. Die regering van Sri Lanka bevries alle Tamils se geld in banke en die probleem was dus om fondse by ds. Thurairajah te kry vir die werk. 'n Oplossing vir die probleem was om drie maande en meer se salaris van ds. Thurairajah op 'n manier vooruit aan hom te betaal. Later besluit die kommissie egter om die fondse vir een jaar vooruit aan ds. Thurairajah te betaal.

Die burgeroorlog was nie die enigste terugslag wat die kommissie se werk in Sri Lanka getref het nie. Ds. Thurairajah ontvang die tyding dat hy bloedkanker het. Vir die behandeling van sy siekte was dit nie vir hom moontlik om in Jaffna aan te bly nie. Tydens 'n vergadering van die kommissie op 24 Februarie 1989 word besluit dat ds. Thurairajah hom eerder in Colombo moes vestig. Sy skoonvader en die lekewerkers in die gemeente sou in die tussentyd met die werk voortgaan. Ds. Thurairajah kan Jaffna dan drie maandeliks besoek (Kommissie vir Wêreldsending, 24 Februarie 1989:1).

*6.2.2.3 Sy werk te Colombo*

Met sy aankoms in Colombo versoek die Dutch Reformed Church in Sri Lanka ds. Thurairajah om hulle te help met die Tamilwerk binne die kerk. Die Kommissie vir Wêreldsending besluit om toestemming te gee aan ds. Thurairajah om die Dutch Reformed Church in Sri Lanka te help. Tydens sy verblyf in Colombo besoek hy sy suster in Kanada en gaan sy gesondheid verder agteruit. Met sy terugkeer vanaf Kanada na Colombo word hy weer eens aan 'n gemeente van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gemeente gekoppel. Met sy aankoms was die deure van die kerkgebou reeds gesluit omdat die gemeente omtrent nie meer bestaan

het nie. In 'n kort verloop van tyd het net meer as sestig gesinne die eredienste begin bywoon en hulle weer by die gemeente aangesluit. Met behulp van die kommissie is die kerkgebou en die kerksaal van die gemeente opgeknap. Ook hier was ds. Thurairajah besig om in diens van die koninkryk van die Here te staan. In die tyd het hy ook die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gehelp met die opleiding van hul leraars en evangeliste (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:7-8).

In Colombo het ds. Thurairajah sy sendingmetodes aangepas by sy veranderende situasie. Bybelverspreiding, die verspreiding van Christelike lektuur en sy betrokkenheid by Bybelkor het meer op die voorgrond getree (Kommissie vir Wêreldsending, 24 Februarie 1989:1).

Die volgende aspekte het die kern van sy bediening in Colombo gevorm:

- Die **verspreiding van Bybels in Sri Lanka** het 'n belangrike projek van die Kommissie vir Wêreldsending en ds. Thurairajah in Sri Lanka geword. In die brosjures van die kommissie word daar van die projek melding gemaak en is donasies ontvang. Die donasies is spesifiek in Sri Lanka slegs vir die verspreiding van Bybels aangewend (Kommissie vir Wêreldsending, 27 September 1980:3).

  Ds. Thurairajah meld aan die kommissie dat daar 'n tekort aan Tamil-Bybels was. Ds. Thurairajah wou graag aan elk van die bekeerlinge vanuit die heidendom 'n Bybel oorhandig. Om ds. Thurairajah te help met die verspreiding van Bybels, besluit die kommissie om fondse te vind om 'n Bybelverspreidingsprojek in Sri Lanka van stapel te stuur (Samesprekings te Nirwara Eliya, 2 Maart 1982:2).

Om die verspreiding van Bybels in Sri Lanka te laat slaag, koop ds. Thurairajah deur middel van die kommissie 'n aantal bromponies aan. Met die doel om die Bybels oor 'n groter area te versprei (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:1).

Die grootste uitgawes vir die Bybelverspreidingsprojek was die aankoop van die bromponies, Bybels en Christelike lektuur. Om die werk in Suid-Afrika bekend te stel, druk die Kommissie vir Wêreldsending 'n pamflet aangaande die verspreiding van Bybels in Sri Lanka (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991 :9).




Ds. Du Plessis by een van die bromponies wat vir die verspreiding van die Bybels in Sri Lanka gebruik word

Ds. Thurairajah versoek die kommissie om meer fondse vir die Bybelverspreiding beskikbaar te stel om sodoende 'n groter area te kon dek en omdat brandstof, as een van die grootste uitgawes van die projek steeds duurder word in Sri Lanka (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:32- 33).

Die positiewe aspek van die projek is dat dit in 'n groot mate selfonderhoudend was. Uit die winste wat met die verkoop van Bybels gemaak is, kon van die uitgawes gedek word. In 1990 doen ds. Thurairajah verslag dat 20 000 Singalese Nuwe Testamente, 28 000 Tamil-en 12 000 Engelse Bybels verkoop is.

Saam met die Bybels is ook traktaatjies in Engels, Shingalees en Tamil versprei (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:80).

Omdat die projek so uiters suksesvol was, besluit die kommissie in 1993 om opnuut die projek onder die aandag van die Christene in Suid-Afrika te bring. Die skriba, ds. Du Plessis, sou kerkrade per brief herinner aan die belangrike saak. Die vrouediens meld dat hul projek vir 1993 Bybelverspreiding in Sri Lanka sou wees (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:3). In Junie 1994 is alreeds R21 000 vir die verspreiding van Bybels in Sri Lanka ontvang (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Junie 1994:47).

- **Bybelkor** het volgens ds. Thurairajah onbeperkte moontlikhede in Sri Lanka. "We may expect an enrollment of at least ten million here in Sri Lanka in English, Tamil and Shinhalesi ", was die woorde van ds. Thurairajah oor die moontlikheid dat Bybelkorkursusse in Sri Lanka

aangewend kon word. Al was sy berekenings nie op navorsing gebaseer nie, blyk dit dat Bybelkor in Sri Lanka 'n daadwerklike rol kan speel (Kommissie vir Wêreldsending, 22 September 1980:2).

Na samesprekings met ds. Thurairajah reël die kommissie 'n afspraak met die direkteur van Bybelkor vir hul moontlike betrokkenheid in Sri Lanka.

In die samesprekings is op die volgende besluit:

- Bybelkor was bereid om kursusse beskikbaar te stel wat in Sri Lanka aangewend kon word.
- Die Kommissie vir Wêreldsending stel R10 000 beskikbaar vir die eerste kursusse deur Bybelkor om in Sri Lanka versprei gaan word.
- Die kursusse sou in Tamil verskyn om later ook in Suid-Afrika gebruik te word (Kommissie vir Wêreldsending, 27 September 1980:3-4).

Ds. Thurairajah sou versoek word om die kursusse uit Engels in Tamil te vertaal. Vir eers sou die kursus net in Engels in Sri Lanka verskyn. Die ring van Lichtenburg skenk R10 000 sodat die eerste kursus so spoedig moontlik daarna beskikbaar kan wees (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:15). So het *Biblecor Lanka* ontstaan.

In 1982 verskyn die eerste kursus *A new life for you*. Nadat ds. Thurairajah die kursus opgestel het, is dit aan van die lede van die kommissie oorhandig sodat hulle insette kon lewer. Nadat wysigings aangebring is, is die kursus gedruk (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Januarie 1982:1). *A new life for you* was so gewild in Sri Lanka dat dit


herdruk moes word om verdere verspreiding moontlik te maak (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:72).

Ds. Thurairajah en die kommissie wou so spoedig moontlik daarna 'n Tamilkursus vir Sri Lanka daarstel. Hul ideaal word in 1983 verwesentlik met die verskyning van die eerste Tamilkursus *Two weeks in the school of prayer* (Kommissie vir Wêreldsending, 25 November 1983:3). Net soos die eerste kursus wat in Sri Lanka verskyn het, blyk die kursus ook 'n reuse sukses te wees. Die organisasie Living Bible het 'n bestelling van vyf duisend eksemplare geplaas (Kommissie vir Wêreldsending, 31 Julie 1984:4).

As gevolg van die gewildheid van Bybelkor in Sri Lanka neem Bybelkorwerk baie van ds. Thurairajah se tyd in beslag. Die Kommissie vir Wêreldsending se besluit was van die begin af duidelik dat ds. Thurairajah nie 'n amptenaar van Bybelkor sou wees nie. Hy sou met sy daaglikse werksaamhede voortgaan. Ds. Thurairajah besluit om Bybelkorwerk met behulp van sy vrou en ander helpers te behartig (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:6-7).

Die kommissie besluit voorts om die verantwoordelikheid van *Biblecor Lanka* aan Bybelkor Suid-Afrika te oorhandig. Die kommissie sou steeds finansieel help indien dit vir hulle moontlik was, maar die verantwoordelikheid om geboue op te rig of te koop vir die werk van Bybelkor, was nie hul verantwoordelikheid nie (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:33-34).
Om die saak rondom *Biblecor Lanka* uit te klaar het die kommissie en Bybelkor Suid-Afrika samesprekings gevoer. Die volgende besluite is by die byeenkoms geneem:

- Die kommissie was vir ds. Thurairajah se lewensonderhoud verantwoordelik.
- Die kursusse, asook die druk van die kursusse, was die verantwoordelikheid van Bybelkor in Suid-Afrika.
- Bybelkor betaal die fondse van Biblecor Lanka oor aan die Kommissie vir Wêreldsending, wat dit op hul beurt aan ds. Thurairajah sou besorg (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991: 41-42).




Die eerste Bybelkor kursus. "A new life for you."

Dit is met groot dankbaarheid dat die kommissie jaarliks kon rapporteer dat die resultate van Bybelkor in Sri Lanka uitstekend was. Ds. en mev. Thurairajah bestuur Bybelkor in Sri Lanka baie goed. Hy het *A new life for you* in Singalees vertaal en dit was gereed vir verspreiding. Kursusse vir die bekeerlinge vanuit die Hindoeïsme en die *Al.Kitab* kursus, wat uiters geslaagd in Indië was, word in die vooruitsig gestel. Ds. Thurairajah beplan om die kursus wat *Biblecor India* gebruik, ook in Tamil te vertaal vir verspreiding in Sri Lanka (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:57).

Om die werk en kursusse van *Biblecor Lanka* in Sri Lanka bekend te stel, is advertensies in die dagblaaie geplaas (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:72). Die huis wat die kommissie vir ds. Thurairajah in Colombo huur, was ook die permanente adres van *Biblecor Lanka* (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:7).

*Biblecor India* het saam met *Biblecor Lanka* ontwikkel na 'n uiters suksesvolle projek. Sam Selvaraj staan aan die hoof van Biblecor India. Hy is 'n diep gelowige en 'n toegewyde persoon wat groot erns met die werk van Bybelkor maak. Hy werk as 'n amptenaar in die staatsdiens en saam met dié verpligtinge, doen hy ook die werk van Bybelkor (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:54-56).

Een van die eerste kursusse wat *Biblecor India* versprei het, was *Al Kitab* (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:70-71). Die kursus *A new life* for you was in Indië net so suksesvol as in Sri Lanka. Negentig duisend van die kursusse is alreeds verkoop en sewentig persent van die persone wat die kursus gelees het, wou meer inligting bekom . As

gevolg van die werk van *Biblecor India* stig broer Salveraj 'n Bybelskool. Twee en sewentig mense ontvang daagliks hier onderrig in die gebou van Bybelkor. Saam met die werk word 'n kinderevangelisasieprogram geloods met 'n voltydse werker in beheer (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:32-33). *Biblecor India* het in 1991 ook begin om 'n kursus saam te stel vir bekeerlinge vanuit die Hindoeïsme (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:54-56).

*Biblecor Lanka* en *Biblecor India* lewer 'n uitstekende diens aan die mense van Sri Lanka en Indië. Die persone wat in beide lande aan die hoof van die organisasie staan is uiters bekwaam. Die kerstening van die mense in die Ooste is vir hulle van die grootste belang. Deur middel van Bybelkor kry die mense die geleentheid om die Here en sy evangelie beter te leer ken. Die Bybelkorkursusse is teologies van 'n hoogstaande gehalte. Die deurbraak wat vir Bybelkor in Sri Lanka gekom het, is dat die mense die kursusse in hul eie taal kon lees en bestudeer. Die Kommissie vir Wêreldsending is trots op die feit dat hulle deel van die projek kon wees.

- Die **versorging van die armes** het 'n belangrike deel van ds. Thurairajah se bediening gevorm. Tydens sy verblyf in Jaffna het hy gereeld kospakkies aan die mense uitgedeel. Die droogte in die noorde van die eiland het baie mense sonder enige inkomste gelaat. In die begin het ds. Thurairajah op eie onkoste die armes probeer help (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Februarie 1982:4).

Tydens 'n besoek van ds. Annandale het hy weer eens die materiële nood van die mense aanskou en 'n versoek aan die kommissie gerig

om te help (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1983:6).

Saam met ds. Thurairajah het die kommissie gepoog om van die mense te help. Dit was soos die spreekwoordelike druppel in die emmer, maar tog het aan verskeie mense uitkoms gebring (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:7).

- Die **gebruik van videomateriaal in Sri Lanka** is deur die Kommissie vir Wêreldsending ondersoek. Die kommissie wou graag vir ds. Thurairajah die nuutste en beste tegnologie tot sy beskikking stel vir sy werk in Sri Lanka. Met Christian Communications het ds. Thurairajah die mense bereik deur middel van tegnologiese hulpmiddels. Die kommissie was van mening dat geskikte videomateriaal uiters sinvol deur ds. Thurairajah vir sy werk gebruik kon word. Die materiaal is egter moeilik bekombaar en 'n versoek sou aan Mema gerig word om die kommissie in die verband by te staan.

  Lede van die kommissie was van mening dat alles moontlik van die kommissie se kant gedoen moes word om die werk in Sri Lanka te laat slaag. Visuele hulpmiddels soos geskikte videomateriaal is glad nie in Sri Lanka verkrygbaar nie. Dit is op hierdie terrein waar die kommissie 'n positiewe rol kon speel.

- Die behoefte aan **kinderevangelisasie** in Sri Lanka is in 1988 deur die kommissie en ds. Thurairajah geïdentifiseer. Die eerste projek wat vir die kinders van Sri Lanka aangebied is, was die verspreiding van 'n pamflet wat deur mev. E. Botha geillustreer is (Kommissie vir Wêreldsending, 7 November 1988:2).

'n Tweede pamflet saamgestel deur ds. A. Beetge *You are young and strong,* is in 1989 onder die jeug in Sri Lanka versprei. Hierdie pamflet handel oor die Christen wat in sy geloof wil groei (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989: 10-11 en 17-20).

Bogenoemde was die eerste pogings wat aangewend is om die kinderevangelisasieprojek op koers te kry. Die kommissie besluit egter dat 'n ondersoek deur dr. W. van Wyk in Sri Lanka gedoen moet word om 'n behoeftebepaling te doen. Dr. Van Wyk was van mening dat die projek in Sri Lanka geslaagd kon wees. Ds. Thurairajah kan opleiding ten opsigte van die nuutste metodes met betrekking tot kinderevangelisasie ontvang. Op dié manier kon hy die evangelisasie=werk meer effektief hanteer (Kommissie vir Wêreldsending, 6 Junie 1990:6).

Dr. Van Wyk het met sy besoek materiaal vir ds. Thurairajah geneem sodat hy met die kinderevangelisasieprojek kon begin. In Sri Lanka het dr. Van Wyk, ds. Thurairajah en die kerkleiers samesprekings gevoer en die mense van Sri Lanka het hul behoeftes duidelik aan dr. van Wyk uiteengesit.

Met sy terugkoms rapporteer dr. Van Wyk aan die kommissie en doen die volgende aanbevelings:

- Daar moes opleiding aan Christene verskaf word wat met die projek betrokke sou wees.
- Persone moes opleiding ontvang om visuele apparaat optimaal te benut.
- Finansiële hulp sou vir die projek gevind moet word.

- Hulpmiddels sou aan die mense in Sri Lanka verskaf moes word.
- Bybelkorkursusse vir kinders sou opgestel en vir verspreiding beskikbaar gestel word (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:40-41).

Dr. Van Wyk beveel aan dat die kommissie opgeleide persone na Sri Lanka stuur vir besoeke en om opleiding te verskaf.

Ds. Thurairajah voel dat die grootste struikelblok die tekort aan materiaal en hulpmiddels was. Hy stel hom bereid om kursusse vanuit Engels te vertaal sodat die kursusse meer toeganklik sou wees vir die mense in Sri Lanka. Hy maak van duisende Hindoe en Boeddhiste kinders melding wat uiters verwaarloos is. Hy was van mening dat met die hulp van die regte helpers so 'n kinderevangelisasieprojek in Sri Lanka geslaagd kon wees (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:32).

Na die besoek van dr. Van Wyk was ds. Thurairajah in die proses om 'n kinderevangelisasiespan op die been te bring. Hy sou self met die opleiding van so 'n span behulpsaam wees (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:28).

Die projek gerig op die jeug is positief in Suid-Afrika ontvang. Die Sinodale Kommissie van die Kinderkrans versoek die Kommissie vir Wêreldsending om moontlike projekte aan die kommissie van die Kinderkrans voor te lê. Die Sinodale Sendingkommissie van Wes-Transvaal stel die volgende projek voor: 'n Kind tot kind projek met betrekking tot Wêreldsending buite Afrika.

Hier het die Kommissie vir Wêreldsending weer eens 'n geleentheid geskep waardeur die evangelie aan die kinders van Sri Lanka gebring kon word. Die werk is van groot belang omdat die jeug van vandag die kerk van môre is.


## 6.3 VERDERE SENDINGBETROKKENHEID DEUR DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING IN SRI LANKA

Die kommissie was en is by meer as net die werk van ds. Thurairajah in Sri Lanka betrokke. Hieronder word die kommissie se betrokkenheid by die werk van Pieter ter Haar en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka uiteengesit.

### *6.3.1 Die werk van Pieter ter Haar in Sri Lanka*

#### *6.3.1.1 Inleiding.*

Pieter ter Haar is vanuit Suid-Afrika afkomstig en besig met sendingwerk in Sri Lanka. Hy het gevoel dat die Here hom geroep het om in Sri Lanka te gaan werk. In 1985 besoek hy Sri Lanka vir die eerste maal en kry met behulp van ds. Thurairajah in 1989 'n werkspermit in Sri Lanka.




Ds. Du Plessis saam met die sendeling Pieter ter Haar in Sri Lanka

*6.3.1.2 Die sendingmetodes van Pieter ter Haar*

Met sy aankoms op die eiland was hy by verskillende gemeentes by die jeug behulpsaam. Vir die eerste drie jaar van sy verblyf in Sri Lanka het hy hoofsaaklik in Colombo gewerk. In Colombo was hy by probleemkinders, dwelmverslaafdes en alkoholiste betrokke. Hy het gepoog om hulle by te staan en die evangelie aan hulle gebring (Ter Haar, 1995).

Daar was egter 'n groot tekort aan sendelinge op die platteland en daarom wyk hy uit na die Kandy-omgewing waar hy reeds vir twee jaar in die dorpie Uddispatuwwa werk. Hy tree in die tussentyd gereeld by van die gemeentes van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka op, deur eredienste waar te neem en met die jeug te werk.

As gevolg van die gebruike in Sri Lanka dat seuns en dogters nie mag meng nie, werk hy hoofsaaklik onder die mans en seuns van die omgewing. Tans is hy besig om 'n jeugsentrum te bou omdat daar in Sri Lanka geen plek waar mense heen kan gaan om te rus nie. Hy glo dat die Here die sentrum wil gebruik in Sri Lanka en omdat dit in 'n asemrowende natuurskoon geleë is, dit aan sy doel beantwoord. Hy beplan om tussen dertig en veertig mense by die sentrum te huisves en sodoende die woord van die Here op die platteland te verkondig (Ter Haar, 1995).

Op die platteland in Sri Lanka kan 'n sendeling nie op 'n aggressiewe manier sendingwerk doen nie. Elke dorpie het 'n Boeddhistiese monnik wat beheer oor sy gebied uitoefen. Omdat die Boeddhiste in Sri Lanka die geloof met die grootste aanhang is, met Woord van die Here uiters

versigtig verkondig word. Deur middel van voortdurende kontak met die mense is Pieter besig om hul vertroue te wen. Hy beoefen saam met die seuns sport en vervoer die mense waar moontlik. Al die mense in sy omgewing weet dat hy 'n Christen is, maar hy wag dat hulle met hom oor sy geloof sal kom praat (Ter Haar, 1995).

As gevolg van verskeie redes word toeriste in Sri Lanka beskou as mense wat die eilandbewoners wil uitbuit. Hy probeer om die mense deur middel van sy optrede en gedrag te wen sodat hulle kan sien dat hy opreg in sy bedoelinge is. Eers wanneer hy die vertroue van die mense ten volle gewen het, sal hy kan begin om die evangelie openlik te verkondig (Ter Haar, 1995).

#### *6.3.1.3 Toekomsplanne*

Hy voel dat die Here hom nog vir 'n onbepaalde tyd in Sri Lanka wil gebruik. Sendingwerk in Sri Lanka is 'n lang proses en 'n mens moet geduldig wees. Sy ideaal is om die jeugsentrum te voltooi en van die projek 'n sukses te maak. Hy is van mening dat hy nog vir ten minste tien jaar in Sri Lanka besig sal wees om die Woord van die Here aan die mense te bring (Ter Haar, 1995).

#### *6.3.1.4 Ondersteuning vanuit Suid-Afrika*

Die Jevanadiesending het vir Pieter ter Haar aanvanklik na Sri Lanka gestuur. Die Kommissie vir Wêreldsending ondersteun hom tans gedeeltelik in Sri Lanka. Hulle ondersteun hom deur middel van gebede en indien hulle donasies vir sy werk ontvang word dit direk aan hom

oorbetaal (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:49). Vir die afgelope paar jaar is hy ook gekoppel aan die Nederduitse Gereformeerde gemeente Benoni Benjamin wat hom saam met Jevanadiesending in Sri Lanka ondersteun (Ter Haar, 1995).

*6.3.1.5 Sy verhouding met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en die Kommissie vir Wêreldsending*

Met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het hy van die staanspoor 'n goeie verhouding gehad. Hy tree gereeld by eredienste op en help met die jeug. Indien hulle hom vir 'n spesifieke doel wil gebruik, is hy altyd gewillig om te help (Ter Haar, 1995).

Sy verhouding met die Kommissie vir Wêreldsending verbeter jaarliks. Hiermee word bedoel dat die kontak tussen Pieter en die kommissie aan die toeneem is omdat die kommissie meer by sy werk betrokke raak (Ter Haar, 1995).

*6.3.1.6 Samevatting*

Die rol wat Pieter ter Haar in Sri Lanka speel, kan nie oorskat word nie. Tydens die Suid-Afrikaanse krieketspan se toer na Sri Lanka reël Pieter dat van die spelers 'n erediens van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka bywoon en by dié geleentheid optree. Hierdie besoek van die Christene in die krieketspan het 'n blywende indruk op die Christene van Sri Lanka gelaat (The Herald, July\ August\ September 1993:6).

Hy is ook betrokke by die studentespanne van Suid-Afrika wat Sri Lanka

besoek. Die studente praat met die grootste waardering van die werk wat hy in Sri Lanka doen (Van Rensburg, 1995).

### *6.3.2 Opleiding van lede van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka*

Tydens die drie honderd en vyftigste feesvieringe van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka in 1992 het drie lede van die Kommissie vir Wêreldsending amptelik die feesvieringe bygewoon. Saam op besoek aan Sri Lanka was deskundiges van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat skolingskursusse vir die leiers van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka aangebied het. 'n Konferensie oor Bybel- en christelike lektuur is deur ds. J. Botha van die Sendingpers aangebied, asook 'n kursus oor Sondagskoolonderrig aangebied deur dr. L. C. Dressel.

Na die sukses van die konferensies wat tydens die feesvieringe aangebied is, besluit die Kommissie vir Wêreldsending om drr. L. C. Dressel en A. M. Hofmeyr in 1993 na Sri Lanka te stuur om verdere lesings aan te bied (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:5).. Die besoek vind vanaf 3 tot 31 Augustus 1993 plaas. . Ds. Charles Jantz het al die reëlings hanteer en alles is sy vermoë gedoen om hulle tuis te laat voel. Aanvanklik het drr. Dressel en Hofmeyr gedink dat hul program in Sri Lanka nie baie druk sou wees nie, maar dr. Hofmeyr berig dat hulle tydens die besoek besonder bedrywig was (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:48).

Ten opsigte van die kategese het die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 'n dringende behoefte na geskikte materiaal ondervind. Die Algemene Jeugkommissie besluit dat hulle materiaal aan die kerk in Sri

Lanka waar moontlik beskikbaar sou stel.

### *6.3.2.1 Die optredes van dr. A. M. Hofmeyr*

Dr. Hofmeyr het 'n seminaar vir al die evangeliste werksaam in die Dutch Reformed Church in Sri Lanka aangebied. Die evangeliste behartig al die Tamil-en Singaleessprekendes in die gemeentes. Dr. Hofmeyr het 'n goeie verhouding met die evangeliste opgebou. Die evangeliste meld aan hom dat hulle veral ongelukkig is oor die behandeling wat hulle binne die Dutch Reformed Church in Sri Lanka ontvang. Die meeste van die evangeliste het geen leeskennis van Engels nie en die kerk poog volgens hulle nie om opleiding in Engels te verskaf nie. Dr. Hofmeyr het as skakelpersoon tussen die evangeliste en ds. Jantz opgetree. Samesprekings tussen die ongelukkiges en die kerk het later gevolg sodat die situasie ontlont kon word (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:49-51).

### *6.3.2.2 Die optredes van dr. L. C. Dressel*

Dr. Dressel het tydens die jaarlikse Sondagskoolkonferensie by die Wellawatte kerk opgetree. Die konferensie is deur sestig persone bygewoon. Dr. Dressel het die tema *Able to teach* hanteer. Verder het hy opleiding aan kategete verskaf (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:23-25).

#### 6.3.2.3 *Samevatting*

Drr. Dressel en Hofmeyr het by verskeie Bybelstudiegeleenthede opgetree en van die eredienste waargeneem. Die kontak wat deur die besoek bewerkstellig is, was van groot waarde vir die Dutch Reformed Church in Sri Lanka asook die Kommissie vir Wêreldsending. Na die besoek is die verhouding tussen die twee partye uiters positief. Op die fondasie wat gelê is, kan nou voortgebou word.

### ***6.3.3 Studentespanne na die Ooste***

#### 6.3.3.1 *Inleiding*

Die plan om studentespanne na die Ooste te stuur het aanvanklik begin met die voorstel dat studente moes gaan help met die oprigting van 'n kerkgebou in Sri Lanka. Die Kommissie vir Wêreldsending stel voor dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om studente na Sri Lanka te stuur. Die kommissie sou vyftig persent van die studente se onkoste subsidieer. Die sekretaris vir jeugarbeid in Wes-Transvaal sou genader word om studente vir so 'n projek te werf(Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:4).

Alhoewel die stuur van studente in die eerste paar jaar nie gerealiseer het nie, is die saak steeds op die agenda van die kommissie gehou. Ds. W. van Wyk van die Jeugkommissie is versoek om die saak te ondersoek. Hy sal Sri Lanka moontlik persoonlik moes besoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid van studentespanne na die Ooste (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1983:6-7).

Die eerste studentespan besoek Hong Kong as ‘n proefneming.

Vervolgens word kortliks aandag aan die besoek van die span na Hong Kong gegee om as agtergrond inligting dien vir die latere besoeke aan Sri Lanka.

#### *6.3.3.2 Spanne wat Hong Kong besoek het*

Die eerste studentespanne wat die Ooste besoek het, was na Hong Kong. Hier is vir een maand sendingwerk gedoen saam met die Christene van Hong Kong (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:65).

Een en twintig studente het Hong Kong besoek. Aanvanklik wou die studente in Sjina ook gaan sendingwerk doen, maar die regulasies van Sjina het dit nie toegelaat nie.

Vir die studente wat die toer mee gemaak het was dit 'n belewenis. Hulle het op groot skaal traktaatjies versprei en saam met van die plaaslike gemeentes gewerk. Daar is van dramas, sang en getuienis gebruik gemaak om die evangelie aan die mense te bring. Hulle het ook die geleentheid gehad om die evangelie op die straathoeke te verkondig en het positiewe reaksies ontvang. Al die studente het weer eens onder die besef gekom van die geestelike nood wat in die Ooste heers (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:34- 37).

Elke student het sy of haar eie reiskaartjie betaal. Die kommissie het geeneen van die studente se onkostes betaal nie. Dit was 'n bewys dat die studente ernstig daarmee was om sendingwerk in Hong Kong te gaan doen (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:14).

Die Kommissie vir Wêreldsending was dankbaar vir die goeie werk wat die studentespanne in Hong Kong verrig het. Die reaksie wat van die buiteland ontvang is, was uiters positief. Die entoesiasme van die studente het 'n blywende indruk op die mense in Hong Kong gemaak.

#### *6.3.3.3 Die studentespanne wat Sri Lanka besoek het*

##### 6.3.3.3.1 Inleiding

Tydens een van die besoeke van die Kommissie vir Wêreldsending aan Sri Lanka voer ds. J. van Rensburg samesprekings met ds. Thurairajah en ander leraars van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka rondom die aangeleentheid van studentespanne na Sri Lanka. Die belangstelling vanuit Sri Lanka was groot en die moontlikheid vir die besoek van 'n span uit Suid-Afrika was goed (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:9).

Die aanvanklike idee was dat die spanne met verfwerk aan die kerke en lektuurverspreiding behulpsaam sou wees, maar na die besoek van die span aan Hong Kong was dit baie duidelik dat so 'n span met vrug in die Ooste aangewend kon word om met sendingwerk te help (Die Sendingblad, Mei 1984:176).

Ds. C. Jantz is dit eens dat die studentespanne uit Suid-Afrika die isolasie vir die Dutch Reformed Church in Sri Lanka met ander Gereformeerde kerke verbreek het.

6.3.3.3.2 Die werkwyse wat die spanne volg

Die eerste span wat Sri Lanka besoek het, het die Dutch Reformed Church in Sri Lanka veral in hul gemeentes gehelp. Die plaaslike gemeentes het met die besoek baat gevind.

Hulle het by skole opgetree waar dramas opgevoer en getuienisse gelewer is. 'n Tekortkoming was egter dat die studente nie na die optredes met die kinders kon kontak maak nie. Die dramas is ook op straathoeke opgevoer wat met die uitdeel van traktaatjies gepaardgegaan het (Van Rensburg, 1995).

Voordat 'n span die Ooste besoek, ontvang hulle deeglike opleiding. Die opleiding konsentreer veral op die kultuur en verskillende godsdienste van Sri Lanka.

Die tweede span wat Sri Lanka besoek het, het veral saam met Pieter ter Haar gewerk. By die sentrum in die Kandy-omgewing het hulle 'n pad help bou en ook by skole opgetree. Die reaksie op die platteland was ongelooflik. Ds. Jacie van Rensburg voel dat die spanne wat Sri Lanka in die toekoms gaan besoek meer op die platteland moet konsentreer (Van Rensburg, 1995).

6.3.3.3.3 Reaksie van die studente na die besoek aan Sri Lanka

Vir al die lede van die span was dit 'n ondervinding wat hulle nooit sal vergeet nie. Van hulle wou na Sri Lanka teruggaan om voltyds sendingwerk te gaan doen. Na afloop van die toer het dit geblyk dat die

studente meer in hul plaaslike gemeentes by sending betrokke geraak het.

6.3.3.3.4 Reaksie van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka

Drr. Dressel en Hofmeyr berig dat die mense in Sri Lanka uiters positief oor die besoek van die studente was. Almal praat met groot waardering van die werk wat hulle gedoen het. Toekomstige spanne sal dus geen probleme hê om Sri Lanka te besoek nie (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:55).

Die amptelike koerant van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka, *The Herald,* het 'n volledige uiteensetting van die besoek van die studentespan na Sri Lanka gegee. Onder die opskrif *Friendship across the seas* word die toer van die studente uiteengesit. Die studente het na Sri Lanka gegaan om die evangelie kruiskultureel oor te dra. Die twaalf studente het volgens die koerant vriendskappe gesmee wat vir altyd behoue sal bly. Tydens hulle besoek is hulle hartlik verwelkom, daar is saam piekniek gehou en die span was deel van die Dutch Reformed Church se jaarlikse leierskamp. In die blad word die studente hartlik bedank vir hulle besoek en die Here word geloof dat hy die studente na Sri Lanka gestuur het. Die berig word met die volgende woorde afgesluit: "I hope we see our friends more often here in our country, Sri Lanka" (The Herald, July\ August\ September 1993:8-10).

6.3.3.3.5 Samevatting

Die kommissie beplan om meer studentespanne in die toekoms na die

Ooste sal te stuur om sendingwerk te doen. Hong Kong, Sri Lanka, Indië, Sjina en Thailand word as toekomstige bestemmings beskou (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:3).

Die kommissie dank die Here vir die suksesvolle studentetoere wat na die Ooste onderneem is. Ds. Van Rensburg word deur die kommissie van harte bedank vir die groot rol wat hy ten opsigte van die studentespanne speel.

### 6.3.4 *Die Kommissie vir Wêreldsending verskaf beurse aan studente van Sri Lanka*

In 1982 vertel ds. Thurairajah die kommissie van 'n student wat in Sri Lanka studeer, en die kommissie besluit om die behoeftige seun te help (Samesprekings te Nirwara Eliya, 2 Maart 1982:3). Die voorwaarde was dat hy sy toelatingseksamen moes slaag en dan sou 'n fonds vir sy studies in die lewe geroep word. In 1984 word 'n beurs aan 'n Tamil=sprekende student wat in Australië studeer, toegestaan. Die beurs het uit R2 000 per jaar bestaan (Kommissie Wêreldsending, 3 Julie 1984:3).

Dit was belangrik dat die mense van Sri Lanka kon sien dat die bedoelinge van die kommissie opreg was. Die kommissie wou die lidmate van ds. Thurairajah se kerk veral help waar dit vir hulle moontlik was.

## 6.4 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING EN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA

### *6.4.1 Inleiding*

Die verhouding tussen die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was met die eerste kontak gespanne. Die kommissie het die werk van ds. Thurairajah in die noorde van Sri Lanka ondersteun en ds. Thurairajah het juis op daardie stadium uit die Dutch Reformed Church in Sri Lanka bedank as gevolg van hul gebrekkige sendingvisie. Op 20 Julie 1979 skryf ds. Thurairajah: "I am now writing to the Dutch Reformed Church in Sri Lanka to release me for a period of four years, without pay so that I may work in Jaffna " in 'n brief. Dit is hierdie werk wat die kommissie ondersteun het. Ds. Thurairajah kon sy sendingvisie nie binne die Dutch Reformed Church in Sri Lanka uitleef nie en moes dus elders hulp soek. In die notules van die vergaderings van die Dutch Reformed Church rondom 1978 en 1979 blyk dit duidelik dat ds. Thurairajah en die kerk hul verskille gehad het (Reports of Elders and committee II, 1 March 1978:1-3).

Teen dié agtergrond moet die verhouding tussen die twee partye gesien word. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was nie tevrede met die feit dat die kommissie die werk van ds. Thurairajah ondersteun het nie. Di. Thuring en Ebenhaezer was veral gekant teen samewerking tussen die kommissie en ds. Thurairajah (Senasinghe,1995).

### *6.4.2 Die eerste kontak tussen die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka*

Op die eerste besoek van di. Van Niekerk en Du Plessis as afgevaardigers van die kommissie word die Dutch Reformed Church op 29 Julie 1980 amptelik in Colombo ontmoet. Die volgende het duidelik in die gesprek na vore gekom:

- Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was ongelukkig omdat hulle nie eerste genader is nie.
- Die Dutch Reformed Church kon nie besware opper waarom hulle teen samewerking tussen die kommissie en ds. Thurairajah was nie.
- Die kommissie stel dit duidelik aan die Dutch Reformed Church in Sri Lanka dat hulle met sendingwerk in die noorde besig was (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1980: 2-3).

Na die ontmoeting was di. Van Niekerk en Du Plessis van mening dat samewerking met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka onmoontlik sou wees. Die volgende redes is vir dié waarneming aangevoer:

- Die kommissie stel in sendingwerk belang en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka blykbaar nie.
- Die Dutch Reformed was lid van die National Council of Churches of Sri Lanka, wat op sy beurt weer lid van die Wêreldraad van Kerke was. Die Dutch Reformed Church was egter nie self 'n lid van die Wêreldraad van Kerke nie.
- Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was baie amptelik en wou alles op skrif hê .
- Dit blyk dat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka wel besef het

dat fondse vanaf Suid-Afrika Sri Lanka sou binnekom. Hulle besef ook dat suksesvolle sendingwerk te Jaffna gedoen word, maar dat hulle nie deel daarvan is nie (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1980:2-3).

Tydens 'n latere besoek aan Sri Lanka blyk dit dat die Dutch Reformed Church toenadering soek. Hulle deel die afvaardiging van die Kommissie vir Wêreldsending mee dat hulle ook met sendingwerk besig was. Dit was egter duidelik dat hulle nie by sendingwerk in Jaffna betrokke wou raak nie. Ds. Thurairajah stel dit baie duidelik dat hy nie bereid is om met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka saam te werk nie (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:11).

Die groot probleem tussen die twee partye was die Dutch Reformed Church in Sri Lanka se houding jeens ds. Thurairajah. Verder wou dit voorkom of sendingwerk van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka slegs op papier blyk te wees. (Kommissie vir Wêreldsending, 2 Maart 1982:1).

Die kommissie besluit dat hulle 'n deur vir samesprekings met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka altyd sal oophou. Die kommissie besluit verder dat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka nie vir hulle sou voorskryf waar en hoe hulle mag werk nie (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Maart 1981:2). Ten spyte van die verskille besluit die kommissie in 1982 om 'n donasie aan die Dutch Reformed Church vir sendingwerk in Sri Lanka te skenk. Later word ook 'n klavier aan die De Klerk Kerk geskenk (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:1-3).

### 6.4.3 *Die verhouding tussen die twee partye verbeter*

As gevolg van die burgeroorlog was die twee partye gedwing om weer saam te werk. Ds. Thurairajah kon nie meer in Jaffna werk nie en met sy verskuiwing na Colombo was hy behulpsaam met die Tamil werk van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka, asook met hul teologiese opleiding. Die kommissie was egter steeds vir die lewensonderhoud van ds. Thurairajah verantwoordelik (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:7).

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het saam met die kommissie die krisisse rondom ds. Thurairajah se gesondheid en ander probleme beleef. Ds. Charles Jantz was in 'n groot mate verantwoordelik vir dié verbeterde verhouding. Ds. Du Plessis word as *'n spesiale vriend* na die feesvieringe van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka in 1992 genooi (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:54- 55). 'n Afvaardiging van die kommissie het die verrigtinge bygewoon.

Die uitnodiging na die feesvieringe en die bywoning van die lede van die kommissie in 1992 het die situasie tussen die twee partye finaal ontlont (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Junie 1994:15). In 'n brief bedank ds. Jantz die lede van die kommissie wat die feesvieringe bygewoon het. 'n Video opname van die fees is as herinnering van die geleentheid aan die skriba van die kommissie gestuur (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:75-76).

Met die afsterwe van ds. Thurairajah in 1993 was die Dutch Reformed Church vir die kommissie van groot hulp. Mev. Thurairajah is pastoraal bygestaan en alle reëlings is vir die begrafnisdiens getref. By die

begrafnisdiens tree ds. Du Plessis saam met die leraars van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka op. Tydens die besoek voer ds. Du Plessis samesprekings met die Dutch Reformed Church in verband met moontlike samewerking in die toekoms (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Junie 1994:38).

Die besoek van drr. Dressel en Hofmeyr in 1993 getuig van die goeie verhouding wat daar heers. In sy evaluasie van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka maak dr. Hofmeyr van die volgende melding:

- Dit was vir hom 'n voorreg om die Dutch Reformed Church in Sri Lanka van nader te leer ken.
- Die Dutch Reformed Church poog om getrou aan hul belydenis te bly.
- Finansieel sukkel die Dutch Reformed Church en is hulp van buite altyd welkom.
- Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka se getalle krimp as gevolg van emigrasies na die buiteland (Kommissie vir Wêreldsending, 22 November 1993:49).

Aan die einde van dr. Hofmeyr se besoek skryf hy op versoek van die redakteur van *The Herald* 'n berig, waarin hy melding maak dat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 'n belangrike rol in Sri Lanka speel (The Herald, July\ August\ September 1993:16-17).

In 1995 besoek ds. Charles Jantz Suid-Afrika op uitnodiging van die kommissie. Hy woon die sitting van die Sinode Wes-Transvaal by en spreek die vergadering toe. Op 14 Augustus woon hy 'n vergadering van die Kommissie vir Wêreldsending by waar die volgende sake bespreek word:

- Die kommissie versoek die Dutch Reformed Church in Sri Lanka om die Bybelkorwerk in Sri Lanka oor te neem. Indien die kerk positief op die versoek sou reageer ,sou dit vanaf 1996 geldig wees.
- Ds. Jantz nooi alle lede van die kommissie om Sri Lanka in Maart 1996 te besoek wanneer hy vyf en twintig jaar in die bediening sal wees.

Die verhouding tussen die twee partye het sedert 1980 ver gevorder. Vandag werk hul as vennote in Sri Lanka saam. Die oorspronklike skakel was ds. Thurairajah. Die besoek van die studentespanne was ook 'n belangrike faktor wat verhoudings genormaliseer het. In Sri Lanka is die kommissie veral betrokke met die De Klerk Kerk. Volgens ds. Jantz is die probleme wat daar was, iets van die verlede (Jantz, 1995).

### *6.4.4 Toekomstige samewerking*

Ds. Jantz voel dat die kommisie vir Wêreldsending die Dutch Reformed Church veral met opleiding kan help. Hulle hoef nie noodwendig sendelinge na Sri Lanka te stuur nie. 'n Behoefte bestaan aan die nodige onderrigmateriaal. Die ondervinding van die kommissie kan vir die kerk in Sri Lanka baie beteken. Bybelkorkursusse kan goed deur die Dutch Reformed Church in sy gemeentes gebruik word. Die druk van sulke kursusse is egter altyd 'n probleem in Sri Lanka. Ds. Jantz wys daarop dat van die kerk se kant daar geen teologiese besware teen die Bybelkorkursusse is nie (Jantz, 1995).

Ds. Jantz wys verder daarop dat die kerk gehelp kan word om self sendingwerk te doen eerder as om 'n persoon vanuit Suid-Afrika te stuur. Die kerk het egter geen beswaar teen 'n sendeling vanuit Suid-Afrika wat in Sri Lanka wil werk nie (Jantz, 1995).

### *6.4.5 Samevatting*

Dit was vir die verkondiging van die evangelie in Sri Lanka belangrik dat die twee partye hul verskille moes besleg. Saam kan hulle die evangelie aan die miljoene mense in Sri Lanka bring.

Met ds. Charles Jantz aan die spits van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het die verhouding met die Kommissie vir Wêreldsending net verstewig en is studentespanne vanuit Suid-Afrika altyd welkom om in Sri Lanka te gaan help. Die kontak met die studente het die visie van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka verbreed.

Die oorspronklike rede dat die twee partye bereid was om saam te werk, was die uitbreek van die burgeroorlog. Die Here het die tragedie in die geskiedenis van Sri Lanka gebruik om die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en die Kommissie vir Wêreldsending nader aan mekaar te bring.

## 6.5 SAMEVATTING

Die Kommissie vir Wêreldsending is daadwerklik besig om hul roeping uit te leef. In 1980 was dit die ideaal van die Sinode van Wes-Transvaal om by sendingwerk in die Ooste betrokke te raak en is besluit op projekte soos Sri Lanka en 'n Bybelverspreidingprojek na Sjina. Na die hoofstuk oor die betrokkenheid van die kommissie in die Ooste is dit duidelik dat die kommissie by baie velde in die Ooste betrokke was en steeds is.

Inligting in verband in verband met sendingbetrokkenheid in die Ooste,

waarby die kommissie vir wêreldsending nie self betrokke is nie, word in hulle brosjures aan die Christene in Suid-Afrika bekend gestel. Sendelinge word finansieel en geestelik ondersteun. Gemeentes wat in die Ooste betrokke wil raak word bygestaan.

Die eerste tree om by sendingwerk in 1980 in die Ooste betrokke te raak het gegroei tot 'n voltydse sendingbetrokkenheid deur die Kommissie vir Wêreldsending in die Ooste.

# HOOFSTUK 7

# BEOORDELING VAN DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SRI LANKA

## 7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die sendingbetrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka te beoordeel. Die metodes wat die persone of groepe in hul sendingpogings gebruik het, word onder die loep geneem asook die mate waarin die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in hul optredes in Sri Lanka herken kan word. Die sendingbetrokkenheid in Sri Lanka word eerstens *histories* en tweedens *sending wetenskaplik* beoordeel. Die hoofstuk word afgesluit met 'n blik op toekomstige betrokkenheid by sendingwerk in Sri Lanka.

Deur die geskiedenis heen was dit duidelik dat leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n belangrike rol ten opsigte van sendingwerk binne en buite Suid-Afrika gespeel het. 'n Goeie voorbeeld hiervan was die rol wat di. Van Lier en Vos gedurende die negentiende eeu aan die Kaap gespeel het. Die ywer en entoesiasme van bogenoemde leraars het gelei tot verskeie missionêre aktiwiteite onder die lidmate van die kerk aan die einde van die agtiende eeu (Cronje, 1982:18). Die invloed van dié twee leraars het tot 'n geestelike herlewing binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk gelei.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Here hierdie uiterste omstandighede gebruik om geestelike groei onder lidmate van die kerk te bevorder. Die Boerekrygsgevangenes het in Ceylon hul afhanklikheid van die Here intens beleef. Die Boere het tydens en na die oorlog by sendingwerk betrokke geraak. Die herlewing wat onder die Boerekrygsgevangenes plaasgevind het, het vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk baie beteken. Lidmate wat in die gemeentes agtergebly het, is opnuut met die terugkeer van die Boere deur hul sendingywer beïnvloed.

Na die Boerekrygsgevangenes het eerwaardes A.J.K. de Klerk en S.F. Skeen 'n belangrike rol in die kerk in Ceylon gespeel. Die sendingywer van die twee sendelinge het hul na Ceylon geneem waar hul entoesiasme vir sendingwerk vandag nog steeds onthou word.

Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending is 'n verdere voorbeeld van die rol wat die Suid-Afrikaanse kerk en sy leraars in Sri Lanka gespeel het. Saam met ds. Rajkumar Thurairajah het die kommissie 'n gedugte span gevorm wat die evangelie aan die nie-Christene in Sri Lanka gebring het.

## 7.2 'N SENDINGDEFINISIE

Vir 'n sinvolle beoordeling van die sendingbetrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka moet dié betrokkenheid aan die hand van 'n bepaalde sendingdefinisie gemeet word. Vir eeue lank poog die kerk om die begrip sending te definieer. Maar met omstandighede wat gedurig verander, verander die kerk se verstaan van sending ook. Dit is egter duidelik dat daar klemverskuiwing ten opsigte

van die verstaan van sending plaasgevind het. Bosch (1991:349) praat van 'n nuwe post-moderne paradigma waarmee ook in die sendingwetenskap gewerk word. Dit is egter van belang om daarop te let dat so 'n paradigma verskuiwing nie oornag plaasvind nie maar ontwikkel oor 'n aantal jare of selfs eeue. Daar word weg beweeg van die siening dat sending slegs woordverkondiging is na 'n meer omvattende siening van sending.

Alreeds by die Internasionale Sendingkonferensie te Jerusalem in 1928 word daarop gewys dat sending meer as net prediking is. Na dié konferensie word daar alom in sending kringe na die vier-dimensionele karakter van sending verwys, naamlik:

- Prediking.
- Mediese dienste.
- Sosiaal-ekonomiese hulp.
- Opleiding (Bavinck, 1960:107-108).

Alhoewel Bavinck vroeg in die sestiger jare sy twyfel oor dié komprehensiewe benadering uitspreek het, meen hy dat die verandering ten opsigte van die siening van sending onvermydelik is. "The comprehensive approach is truly Christian, because Christ takes seriously the entire person with all his needs and problems" (Bavinck, 1960:112). Hy waarsku egter dat dié benadering met die grootste omsigtigheid hanteer moet word. Dit is egter van belang dat in die komprehensiewe benadering die werk van God steeds bo alle menslike aktiwiteite gestel sal word.

Kritzinger (1988:33-35) dui daarop dat daar tans verskillende definisies van sending binne en buite die kerk gevind word. Onderskeid word in sekere kringe tussen 'n enger en breër siening van sending gemaak. Die *enger* siening van sending is uitsluitlik gerig op die geestelike verlossing van sondaars. Die bereiking en wen van siele. Die *breër* siening beskou sending meer as net woordverkondiging. Sending moet op die hele mens en op sy hele situasie gerig wees (Kritzinger, 1988:34).

Die Christelike kerk, teologie en sending word deur verskeie faktore buite die kerk beïnvloed. Die afgelope paar jaar het die kerk sy bevoorregte posisie in die wêreld verloor (Bosch, 1991:364). Aan die begin van die eeu was sendingleiers oortuig daarvan dat die hele wêreld gedurende dié eeu vir Christus gewen sou word. Dit het egter nie gebeur nie, inteendeel die Christendom het oor die afgelope paar jaar selfs veld verloor. Spanning bestaan tussen die kerk en die sekulêre wêreld. Uit die aard van die saak is die sending van die kerk ook hierdeur beïnvloed en het die verstaan van sending veranderings ondergaan. Foute is in die verlede gemaak wat in die toekoms reggestel moet word.

Sending word al hoe meer verstaan as die Missio Dei (God se sending). Sending is dus nie primêr die verantwoordelikheid van die kerk nie, maar 'n eienskap of kenmerk van God (Bosch, 1991:390). Sending word dus gesien as 'n beweging van God na die wêreld en die kerk word as 'n instrument beskou om die koninkryk van God uit te brei. Die kerk staan dus in diens van God se sending. Bosch (1991:392) som dit soos volg op: "... there is mission because God loves people". Die basis vir sending in die bediening van Jesus op aarde was sy grenslose ontferming. In sy wonderwerke het hy op die nood van die mense

gevestig. Aspekte soos armoede en die nood van die mense het hy aangespreek (Bosch, 1979:55-56).

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se siening ten opsigte van sending word in die kerk se amptelike sendingreglement duidelik uiteengesit. Uit die sendingreglement kan die volgende afgelei word:

- dat sending die heilshandeling van die drie-enige God is.
- dat die einddoel van sending die uitbreiding van die koninkryk van God is.
- dat die gemeente die taak opgelê word om daadwerklik by sendingwerk betrokke te raak. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbeleid die betrokkenheid van die gemeente (Kerk) by sendingwerk verder uit naamlik dat die gemeente a. God se Woord aan die gevalle wêreld moet verkondig (Kerugma), b. dat die kerk die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand sal bring (Koinonia) en c. dat die gemeente diens aan die wêreld in nood moet lewer (Diakonia). Hierdie gedeelte sluit aan by die omskrywing van die sendingbegrip in hoofstuk 1.

Die Church Missionary Society van die Anglikaanse kerk se siening ten opsigte van sending verdien ook vermelding. Sending word voorgestel as drie oorvleuende sirkels binne een groot sirkel. (sien figuur) Die groot sirkel verteenwoordig die sending. Die drie kleiner sirkels stel die dimensies van sending voor soos die Church Missionary Society dit verstaan (Bosch, 1986:116-117).

**Die Church Missionary Society Model**




Die drie kleiner sirkels of dimensies kan soos volg verduidelik word:

- Deel in die verspreiding van die evangelie

Hierdie dimensie staan as evangelisasie bekend en is ononderhandelbaar. Dit is die kerklike aktiwiteiet waardeur mense tot geloof kom en as 'n lid van die gemeenskap van die gelowiges aanvaar word. Waar hierdie dimensie ontbreek kan dit nie as christelike sending beskou word nie.

- Deel in die vernuwing van die kerk

As die kerk by sending en evangelisasie betrokke is, sal daar 'n mate van geestelike herlewing ervaar word. 'n Kerk wat vernuwe is raak by sendingwerk betrokke. As 'n kerk evangelisasiewerk doen

en nie vernuwe raak nie, is daar 'n probleem. Volgens die Church Missionary Society is daar dus 'n bepaalde verhouding tussen sending en vernuwing.

- Deel in die skepping van 'n gemeenskap wat op die beginsels van die evangelie gebaseer is

  Sending is volgens die Church Missionary Society groter as evangelisasie en kerkvernuwing. Daarom word dit as die groot sirkel aangedui. Die derde dimensie of kleiner sirkel dui daarop dat sending ook beteken dat mense betrokke sal raak by aspekte soos geregtigheid, vrede en liefdadigheid. Die drie dimensies en sending kan nie los van mekaar gesien word nie (Bosch, 1986:116-117).

Daar word weg beweeg van die veronderstelling dat sending slegs woordverkondiging behels. Woordverkondiging bly steeds 'n belangrike dimensie van sending maar staan nie in isolasie nie. Die nuwe rigting wat ingeslaan word is dat die hele mens aangespreek moet word. Die omstandighede waarbinne hy leef en sy nood. Sending eindig egter nie daarby nie, daar moet ook iets daadwerkliks gedoen word sodat die omstandighede en die nood van die mense raakgesien en verlig kan word.

Kritzinger (1988:34) dui daarop dat sendingpogings van die vroegste tye ook betrokke by die mense en hul omstandighede geraak het. Onderwysgeleenthede en mediese dienste is aan die mense gebied. Daar is egter 'n verskil tussen die nuwe benadering van sending en die benadering wat op slegs op woordverkondiging gekonsentreer het. "Wat

wel verskillend is, en wat tog groot invloed op die praktyk kan hê, is die **motivering** vir die betrokkenheid by meer as net sending" (Kritzinger, 1988:34). Bavinck (1960:112-113) wys daarop dat dienste aan die mense verskaf is sodat die weg voorberei kon word om die mense te bekeer. Hy som dié manier van sendingwerk doen soos volg op: "it overlooks the fact that the preaching of the gospel is a very complicated affair that touches man in all his aspects and relationships" (Bavinck, 1960:113).

Die probleem wat egter met die veranderde paradigma ontstaan het, is dat alles as sending beskou word. Volgens Bosch (1991:511) is daar 'n duidelike toename in die gebruik van die begrip sending. Die gevaar waarteen dus gewaak moet word is dat sending as te wyd gesien word. 'n Wesentlike probleem is dat sending deur verskillende groepe *gekaap* word tot hul eie voordeel. Hierdeur kan die evangelie verskraal word. "Ons geloof dat sending allesomvattend is, moet nie opgeneem word as dat ons dit as allesinsluitend beskou nie" (Kritzinger, 1988:41).

Wat is sending dan? "Sending het te doen met die oorsteek van grense" (Bosch, 1979:18). Sending is omvattend en sluit veel meer as net prediking in. Bosch (1979:18) wys daarop dat toe Jesus sy openbare optrede in Nasaret begin het, omlyn hy dit in terme van sending: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het my gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om verdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig" (Lukas 4:18-19). Die kerk het dus 'n verantwoordelikheid om sosiaal betrokke te raak. "Wonde moet verbind en slagoffers versorg word, in eie en ander gemeenskappe (Kritzinger, 1988:35).

Bosch (1991:512) sien sending as: "Mission is a multifaceted ministry, in respect of witness, service, justice, healing, reconciliation, liberation, peace, evangelism, fellowship, church planting, contextualization, and much more". Bosch (1991:512) wys daarop dat sending as 'n multidimensionele bediening aan die hand van sekere beelde, metafore of gebeure verduidelik kan word. Hy maak van die verskillende verlossings gebeure wat in die Nuwe Testament aan ons voorgehou word gebruik om sending as 'n multidimensionele bediening te verduidelik. Volgens Bosch (1991:518) kan dié ses gebeure nie los van mekaar nie maar eerder as 'n geheel gesien word. "In our mission, we proclaim the incarnate, crucified, resurrected ascended Christ, presents among us in the spirit and taking us into his future as captives in his triumphal procession".

Bosch (1991:519) gaan verder "It is the good news of God's love, incarnated in the witness of a community for the sake of the world".

Ten slotte is dit van belang dat ons sending ook **eskatologies** sal sien. Die einddoel van sending is tog die koninkryk van God. Sending as eskatologiese gebeure wil die kerk se aandag daarop vestig dat die taak van die kerk nooit afgehandel is nie. Bosch (1979:236) wys daarop om in die wêreld besig te wees een van die vernaamste redes is waarop ons vir die koms van Christus kan voorberei. Die Nuwe Testamentiese eskatologie speel af in die verlede, hede en toekoms. "Sending is gelowige hoop-in-aksie" (Bosch, 1979:238). Die kerk kom dus sy verpligting na teenoor die wêreld. Deur betrokke te wees in die wêreld deel die kerk sy hoop met die wêreld. Deur besig te wees in die hede berei die kerk homself en die wêreld voor vir die koms van die koninkryk

van God. Sending kan nooit die oog op die einddoel verloor nie naamlik die koninkryk van God.

Sending is nie 'n menslike aktiwiteit nie maar die werk van Jesus Christus.

### *7.2.1 Die drie-dimensionele sendingdefinisie*


Om die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka te beoordeel, moet dit aan die hand van 'n bepaalde kriterium gedoen word. Vir die beoordeling gaan van die **drie-dimensionele sendingdefinisie,** soos deur J.J. Kritzinger daargestel, gebruik gemaak word. Hierdie drie-dimensionele sendingdefinisie is 'n handige meetinstrument om die bydraes van die verskillende Suid-Afrikaanse rolspelers wat by sendingwerk in Sri Lanka betrokke was en steeds is, te beoordeel.

Die sendingdefinisie van Kritzinger is nie uniek nie. Kritzinger (1988:41) dui aan dat die model van die Church Missionary Society ooreenkomste toon en naby kom met wat hy met die drie-dimensionele sendingbenadering wil sê. Kritzinger vind ook aansluiting by die amptelike sendingreglement van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. "Hierdie is 'n hoogs betekenisvolle definisie en een wat ons onverhinderd aanvaar as werkende omskrywing van wat in die volgende onder sending verstaan gaan word" (Kritzinger, 1982:8). "Trouens hierdie drie-dimensionele benadering is meer as net implisiet ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se amptelike Sendingreglement teenwoordig" (Kritzinger, 1987:13).

Kritzinger poog om deur middel van die drie-dimensionele sendingdefinisie te verduidelik wat sending werklik behels. Die drie-dimensionele sendingdefinisie verteenwoordig 'n meer omvattende siening van sending en beweeg weg van die idee dat sending slegs woordverkondiging is. Kritzinger (1988:34-35) wys daarop dat praktiese en teologiese oorwegings aanleiding gegee het tot die gebruik van die term drie-dimensionele sending.

Die **praktiese rede** hou verband met die feit dat sendingbetrokkenheid te doen het met die hele mens in sy hele situasie en as antwoord op die hele evangelie (Kritzinger, 1988:34). Sending is dus nie net mooi woorde en beloftes nie maar ook betrokkenheid in 'n konkrete werklikheid. Volgens Kritzinger (1988:35) hou die **teologiese rede** verband met die aanvaarding binne sendingkringe dat daar drie Bybelse begrippe is wat die omvang van sending pragtig omskryf. Die begrippe is *kerugma* (woordverkondiging), *diakonia* (diens) en *koinonia* (gemeenskap). Bosch (1979:227-228) dui daarop dat die sending van die kerk onder die Bybelse begrip *marturia* saamgevat kan word en dan onderverdeel kan word in die kerugma, diakonia en koinonia.

**Die prisma**



Kritzinger illustreer die drie-dimensionele sendingdefinisie aan die hand van 'n voorbeeld. "Die **prisma** (sien figuur hierbo) verteenwoordig die werklikheid van die konteks. Wanneer die wit lig van die evangelie hierdie werklikheid binnedring, dan word die (een) straal opgebreek in sy samestellende spektrale kleure. Die prisma help ons onderskei tussen die kleure, maar die kleure moet gesien word as niks anders nie as deel van die wit lig. Soos wat hierdie lig meer is as net kleure, is sending meer as die somtotaal van die dimensies" (Kritzinger, 1988:35).

In gedagte moet gehou word dat die drie dimensies nie dieselfde is nie maar terselfde tyd nie los van mekaar gesien kan word nie. Omdat die drie dimensies as 'n geheel gesien word kan van 'n meer omvattende sendingbegrip gepraat word. Hieronder volg 'n kort uiteensetting van die drie dimensies binne die drie-dimensionele sendingdefinisie soos deur J.J. Kritzinger (1987:12) daar gestel :

*7.2.1.1 Die kerugma of verkondigende dimensie*

Hierdie dimensie behels die bekendmaking van die Naam van Jesus Christus en die uitnodiging aan die mense om deel van God se volk te word (Kritzinger, 1982:8). Volgens Kritzinger (1987:12) het sending dus eerste te doen met die bekendmaking van die evangelie aan die mense. Die doel is dat die mense die evangelie so goed moet hoor dat hulle daarop sal reageer.

In die verlede is sending hoofsaaklik as kerugmaties gesien. Dié siening geld vandag nog steeds in sekere kerklike kringe. Die kerugmatiese dimensie van die drie-dimensionele sendingdefinisie is die hart van die sendingtaak. Kritzinger (1982:8) waarsku egter dat indien dié dimensie as die enigste manier van sendingwerk beskou word, dit eerder die verskraling van sending tot gevolg het.

Belangrik is dat sending nie volledig is as die kerugmatiese dimensie nie deel daarvan is nie. Dit vorm die kern van die sendingtaak, maar is nie die volledige sendingtaak nie (Kritzinger, 1982:8-9). Kritzinger (1988:35) noem hierdie dimensie evangelisering. Dié evangelisering geskied deur woord sowel as daad. Om vordering op hierdie terrein te bepaal kan van kerklike sensusopnames gebruik gemaak word.

*7.2.1.2 Die diakonia of liefdesdiens*

Die tweede dimensie van die drie-dimensionele sendingdefinisie is die *diakonia* of liefdesdiens. Saam met die verkondiging van die evangelie word die ontferming van God ook oorgedra aan die nie-Christene (Kritzinger, 1987:12).

By die diakoniese dimensie word daar aan die mense se lewensomstandighede en behoeftes aandag gegee. Die omstandighede van mense en hul behoeftes verskil egter van gebied tot gebied. By die beoordeling van die bydraes van die Suid-Afrikaanse rolspelers in Sri Lanka moet hierdie aspek aandag geniet.

Die kerk moet aan die voorbeeld van Jesus Christus getrou wees, want Hy het gekom om te dien en nie om gedien te word nie. Die dienslewering van die kerk is 'n uitvloeisel van die liefde van God wat vir ons in die evangelie geopenbaar word. Die kerk moet sy lidmate toerus om Christus se dienswerk voort te sit. Die kerk se dienste moet uitreik na alle mense in nood en 'n daadwerklike poging aanwend om die nood te verlig (Kerk en Samelewing, 1990:8-9). Murray ( :46-47) leen die volgende aanhaling by 'n W.M.C. verslag: "It has come to pass that our representatives on the field, just because they are what we have made them, have far too often hidden the Christ Whom they are giving their lives to reveal. It is only in proportion as the missionary can manifest the character of Christ in and through his own life that he can gain hearing for the Gospel. Only as far as he can live in Christ before their eyes can be help them to understand his message."

Sending kan vandag nie sonder die dimensie funksioneer nie. Die liefde van Christus moet duidelik aan die verlore mense getoon word. Die liefde van Christus moet in elke sendelinge se lewe gesien word. Saam met die Woordverkondiging moet die liefde van Christus aan die nie-Christene uitgedra word. Die diens van barmhartigheid moet die nood van die mense ondervang.

*7.2.1.3 Die koinonia of kerkopbouende dimensie*

Saam met die *kerugma en diakonia* vorm die *koinonia* 'n geheel. Die gemeenskap met God maak sendingwerk moontlik. Vir 'n suksesvolle sendingpoging is die kerkopbouende dimensie van kardinale belang. Nadat die Woord van die Here die mense aangespreek het, is die opbou van die kerk uiters noodsaaklik (Kritzinger, 1987:13).

Daar kan dus nie net aan die totstandkoming van die kerk aandag gegee word sonder om aandag aan die opbou van die kerk te gee nie. Die opbouende dimensie van die drie-dimensionele sendingdefinisie kan nie van sending losgemaak word nie. Hierdie dimensie maak die uitvoering van die ander twee dimensies moontlik.

Die opbou van die kerk moet gesien word met die oog op die deelname aan God se sending (Kritzinger, 1988:35).

### 7.2.2 *Samevatting*

Kritzinger (1987:13) wys daarop dat hierdie definisie 'n aanduiding is van die breë benadering van sending en nie poog om 'n finale sendingdefinisie daar te stel nie. Dit blyk verder dat daar eenstemmigheid onder kerkleiers is oor die verskillende dimensies, alhoewel dit verskillend geformuleer word.

Die drie-dimensionele sendingdefinisie word in die navorsing gebruik omdat dit 'n uitstekende manier is om die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk by sendingwerk in Sri Lanka te beoordeel. Het die rolspelers 'n omvattende of verskraalde sendingbenadering gehad? 'n Interessante vraag waarop gekonsentreer moet word, is of die sendingbenadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende die jare waartydens sendingwerk in Sri Lanka gedoen is, wesentlik verander het. Het die Boerekrygsgevangenes byvoorbeeld dieselfde siening ten opsigte van sending gehad as byvoorbeeld die Kommissie vir Wêreldsending?

## 7.3 DIE BEOORDELING VAN DIE SENDINGBETROKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, DS. RAJKUMAR THURAIRAJAH EN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN SRI LANKA, AAN DIE HAND VAN DIE DRIE-DIMENSIONELE SENDINGDEFINISIE

Na die eerste kontak tussen ds. M.C. Vos en die inwoners van Ceylon het 'n lang tyd verloop voordat daar weer kontak tussen die twee partye was. Kontak is egter herstel met die aankoms van die Boerekrygsgevangenes in Ceylon en is deur eerwaardes De Klerk en Skeen verder geneem. Daar het egter 'n lang tydperk verloop voordat die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka by sendingwerk betrokke geraak het. Kontak is na die terugkeer van eerw. Skeen in 1930 verbreek en eers weer na 'n halfeeu in 1980 hervat. In die oorblywende deel van die hoofstuk word die betrokkenheid by sendingwerk in Sri Lanka van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, ds. Rajkumar Thurairajah en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka, beoordeel. Die verhouding wat in 1804 tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die inwoners van Sri Lanka ontstaan het, strek tot en met vandag.

### *7.3.1 Die Boerekrygsgevangenes (1900-1902)*

Na aanleiding van die geskiedenis van die Boerekrygsgevangenes tydens hul verblyf in Ceylon blyk dit duidelik dat baie van die Boere 'n behoefte gehad het om by sendingwerk betrokke te raak (Hoofstuk 3). Ten spyte van hul moeilike omstandighede wou hul die evangelie aan die inwoners van Ceylon bring. Die feit dat hulle in aanhouding was het nie hul sendingywer en entoesiasme geblus nie.

### *7.3.1.1 Die omvang van hul werk*

Die omvang van die werk van die Boerekrygsgevangenes moet onder die volgende twee punte uiteengesit word:

- Tydens hul **aanhouding in Ceylon** kon die Boere nie direk by sendingwerk onder die plaaslike bevolking betrokke raak nie. Die vernaamste rede hiervoor was dat hulle as gevangenes aangehou was. Slegs enkele van die Boerkrygsgevangenes was toegelaat om buite die Diyatalawakamp te beweeg. Die kan eerder as 'n tydperk van bewuswording beskou word. Tydens hul aanhouding het die Boere van die geestelike nood van die mense van Sri Lanka bewus geword. Hulle kon egter op daardie tydstip nie self by sendingwerk betrokke raak nie as gevolg van hul omstandighede.

- Die Boerekrygsgevangenes het in Ceylon die **Ceylon-Hulp Zending Genootschap** gestig met die doel om daadwerklik by sendingwerk in Ceylon betrokke te raak. Met die terugkeer van die gevangenes na Suid-Afrika word fondse ingesamel om 'n evangelis te onderhou wat met sendingwerk in Ceylon besig sou wees. Die Boere het dus by Ceylon betrokke gebly nadat hulle na Suid-Afrika teruggekeer het.

  Tydens hierdie fase kon die Boerekrygsgevangenes op 'n indirekte manier by sendingwerk in Ceylon betrokke raak. Interessant is om daarop te let dat die Boerekrygesgevangenes daadwerklik by sendingwerk in Ceylon betrokke geraak het eers nadat hulle die eiland verlaat het.

‘n Vergelyking kan in hierdie stadium tussen die sendingbetrokkenheid van die Boerekryggevangenes op St. Helena en dié op Ceylon gemaak word. Tydens aanhouding op St. Helena het die kerk deur persone soos ds. A.F. Louw die gevangenes geestelik bearbei. Eredienste, bidure en ander kerklike aktiwiteite het ook hier gereeld plaasgevind. ‘n Christelike Strewersvereniging was aktief op die eiland en het konferensies vir sy lede en mede gevangenes aangebied. Van die Boerekrygsgevangenes wat op St. Helena aangehou was, was ook sendinggeoriënteerd. ‘n Sendingkonferensie was op 22 November 1901 gehou naby die Deadwood kamp wat deur 300 gevangenese bygewoon word (Louw 1963:91). Tydens hierdie konferensie word ‘n beroep gedoen op die Nederduitse Gereformeerde Kerk om by sendingwerk betrokke te raak. Die konferensie op St. Helena is afgesluit met die woorde : ”Tienduisend mense in Suid-Afrika moes gehoor het wat ons gehoor het” (Louw, 1963:98). Dit blyk dat die Boere op die sendingkonferensie veral oor die situasie in Suid-Afrika bekommerd was.

‘n St. Helena-Zending Hulp Commissie het in die kamp bestaan en het veral die volgende doelstelling gehad: ”... het ten doel om in die gemeente waaraan sy lede behoort, onder toesig van die kerkraad te doen wat in sy vermoë is om die uitbreiding van Christus se ryk op aarde te bevorder” (Louw, 1963:110). Dié kommissie indentifiseer verskille probleemareas ten opsigte van sending in Suid-Afrika en stel hulself ten doel om dit aan te spreek.

Van die jong lede van die Christelike Strewersvereniging het tydens een van dié organisasie se byeenkomste hulself aangebied om as voltydse sendelinge te gaan optree (Louw, 1963:130).

Uit bogenoemde blyk dit dat van die Boerekrygsgevangenes op St. Helena net soos in die geval van hul medeburgers in Ceylon sendinggeoriënteerd was. 'n Duidelike verskil in die siening van wat sending is blyk tussen die gevangenes op St. Helena en dié op Ceylon te wees. Die gevangenes op St. Helena sien hul betrokkenheid by sending as primêr in Suid-Afrika. Daar word na wêreldsending verwys maar hul prioriteit lê by die Suid-Afrikaanse situasie. By die sendingkonferensie op St. Helena word byvoorbeeld geen melding gemaak van die omstandighede op St. Helena nie. Die verskil met die Boerekrygsgevangenes te Ceylon was dat laasgenoemde in Ceylon betrokke geraak het. Die Boere het ook na die omstandighede in Suid-Afrika verwys, maar wou iets daadwerkliks aan die geestelike nood van die inwoners van Ceylon doen. Daar was dus 'n duidelike **klemverskil** ten opsigte van sendingbetrokkenheid tussen die gevangenes op St. Helena en die op Ceylon.

*7.3.1.2 Sendingbenadering van die Boerekrygsgevangenes*

- Die Boere het geglo dat dit elke Christen se verantwoordelikheid was om by sendingwerk betrokke te raak. Dit was gereeld op gelowiges se hart gedruk om as 'n instrument in die hand van die Here gebruik te word ter uitbreiding van sy koninkryk. "Zending beteekent zielen aanbrengen voor het koninkrijk der Hemelen of medewerken aan den bouw van den grooten Tempel Gods" (De Strever, 12 April

1902:96).

Tydens een van die Sendingkonferensies word die volgende vraag geopper: "Hoe moeten wij zendingwerk doen?" Nadat 'n lang bespreking gevolg het kom die Boere tot die gevolgtrekking dat indien 'n Christen nie self kan gaan sendingwerk doen nie moes hy dit vir iemand anders moontlik maak om te gaan. "Kan iemand zelf niet gaan, dan zende hij een ander in zyne plaats" ( De Strever, 26 April1902 :104).

Of hulle self by sendingwerk in Ceylon betrokke was, word nie direk in die bronne wat bestudeer is, genoem nie. Dit blyk egter hoogs onwaarskynlik te wees. Die beste oplossing vir die Boere was om met hul terugkeer na Suid-Afrika dit vir 'n evangelis moontlik te maak om aan die miljoene verlore mense in Ceylon die Woord van die Here te verkondig.

- Geoordeel aan die **drie-dimensionele sendingdefinisie** blyk dit dat die Boerekrygsgevangenes met 'n verskraalde sendingbegrip gewerk het. Hul sendingpogings het om woordverkondiging gesentreer. In ag moet geneem word dat hulle tydens hul verblyf in Ceylon in aanhouding was. Hulle kon nie vryelik in die land beweeg nie. Die enigste manier van sendingwerk was om die evangelie deur middel van 'n evangelis te verkondig. Die krygsgevangenes se sendingpogings in Ceylon kan dus nie as omvattend beskryf word nie. Hulle moes deur middel van 'n "middelman "sendingwerk in Ceylon doen.

Die doelwit was om die Woord van die Here aan soveel mense

moontlik te bring. Die bydrae wat die Boerekrygsgevangenes gelewer het moet aan die tyd waarin hul geleef het gemeet word. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se siening rondom die negentiende eeu ten opsigte van sendingwerk was soos van die meeste evangeliese kerke wêreldwyd. In die tyd het die kerk eerstens swaar op woordverkondiging gekonsentreer en tweedens in 1881 word die sendingwerk van die kerk gekonsolideer met die ontstaan van die Sendingkerk. Woordverkondiging en die opbou van die gemeente was in dié tyd belangrik vir die kerk.

Met die stuur van eerwaardes A.J.K. De Klerk en S.F. Skeen na Ceylon kon die Ceylon-Hulp Zending Genootschap sy kontak met die Dutch Reformed Church in Ceylon versterk. Alhoewel die genootskap nie vir die salarisse van eerwaardes De Klerk of Skeen verantwoordelik was nie, het hulle wel 'n rol gespeel om predikante van die kerk na Ceylon te stuur.

Kritiek teen die sendingbetrokkenheid van die Boerekrygsgevangenes in Ceylon was die feit dat hul beplanning om in Ceylon betrokke te raak onvoldoende was. Die visie en funksionering van die Ceylon-Hulp Zending Genootskap was mooi omskryf en uiteengesit maar ten opsigte van die beplanning hoe die genootskap in Ceylon by sendingwerk betrokke gaan wees ontbreek. Dit blyk dus dat daar slegs aan die korttermyn beplanning aandag gegee was. Dit was een van die redes waarom na 'n aantal jare die sendingbetrokkenheid van die Boerekrygs=gevangenes ten einde loop.

- Wat was die **motivering** van die Boerekrygsgevangenes om by sendingwerk in Ceylon betrokke te raak? Tydens die sending=konferensie wat in Desember 1902 plaasgevind het, word die sending as die hoofsaak van die kerk beskou en nie as 'n bysaak nie. Sending word as liefdesaak gedefinieer (De Strever, 26 April 1902: 103-104). By die konferensie word 'n beroep op die Boere gedoen om elke dag ten minste een persoon van Jesus te vertel.

Tydens die tydperk van aanhouding in Ceylon stel 101 jongmanne hulself beskikbaar om sendingwerk te gaan doen. "Wij worden geroepen om met woord niet alleen, maar ook met daad te doen wat Hij hebben wil. Hij die u roept is getrouw, die het ook doen ziel" (De Strever, 17 Mei 1902:125). Dat die Boerekrygsgevangenes ernstig met hul sendingpogings was, is baie duidelik. Die kern van sendingwerk vir die Boere was om die koninkryk van God uit te brei.

Die Boerekrygsgevangenes se grootste dryfveer om by sendingwerk betrokke te raak, was die *liefdesmotief*. Dié motief het gedurende die negentiende eeu 'n belangrike rol in kerke en Christene se siening ten opsigte van sendingwerk gespeel. Johannes van den Berg gebruik die term "constrained by Jesus' love" om die motiewe van die sendingontwaking in Brittanje vanaf 1698 tot 1815 te beskryf (Van den Berg 1956:98-120, 156-159, 172-176). Hy sê dat Christene 'n gevoel van dankbaarheid ervaar as gevolg van dit wat hulle alles van Jesus ontvang het, dat hulle nie anders kan as om dit met ander te deel nie. Verlore siele word ook as die skepsels van God gesien en daarom moet alle pogings aangewend word om hul te red. God was bo alles tog 'n God van

genade. Die meeste sendinggenootskappe soos byvoorbeeld die Church Mission Society en Christene soos die Morawiërs word as 'n goeie voorbeeld van dié sendingmotief deur Bosch (1991:287) aan ons voorgehou. In die tyd van die Tweede Vryheidsoorlog hou Andrew Murray (1901:20-32) die Morawiërs as voorbeeld voor van hoe 'n kerk by sendingwerk betrokke kan en moet raak. Murray (1901:32) wys daarop dat William Ward by die lees van die geskiedenis van die Morawiese kerk uitgeroep het :
"Baie dankie Morawiërs! Julle het my besiel". Die liefdesmotief het Christene reg oor die wêreld in die tyd van die Boerekrygsgevangenes gemotiveer om by sendingwerk betrokke te raak.

Nog 'n kenmerk van persone wat die sendingmotief aanhang, is hul uiterse toegewyding. In gedagte moet gehou word dat die Morawiërs in die tyd voor die uitbreek van die oorlog 'n belangrike rol ten opsigte van sendingwerk in Suid-Afrika gespeel het en uit die aard van die saak 'n invloed op die krygsgevangenes se siening van sending gehad het. Die kern van dië sendingmotief is dus hul liefde vir God en dié liefde dryf hulle om die evangelie aan die nie-Christene te bring.

Die liefdesmotief kan positief beoordeel word aldus Bosch (1991:288). Bosch se waarneming moet na die Boerekrygsgevangenes deurgetrek word. Hulle was so bewus van God se teenwoordigheid dat hulle die evangelie aan alle nie-Christene wou bring. Dit kan net positief beoordeel word.

Die "constrained by Jesus love"- sendingmotief kan egter ook enige

sendingpoging verskraal (Bosch, 1991:290). So maklik word arm en nie-Christene sinoniem. Die *arme heidene* het gedurende die negentiende eeu 'n bekende spreekwoord geword. Dan het die liefde 'n neerhalende liefde geword. Nuwe kerke wat uit die sendingpogings ontstaan het, is as minderwaardig beskou ( Bosch, 1991: 290-291).

Uit die navorsing blyk dit dat sendingwerk in Suid-Afrika in die tyd van die Boerekrygsgevangenes in die meeste gevalle aan anderskleuriges gekoppel was. Alhoewel daar melding gemaak word van pogings om die Boere wat van die Here weggedwaal het, te evangeliseer, was die fokus eerder op anderskleuriges as dit by sendingwerk kom. "Laten wij zien dat Jesus zich niet schaamt, die arme Koelies die hier rond lopen, Zijn broeders te noemen......" (De Strever, 26 April 1902:104).

*7.3.1.3 Sendingmetodes*

Dit blyk duidelik dat die doel van die betrokkenheid by sendingwerk in Ceylon deur lede van die Boerekrygsgevangenes kerugmaties van aard was. Daar was nie pogings om 'n kerk te stig of om die omstandighede van die inwoners te verbeter nie, slegs om die evangelie aan die nie-Christene te verkondig. Die enigste metode wat suksesvol blyk te wees, was om 'n plaaslike evangelis te ondersteun om die evangelie te verkondig.

#### 7.3.1.4 *Die uiteindelike invloed wat die Boerekrygsgevangenes op die inwoners van Ceylon gehad het*

Die invloed wat die krygsgevangenes op Ceylon gehad het, is moeilik om te bepaal. Uit die bronne wat bestudeer is, word geen melding gemaak van sukses wat die evangeliste behaal het nie. Die krygsgevangenes het wel 'n goeie indruk op die plaaslike inwoners gemaak. In 'n onderhoud met ds. J.v.W. du Plessis (1996) word melding gemaak van ou lidmate van die Dutch Reformed Church in Ceylon wat met groot waardering van die Boerekrygsgevangenes gepraat het. Met die ondersteuning van die evangeliste kon die mense van Ceylon sien dat die Boerekrygsgevangenes ernstig was om die Woord te verkondig.

Hierdie betrokkenheid van die Boerekrygsgevangenes het die weg voorberei vir eerwaardes A.J.K. de Klerk, S.F. Skeen asook vir die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka.

#### 7.3.1.5 *Die uiteindelike invloed wat die Boerekrygsgevangenes op die kerk in Suid-Afrika gehad het*

Ten slotte moet melding gemaak word van die invloed wat die Boerekrygsgevangenes op die gemeentes waarna hulle terug gekeer het gehad het, in die vreemde het hulle nie alleen hul verhouding met hul God verbeter, nie maar ook die behoefte ontwikkel om by sendingwerk betrokke te raak. Boere het hulself oral in Suid-Afrika beskikbaar gestel vir sendingwerk. Dit moes 'n positiewe invloed op die lidmate van die betrokke gemeentes gehad het.

In hierdie tyd was die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingestel om by sendingwerk in Suid-Afrika en die buiteland betrokke te raak. 'n Voorbeeld hiervan was die stigting van die Stoffberg-Gedenkskool in

1908 vir die opleiding van swart evangeliste en onderwysers (Crafford, 1982:503-505).

Van die krygsgevangenes kon in hul onderskeie gemeentes met die kennis wat hul in die vreemde opgedoen het ten opsigte van sendingwerk van groot waarde wees.

### *7.3.2 Eerwaardes A.J.K. De Klerk en S.F. Skeen*

Eerwaardes De Klerk en Skeen het hulself in Ceylon bevind as gevolg van die kontak wat daar was tussen ds. Ferreira van die Ceylon Hulp-Zending Genootschap en die Dutch Reformed Church in Ceylon. De Klerk het aan ds. Ferreira se versoek vir leraars vanuit Suid-Afrika om die Dutch Reformed Church in Ceylon te gaan help gehoor gegee en na Ceylon vertrek. Met die aankoms van eerw. De Klerk in Ceylon is die kontak tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die inwoners van Ceylon weer eens hernu.

Die werk van eerwaardes De Klerk en Skeen word verder afsonderlik beoordeel.

*7.3.2.1 Eerw. A.J.K. De Klerk*

7.3.2.1.1 Die omvang van sy werk

Eerw. De Klerk was 'n opgeleide sendeling en produk van die Sendinginstituut te Wellington. In Ceylon was hy egter aan 'n bepaalde gemeente van die Dutch Reformed Church gekoppel. Die direkte sendingwerk waarby hy betrokke wou raak, moes eers op die langebaan geskuif word.

Sendingwerk in die Dutch Reformed Church in Ceylon was besig om af te koel en gemeentes het geen behoefte gehad om by sendingwerk betrokke te raak nie. Die gemeente administrasie was in 'n haglike toestand. De Klerk se energie het dus in die opbou van die gemeente gegaan. Hy moes die administrasie van die gemeente weer in orde kry. Met sy aankoms was daar slegs een kerkraad vir al die gemeentes in Colombo. Hy besluit om die beginsels van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die kerk in Ceylon toe te pas. Wette en bepalings moes van nuuts af opgetrek word sodat die kerk weer na behore kon funksioneer.

7.3.2.1.2 Sendingbenadering

- Eerw. De Klerk was aan die Dutch Reformed Church in Ceylon gekoppel en kon dus nie op eie inisiatief by sendingwerk betrokke raak nie. Hy was in die unieke situasie dat hy die Dutch Reformed Church in Ceylon moes oortuig om met sendingwerk te begin. Indien

hy by sendingwerk betrokke wou raak, kon dit slegs met die hulp van die Dutch Reformed Church geskied.

Eerw. De Klerk het van die veronderstelling uitgegaan dat dit elke Christen se verantwoordelikheid is om by sendingwerk betrokke te raak. Vir hom was sending die wese van die kerk.

- Gemeet aan die **drie-dimensionele sendingdefinisie** blyk dit dat eerw. De Klerk meestal sy energie aan die kerkopbouende dimensie bestee het. Die situasie wat in die Dutch Reformed Church in Ceylon geheers het, het De Klerk gedwing om al sy aandag aan dié dimensie te wy. Voor sy terugkeer na Suid-Afrika het hy meermale die behoefte uitgespreek om meer by evangelisasiewerk betrokke te raak. Van die kant van die Dutch Reformed Church in Ceylon was hy nie aangemoedig om meer by evangelisasiewerk betrokke te raak nie. Vir hom was dit moeilik om die massa verlore mense te aanskou en om niks aan hul lot te kon doen nie. Hy ontwikkel die visie om sy gemeentelede meer van sendingwerk bewus te maak, sodat hulle later kon uitgaan en die evangelie aan die nie-Christene te verkondig.

  Hy en sy vrou het gepoog om deur middel van woordverkondiging mense buite die kerk te bereik. Dit blyk egter dat die naaste wat hy aan evangelisasiewerk gekom het, was om die lidmate van die Dutch Reformed Church in Ceylon van hul groot verantwoordelikheid bewus te maak.

  In die bronne word net vlugtig verwys na sy betrokkenheid by die mense se omstandighede in Ceylon. Hy wou die kerk meer betrokke by die mense gemaak het sodat die probleme van die mense ook die

probleme van die kerk kon word. Hyself kon egter binne die Dutch Reformed Church in Ceylon nie veel aan die mense se omstandighede doen nie.

Om die werk van De Klerk te beoordeel, moet die situasie waarbinne hy gewerk het, in ag geneem word. Was hy as sendeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk na Ceylon gestuur sou hy waarskynlik die situasie totaal anders hanteer het. Uit die bronne wat bestudeer was, blyk dit dat De Klerk 'n omvattende sendingbenadering gehad het. Die feit bly egter dat hy sy sendingbenadering nie in sy situasie in Ceylon kon implementeer nie. In die opsig het sy siening ten opsigte van sending verskil van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat meer daarop uit was om alle nie-Christene te kersten. Die kerk het meer op woordverkondiging gekonsentreer en nie soseer betrokke by die mense se omstandighede geraak nie.

- Die **motivering** van eerw. De Klerk om by die kerk in Ceylon betrokke te raak, was primêr die uitbreiding van die koninkryk van God. Die *liefdesmotief* as motivering wat by die Boerekrygsgevangenes aanwesig was, is ook by eerw. De Klerk waarneembaar. Die lot van die miljoene verlore mense in Ceylon het hom aangespreek. Hy wou die liefde wat hy van sy God ervaar het met dié mense deel.

  As gevolg van die motivering wat hy gehad het, het hy besondere werksywer aan die dag gelê. Die tyd wat De Klerk elke dag tot sy beskikking gehad het, was volgens hom te min om sy doelstellings te bereik.

7.3.2.1.3 Die invloed wat eerw. De Klerk op die Dutch Reformed Church in Ceylon gehad het

Deur middel van sy boodskappe tydens die eredienste en die voorbeeld wat sy lewe vir die gemeente was, het hy die gemeente opgelei. Tug is toegepas waar nodig. 'n Verdere bydrae wat hy tot die kerklike lewe gelewer het was om te help met die totstandkoming van 'n jeugblad. Die oprigting van die de Klerk kerk was een van die belangrikste bydraes wat eerw. De Klerk in Ceylon gelewer het.

Sy betrokkenheid by die Dutch Reformed Church in Ceylon was uiters geslaagd. Hy het deur middel van harde werk 'n blywende indruk op die lidmate van die kerk gemaak. In sy pogings om die Dutch Reformed Church in Ceylon by sendingwerk betrokke te kry, kon hy ongelukkig nie slaag nie. Daar was ook nie veel sprake van evangelisasiewerk onder die nie-Christene deur De Klerk self nie.

Om te skerp kritiek uit te spreek oor sy manier van werk in Ceylon, blyk onregverdig te wees. As 'n *hulp* vanuit Suid-Afrika het die kerk in Ceylon bepaal waar en hoe hy betrokke sou wees. Op die tydstip was die kerk in 'n swak toestand en moes hy op dié terrein sy eie kragte inspan.

Die bydrae wat hy in Ceylon gelewer het, was van groot waarde. In die tyd toe die kerk in Ceylon besig was om onder te gaan, het eerw. De Klerk sy deel gedoen om die kerk weer in ere te herstel. Tot en met vandag kan die spore wat De Klerk in Ceylon getrap het, duidelik gesien word.

Die uiteindelike invloed wat eerw. De Klerk op die Dutch Reformed Church in Ceylon en sy lidmate gehad het, was blywend van aard.

### *7.3.2.2 Eerw. S.F. Skeen*

Die bydrae wat eerw. Skeen in Ceylon gelewer het, is moeilik om sinvol te beoordeel. Die rede hiervoor is die gebrek aan inligting aangaande sy werk.

#### 7.3.2.2.1 Die omvang van sy werk

Die Dutch Reformed Church in Ceylon het eerw. Skeen in dieselfde hoedanigheid as eerw. de Klerk aangewend. Hy was vir 'n gemeente van die Dutch Reformed Church in Ceylon verantwoordelik. Hy is ook nie deur die Dutch Reformed Church in Ceylon vir sendingwerk aangewend nie.

Sy eggenote wys daarop dat hy die gemeente in Ceylon op dieselfde manier bearbei het as 'n gemeente in Suid-Afrika. Eredienste is waargeneem en eerw. Skeen het gepoog om 'n geestelike herlewing in die kerk te laat plaasvind. Die doodsheid wat in die kerk geheers het was vir hom as sendeling onaanvaarbaar (Skeen, 1995).

7.3.2.2.2 Sendingbenadering

- As opvolger van eerw. De Klerk was eerw. Skeen ook aan die Dutch Reformed Church in Ceylon gekoppel. Vir eerw. Skeen was dit die taak van die plaaslike gemeente om by sendingwerk betrokke te raak. Eerw. Skeen het dieselfde ervaring as eerw. De Klerk beleef, naamlik dat die Dutch Reformed Church in Ceylon geen sendingvisie gehad het nie.

- Uit die beskikbare inligting blyk dit dat eerw. Skeen, soos in die geval van De Klerk op die kerkopbouende dimensie (*koinonia*) van die **drie-dimensionele sendingdefinisie** gekonsentreer het. Kerklike administrasie het baie van sy tyd in beslag geneem om te verseker dat die gemeente na behore kon funksioneer. Soos in die geval van De Klerk kon Skeen ook nie veel aandag aan evangelisasiewerk gee nie.

- As student van die Sendinginstituut, soos in die geval van eerw. De Klerk, was sy motivering die uitbreiding van die koninkryk van God. Hy het geglo dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n geleentheid gebied is, om by sendingwerk in Ceylon betrokke te raak en dat die kerk in Suid-Afrika hierdie geleentheid moes gebruik.

7.3.2.2.3 Sendingmetodes

- Melding word gemaak van traktaatjies wat op die straathoeke van

Colombo uitgedeel is. Saam met die jeug van die plaaslike gemeente het hy gepoog om die massas nie-Christene in Colombo te bereik; dié pogings het egter nie op 'n groot skaal geskied nie (Skeen, 1995).

- 'n Interessante waarneming was dat eerw. Skeen die kerk in Suid-Afrika om hulp genader het met die woorde van die Masedoniese man: "Kom oor en help ons" (Hofmeyr, 1928:73). Bosch (1991:289) wys daarop dat Handelinge 16:9 wat oor die visioen van Paulus met die Masedoniese man handel, in die verlede as 'n missionêre teks beskou is. Die visioen dui dan op die onmag van die heidene om hulself te help. In die roep om hulp deur eerw. Skeen blyk dit dat die kerk in Ceylon so verval het dat slegs iemand van buite Ceylon die situasie kon red.

*7.3.2.3 Samevatting*

Eerwaardes De Klerk en Skeen het 'n belangrike bydrae in Ceylon gelewer. Hulle het as 't ware die pad voorberei vir die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending in Ceylon. Die feit dat hulle nie by evangelisasiewerk in Ceylon betrokke kon raak nie, doen geensins afbreek aan hul bydraes nie.

De Klerk en Skeen het 'n belangrike rol binne die Dutch Reformed Church in Ceylon gespeel. Hul ywer en kennis was vir hierdie kerk van groot waarde.

Ten slotte moet die Nederduitse Gereformeerde Kerk gekritiseer word omdat daar geen poging aangewend was om in Ceylon betrokke te raak

nie. Ten spyte van die feit dat eerwaardes De Klerk en Skeen hulp van die kerk gevra het. Dit kan as een van die redes beskou word waarom die verhouding na die vertrek van eerw. Skeen met die kerk in Ceylon verbreek is.

### *7.3.3 Ds. Rajkumar Thurairajah*

Ds. Rajkumar Thurairajah het as leraar van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka bedank as gevolg van hul gebrekkige sendingvisie. Hy kon hom nie meer met die sendingbeleid van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka vereenselwig nie. Saam met die Kommissie vir Wêreldsending begin hy met sendingwerk in Jaffna onder die Tamils.

#### *7.3.3.1 Die omvang van sy werk*

Die omvang van die werk van ds. Thurairajah moet onder die volgende opskrifte beoordeel word: sy bediening te Jaffna en sy bediening te Colombo.

- Ds. R. Thurairajah se bediening te Jaffna

Tydens sy bediening te Jaffna het ds. Thurairajah eerstens op Woordverkondiging en tweedens op die nood van die mense gekonsentreer. Hy het die evangelie aan soveel moontlik mense verkondig. As gevolg van sy toewyding en opregte persoonlikheid behaal hy groot suksesse. Baie mense het tot bekering gekom en ander wou meer inligting aangaande die Christendom hê.

Die grootste deel van die bevolking in Jaffna was en is steeds arm. Na die lang droogte wat in Jaffna geheers het, was baie mense sonder enige inkomste. Ds. Thurairajah kon nie net die evangelie aan die mense bring sonder om aan hul sosiale omstandighede aandag te gee nie. Sy liefde vir sy medemens was 'n integrale deel van sy bediening. Hy het uit sy eie salaris kospakkies en klere aan die armes uitgedeel.

- Ds. Thurairajah se bediening in Colombo

Met die verskuiwing van ds. Thurairajah na Colombo het sy bedienings=patroon verander. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het hom, in oorleg met die Kommissie vir Wêreldsending, in een van hul gemeentes aangewend. Die gemeente waarin hy geplaas is, het nie na behore gefunksioneer nie en hy moes noodwending tyd aan die opbou van die gemeente spandeer. 'n Noodgedwonge verskuiwing het binne sy bediening plaasgevind.

Woordverkondiging was nie die enigste prioriteit van ds. Thurairajah in Colombo nie. Dit het nie agterweë gebly nie maar het 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Hy kon egter nie meer soveel aandag aan direkte woordverkondiging aan die nie-Christene wy nie. Deur middel van die werk van Bybelkor waarvan hy in beheer was, en die Bybelverspreidingsprojek, kon hy sy visie om die evangelie aan die nie-Christene te bring, uitleef. Met dié projek kon hy die evangelie aan die mense oor 'n veel wyer area binne Sri Lanka bring.

*7.3.3.2 Die Sendingbenadering van ds. Rajkumar Thurairajah*

- Ds. Thurairajah het van die veronderstelling uitgegaan dat sending die wese van die kerk is. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het geen poging aangewend om die nie-Christene in Sri Lanka te bereik nie. Hyself wou by sendingwerk in die noorde van Sri Lanka betrokke raak. Met die aanvang van sy werk het geen organisasie hom gehelp of finansieel ondersteun nie.

- Gemeet aan die **drie-dimensionele sendingdefinisie** het ds. Thurairajah aan die kerugmatiese en diakoniese dimensies aandag gegee. Met die aanvang van sy werk te Jaffna het hy weinig tyd aan die opbou en instandhouding van die gemeente bestee.

  In samesprekings met lede van die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka versoek die kommissie ds. Thurairajah om die werk in Jaffna vir eers te konsolideer. Hy moes nadat 'n kerkgebou opgerig is die bekeerlinge vanuit die heidendom by die gemeente inskakel. Gemeentelike aktiwiteite soos eredienste, Bybelstudies en bidure moes aandag geniet.

  Punte van kritiek teen die aanvanklike bediening van ds. Thurairajah in Jaffna was:

  - 'n gebrek aan die kerkopbouende dimensie. Hy het al sy aandag op woordverkondiging gevestig. Met die gevolg dat die bekeerlinge vanuit die heidendom nie dadelik in 'n meelewende gemeente ingeskakel was nie. Die suksesse wat hy behaal het, het hom ook verder aangespoor om na die nie-Christene uit te reik. Dit was sy

roeping en visie en ander sake was hieraan ondergeskik gewees.

- dat die gemeente wat hy gestig het in isolasie gefunksioneer het. Nadat die Kommissie vir Wêreldsending hom daarop gewys het om meer aandag aan die kerkopbouende dimensie tegee het ds. Thurairajah homself daartoe verbind. Die feit was egter dat dié gemeente nie deel van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was nie. Ds. Thurairajah het ook nie die behoefte gehad om met ander kerklike instansies kontak te maak nie. In ag moet geneem word dat hy die uitreiking na die nie-Christene en die gemeentewerk hom nie tyd gegun het om na ander gemeentes uit te reik nie.

-dat hy geensins bereid was om met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka saam te werk of te onderhandel nie.

Nadat die kerkgebou voltooi is, kon hy weer aandag aan die *koinonia*-dimensie wy. Hier het hy 'n stewige basis vir die funksionering van die gemeente gelê en kon die gemeente, na sy vertrek na Colombo, steeds bly funksioneer.

Die omstandighede in Colombo het ds. Thurairajah in 'n mate gedwing om met 'n meer omvattende sendingbenadering te werk. Al die dimensies van dié sendingbegrip het nou aandag geniet. In 'n mate het daar egter 'n klemverskuiwing van 'n kerugmatiese na 'n kerkopbouende dimensie plaasgevind. Die belangrikste rede vir die klemverskuiwing was die veranderende omstandighede waarbinne hy in Colombo gewerk het.

Die *diakonia* was altyd deel van ds. Thurairajah se bedienings-patroon. In Colombo was hy net so betrokke by die armes as wat die geval in Jaffna was. Ten slotte kan die opmerking gemaak word dat ds. Thurairajah se bediening op die kerugmatiese dimensie en sy liefde vir sy naaste berus het. Alhoewel daar, soos aangedui, 'n mate van klemverskuiwing in Colombo plaasgevind het, was dit steeds sy visie om die Woord van die Here aan die miljoene verlore mense in Sri Lanka te bring.

- Die **motivering** waarmee ds. Thurairajah sendingwerk gedoen het was eerstens die uitbreiding van die koninkryk van God. Hy het tot die besef gekom dat die Boeddhistiese geloof nie die antwoord vir die mense van Sri Lanka was en is nie. Sy visie waarmee hy in Jaffna begin werk het, was om elke inwoner van Jaffna die geleentheid te gee om die evangelie te hoor. Van dié standpunt het hy uitgegaan tot met die dag van sy dood. Al verskil was dat hy sy visie ook op Colombo van toepassing gemaak het.

Tweedens was sy motivering om die omstandighede van die mense met wie hy gewerk het te verbeter. Hy het Christus as alternatief aan die mense voorgehou.

Derdens het ds. Thurairajah 'n roeping gehad om die Woord van die Here aan die nie-Christene te verkondig. Volgens ds. Thurairajah kon hy nie ongehoorsaam gewees aan die God wat hom geroep het nie. As gevolg van sy sterk roepingsbewustheid kon hy nie saam met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka werk nie.

*7.3.3.3 Die Sendingmetodes van ds. Rajkumar Thurairajah*

- Jaffna

Tydens sy bediening in Jaffna het ds. Thurairajah aanvanklik die mense deur middel van huisbesoek genader. Elke dag is soveel mense moontlik besoek. Wanneer hy reaksie op sy huisbesoeke ontvang het, kon hy diegene wat belanggestel het weer besoek. Voortdurende kontak met die belangstellendes was een van die redes vir die sukses wat hy behaal het.

Hy stig Christian Communications om meer mense in Jaffna te bereik. Op die markplein maak hy van luidsprekers en 'n skyfieprojektor gebruik om die evangelie oor te dra.

- Colombo

Met sy vertrek na Colombo het daar 'n verskuiwing in sy bediening plaasgevind. Hy kon in die stad nie dieselfde sendingmetodes gebruik nie. Een van die redes hiervoor was dat hy in 'n gevestigde gemeente gestaan het wat baie van sy aandag geverg het.

Om steeds by sendingwerk betrokke te wees, dra ds. Thurairajah daartoe by dat 'n tak van Bybelkor in Sri Lanka gestig word. Advertensies word in dagblaaie geplaas om Bybelkor aan die inwoners van Sri Lanka bekend te stel en persone wat belangstel, kon ds. Thurairajah kontak. 'n Bybelverspreidingsprojek word van stapel gestuur om die Bybel vir alle mense in Sri Lanka toeganklik te maak.

Hy het as gevolg van die kontak wat hy met die minderbevoorregtes gehad het, hul vertroue gewen. Nadat dit plaasgevind het kon hy begin om die evangelie aan dié mense te bring.

- Medewerkers

Tydens ds. Thurairajah se bediening te Jaffna het hy en sy eggenote aanvanklik self die huisbesoek gedoen en Christian Communications hanteer. Later het die bekeerlinge vanuit die heidendom en van hul familielede hulle bygestaan.

Met sy terugkeer na Colombo was sy swaer in beheer van die werk te Jaffna. Ds. Thurairajah het dan op 'n gereelde basis die werk te Jaffna besoek.

In Colombo het hy helpers gehad wat hom ten opsigte van die werk van Bybelkor en die Bybelverspreidingsprojek bygestaan het. Na sy afsterwe was sy vrou en 'n afgetrede evangelis in beheer van Bybelkor. Jong Christene het hom gehelp om die Bybels per motorfiets te versprei.

*7.3.3.4 Die invloed wat ds. Rajkumar Thurairajah op die kerk van Sri Lanka en Suid-Afrika gehad het*

Ds. Thurairajah het by die mense van **Sri Lanka** - lidmate van die kerk en nie-Christene groot aanklank gevind. Sy empatie met die mense het van hom 'n geliefde persoon in Jaffna en Colombo gemaak. Sy talent om met mense te werk, het hy tot voordeel van die werk van die Here gebruik. Sy lewe was 'n voorbeeld vir elke Christen in Sri Lanka. Die

bydrae wat hy in Sri Lanka gelewer het, kan nooit na behore na waarde geskat word nie. Die bywoning van sy begrafnis deur Christene en nie-Christene was 'n bewys van die groot werk wat hy in Sri Lanka verrig het.

Die werk van ds. Thurairajah in Sri Lanka was in Wes-Transvaal en ander dele van **Suid-Afrika** alombekend. Sy ywer en erns met die werk het van hom 'n gerespekteerde persoon in Suid-Afrika gemaak. Deur die kontak wat hy oor die jare heen met lede van die Kommissie vir Wêreldsending gehad het, het hy ook 'n invloed op die lede gehad. Sy entoesiasme en toewyding was 'n belewenis vir almal wat met hom in aanraking gekom het.

### *7.3.4 Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk in Sri Lanka*

Soos meermale opgemerk, kan die werk van die Kommissie vir Wêreldsending en dié van ds. Thurairajah nie los van mekaar gesien word nie. Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk in Sri Lanka was en is steeds uniek. Deur die werk van ds. Thurairajah te ondersteun, kon die kommissie by die verkondiging van die evangelie in Sri Lanka betrokke raak.

#### *7.3.4.1 Die omvang van die werk van die Kommissie vir Wêreldsending*

Die situasie van die Kommissie vir Wêrelsending was in verskeie opsigte uniek. Die kommissie het nie self direk by sendingwerk betrokke geraak in die sin dat lede van die kommissie self in Sri Lanka gaan werk het nie,

maar het wel op 'n indirekte manier het hulle 'n bydrae gelewer. Die aanvanklike suksesse in Jaffna het daartoe bygedra die kommissie op 'n breër basis in Sri Lanka betrokke geraak het.

Die Kommissie vir Wêreldsending is ook nie passief by die werk in Sri Lanka betrokke nie. Lede van die Kommissie vir Wêreldsending besoek Sri Lanka op 'n gereelde basis en tydens besoeke kry lede geleentheid om eredienste waar te neem. In Jaffna is verskeie bekeerlinge deur lede van die kommissie gedoop en daar was ook geleentheid om die nagmaal te bedien.

Die Kommissie vir Wêreldsending het ook later by die opleiding van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka betrokke geraak. Op dié manier is die kommissie besig met die opbou en opleiding van die kerk in Sri Lanka.

Met die ondersteuning van die werk van Pieter ter Haar is die kommissie besig om deur middel van hul betrokkenheid by hom, die evangelie na die Sri Lankese platteland te neem. Net soos in die geval van Jaffna kan die kommissie hier 'n blywende bydrae lewer.

Die Kommissie vir Wêreldsending se betrokkenheid by sendingwerk in ander gebiede in die Ooste geskied deur middel van finansiële bydraes wat die werk moontlik maak. Op dié gebiede word weer eens sover moontlik hulpmiddels verskaf om sinvolle sendingwerk moontlik te maak

*7.3.4.2 Die Kommissie vir Wêreldsending se sendingbenadering*

- Saam met ds. Rajkumar Thurairajah kon die Kommissie vir Wêreldsending by sendingwerk in Sri Lanka betrokke raak. Hy was die persoon wat in Sri Lanka in beheer gestaan het van die werk van die Kommissie vir Wêreldsending.

  Dit moet in gedagte moet gehou word dat die kommissie nie direk met die mense wat bearbei word, in aanraking kom nie. Ds. Thurairajah, en later die Dutch Reformed Church in Sri Lanka, is as *skakels* gebruik om die Woord in Sri Lanka te verkondig. As 'n organisasie van buite Sri Lanka moes die kommissie 'n werkswyse vind wat suksesvol sou wees. Die sleutel tot hierdie sukses was die gebruikmaking van ds. Thurairajah in Sri Lanka. 'n Sri Lankese burger met 'n duidelike sendingvisie. Ds. Thurairajah het weer op sy beurt medewerkers gehad wat hom met die sendingwerk in Jaffna en later in Colombo bygestaan het.

  Die Kommissie vir Wêreldsending is ook betrokke by die werk van Pieter ter Haar op die platteland van Sri Lanka.

  Die afgelope paar jaar het die verhouding tussen die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka in so 'n mate verbeter dat die kommissie meer by die Dutch Reformed Church betrokke wil raak.

- Gemeet aan die **drie-dimensionele sendingdefinisie** het die Kommissie vir Wêreldsending aanvanklik by die kerugmatiese en

kerkopbouende dimensie betrokke geraak, deurdat aan ds. Thurairajah finansiële hulp en leiding verskaf is. Hulpmiddels is aan ds. Thurairajah verskaf om dit vir hom moontlik te maak om eerstens die evangelie te verkondig en tweedens om leiding aan die gemeente te gee. Die kommissie was grootliks vir die totstandkoming van Bybelkor en die Bybelverspreidingsprojek in Sri Lanka verantwoordelik. Deur middel van die twee projekte is die Woord aan die mense in Sri Lanka gebring.

Later het die Kommissie vir Wêreldsending deur middel van ds. Thurairajah by die versorging van die armes betrokke geraak. Fondse is aan ds. Thurairajah verskaf sodat daar 'n poging aangewend kon word om die mense te help. Die kommissie het op dié manier by die *diakonia* dimensie betrokke geraak.

Met hul betrokkenheid in Sri Lanka het die Kommissie vir Wêreldsending, gemeet aan die drie-dimensionele sendingdefinisie 'n omvattende sendingbenadering gehad. In die begin was dit hoofsaaklik *kerugmaties* en *kerkopbouende* van aard, later het die *diakonia* dimensie meer begin realiseer.

Met die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by ds. Thurairajah kon die kommissie die nodige leiding aan hom verskaf. Leiding en opleiding kon aan medewerkers verskaf word sodat 'n meer volledige sendingpoging van stapel gestuur kon word, 'n sendingpoging waarin al drie dimensies van die drie-dimensionele sendingdefinisie aandag geniet het.

Punte van kritiek wat teenoor die Kommissie vir Wêreldsending se

sendingbetrokkenheid in Sri Lanka uitgespreek kan word is die volgende:

- Met die toetreding van die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka in 1980 kon die Dutch Reformed Churh in Sri Lanka die optrede van die kommissie as dominerend beskou het. Die kommissie het sonder om met dié kerk in verbinding te tree in Sri Lanka by ds. Thurairajah se werk betrokke geraak. Die eerste punt van kritiek kan teen die optrede van die kommissie uitgespreek word omdat lede van die kommissie nie alles binne hul vermoë gedoen het om die probleme wat met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka opgeduik het, op te los nie. Die geleentheid moes gebruik word om die vertroue van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka te wen om sodoende die vrese van dié kerk te besweer. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het as gevolg van die feit dat hul kerk geen sendingprojekte het nie bedreig gevoel en 'n agressiewe houding jeens die kommissie ingeslaan.

- Die tweede punt van kritiek is die feit dat die Kommissie vir Wêreldsending nie as *bemiddelaar* tussen die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en ds. Thurairajah opgetree het nie. Dit was 'n uiters moeilike situasie maar met die ervaring van die lede van die Kommissie kon die verhouding tussen dié twee partye verbeter word.

- Die derde punt van kritiek is dat ten spyte van die feit dat die kommissie geen behoefte gehad het om 'n kerk in Sri Lanka te stig nie, tog steeds 'n gemeente op die been gebring is wat nêrens ingeskakel was en slegs op hul eie gefunksioneer het. Die kerk wat

met die fondse van die kommissie in Jaffna gebou was, het as 'n kerk in isolasie gefunksioneer. Indien die saak met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka besleg was kon dié gemeente by hulle ingeskakel word. Tans nadat die verhouding met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka genormaliseer het, funksioneer die gemeente in Jaffna onder die vaandel van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka.

- Die vierde punt van kritiek is dat die kommissie se sendingbetrokkenheid in Sri Lanka om 'n individu gesentreer het. Met die afsterwe van ds. Thurairajah moes herbeplan word rondom die sendingbetrokkenheid van die Kommissie in Sri Lanka. As gevolg van die goeie verhouding met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en met Pieter ter Haar kon die kommissie sinvol met hul werk in Sri Lanka voortgaan.

- Die **motivering** van die Kommissie vir Wêreldsending om betrokke te raak by sendingwerk in Sri Lanka, was om die evangelie aan die verlore mense in Sri Lanka te verkondig. Die Sinode van Wes-Transvaal het 'n behoefte gehad om by Wêreldsending betrokke te raak. Deur die werk van ds. Thurairajah in Sri Lanka te ondersteun, kon die Sinode van Wes-Transvaal hul visie uitleef.

Dit moet egter beklemtoon word dat die kommissie se uitsluitlike doel was om die evangelie van Jesus Christus aan die inwoners van Sri Lanka bekend te stel en nie om 'n kerk in die vreemde te stig nie.

*7.3.4.3 Die invloed wat die Kommissie vir Wêreldsending op die kerk in Sri Lanka gehad het*

Saam met ds. Thurairajah het die Kommissie vir Wêreldsending groot suksesse in Sri Lanka behaal eers te Jaffna en later in Colombo.

Die Christene in **Jaffna** het die kommissie en sy lede as vennote aanvaar. Saam kon hulle as 'n span die evangelie aan die nie-Christene in Jaffna verkondig. Tydens besoeke van lede van die Kommissie vir Wêreldsending aan Jaffna is hul uiters positief ontvang. Die kennis en ervaring van die lede van die kommissie was vir die jong kerk in Jaffna van groot waarde. Die kommissie kon die werk van ds. Thurairajah finansieel ondersteun en dit vir hom moontlik maak om soveel mense moontlik te bereik.

In **Colombo** het die Kommissie vir Wêreldsending saam met ds. Thurairajah 'n groot invloed op die Dutch Reformed Church in Sri Lanka uitgeoefen. Die kommissie het opleiding aan lede van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka verskaf en ook, waar moontlik finansiële ondersteuning gebied.

Die grootste bydrae wat die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka gelewer het, was ten opsigte van die verkondiging van die evangelie. Deur projekte soos Bybelkor, Bybelverspreiding en kinderevangelisasie kon die massas in Sri Lanka bereik word. Die invloed van die Kommissie vir Wêreldsending strek egter veel verder as net Sri Lanka.

Die bydrae wat die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka gelewer het, was egter nie tydelik van aard nie. Na die afsterwe van ds. Thurairajah gaan die sendingwerk steeds voort. Ander maniere is

gevind om te verseker dat, ten spyte van die groot verlies, die werk van die Kommissie vir Wêreldsending steeds sal voortgaan. Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka sal dus nooit as voltooi beskou kan word nie.

In 'n oorheersend Boeddhistiese land is die Christendom en kerk se taak soveel groter. Die Kommissie vir Wêreldsending het steeds 'n belangrike bydrae om in die toekoms te lewer deur die Dutch Reformed Church in Sri Lanka op te lei om self uit te gaan en sendingwerk te doen. Die geleenthede vir die Dutch Reformed Church in Sri Lanka is daar, die nodige sendingvisie ontbreek egter nog.

#### *7.3.4.4 Die invloed wat die werk van die Kommissie vir Wêreldsending op die kerk in Suid-Afrika gehad het*

As gevolg van die visie wat die Sinode van Wes-Transvaal gehad het, het die kerk by wêreldsending betrokke geraak. Met die verloop van jare is nie net die Sinode van Wes-Transvaal nie maar Christene in Suid-Afrika positief beïnvloed ten opsigte van wêreldsending. Lede van gemeentes in Suid-Afrika het met entoesiasme aan dié projek deelgeneem en in sommige gevalle op hul eie by sendingwerk in die Ooste betrokke geraak.

Persoonlike kontak is tussen gemeentes en sendelinge vanuit die Ooste bewerkstellig. Dr. J. Chao het by geleentheid Suid-Afrika besoek en by verskeie gemeentes en vereenigings opgetree. Tydens die siekte en afsterwe van ds. Thurairajah was voorbidding gedoen nie net binne die sinodale grense van Wes-Transvaal nie maar deur die hele land. Mense het bewus van die geestelike nood in die Ooste geword en wou betrokke

raak. Met nuwe word na die sendingbetrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending gekyk.

In kerklike kringe was daar egter ook die persone wat kritiek ten opsigte van die Kommissie vir Wêreldsending se betrokkenheid by wêreldsending uitgespreek het. Organisasies en persone teen die gedagte van wêreldsending maak van die volgende redenasies gebruik:

- Kerke en istansies wat by wêreldsending betrokke raak doen dit om van hul plaaslike verantwoordelikhede te ontvlug. Dit is *gerieflik* om ver van Suid-Afrika by sendingwerk betrokke te raak.
- Wêreldsending het 'n romantiese konnektasie in Suid-Afrika en dié idee word soms deur instansies uitgebuit.
- Die gevoel deur die kritici teen wêreldsending gedagte, is dat plaaslike sendingwerk hieronder sal lei. Al die aandag en fondse word oorsee aangewend.

Die sendingbetrokkenheid van die kommissie in Sri Lanka is baie belangrik vir die Sinode van Wes-Transvaal. Dit is egter van belang om daarop te let dat dié Sinode ook by plaaslike sendingwerk betrokke is, Tswanasending is een van dié projekte. Trouens die skriba van die Kommissie vir Wêreldsending, is ook die skriba van die Tswanasending Kommissie. Die Sinode van Wes-Transvaal moet egter daarop let dat hul betrokkenheid by wêreldsending in die toekoms, nie daarvoor verantwoordelik sal wees dat plaaslike sending afgeskeep word nie.

### *7.3.5 Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka*

In die navorsing word na die gebrek aan 'n sendingvisie binne die Dutch

Reformed Church in Sri Lanka verwys. Die kerk konsentreer meer op die bearbeiding van bestaande lidmate as om uit te gaan en sendingwerk te doen.

Sendingpogings in die verlede het geen suksesse getoon nie. Die kerk het volgens ds. Charles Jantz 'n behoefte om by die plaaslike bevolking betrokke te raak, maar sosiale aangeleenthede sal meer aandag van die kant van die kerk moet geniet.

#### *7.3.5.1 Die omvang van die werk van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka*

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka bestaan uit 25 gemeentes, meeste van die gemeentes aanbid egter in dieselfde kerkgebou. Die getal lidmate van die kerk is nie baie groot nie. Op die platteland word die Dutch Reformed Church in Sri Lanka nie algemeen verteenwoordig nie.

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka se gebrekkige sendingvisie bemoeilik die uitbreiding van die kerk. Tans bereik die Dutch Reformed Church in Sri Lanka slegs 'n gedeelte van die plaaslike bevolking.

*7.3.5.2 Die Sendingbenadering van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka*

- Die werk van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka word deur die leraars en evangeliste van die kerk gedoen. Omdat daar verskillende etniese groepe binne die Dutch Reformed Church in Sri Lanka is, word veral van evangeliste gebruik gemaak om die Tamils te bedien.

  Bekeerlinge vanuit die heidendom word in die Dutch Reformed Church in Sri Lanka verwelkom en word in bestaande gemeentes opgeneem. Die kerk sal egter meer aandag aan die kerugmatiese dimensie van die drie-dimensionele sendingdefinisie moet gee.

- Gemeet aan die **drie-dimensionele sendingdefinisie** het die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 'n verskraalde sendingbenadering. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka bestee al hul tyd aan die *koinonia* dimensie.

  Deur middel van studentespanne en opleiding poog die Kommissie vir Wêreldsending om die Dutch Reformed Church in Sri Lanka meer bewus te maak van hul verantwoordelikheid ten opsigte van sendingwerk. Die voortbestaan van die kerk berus ook op die verkondiging van die evangelie aan die nie-Christene van Sri Lanka. Indien die kerk sy sendingbeleid heroorweeg, kan die getalle van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka drasties vermeerder.

  Probleme ten opsigte van die sendingbenadering van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka blyk die volgende te wees:

- Die kerk het in 'n groef verval van om net op die plaaslike gemeente te konsentreer. Geen pogings word aangewend om na die nie-Christene uit te reik nie.
- Dit blyk dat die leierskap van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka in die verlede, 'n gebrek aan 'n sendingvisie gehad het.
- Die kerk word as 'n produk van die koloniale era in Sri Lanka beskou. En as gevolg van hierdie feit bestaan daar 'n negatiewe gevoel teenoor die kerk vanuit die plaaslike bevolking.
- 'n Gebrek aan fondse het in die verlede enige sendingpogings van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gekelder.

- Dit lyk of die Dutch Reformed Church in Sri Lanka nie die **motivering** het om by sendingwerk betrokke te raak nie. Daar moet egter in ag geneem word dat die kerk finansieel swak daaraan toe is, en net nie beskikbare fondse het om by maatskaplike projekte betrokke te raak nie. Vandat ds. Jantz as moderator van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka optree, blyk dit dat die kerk pogings wil aanwend om eerstens na die nie-Christene uit te reik en tweedens om meer by die plaaslike bevolking betrokke te raak.

#### *7.3.5.3 Die invloed wat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka op Sri Lanka en sy inwoners het*

Die afleiding kan gemaak word dat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 'n groter bydrae in Sri Lanka wil lewer en meer by die plaaslike bevolking en hul behoeftes betrokke wil raak. Dit was een van die vernaamste redes waarom die kerk sy naam verander het. Tans besef

die kerk dat hy nie genoeg by die mense van Sri Lanka en hul omstandighede betrokke is nie.

Die invloed wat die Dutch Reformed Church tans in Sri Lanka uitoefen, is minimaal. Die geleenthede om die evangelie in 'n land soos Sri Lanka te verkondig, is uitstekend en moet ten volle benut word. Deur middel van leiding en die regte opleiding kan die Dutch Reformed Church in Sri Lanka suksesvol by sendingwerk betrokke raak en dan 'n groter rol binne die gemeenskap van Sri Lanka speel.

Hier kan die Kommissie vir Wêreldsending 'n belangrike rol vervul en is dit nog 'n geleentheid om hul sendingvisie uit te leef.

## 7.4 TOEKOMSTIGE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING IN SRI LANKA

Die geskiedenis toon dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy leraars 'n belangrike rol ten opsigte van sendingwerk in Sri Lanka gespeel het. Hul betrokkenheid in Sri Lanka was by uitstek met die oog op die uitbreiding van die koninkryk van God.

Die Boerekrygsgevangenes, eerwaardes De Klerk en Skeen het as 't ware die pad vir die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka voorberei. Lidmate van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en ds. Rajkumar Thurairajah was bewus van die uitstekende werk wat veral eerw. De Klerk verrig het. Die Boerekrygsgevangenes en hul erns met hul godsdiens het die mense van Sri Lanka bygebly.

Teen dié agtergrond het die Kommissie vir Wêreldsending 1980 by sendingwerk in in Sri Lanka betrokke geraak. Die uitdaging om in 'n vreemde land so ver van Suid-Afrika te gaan sendingwerk doen, was groot.

Met die afsterwe van ds. Thurairajah in 1993 moes die Kommissie vir Wêreldsending sy posisie heroorweeg. Daar is besluit dat die pos van ds. Thurairajah nie dadelik gevul sal word nie en die kommissie oorweeg tans ander opsies in Sri Lanka.

Ter afsluiting van die navorsing blyk 'n blik op die toekoms sinvol te wees. Die Kommissie vir Wêreldsending is tans die verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Sri Lanka en daarom word die blik op die toekoms op die kommissie van toepassing gemaak. Vele uitdagings lê in die toekoms voor en die Kommissie vir Wêreldsending moet hierop voorbereid wees om hul betrokkenheid by sendingwerk in Sri Lanka te verseker. Aanpassings sal uit die aard van die saak gemaak moet word en alternatiewe ondersoek word veral vanweë die afsterwe van ds. Thuraiarajah.

Die Kommissie vir Wêreldsending het in Sri Lanka beslis 'n onvoltooide sendingtaak. Baie kan nog gedoen word om die evangelie aan die nie-Christene in Sri Lanka te bring. Om die Dutch Reformed Church in Sri Lanka opgewasse vir hul taak te maak moet die kommissie in Sri Lanka betrokke bly. Die uitdagings in die toekoms vir die kommissie en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka gaan aan die hand van die drie dimensies van die omvattende **drie-dimensionele sendingdefinisie** aangetoon word.

### *7.4.1 Die* **kerugma** *of verkondigende dimensie*

Sri Lanka is by uitstek 'n Boeddhistiese land waar die Christendom as 'n minderheidsgroep beskou kan word. Die Boeddhistiese deel van die bevolking van Sri Lanka moet as 'n teikengroep vir sendingwerk geïdentifiseer word. Hier het die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 'n geleentheid maar ook 'n verantwoordelikheid om die evangelie aan dié mense te verkondig. Die evangelisering van die nie-Christene in Sri Lanka moet as doelwit vir die kommissie en die kerk in Sri Lanka dien. Die volgende punte ten opsigte van woordverkondiging moet in gedagte gehou word.

- Gevestigde **sendingprojekte van individue en organisasie** kan in die toekoms in Sri Lanka ondersteun word. Die Kommissie vir Wêreldsending kan hul sendingbetrokkenheid oor die hele Sri Lanka versprei deur by ander projekte betrokke te raak. Die Kommissie is alreeds by die werk van Pieter ter Haar betrokke maar dit kan verder uitgebrei word. Die werk van Pieter ter Haar is van onskatbare belang en die Kommissie vir Wêreldsending moet alles in hul vermoë doen om hom te ondersteun. Hier is 'n geleentheid om by sendingwerk op die platteland betrokke te raak. Studentespanne moet indien moontlik op 'n gereelde basis na Sri Lanka gestuur word om saam met Pieter ter Haar te werk. Die kommissie se finansiële betrokkenheid by Pieter ter Haar moet voortgesit word en indien moontlik uitgebrei word. Deur middel van die werk van Pieter ter Haar kan die Kommissie vir Wêreldsending die evangelie aan die jeug in Sri Lanka bring.

  Sendingprojekte soos dié van Pieter ter Haar maak dit vir die

Kommissie vir Wêreldsending moontlik om sy roeping en visie ten volle uit te leef.

- Tans maak die Nederduitse Gereformeerde Kerk van **korttermyn uitreikingaksies** gebruik om die evangelie na ander lande uit te dra. Hier word veral op studentespanne wat vir 'n tydperk sendingwerk in die vreemde gaan doen gebruik gemaak. Tans speel hierdie studentespanne ten opsigte van sendingwerk 'n belangrike rol in die wêreld omdat hulle gewillig is om hul tyd op te offer om die evangelie in vreemde lande te gaan verkondig. In die geval van Sri Lanka was daar in die verlede spanne na die eiland gestuur. Die aanwending van studentespanne in Sri Lanka blyk 'n groot sukses te wees. Hierdie projek behoort verder uitgebrei te word. Daar kan selfs aan 'n permanente studentespan in Sri Lanka gedink word. Die verbeterde verhouding tussen die Kommissie vir Wêreldsending en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was 'n direkte uitvloeisel as gevolg van die studentespanne se besoeke aan Sri Lanka.

- Projekte gerig op die verspreiding van **Christelike lektuur** in Sri Lanka blyk 'n groot sukses te wees. Bybelkor en die Bybelverspreidingsprojek is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Samesprekings het met die gemeente van die de Klerkkerk plaasgevind om beheer van Bybelkor in Sri Lanka oor te neem. Ds. J. van Rensburg het opleiding aan die gemeente verskaf ten opsigte van die taak wat voorlê. Hierdie rigting waarin die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka ingeslaan het kan groot vrugte in die toekoms afwerp. Deur middel van Bybelkorprojekte kan die Kommissie vir Wêreldsending die gemeente motiveer om by sendingwerk betrokke te raak. Die gemeente beskou Bybelkor as 'n

gemeenteprojek en 'n geleentheid om die evangelie aan die mense van Sri Lanka te bring.

Die projek ten opsigte van die verspreiding van Bybels moet verder uitgebrei word. Die suksesse wat in die verlede behaal is, is getuienis van die behoefte van die mense aan Bybels.

- **Evangelisasie projekte** kan in die toekoms met groot sukses in Sri Lanka van stapel gestuur word. In hierdie verband moet die kinderevangelisasieprojek van die Kommissie vir Wêreldsending meer aandag geniet. Op die manier het die Kommissie vir Wêreldsending deel aan 'n projek wat die evangelie aan die jeug van Sri Lanka bring. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka kan genader word om met die projek te help. Die logiese oplossing is om die kinders wat tot bekering kom by die Dutch Reformed Church in Sri Lanka se gemeentes in te skakel.

  'n Koördineerder vir die projek sal aangewys moet word. Iemand in Sri Lanka moet gevind word om verantwoordelikheid vir so 'n projek te aanvaar. Die Kommissie vir Wêreldsending kan die nodige opleiding aan so 'n persoon verskaf asook materiaal en hulpmiddels om van so 'n projek 'n sukses te maak. Die kommissie sal egter die projek moet finansier.

- Die **bekendstelling van die Kommissie vir Wêreldsending** in die toekoms sal moet aanpas by die tegnologiese ontwikkeling wat in die wêreld die afgelope paar jaar plaasgevind het. Die skyfiereekse sal aangepas moet word sodat die bekendstelling van die Kommissie suksesvol voortgesit kan word. Die bekendstellingsbeleid oor die jare

heen was uiters suksesvol. Die brosjures en inligtingstukke was grootliks vir die gesonde finansiële stand van die kommissie verantwoordelik. Die bekendstellingsbeleid sal in die toekoms gehandhaaf moet word. As 'n Kommissie wat op vrywillige bydraes staatmaak, is die brosjures van groot belang.

Die Kommissie vir Wêreldsending moet oor 'n bekendstellingsveldtog buite die grense van die Sinode van Wes-Transvaal besin. 'n Veldtog van hierdie aard kan tot gevolg hê dat die kommissie se sendingbetrokkenheid in Sri Lanka verder uitgebrei kan word.

### *7.4.2 Die* **diakonia** *of liefdesdiens dimensie*

Ds. Jantz spreek die behoefte uit dat die kerk in Sri Lanka meer by die plaaslike bevolking betrokke moet raak. Daar moet omgesien word na die mense in hulle omstandighede. Volgens ds. Jantz is 'n *woord en daad* bediening in Sri Lanka die enigste manier waardeur die nie-Christene bereik kan word. Die volgende moet in gedagte gehou word sodat die kerk en die kommissie meer by die *diakonia* dimensie in Sri Lanka betrokke kan raak.

- Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka is **finansieel** nie 'n sterk kerk nie, en kan daarom nie projekte wat die omstandighede en probleme van die mense aanspreek, van stapel stuur nie. Die Kommissie vir Wêreldsending kan dié kerk hier van hulp wees. Finansiële ondersteuning kan aan die kerk verleen word of die kerk kan bygestaan word om fondse vanuit die buiteland te bekom. Indien die Dutch Reformed Church in Sri Lanka op dié manier by die

plaaslike bevolking betrokke kan raak, kan die kerk die geleentheid gebruik om nie net sy beeld uit te bou nie maar ook om die evangelie aan die plaaslike bevolking te verkondig.

- **Organisasies** wat hulp verskaf aan derde wêreldlande, moet gekontak word om indien moontlik by die mense in Sri Lanka betrokke te raak. Die Kommissie vir Wêreldsending kan as skakelpersoon tussen dié organisasies en die Dutch Reformed Church in Sri Lanka optree. Op dié manier kan die kerk by projekte wat die omstandighede van die plaaslike bevolking aanspreek, betrokke raak.

### *7.4.3* **Koinonia** ***of kerkopbouende dimensie***

Die kerk in Sri Lanka het 'n geweldige verantwoordelikheid om die Woord van die Here aan die nie-Christene in Sri Lanka te verkondig. Die hulp van die Kommissie vir Wêreldsending is egter nodig om dié kerk toe te rus en voor te berei vir die uitdagings wat op hulle in die toekoms wag. Ten opsigte van die *koinonia* dimensie blyk die volgende sinvol te wees:

- Die **Dutch Reformed Church in Sri Lanka** moet uitgedaag word om meer by sendingwerk in Sri Lanka betrokke te raak. Die Kommissie vir Wêreldsending kan hier 'n belangrike bydrae lewer. Opleiding moet verskaf word om die kerk vir hul belangrike taak toe te rus.

  Met die uitbreek van die burgeroorlog was die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en die Kommissie vir Wêreldsending genoodsaak om saam te werk. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka was vir die Kommissie vir Wêreldsending tot hulp in dié opsig dat hulle vir ds.

Thurairajah in een van hul gemeentes aangewend het. Dié geleentheid het die Here aan die kommissie gegee om 'n positiewe invloed op die Dutch Reformed Church in Sri Lanka uit te oefen. Die Kommissie vir Wêreldsending moet voortgaan met hul projek om opleiding aan leraars, evangeliste en gemeentelede van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka te verskaf. Deskundiges op verskillende terreine binne die kerk in Suid-Afrika moet vir hierdie doel aangewend word. Die opleiding is uiters noodsaaklik vir die voortbestaan van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka. Probleemareas in die Dutch Reformed Church in Sri Lanka moet geïdentifiseer en aangespreek word. Hierdie leiding van die kant van die kommissie is 'n uiters sensitiewe projek. Die Kommissie vir Wêreldsending sal egter hierdie aangeleentheid met groot omsigtigheid moet hanteer. Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka moet nie ervaar dat hulle as minderwaardig beskou word nie. Die kommissie het die nodige deskundigheid om die geleentheid tot hul voordeel te gebruik. Die feit bly steeds dat die Dutch Reformed Church in Sri Lanka hulp van buite nodig het.

Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka blyk die beste vennoot vir die Kommissie te wees om hul betrokkenheid in Sri Lanka voort te sit. Die Kommissie vir Wêreldsending het steeds 'n belangrike rol te speel in Sri Lanka en met die regte beplanning kan hul betrokkenheid in Sri Lanka verseker en hul posisie versterk word.

- As kerk van Christus moet die Dutch Reformed Church in Sri Lanka 'n **missionêre** kerk word. Die kerk sal sy lidmate bewus moet maak van hulle verantwoordelikheid om die evangelie aan die nie-Christene te verkondig. In die teologiese opleiding van dié kerk sal sending meer

aandag moet geniet, sodat die kerkleiers van die toekoms sendinggeoriënteerd sal wees. Op dié manier kan die getalle van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka uitgebrei word.

- Die naamverandering van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka is 'n poging om die kerk vir die plaaslike bevolking aanvaarbaar en meer toeganklik te maak. Dié kerk wat deur die Hollanders in Sri Lanka gestig was, is besig om in 'n **inheemse kerk** te ontwikkel. As gevolg van die kerk se koloniale geskiedenis, word die kerk negatief deur die plaaslike bevolking ervaar. Die kerk staan stewig ten opsigte van sy Gereformeerde tradisie maar poog tog om 'n eie inheemse teologie daar te stel wat veral die Boeddhis sal aanspreek. Die Kommissie vir Wêreldsending kan dié kerk in sy proses om meer aanvaarbaar vir die bevolking van Sri Lanka te word, veral bystaan om aan hul Gereformeerde tradisies vas te hou. Dat die behoefte om te verander nie moet lei tot die verwaarlosing van die Gereformeerde beginsels nie.

- Die Dutch Reformed Church in Sri Lanka het die behoefte om hul **ekumeniese verhoudings** te verbeter. Soos aangedui is dié kerk in die verlede geïsoleer as gevolg van hul koloniale tradisie en was kontak met ander kerke nie altyd moontlik nie. Dit is belangrik dat dié kerk deur die ander kerke in Sri Lanka aanvaar sal word. Weer eens moet die waarskuwing geopper word dat die kerk se Gereformeerde beginsels nie ter wille van beter samewerking met ander kerke opgeoffer sal word nie.

Dit is egter van belang dat die Kommissie vir Wêreldsending uit die ondervinding wat hul in die verlede opgedoen het sal leer. Dat hul

sendingbetrokkenheid in Sri Lanka nie net op 'n individu gebou sal word nie. Die geleentheid om die lidmate van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka betrokke te kry by die Kommissie se sendingpogings moet ten volle benut word. Deur hul te betrek kan die sendingpogings van die Kommissie vir Wêreldsending ook dié van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka word. Indien hierin geslaag word kan die Kommissie vir Wêreldsending die Dutch Reformed Church in Sri Lanka lei na 'n meer omvattende sendingbenadering.

## 7.5 SLOT

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, sy leraars en lidmate het vanaf 1900 tot en met 1995 'n belangrike rol in Sri Lanka gespeel om die evangelie aan die inwoners van die eiland te bring.

Die Here het aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die jare heen 'n geleentheid gegee om sy koninkryk in Sri Lanka uit te brei, 'n geleentheid wat hulle aangegryp het.

Die Kommissie vir Wêreldsending is steeds besig om die evangelie op verskillende maniere aan die mense van Sri Lanka en ander dele van die Ooste te bring. Hul betrokkenheid in Sri Lanka is en kan nog vir die Dutch Reformed Church in Sri Lanka van groot waarde word. Dit was interessant om die rol waar te neem wat die **Sendinginstituut te Wellington** in die verkondiging van die evangelie aan die mense in Sri Lanka gespeel het. Eerwaardes De Klerk en Skeen was albei studente van die Sendinginstituut te Wellington. Jare later was twee van die stigterslede van die kommisie vir Wêreldsending di. J.v. W du Plessis en E. Botha, ook oudstudente van die Sendinginstituut te Wellington.

Vanaf die stigting van die Kommissie vir Wêreldsending was ds. **J.v.W. du Plessis** die skriba van die kommissie. Spesiale melding moet gemaak word van die bydrae wat hy gelewer het ten opsigte van die sukses van die Kommissie vir Wêreldsending. Tydens die bestudering van die notules en agendas kom die groot bydrae wat hy gelewer het en tans steeds lewer, duidelik na vore. Die kontinuïteit wat hy oor die jare heen as skriba verleen het, was en is van groot waarde vir die Kommissie vir Wêreldsending.

Melding moet daarvan gemaak word dat die kommissie in die nabye toekoms sal moet beplan ten opsigte van 'n geskikte persoon as opvolger vir ds. Du Plessis. 'n Persoon met die nodige kennis van die omstandighede in Sri Lanka en die entoesiasme om ten spyte van sy ander verpligtinge in die gemeente as koördineerder vir die sendingwerk in Sri Lanka op te tree.

Die Here het die kerk in Suid-Afrika gebruik om na die mense in Sri Lanka uit te reik.

> "Gaan dan nou na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. "
>
> (Matteus 28:19 en 20).

# BYLAE

## DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING VAN DIE SINODE WES-TRANSVAAL

Die Kommissie vir Wêreldsending het in 1980 besluit om by sendingwerk in die Ooste betrokke te raak. Die fokuspunt van die betrokkenheid van die kommissie by sendingwerk in die Ooste het op **Sri Lanka** geval. In die navorsing word die betrokkenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, sy lidmate en sy leraars by sendingwerk in Sri Lanka bestudeer. Om dié rede kon die betrokkenheid van die kommissie by ander sendingvelde nie in die navorsing volledig ingesluit word nie. Die kommissie het egter ook op ander terreine belangrike bydraes gelewer wat melding verdien.

Die geskiedenis rondom die ontstaan en beleid van die Kommissie vir Wêreldsending is van belang om 'n geheelbeeld te vorm van hul betrokkenheid by sendingwerk in die Ooste.

Die doel van die bylae is om meer inligting aangaande die administrasie, die beleid en ander werksaamhede van die kommissie weer te gee. Die kommissie kan in vele opsigte as 'n voorbeeld aan ander instansies wat by Wêreldsending betrokke wil raak, voorgehou word. In baie opsigte het die Kommissie vir Wêreldsending baanbrekerswerk verrig.

## 1.1 DIE SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie bestaan uit leraars woonagtig in Wes-Transvaal sowel as lede van die Sinodale Sendingkommissie. Die samestelling van die kommissie was onveranderd tot en met 1983, toe besluit is om met die vrouediens in verbinding te tree om te verneem of hulle 'n lid op die Kommissie vir Wêreldsending wou benoem (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1983:1). Die Vrouediens neem die uitnodiging van die kommissie aan en mev. A. Annandale word as die eerste verteenwoordiger van die Vrouediens op die Kommissie vir Wêreldsending benoem (Kommissie vir Wêreldsending, 25 November 1983:1).

In 1991 word besluit dat 'n verteenwoordiger van die Sinodale Jeugkommissie op die Kommissie vir Wêreldsending 'n noodsaaklikheid geword het. Dr. W. van Wyk word as die eerste verteenwoordiger van die Jeugkommissie benoem. Voorts word besluit dat soveel moontlik lede van die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie van die Sinode Wes-Transvaal by die Kommissie vir Wêreldsending betrek moes word. Daar word besluit dat vyf lede deur die Kommissie vir Wêreldsending benoem sou word en die ander twee uit verteenwoordigers van die Jeugkommissie en Vrouediens sou bestaan (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:59-60). Die kommissie bestaan dus in 1991 uit sewe lede.

Voortdurend word gepoog om die kommissie so saam te stel dat die werk in die Ooste daarby baat sal vind. Kundigheid word deur die

Kommissie vir Wêreldsending hoog aangeslaan. Die samestelling van die kommissie verander weer eens in 1992. Daar word besluit dat die kommissie vergroot word deurdat ses lede van die Sinodale Sending en Evangelisasie kommissie, ds. E. Botha, ds. C. F. Sieberhagen en verteenwoordigers van die Jeugkommissie en Vouediens op die Kommissie vir Wêreldsending sou dien (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992: 10).

Die werklas van die skriba van die Kommissie vir Wêreldsending het van so 'n aard geword dat besluit is om 'n assistent-skriba aan te stel. Die assistent-skriba moes die werklas van die skriba help verlig en indiensopleiding ontvang oor alle sake rakende die kommissie se werk. Vanaf die stigting van die Kommissie vir Wêreldsending het ds. Japie du Plessis as skriba van die kommissie diens gedoen. Die eerste assistent-skriba was ds. C. F.Sieberhagen (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:82-86). Weens die groot aantal lede waaruit die kommissie tans bestaan vind hulle dit moeilik om gereeld te vergader. Die samestelling van 'n dagbestuur het noodsaaklik geword sodat die kommissie kan beter funksioneer. Op 24 April 1992 word 'n dagbestuur saamgestel bestaande uit die volgende lede:

- Die voorsitter.
- Die skriba.
- Die assistent-skriba.
- Die skriba van die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie.

Daar word besluit dat die dagbestuur slegs deur middel van telefoonkonferensies sal vergader om koste te bespaar en dat die volle

kommissie een maal per jaar sal vergader (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992: 59-60).

## 1.2 DIE BELEID VAN DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING

Vanaf die eerste ontmoeting in 'n pastorie te Lichtenburg is daar besluit dat die betrokkenheid in die Ooste 'n geloofsending sou wees. Die Sinode het besluit dat die kommissie wel met die begrotingskommissie van die Sinode kon skakel.

Die beleid van die Kommissie vir Wêreldsending word kortliks soos volg uiteengesit .

### *1.2.1 Vrywillige bydraes*

Vanaf die stigting van die kommissie is besluit dat die fondse van die kommissie uit vrywillige bydraes sou bestaan. Bydraes word erken met die uitreik van kwitansies, vergesel van 'n persoonlike brief. Die beleid van die kommissie is dat geen afgerolde of eenvormige brief na donateurs gestuur sou word nie. Elke donasie of brief moes persoonlik beantwoord word (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992: 86-87). Ds. W. A. Rossouw, 'n emiritusleraar van Delareyville,was in die begin=jare vir alle bedankingsbriewe verantwoordelik. Dit was sy manier om by te dra tot die werk in die Ooste. Indien daar 'n oorskot in 'n bepaalde jaar sou wees moes dit teen die beste rente by die kerkkantoor belê word.

### *1.2.2 Deputasiewerk*

Die deputasiewerk wat die lede van die kommissie doen, is selfonderhoudend. Geen reiskoste word van die gemeentes of instansies waar opgetree word gevra nie. Indien daar donasies ontvang word na aanleiding van die deputasiewerk, word dit met groot dankbaarheid ontvang (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:87-88). Die bekendstelling van die werk van die kommissie is uiters belangrik en daarom is fondse vir die taak bewillig. Op 'n vergadering van die kommissie op 27 September 1980 word besluit dat vyf persent van alle inkomste vir deputasiewerk geoormerk moes word.

Om die werk verder bekend te stel, word lede van die kommissie aangemoedig om artikels vir *Die Sendingblad* te skryf en by gemeentes op te tree. Indien versoek, moes radioonderhoude toegestaan word. As lede van die kommissie uitnodigings ontvang om by geleenthede op te tree, moes die uitstalmateriaal, waar moontlik, saamgeneem word (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:16).

Die deputasiewerk van die Kommissie vir Wêreldsending geskied op die volgende maniere:

- Optredes by kerke en organisasies regoor Suid-Afrika.
- Die gebruikmaking van foto's, brosjures en artikels.
- Die gebruikmaking van skyfiereekse en die verskaffing van videomateriaal (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:2-3).

### *1.2.3 Eiendom van die Kommissie vir Wêreldsending*

Met die kommissie se betrokkenheid in Sri Lanka moes eiendom vir die werk aangekoop word. Waar eiendom aangeskaf word, word dit in die naam van die werk in Sri Lanka geregistreer, soos in die geval van die huis van ds. Thurairajah, sy kombi en byvoorbeeld die bromponies wat vir Bybelverspreiding gebruik word (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:89).

## 1.3 BESOEKE DEUR LEDE VAN DIE KOMMISSIE AAN DIE WERK IN DIE OOSTE

Die kommissie besluit dat dit nodig is dat lede van die kommissie die sendingvelde in die Ooste besoek om die werk te besigtig of om hulp aan ds. Thurairajah en sy personeel te verskaf (Kommissie vir Wêreldsending, 22 September 1980: 3-4). Lede van die Kommissie vir Wêreldsending wat die werk in die Ooste besoek, moet sover moontlik self borge vir die uitgawes vind. Indien die kommissie van die lede stuur en borge nie gevind kan word nie betaal die kommissie die lid se uitgawes (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:88).

Ds. Thurairajah het in daardie stadium baie onderskraging nodig gehad. Omdat hy uit die Dutch Reformed Church in Sri Lanka bedank. Gereelde besoeke na Sri Lanka deur lede van die kommissie het gevolg. Dit was egter slegs vir kort tydperke. Ds. Rossouw wat met die bedankingsbriewe gehelp het, het die behoefte uitgespreek om ds. Thurairajah vir 'n maand of twee in Sri Lanka te gaan help. Twee

donateurs te Delareyville het dit vir hom moontlik gemaak om na Sri Lanka te gaan. Ds. Rossouw, wat moeilik geloop het, het die reis met groot moeite voltooi, tog het hy sy besoek as aangrypend beskryf. Volgens ds. Rossouw was die resultate van ds. en mev Thurairajah se groot werk te Jaffna duidelik sigbaar. Saam met ds. Thurairajah het hy die mense besoek en bidure gehou. Tydens sy besoek tree hy ook tydens die erediens op by die Anglikaanse Kerk te Dehiwela en na drie en dertig jaar was dit vir die eerste keer dat 'n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk weer daar preek (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Februarie 1982:2-6).

Die besoek van ds. Rossouw het die belangrikheid van voortdurende kontak met ds. Thurairajah onderstreep. Di. Du Plessis en Badenhorst het later die voorreg gehad om die kerkie te Jaffna in te wy. Hier het hulle bekeerlinge gedoop en die Nagmaal bedien (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Februarie 1982:1-2).

Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka word baie deur die mense waardeer. Hulle word as volwaardige vennote in die noorde van Sri Lanka aanvaar.

### *1.3.1 Paneel van deskundiges*

Die kommissie het 'n paneel van deskundiges aangewys om hulle by te staan. Die paneel was vertroud met die omstandighede in Sri Lanka en is bekend met die werk van ds. Thurairajah. Die paneel bestaan tans uit die volgende persone en kan uitgebrei word indien verlang:

- Ds. J.D. Herholdt.
- Dr. A.M. Hofmeyr.
- Ds. P. van Niekerk.
- Ds. M.J.G. du Plessis.
- Dr. P.G.J. Meiring.

Later word mnr. Charles Bouman, 'n prokureur van Vereeniging en kenner van die internasionale reg by, die paneel gevoeg (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:91-92).

### *1.3.2 Uitnodigings vanuit die buiteland sowel as die binneland vir optredes deur lede van die Kommissie vir Wêreldsending*

Omdat die kommissie aangewese is op vrywillige bydraes, is optredes by kerke en organisasies deur lede van die kommissie van groot belang. Uitnodigings word gereeld ontvang van buite sowel as binne Suid-Afrika. Die beleid van die kommissie is dat, indien moontlik, hierdie uitnodigings aangeneem moet word om meer inligting aangaande die werk deur te gee.

#### *1.3.2.1 Uitnodigings vanuit die buiteland*

Uitnodigings vanuit die buiteland is gewoonlik aan die skriba van die kommissie, ds. J. v. W. du Plessis gerig. Omdat al die lede van die kommissie voltyds in eie gemeentes staan, is dit nie altyd moontlik om alle uitnodigings aan te neem nie. Daar word besluit dat organisasies in die buiteland wat die kommissie vir optredes nooi, self alle onkostes vir so 'n besoek moes dra.

Uitnodigings wat die kommissie deur die jare heen ontvang het sluit die volgende in:

- Die "Business Men Society of America" rig 'n uitnodiging aan die skriba om 'n reeks lesings in Amerika aan te bied. As gevolg van 'n druk program kon die skriba die uitnodiging nie aanneem nie (Kommissie vir Wêreldsending, 27 September 1980:3).

- In 1982 het die skriba lesings waargeneem in Bönn, Zürich en Amsterdam. Die voorwaarde van die optrede in Europa was dat die skriba in sy persoonlike hoedanigheid optree en nie namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:3).

- Ds. W. Annandale tree Desember 1985 namens die kommissie by 'n sendingkongres in Amerika op (Kommissie vir Wêreldsending, 24 September 1985:3).

- Verdere uitnodigings word in 1991 vanuit Oostenryk en in 1992 van die Mission College in Grand Rapids ontvang. Die uitnodigings kon egter nie aangeneem word nie.

In 1993 word die skriba ds. Du Plessis die pos van koördineerder van Bybelverspreiding in die Ooste aangebied. Nadat hy dit oorweeg het, het hy die aanbod van die hand gewys (Kommissie vir Wêreldsending, 25 Junie 1993:17).

Die kundigheid wat die kommissie in Sri Lanka opgedoen het, word deur

die res van die wêreld erken. Kerke en sendingorganisasies rig uitnodigings aan lede van die kommissie om inligting te bekom en uit te ruil. Dit is merkwaardig dat in die tyd van Suid-Afrika se isolasie van die res van die wêreld, die werk van die Kommissie vir Wêreldsending steeds erken word.

#### *1.3.2.2 Uitnodigings vanuit Suid-Afrika*

Lede van die Kommissie vir Wêreldsending ontvang gereeld uitnodigings om by geleenthede reg oor Suid-Afrika op te tree. Tydens die sendingjaar 1988 is in Januarie van daardie jaar reeds twee en twintig uitnodigings ontvang vir optredes deur lede van die kommissie vir die res van die jaar (Kommissie vir Wêreldsending, 22 Januarie 1988:2).

Uitnodings is ook ontvang van Radiokansel wat onderhoude met lede van die kommissie gevoer het. Die kommissie word ook gereeld deur ander gemeentes wat by sendingwerk betrokke wil raak, gekontak vir meer inligting (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:62-62

## 1.4 DIE LEWENSONDERHOUD VAN DS. THURAIRAJAH

Die Kommissie vir Wêreldsending is vir die lewensonderhoud van ds. Thurairajah verantwoordelik en dit behels die volgende:

- Salaris

  Die Kommissie vir Wêreldsending is vir die salaris van ds. Thurairajah

verantwoordelik. Die bedrag word vooruit aan hom uitbetaal.

- Pensioen

Tydens samesprekings op 2 Maart 1981 tussen lede van die kommissie en ds. Thurairajah te Nirwara Eliya word ooreengekom oor sy pensioen. Die skriba, ds. Du Plessis, sou met sy terugkeer na Suid-Afrika die saak ondersoek. Terug in Suid-Afrika het ds. Du Plessis met Sanlam onderhandel rondom die kwessie van ds. Thurairajah se pensioen. 'n Premie van R1 200 per jaar word vasgestel met 'n uitkeerwaarde van R145 000 (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:2).

- Mediese Fonds

Die kommissie open 'n spaarrekening waarin jaarliks R500 gedeponeer sou word vir die uitsluitlike gebruik van ds. Thurairajah se mediese onkostes. Die bedrag sal aan hom oorbetaal word soos hy dit verlang (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:2).

- Huisvesting

Huisvesting vir ds. Thurairajah in Sri Lanka was altyd problematies. In Jaffna kon die kommissie nie anders nie as om 'n huis vir ds. Thurairajah te bou. 'n Donasie is van die Algemene Sinodale Sendingkommissie vir dié projek ontvang (Kommissie vir Wêreldsending, 31 Julie 1984:4).

Met die verhuising van ds. Thurairajah na Colombo was huisvesting

weer eens 'n probleem. Omdat die kommissie alreeds in Jaffna 'n huis gebou het, kon hulle nie in Colombo voortgaan en nog 'n huis bou nie. Later is 'n huis in 'n voorstad van Colombo gehuur vir ds. Thurairajah om in te bly. Die plan van die kommissie was om die huis in Jaffna te verkoop en die geld aan te wend vir meer permanente huisvesting vir ds. Thurairajah in Colombo. Dit het egter tot op hede nog nie gerealiseer nie (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991:48).

- Reiskoste

'n Deel van die verantwoordelikheid van die kommissie was om ds. Thurairajah van reiskoste te voorsien. Tydens sy verblyf in Jaffna is 'n kombi aangeskaf wat later deur die terroriste afgeneem is. Met sy verhuising na Colombo het die kommissie ds. Thurairajah van reiskoste voorsien sodat hy sy werk na behore kon doen.

- Hulp aan mev. Thurairajah

Na die afsterwe van ds. Thurairajah het die kommissie uit hul pad gegaan om mev. Thurairajah te help waar hulle kon. Na sy afsterwe is ses maande se salaris en reistoelae aan haar uitbetaal. Die kommissie het ook die huurgeld van die huis vir een jaar vooruit betaal.

Die geld van die lewensversekering is belê soos ds. Thurairajah voor sy afsterwe versoek het. Die rente word maandeliks aan mev. Thurairajah oorbetaal (Vergadering Dagbestuur, 29 Maart 1993:24).

## 1.5 REëLINGS VIR 'N BESOEK VAN DS. THURAIRAJAH AAN SUID-AFRIKA

Na die aanvang van die werk in Sri Lanka wou die kommissie ds. Thurairajah so spoedig moontlik na Suid-Afrika bring om die werk aan die Christene in Suid-Afrika bekend te stel asook lede van die Kommissie vir Wêreldsending te ontmoet. As gevolg van die politieke omstandighede in Suid-Afrika sou dit egter moeilik wees om optredes in die gemeentes vir ds. Thurairajah te reël. Die kommissie en ds. Thurairajah besluit dat sy beoogde besoek tot ten minste 1982 sou oorstaan (Kommissie vir Wêreldsending, 27 september 1980:3).

Tydens die samesprekings tussen lede van die kommissie en ds. Thurairajah te Nirwara Eliya op 2 Maart 1982 word besluit dat gepoog sou word om ds. Thurairajah na die sitting van die Wes-Transvaalse Sinode in 1983 te bring. Optredes sal vir hom gereël word. Dit blyk egter later dat sy besoek nie sou kon realiseer nie as gevolg van die volgende redes:

- Die ordekommissie het slegs tien minute tydens die Sinodesitting aan ds. Thurairajah toegestaan.
- Dit blyk dat die tyd nog steeds nie reg was vir ds. Thurairajah om Suid-Afrika te besoek nie. Hy sou by slegs enkele gemeentes kon optree en die kommisssie wou hom die verleentheid spaar.
- Die besoek van ds. R. Thurairajah kon die brose verhouding met die Indiërkerk skaad.

Die fondse wat vir sy besoek aan Suid-Afrika aangewend sou word, sou nou vir sy werk in Sri Lanka beskikbaar wees (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Januarie 1983:3-4). Later is die fondse egter

aangewend om ds. Thurairajah en sy vrou vir 'n vakansie na Singapoer te stuur. Die druk van die oorlog het sy tol geëis en hy en sy vrou het die vakansie broodnodig gehad (Kommissie vir Wêreldsending, 25 November 1983:1).

## 1.6 DIE BEKENDSTELLING VAN DIE WERK VAN DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING

'n Doeltreffende manier moes gevind word om die werk van die kommissie in Suid-Afrika bekend te stel. Omdat die kommissie slegs op vrywillige bydraes staatmaak, was die projek uiters noodsaaklik. Die kommissie besluit om sy werk bekend te stel deur die druk van 'n brosjure, die maak van 'n skyfiereeks en om uitstalmateriaal daar te stel.

### *1.6.1 Brosjures*

Die eerste brosjure wat die kommissie uitgegee het om die werk bekend te stel, verskyn in 1980. Op 'n vergadering van die kommissie (11 Augustus 1980) word besluit dat 'n kopie van die brosjure aan elke predikant in Suid-Afrika gestuur sou word sodat die lidmate ingelig kon word. Dit word gedoen sodat almal inligting het oor die werk van die kommissie in die Ooste. In die brosjure word inligting deurgegee oor Sri Lanka, Bybelverspreiding in Sjina, Christelike radiowerk en ander toepaslike inligting.

Aan die einde van die brosjure is 'n vorm ingevoeg wat deur toekomstige donateurs ingevul kon word. Daar was ruimte op die vorm vir vrywillige bydraes asook geleentheid vir Christene om hul name op 'n lys vir voorbidders te plaas. Op 27 September 1980 verneem die lede van die kommissie dat die eerste brosjure 'n reusesukses was (Kommissie vir Wêreldsending, 27 September 1980:2).

As gevolg van die sukses wat deur die eerste brosjure behaal is, word spoedig aan 'n volgende brosjure gewerk. Die tweede brosjure verskyn vroeg in 1982 verskyn en word aan alle donateurs gestuur (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Februarie 1982:1).

Nog 'n brosjure verskyn in 1986 met 'n oplaag van veertig duisend kopieë. Hierdie was tot op hede die grootste getal kopieë wat gedruk en versprei is (Kommissie vir Wêreldsending, 14 Augustus 1986:4).

Met die ondervinding wat die skriba deur die jare opgedoen het met die druk van die brosjures, blyk dit dat die donateurs 'n populêre brosjure verkies. Daar word nie in statistieke belang gestel nie, maar in meer inligting aangaande die werk. Met die opstel en druk van die brosjures is geen moeite ontsien nie want dit was die grootste bron van inkomste vir die kommissie. In 1986 was die oplaag ongeveer veertig duisend kopieë, waarvan dertig duisend aan gemeentes gestuur is. Elke gemeente het dus twee honderd en vyftig kopie ontvang wat in die gemeente versprei kon word.

'n Adreslys met agt duisend donateurs is saamgestel en alle korrespondensie geskied persoonlik. Koeverte word met die hand geadresseer omdat navorsing bewys het dat mense persoonlik geadresseerde pos verkies (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:4-5). 'n Brosjure word elke agtien maande uitgestuur. Met die verskyning van die brosjure in 1992, ontvang die kommissie R24 463 vir die werk in die Ooste (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:13).

Om die kommissie se dankbaarheid aan alle donateurs oor te dra stel hulle 'n brosjure saam waarin die donateurs vir hul finansiële steun en gereelde voorbidding vir die werk bedank word (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:78). Die brosjure word aan die donateurs en al die gemeentes van die Sinode Wes-Transvaal gestuur.

### *1.6.2 Skyfiereeks en videomateriaaal*

Die beskikbaar stel van 'n skyfiereeks was nog 'n manier om die werk van die kommissie bekend te stel. Bybelkor het homself bereid verklaar om twee skyfiereekse vir die kommissie voor te berei. Hierdie reekse kan dan aan gemeentes en organisasies beskikbaar gestel word sodat meer inligting aangaande die werk verkry kon word (Kommissie vir Wêreldsending, 9 Februarie 1982:2).

Later het Mema onder leiding van ds. E. Botha drie skyfiereekse saamgestel wat deur die kommissie gebruik kon word.

Met die behulp van Mema besluit die kommissie dat videomateriaal saamgestel moes word om die werk van die kommissie in Hong Kong en Sri Lanka bekend te stel (Kommissie vir Wêreldsending, 24 September 1985:4). Dit het ongelukkig nie gerealiseer nie.

### *1.6.3 Uitstalmateriaal*

Aangesien lede van die kommissie gereeld by sendingbyeenkomste optree is daar ook besluit om materiaal saam te stel wat by sulke

byeenkomste vertoon kan word. Mnr. J. Annandale word gevra om tydens 'n besoek aan die Ooste foto's en skyfies te neem met die oog op die samestelling van uitstalmateriaal (Kommissie vir Wêreldsending, 3 Julie 1984:3).

Sedert mnr. Annandale die fotos saamgestel het, kon uitstalling van ongeveer vyf en twintig vergrote fotos dit by alle optredes gebruik word. (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:4). In 1992 besluit die kommissie dat die foto's vervang moes word, maar omdat die kostes van sulke materiaal hoog is, word dit uitgestel todat 'n borg vir die projek gevind word (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:120).

### *1.6.4 Samevatting*

Die druk en verspreiding van brosjures was baie suksesvol. 'n Lys van donateurs kon saamgestel word om die werk te ondersteun. Die donasies wat die Kommissie vir Wêreldsending ontvang, is grootliks aan die sukses van die brosjures te danke.

Die skyfiereeks was vir 'n beperkte tyd suksesvol. As gevolg van tegnologiese ontwikkeling het videomasjiene mettertyd skyfieprojektors vervang. Mense het nie meer van skyfiereekse in hul gemeentes en organisasies gebruik gemaak nie. Die samestelling van 'n video oor die werk van die kommissie het ongelukkig nooit gerealiseer nie.

Pogings wat die Kommissie vir Wêreldsending van stapel gestuur het om hul werk bekend te stel, was uiters suksesvol. Die aanvanklike idee was om donateurs te werf wat die werk sou ondersteun. As die mense eers

van die werk van die kommissie kennis neem, kon vrywillige bydraes op 'n gereelde basis verwag word. Deur die jare het die kommissie uiters lojale ondersteuning van die Christene in Suid-Afrika ontvang en kon die kommissie die werk in die Ooste na behore doen.

## 1.7 DIE FINANSIëLE OPSET VAN DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING

Dit was vir die kommissie verblydend dat Christene in Suid-Afrika bereid was en steeds is om mildelik by te dra vir sendingwerk in Sri Lanka. Reeds sedert die stigting van die Kommissie vir Wêreldsending word melding van die kommissie se gesonde finansiële toestand gemaak (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1980:3). Die jaarliks geouditeerde verslae van die kommissie is 'n bewys dat die Christene in Suid-Afrika die projek ondersteun.

Met die stigting van die kommissie was daar slegs ses en twintig sent in hul rekening. Di. Japie du Plessis en Eddie Botha het die saak van die kommissie begin propageer en deur middel van vrywillige bydraes staan die kommissie waar hy vandag is. Tot op hede is daar geen finansiële steun van die Sinode gevra nie. 'n Jaarlikse begroting word egter wel aan die Sinode voorgelê (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:8-9).

Die jaar 1985, 1987 en 1992 se finansiële state toon die vordering wat die Kommissie vir Wêreldsending in slegs 'n paar jaar gemaak het, naamlik:

- In 1985 het die kommissie R105 866,88 aan vrywillige bydraes

ontvang (Kommissie vir Wêreldsending, 21 Junie 1985:3-6).

- Die vrywillige bydraes in 1987 het R154 463,93 beloop. (Kommissie vir Wêreldsending, 15 Mei 1987:2-3).
- In 1992 ontvang die kommissie R242 793,16 aan donasies. Hierdie bedrag het alle trustgelde en kontant op hande van die vorige jare uitgesluit (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:110-116).

Dit is vir die kommissie van groot belang dat donasies wat ontvang word, nie in die bankrekening moet ophoop nie, maar vir die werk aangewend word. 'n Bedrag van R129 828,62 word in 1987 vir die werk in die Ooste aangewend.

Dit is interessant om waar te neem waar die vrywillige bydraes vandaan kom. Bydraes word van kerkrade oor Suid-Afrika heen ontvang, asook vrouedienste, jeugorganisasies en sendingverenigings. 'n Interessante waarneming is dat in 1989 slegs agt en dertig persent van die donasies van binne die gebied van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes-Transvaal afkomstig was. Baie donasies word van individue buite die grense van Wes-Transvaal ontvang (Kommissie vir Wêreldsending, 16 Februarie 1990:10-11).

Die kommissie is en was in die bevoorregte posisie om al sy verpligtinge jaarliks na te kom en met 'n voordelige saldo af te sluit. Ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede wat die afgelope paar jaar in Suid-Afrika geheers het, bly die finansiële posisie van die kommissie kerngesond. Die kommissie is dit eens dat streng binne die begroting gewerk moet word. Die verwagting was dat die inkomste as gevolg van

die moeilike ekonomiese toestande in Suid-Afrika sou daal. Dit het wel in 1993 gebeur, maar met die surplus fondse van die vorige jare kon alle verpligtinge nagekom word (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:15).

Deur middel van die vrywillige bydraes kon die kerk van Wes-Transvaal sy visie om die evangelie aan die miljoene mense in die Ooste te bring, verwesenlik.

## 1.8 ANDER VELDE WAAR DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING IN DIE OOSTE BETROKKE IS

### *1.8.1 Inleiding*

Saam met die werk van die Kommissie vir Wêreldsending in Sri Lanka is daar ook ander velde in die Ooste waar die kommissie betrokke is. Die visie van die kommissie is om die evangelie aan al die verlore mense in die Ooste te bring. Daarom is die Kommissie vir Wêreldsending by meer lande en projekte as net Sri Lanka betrokke. Vervolgens word die projekte en lande uiteengesit waarby die Kommissie vir Wêreldsending in die Ooste betrokke is:

### *1.8.2 Thailand*

In Thailand is daar drie sendelinge vanuit Suid-Afrika wat besig is met sendingwerk.

Die kommissie het van die pragtige werk van drr. Eddie en Dorothy Rose in Thailand verneem. Die kommissie neem 'n besluit dat die werk van drr. Rose saam met die werk van die Kommissie vir Wêreldsending bekend gestel moes word. Indien donasies vir die werk van drr. Rose in Thailand ontvang word sou dit direk aan hulle oorbetaal word (Kommissie vir Wêreldsending, 24 September 1985:3).

Mej. Rya Coetzee, 'n lidmaat van die Zeerust-Noord gemeente, is ook in Thailand betrokke by sendingwerk. Sy werk in die suide van Thailand, veral onder kinders (Kommissie vir Wêreldsending, 14 Augustus 1986:5).

Die kommissie ondersteun die werk van die sendelinge deur middel van gebed, belangstelling en op 'n kleiner skaal met finansiële hulp. Drr. Rose en mej. Coetzee werk in Thailand onder die vaandel van die Overseas Mission Fellowship. Die organisasie is een van die mees gerespekteerde sendingorganisasies in die Ooste.

Die suksesse wat die sendelinge in Thailand behaal het, is grootliks te danke aan die feit dat hulle die taal magtig is en daarom deur die Thai mense aanvaar word. In Thailand is daar baie moontlikhede om die evangelie aan die plaaslike bevolking te bring (Kommissie vir Wêreldsending, 6 Junie 1990:7-8). Tydens besoeke aan Suid-Afrika word daar vir die sendelinge optredes regoor Suid-Afrika heen gereël. So kan hulle die werk in Thailand eerstehands aan die gemeentes bekendstel (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:29). In 1992 tree drr. Rose by elf eredienste en sestien ander byeenkomste op. Die gemeentes het die kontak met die egpaar uiters positief beleef.

As gevolg van gesondheidsredes het die Rose's na Suid-Afrika teruggekeer maar is later as die sendelinge van die moedergemeente George na Thailand gestuur (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:70).

Deur middel van die kontak met drr. Rose en mej. Coetzee het die Kommissie vir Wêreldsending op 'n kleiner skaal by dié werk in Thailand betrokke geraak.

### *1.8.3 Een miljoen Bybels na Rooi Sjina*

Een van die aanbevelings van die ondersoekspan van die Sinodale Sendingkommissie Wes-Transvaal was dat die kommissie by 'n projek betrokke moes raak om een miljoen Bybels na Rooi Sjina te neem. Hierdie was 'n uiters ambisieuse projek. Aanvanklik sou dr. Charles Chao aan die hoof van die projek staan, maar weens gesondheids redes het dit nie gerealiseer nie (Kommissie vir Wêreldsending, 11 Augustus 1980:1). Die kommissie besluit om met die Bybelgenootskap te skakel vir moontlike samewerking ten opsigte van die Bybelverspreiding.

In samesprekings met die Bybelgenootskap blyk dit dat R5,00 nodig sal wees om een Bybel in Sjina te lewer. Die verpreiding van die Bybels sou met behulp van die Bybelgenootskap in Hong Kong geskied. Om die projek van die grond te kry skenk die Kommissie vir Wêreldsending R12 000 vir die verspreiding van die Bybels (Kommissie vir Wêreldsending, 30 Oktober 1980:1-2).

Die probleem rondom Bybelverspreiding na Sjina is dat Bybels in Sjina as 'n verbode artikel verklaar is. 'n Manier sou gevind moes word om die

Bybels by die bestemmings in Sjina te lewer. Deur middel van die Chinese Church Research Centre het die kommissie kontakte in Hong Kong bekom om die Bybels na Sjina te neem. Een van die maniere om Bybels Sjina in te neem was, deur middel van koeriers (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:2).

In 'n artikel oor die "smokkel "van Bybels na Sjina wat in *Die Sendingblad* verskyn het, word die kommissie vir hul betrokkenheid hierby gekritiseer. Christene in Suid-Afrika word aangeraai om nie by Bybelverspreiding in Sjina betrokke te raak nie. Volgens 'n verslag van die Algemene Sinodale Sendingkommissie sou hulle wat die *smokkel* van Bybels veroordeel. Die skriba van die kommissie ontvang opdrag om voor die aanvang van die Algemene Sinode met di. P.W. de Wet en P.E.S. Smith in verbinding te tree (Kommissie vir Wêreldsending, 16 September 1982:2).

Die polemiek ten opsigte van die *smokkel* van Bybels na Rooi Sjina is deur die kommissie in 'n ernstige lig beskou. Die berig in *Die Sendingblad* bevat volgens die kommissie verskeie onduidelikhede, naamlik:

- Daar word verwys na die wettige verspreiding van Bybels in Rooi Sjina deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die vraag word gevra of dié poging die projek van die Kommissie vir Wêreldsending vervang?
- Volgens die artikel was dit nie duidelik wie vir die verspreiding van Bybels verantwoordelik was nie.

Die kommissie wys op die volgende feite wat direk van Hong Kong

ontvang is:

- Die *Three Selve Movement* wat vir die verspreiding van Bybels in Sjina verantwoordelik is, was volgens ingeligtes vanuit Hong Kong 'n frontorganisasie vir die Kommunistiese party.
- Die vriendskapstigting in Sjina is gestig om in samewerking met die *Three Selve* beweging te werk. Dr. Chao berig aan die kommissie: "The amity foundation has been established by the three selve patriotic movement in order to receive foreign funds..." (Kommissie vir Wêreldsending, 28 April 1986:1-2).

Die kommissie vra die vraag of die organisasie die Bybels werklik effektief in Sjina versprei?

Om die saak op te los, word 'n vergadering tussen die kommissie en verteenwoordigers van die Bybelgenootskap belê. Die vergadering vind op 28-29 April 1986 plaas met die doel om antwoorde te verskaf rondom die *smokke*l en wettige verspreiding van Bybels na Sjina. Die Bybelgenootskap was bevrees dat die romantiek rondom die smokkel van Bybels 'n verkeerde indruk onder lidmate skep. Die kommissie stel dit baie duidelik dat hul doel nie is om Bybels te smokkel nie, maar om Bybels aan die Christene in Sjina persoonlik te bring. Volgens die kommissie neem die Bybelgenootskap die Bybels tot op 'n bepaalde punt en het dan geen verdere beheer daaroor nie. Dit wou die kommissie vermy, die Bybels moes by die gemeentes uitkom vir wie dit bedoel was. Die kommissie stel sy saak sterk en ontken dat hulle besig was met die *smokkel* van Bybels (Kommissie vir Wêreldsending, 28-29 April 1986:2-15).

Tydens die vergadering word die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending by die organisasie Geopende Deure geopper. Die kommisie deel die vergadering mee dat Geopende Deure per brief met hulle kontak gemaak het. In die skrywe bied Geopende Deure hul hulp aan met die verspreiding van Bybels na Rooi Sjina. Die skriba word uitgenooi om met hulle samesprekings in Holland te gaan voer (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:4).

Dié kontak tussen die kommissie en Geopende Deure het vanuit sekere kringe binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk kritiek ontlok. Die besluit van die Algemene Sinode ten opsigte van Geopende Deure was dat die organisasie se metodes van werk prinsipieel van die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verskil. Die vergadering wys die kommissie daarop dat die besluite van die Algemene Sinode te alle tye in ag geneem moes word (Kommissie vir Wêreldsending, 28-29 April 1986:13).

In die geskiedenis van Sjina is die kerk deur die eeue heen deur die politiek beïnvloed. Getuienis hiervan is die opiumoorlog in 1842 en die Taiping rebellie in 1850. Na Pearl Harbour in 1941 het die Westerse sendelinge vyande van die staat geword. Nadat Japan oorgegee het, kon die sendelinge weer in Sjina werk. In dié jare is die *Three Selve* beweging gestig om die kerk van sy reaksionêre elemente te suiwer. Die inheemse kerkleiers moes hul *sondes* van die verlede bely. Nadat die kerk op die manier gesuiwer is, staan dit bekend as die Chinese Christian Church. Die geskiedenis bewys dus dat die kerk vir jare die speelbal van die politiek was.

Die beplande oorhandiging van Hong Kong aan Sjina in 1997 gaan die

kerk in Hong Kong intens beïnvloed en die Kommissie vir Wêreldsending moet daarop voorbereid wees (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:21-25).

### *1.8.4 Radiowerk*

Die Kommissie vir Wêreldsending identifiseer die radio as 'n magtige middel om die evangelie aan die mense in die Ooste te bring. Transwêreld Radio word gekontak om te help met moontlike uitsendings na Indië en Sjina (Kommissie vir Wêreldsending, 22 September 1980:2). Na samesprekings sou die eerste uitsending na Indië in April 1981 in aanvang neem. Die uitsendings sou in Tamil geskied (Kommissie vir Wêreldsending, 27 September 1980:4).

### *1.8.5 Vertaalwerk*

Die hulp van dr. Charles Chao is ingeroep om behulpsaam te wees met die vertaalwerk van teologiese boeke vanuit Engels in Manderyns. Dit word gedoen sodat die leesstof vir die mense in Sjina toeganklik gemaak kan word (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Maart 1981:3).

Die boek *The best of W. Pink* wat oor die Tjen gebooie, sewe kruiswoorde en ander sake van belang handel, word aan dr. Chao gestuur om te vertaal.

Met die ondersteuning van die werk poog die Kommissie vir Wêreldsending om iets daadwerkliks vir die mense in Sjina te bied. Die werk van dr. Chao is uiters belangrik, al blyk dit klein te wees.

Christelike leesstof is onverkrygbaar in Rooi Sjina.

### *1.8.6 Taiwan*

Ter voorbereiding van die oorname van Hong Kong in 1997 deur Sjina verhuis dr. Jonathan Chao na Taiwan. Hier is hy as die president van die Christ College aangestel. Die kollege het sewe honderd en vyftig studente wat as leraars en sendelinge opgelei word. Dr. Chao meld dat studente vanuit Suid-Afrika welkom sal wees by Christ College. Christ College behoort aan die Prebiteriaanse Kerk van Noord-Amerika. 'n Goeie verhouding bestaan tussen die kollege en die Kommissie vir Wêreldsending. Uitruiling van studente en dosente word as 'n moontlikheid beskou.

Die kommissie hou die opsie oop om in Taiwan betrokke te raak indien hul betrokkenheid met Hong Kong na 1997 beïnvloed sou word.

### *1.8.7 Die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending in Hong Kong*

Die geestelike nood van die mense in Hong Kong het die Kommissie vir Wêreldsending aangespreek. Die kommissie besluit om met ds. Snyman, die sendingsekretaris van die kerk in die Oranje-Vrystaat in verbinding te tree in verband met moontlike samwerking in Hong Kong (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:2).

Die kommissie was van mening dat die geleentheid om die evangelie te verkondig aangegryp moes word. Omdat die kommissie in verskeie

projekte in die Ooste betrokke was, was die gevoel dat 'n vennoot vir die werk in Hong Kong gevind moes word.

Die kommissie besluit dat samesprekings met die Vrystaatse Sinode gevoer moet word en aan die volgende aspekte aandag geskenk sou word:

- Die huur van kantoorruimte vanwaar Bybels en lektuur versprei kon word.
- Die gebruik van Chinese Christene om met die werk behulpsaam te wees.
- Die kommissie bevestig weer eens dat daar nie beplan word om nog 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk in die buiteland te stig nie (Kommissie vir Wêreldsending, 25 November 1983:2-3).

Daar word besluit dat 'n deeglike ondersoek rondom die betrokkenheid van die twee Sinodes in Hong Kong gedoen moes word. Die aanstelling van 'n voltydse sendeling in Hong Kong blyk nie die oplossing te wees nie. 'n Afvaardiging van die kommissie sou Hong Kong moontlik self moet besoek en aan die volle kommissie terugrapporteer. Die werklike koste van die betrokkenheid in Hong Kong moes nog ontleed word (Kommissie vir Wêreldsending, 3 Julie 1984:2).

In 1981 was daar vyf miljoen mense in Hong Kong waarvan ses en tagtig persent aan die Taoisme, Boeddhisme of Confusianisme behoort het. Die probleem in Hong Kong blyk die tekort aan geestelike werkers te wees. Deur middel van dr. Jonathan Chao kon die kommissie met die Christene in Hong Kong in verbinding tree.

#### 1.8.7.1 *Die Chinese Church Research Centre*

Die sentrum se doel was om leiding te verleen aan Christene wat na Sjina wil gaan vir sendingwerk. Dr. Chao en sy helpers is bereid om hul fasiliteite aan die kommissie beskikbaar te stel. Die kontakte wat dr. Chao in Hong Kong het, kon vir die kommissie van groot waarde wees (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Augustus 1981:7-8). Hong Kong word beskou as die poort na die res van die Ooste en kon as basis gebruik word om Sjina te bereik.

Samewerking tussen die Kommissie vir Wêreldsending en die Chinese Church Research Centre was as 'n sterk moontlikheid gesien. Die kommissie besluit om finansiële hulp aan die organisasie te verskaf. (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Februarie 1982:1).

Die doel van die Chinese Church Research Centre in Hong Kong is om navorsing aangaande Sjina te doen en behoeftes op die geestelike vlak in Sjina te ïdentifiseer. Een van hul projekte is die *Church in China Interview Project* wat oor die huisgemeentes handel. Die projek word met die grootste omsigtigheid hanteer omdat die lede van die huisgemeentes se lewe in gevaar gestel kon word (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Februarie 1982:2-3).

'n Ambisieuse projek van die organisasie is *Seminary in the air* waar die huisgemeentes elke dag deur middel van die radio opleiding ontvang.

Die kommissie se verhouding met die Chinese Church Research Centre verbeter verder met die besoek van dr. Chao aan Suid-Afrika. Hy woon 'n vergadering van die kommissie by en bedank die kommissie vir hul

steun. Hy wys die kommissie daarop dat die werk in Sjina op twee maniere kon geskied: of met die hulp van die Nederduitse Gereformeerde Kerk óf met die hulp van ander kerke (Kommissie vir Wêreldsending, 16 September 1982:3).

In 1984 besoek 'n afvaardiging van die kommissie Hong Kong om te bepaal watter moontlikhede daar vir sendingwerk is. Dr. Chao lig die afvaardiging breedvoerig in oor die werk van die sentrum. Die beste oplossing blyk te wees om van plaaslike kerkleiers gebruik te maak eerder as om 'n sendeling na Hong Kong te stuur. Die afvaardiging besluit dat daar twee moontlikhede is om in Hong Kong betrokke te raak:

- Dr. Chao kon optree as 'n sendeling van die Sinode Wes-Transvaal.
- Ds. Ronald Yu sou op 1 September 1984 met die opleiding van lekewerkers wat na hul studie in Sjina wou gaan werk. Leraars vanuit Suid-Afrika kon die werk gereeld besoek, en ook waar nodig, hul hulp aanbied (Kommissie vir Wêreldsending, 31 Julie 1984:2).

Na samesprekings met dr. Chao word die volgende behoeftes van die Chinese Church Research Centre uitgespel:

- Dat die projek *Seminary in the air* finansiële ondersteuning nodig het.
- Finansiële ondersteuning aan die projek om opleiding aan lekewerkers te verskaf was ook noodsaaklik (Kommissie vir Wêreldsending, 31 Julie 1984:5-7).

As stigter van die Chinese Church Research Centre moes dr. Chao direk aan die Kommissie vir Wêreldsending verslag lewer. Ds. Yu sou op sy beurt aan dr. Chao verslag doen. Die personeel van die sentrum het die behoefte uitgespreek om met die kommissie saam te werk.

Die kommissie besluit in beginsel dat die behoeftes wat dr. Chao genoem het, ondersteun moes word. Daar sou egter 'n duidelike ooreenkoms tussen die twee partye opgestel moes word. Die ooreenkoms is gesluit tussen die Chinese Church Research Centre en met drie partye vanuit Suid-Afrika, naamlik die Kommissie vir Wêreldsending, die Sendingkommissie van die Oranje-Vrystaat en die sending onder die kommunisme van die Algemene Sinode.

Die ooreenkoms behels die volgende:

- Die drie organisasies uit Suid-Afrika sou finansieel bydra tot die opleiding van die lekewerkers.
- Die partye vanuit Suid-Afrika sou verantwoordelik wees vir die pos van ds. Ronald Yu.

Die ooreenkoms sou egter net geld solank as ds. Yu met die opleiding van die lekewerkers gemoeid bly. Vir die eerste jaar sou die partye vanuit Suid-Afrika vir vyftig persent van sy pos verantwoordelik wees. 'n Begroting moes jaarliks opgestel word en aan die organisasies voorgelê word. Elke ses maande sou 'n verslag van dr. Chao aan die partye voorgelê word. 'n Belangrike deel van die ooreenkoms was dat leraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die geleentheid gebied sal word om lesings in Hong Kong waar te neem (Ooreenkoms tussen drie partye en die CCRC, 1985:1-2).

Vir die ordelike verloop van die werk in Hong Kong moes 'n ooreenkoms tussen die drie Suid Afrikaanse partye opgestel word. Die het die volgende behels:

- Hulle sou van 'n Sjinese sendeling in Hong Kong gebruik maak.
- Die ooreenkoms tussen die drie partye sou vir een jaar geldig wees en jaarliks hernu word.
- Die koste van die werk in Hong Kong sou gelykop tussen die drie partye verdeel word.
- Die skriba van die kommissie sou al die fondse hanteer en jaarliks 'n geouditeerde staat aan die partye beskikbaar stel.
- Die uitgawes van dosente wat Hong Kong vir lesings sou besoek, moes deur elke party self bepaal word (Ooreenkoms Sinode Wes-Transvaal, Oranje-Vrystaat en die Kommissie vir Arbeid onder die Kommuniste:3-4).

*1.8.7.2 Die opleiding van lekewerkers*

Saam met die werk van die Chinese Church Research Centre ondersteun die drie partye uit Suid-Afrika ook die opleiding van lekewerkers by die Chinese Mission Seminary. Die organisasie is 'n deel van die Chinese Church Research Centre. Die meeste van die studente wat hier opleiding ontvang, kom self van Sjina. In 1989 is die eerste vier en twintig studente opgelei om voltyds in Sjina sendingwerk te gaan doen (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Julie 1989:1).

'n Deel van die kursus by die opleidingsentrum is praktiese sendingwerk.

Elke somervakansie gaan die studente na Sjina om in 'n bepaalde gebied die evangelie te verkondig. Die uitgawes vir die jaarlikse sendingaksie in Sjina word deur die student self betaal. Ds. Yu stel aan die kommissie voor dat van die studente deur die kommissie gesubsideer kon word (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:60).

Die studente woon in 'n koshuis op die kampus maar meer studente kan ingeneem word indien beter koshuisgeriewe beskikbaar was. Uitbreiding in die toekoms sal aandag geniet (Kommissie vir Wêreldsending, 6 Junie 1990:13).

Die Chinese Mission Seminary poog om verskeie kursusse vir voornemende studente aan te bied. Een van die kursusse wat beplan word, is om studente in kinderevangelisasie op te lei. Die studente sal dan in Sjina spesifiek op die jeug konsentreer. 'n Ander kursus wat beplan word is die *Mission Training Institute.* Dit is veral vir studente wat slegs vir een jaar wou studeer. Die kursus behels ses maande akademiese opleiding en ses maande praktiese sendingwerk (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993: 39-44). Tans is die projek geimplimenteer en blyk uiters suksesvol te wees.

Ds. Yu doen jaarliks verslag aan die Kommissie vir Wêreldsending aangaande die vordering van die werk in Hong Kong. In die verslae word breedvoerig verslag gelewer oor die uitreikaksies deur die studente (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993:46- 55).

In Hong Kong heers daar tans 'n groot mate van onsekerheid ten opsigte deur die oorname van Sjina in 1997. Op alle vlakke van die samelewing is daar vrese. Mense is besig om in groot getalle na ander lande te

emigreer.

Die werk van die Chinese Church Research Centre en die Chinese Mission Seminary word ook deur die oorname beïnvloed. Die organisasies is dit eens dat hulle met die werk sal voortgaan ongeag wat gaan gebeur. Die Chinese Church Research Centre ondervind dat donateurs nie meer in hul werk belê nie. Dr. Chao vra die kommissie dat vir hulle in Hong Kong voorbidding gedoen moet word. Dr. Chao wys ook daarop dat die Here die onsekerheid gebruik om die Sjinese bevolking na die kerk te dryf. Die mense soek standvastigheid in hulle lewens en wend hul tot die kerk.

Die betrokke partye vanuit Suid-Afrika besef dat die werk in Hong Kong moontlik in die weegskaal kan wees. Alternatiewe sendingvelde sal gevind moet word. Taiwan en Thailand kan as moontlikhede oorweeg word. Die tyd sal egter bepaal wat in Hong Kong gaan gebeur. Die mense van Hong Kong en die kerk in Hong Kong leef in onsekerheid. Voorbereidings word so ver moontlik deur die kerke getref om steeds na die oorname met hul werk voort te gaan.

### *1.8.8 Die werk van ds. K. Fouché in Hong Kong*

In 1982 tree 'n finale jaar student van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria met die skriba van die Kommissie vir Wêreldsending in verbinding vanweë sy belangstelling om sendingwerk in Hong Kong te gaan doen (Kommissie vir Wêreldsending, 28 Junie 1982:3).

Ds. Fouché was ernstig oor sy roeping en het onder *Youth with a Mission* in Hong Kong gaan werk. Hy was nie die verantwoordelikheid

van die kommissie nie, maar kontak is met ds. Fouché behou.

In 1991 tree die gemeente Ruyterwacht met die skriba in verbinding met die doel om 'n sendeling na die Ooste te stuur. Ds. Du Plessis vertel die gemeente van die werk van ds. Fouché (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:13-14). Na onderhandeling met die gemeente word ds. Fouché as die sendeling van die Ruyterwachtgemeente in Hong Kong aangewend. In die jaar wat ds. Fouché in Hong Kong gewerk het, het die Kommissie vir Wêreldsending hul werk saam met die van die kommissie bekend gestel. Donasies wat op dié manier ontvang is, is aan ds. Fouché in Hong Kong oorbetaal.

In Desember 1991 verneem die kommissie dat ds. Fouché kanker onder lede het en dat dit nie goed met sy gesondheid gaan nie (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:36). Die skriba tree met mev. Fouché in Hong Kong in verbinding en verseker haar van die kommissie se voorbidding. Die kommissie besluit om alle gemeentes in Wes-Transvaal te kontak sodat daar vir ds. Fouché en sy gesin voorbidding gedoen kan word. Ds. Fouché se toestand versleg egter en hy sterf in Hong Kong waar hy op 23 Januarie 1992 veras word.

As gevolg van onderhoude wat die SAUK met ds. Saayman, leraar van die gemeente Ryterwacht, en ds. Du Plessis na die dood van ds. Fouché gevoer het, is vir die Fouché gesin R30 000 se donansies ontvang (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:40).

Die begrafnisdiens van wyle ds. Fouché vind op 8 Maart 1992 vanuit die gemeente Ruyterwacht plaas. Ds. Du Plessis tree namens die kommisie vir Wêreldsending by die geleentheid op (Kommissie vir Wêreldsending,

24 April 1992:43). Dit was 'n aangrypende geleentheid, Ruyterwacht het hul sendeling van Hong Kong begrawe.

### *1.8.9 Samevatting*

In die uitvoering van hul roeping is die Kommissie vir Wêreldsending by verskeie sendingvelde betrokke. Die geleenthede wat aan die kommissie gebied is, is aangegryp. Saam met die bekendstelling van die werk van die kommissie word verskeie ander projekte aan die Christene van Suid-Afrika bekend gestel. Die kontak wat die kommissie met ander sendelinge in die Ooste het, is van groot belang vir die sendingwerk in die Ooste. Deur middel van die kommissie se brosjures word hul werk ook aan die Christene van Suid-Afrika bekendgestel.

## 1.9 ANDER TERREINE WAAR DIE KOMMISSIE VIR WêRELDSENDING 'N LEIDENDE ROL GESPEEL HET

Die Kommissie vir Wêreldsending het op verskeie terreine in Suid-Afrika en in die buiteland 'n leidende rol gespeel. In baie opsigte het die kommissie pionierswerk verrig. Die volgende terreine waar die kommissie 'n rol gespeel het, verdien vermelding:

### *1.9.1 Onderhandelings met die Minister van Vervoerwese*

Omdat lede van die kommissie baie na die buiteland moes reis om die verskillende sendingvelde te besoek, was reisgelde hul grootste uitgawe. Sendelinge wat in die buiteland werk, het altyd probleme met hoë

reistariewe. As gevolg van die probleem rig die skriba 'n skrywe aan die Minister van Vervoerwese. In die brief word die minister versoek om ondersoek in te stel na moontlike afslagtariewe vir aktiewe sendelinge wat na en van die sendingvelde vlieg. Van die buitelandse lugdienste het afslagpakkette vir sendelinge. Was dit moontlik vir die Suid Afrikaanse lugdiens om pakette vir sendelinge beskikbaar te stel?" (Kommissie vir Wêreldsending, 21 Junie 1985:11-12).

Hierdie versoek lei tot die positiewe resultaat dat die Suid Afrikaanse Lugdiens spesiale tariewe toestaan vir alle sendelinge wat na en van hul onderskeie sendingvelde vlieg. Die tariewe sou slegs vir sendelinge en hul gesinne geld (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:80-81).

Op die terrein was die kommissie die eerste organisasie om vir sendelinge goedkoper tariewe te beding. As gevolg van die leiding wat die kommissie geneem het, kon alle sendelinge, ook dié buite die veld van die kommissie, van die vergunning van die Minister van Vervoerwese gebruik maak.

### *1.9.2 Aanbieding van 'n dagkonferensie in verband met Wêreldsending*

Die Kommissie vir Wêreldsending het, met die goedkeuring van die Sinodale Sendingkommissie van Wes-Transvaal, besluit om 'n dagkonferensie aan te bied met die tema "Die saailand is die wêreld." Verskillende instansies sou uitgenooi word om aan die konferensie deel te neem (Kommissie vir Wêreldsending, 1 Oktober 1985:2).

Die konferensie het op 4 Februarie 1986 plaasgevind en is deur die volgende instansies bygewoon:

- Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid-Transvaal.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid-Kaapland.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk Noord-Kaapland.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk Transvaal
- Lede van die Algemene Sinodale Sendingkommissie.
- Die Sendingpers.
- Mema.
- Bybelkor.
- Evangelisasiesekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Afrika.
- Gevangenisarbeid.
- Sinodale Sendingkommissie Wes-Transvaal.
- Geopende Deure.
- Radiokansel.
- Eilandesending.
- Japansending.
- SAAWE.
- Youth with a Mission.
- Hospitaalbond.
- Overseas Mission Fellowship

(Referaat Dagkonferensie, 4 Februarie 1986:29-30).

Die inleidende referaat is deur ds. E. Botha gelewer en daarna het die

verskillende organisasies die geleentheid gehad om meer inligting aangaande hul werk deur te gee. Persone wat die konferensie bygewoon het, was dit eens dat 'n konferensie van dié aard noodsaaklik was. Die konferensie het hul dank jeens die Here uitgespreek vir al die suksesse op die sendingvelde behaal. 'n Opvolgkonferensie blyk 'n behoefte te wees.

Met die konferensie het die Kommissie vir Wêreldsending 'n unieke geleentheid geskep waardeur inligting rondom sendingaktiwiteite met mekaar gedeel kon word.




Di. Herholdt, du Plessis van Niekerk en Botha ontvang 'n skenking van die Bybelgenootskap vir Bybelverspreiding in Sri Lanka

### *1.9.3 Die betrokkenheid van die kommissie by 'n subkommissie vir werkers oorsee*

Die Algemene Sinodale Sendingkommissie gee opdrag aan die kommissie om 'n register saam te stel van alle lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in die buiteland met sendingwerk besig is. Ds. Japie du Plessis, skriba van die Kommissie Wêreldsending, dien op die subkommissie en lewer 'n groot bydrae tot die daarstelling van so 'n register. Die register word deur die kommissie saamgestel en word aan die Algemene Sinodale Sendingkommissie oorhandig (Kommissie vir Wêreldsending, 24 Februarie 1986:1-3).

Die subkommissie versoek ds. Du Plessis om 'n saamtrek van al die sendelinge wat in die buiteland werksaam is, te reël (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:10-12). Die saamtrek kon egter tot op hede nie realiseer nie.

Lede van die Kommissie vir Wêreldsending is betrokke by die verskillende kommissies van die kerk wat by sendingwerk betrokke is.

### *1.9.4 Betrokke by die stuur van gasdosente na Hong Kong*

Die Chinese Mission Seminary het in die ooreenkoms met die partye van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ooreengekom om gasdosente vanuit Suid-Afrika by hul sentrum te ontvang. Op dié manier word die studente meer blootgestel alvorens hulle na Sjina gestuur word.

Dr. Chao meld dat dosente meer as net doseerwerkbehoort te doen. Plaaslike gemeentes kan gehelp word en dosente kan by naweekkampe aangewend word. 'n Besoek van 'n maand kan egter te kort wees om werklik effektief lesings aan te bied (Kommissie vir Wêreldsending, 24 Februarie 1986:6).

In 1991 kom die kommissie en ds. Yu ooreen dat die tyd reg is vir die besoek van 'n gasdosent aan Hong Kong. Ds. Yu vra in 'n brief aan die skriba om die dosent se velde van belangstelling aan hom te stuur sodat 'n skedule uitgewerk kon word (Kommissie vir Wêreldsending, 11 November 1991: 52).

Dr. T. Benadie word deur die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie van die Oranje-Vrystaatse Sinode gekies om na Hong Kong te gaan. Die skriba van die kommissie word versoek om 'n onderhoud met dr. Benadie te voer om meer inligting aangaande die situasie in Hong Kong aan hom deur te gee (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:8).

In die verslag oor sy besoek meld dr. Benadie van die vriendelike ontvangs wat hy in Hong Kong gehad het. Die getal studente van die Chinese Mission Seminary is nie baie nie, dit verbeter egter die persoonlike kontak tussen student en dosent. Die studente is geroepe Christene en het die behoefte om die evangelie te verkondig. Akademies is die standaarde hoog en die studente het 'n baie goeie teologiese agtergrond. Die biblioteek het dr. Benadie verras vanweë die groot verskeidenheid teologiese werke van regoor die wêreld (Kommissie vir Wêreldsending, 5 Februarie 1993: 23-24).

### *1.9.5 Leiding aan gemeentes wat by sendingwerk betrokke wil raak*

As gevolg van die kommissie se kennis ten opsigte van sendingwerk in die Ooste word verskeie lede van die kommissie genader om gemeentes by te staan wat direk by sendingwerk betrokke wil raak.

*1.9.5.1 Die Nederduitse Gereformeerde gemeente Ruyterwacht*

Bogenoemde gemeente het die skriba van die kommissie genader vir meer inligting oor hoe om by sendingwerk betrokke te raak (Kommissie vir Wêreldsending, 29 Januarie 1991:13-14).

Nadat die gemeente met ds. Du Plessis samesprekings gevoer het, is 'n ooreenkoms tussen die gemeente en die sendeling opgetrek. Beide partye het bepaalde verantwoordelikhede wat nagekom moes word (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:31-32).

Tydens Pinkstersondag 1991 tree die skriba by die geleentheid op waar ds. Fouché van Hong Kong as sendeling van die gemeente Ruyterwacht na Hong Kong gestuur word (Kommissie vir Wêreldsending, 7 Mei 1991:15).

*1.9.5.2 Die Nederduitse Gereformeerde gemeente George*

Bogenoemde gemeente het 'n baie sterk sendingvisie en het die skriba van die kommissie genooi om meer inligting rondom sendingwerk aan die gemeente te verskaf. 'n Sendingweek word in die gemeente aangebied om die gemeente aan hul verantwoordelikheid te herinner (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992:63).

Die skriba stel 'n memorandum wat hy aan die gemeente voorlê op. Inligting word rondom sendingwerk in die Ooste deurgegee met

voorstelle oor hoe die gemeente by sendingwerk betrokke kan raak. Verantwoordelikhede soos finansiële verpligtinge word breedvoerig aan die gemeente verduidelik.

### *1.9.6 Die Kommissie vir Wêreldsending doen navraag oor die status van sendelinge wat in die buiteland werksaam is*

Die kommissie doen navraag deur die dagbestuur van die Sinodale Sendingkommissie van Wes-Transvaal rondom die status van sendelinge in die buiteland. Die volgende aspek word aan die Algemene regskommissie voorgelê vir duidelikheid:

- Wat is die status van 'n geordende sendeling wat in die buiteland sendingwerk doen (Kommissie vir Wêreldsending, 24 April 1992: 77).

### *1.9.7 Kontak met ander sendingorganisasies*

Met die betrokkenheid van die Kommissie vir Wêreldsending in die Ooste is daar ook kontak met ander sendingorganisasies gemaak.

Die **Overseas Mission Fellowship** se hoofkantoor wat in Singapoer gesetel is, word gereeld deur lede van die kommissie besoek. 'n Goeie verhouding is deur die jare heen opgebou. Die kommissie het in die verlede donasies aan die organisasie vir hul werk in die Ooste bewillig (Kommissie vir Wêreldsending, 25 Junie 1993:47-48).

*1.9.7.1 Betrokke by Eilandesending*

'n Skrywe word van Eilandesending in die Indiese Oseaan ontvang waarin die agtergrond van die Eilandesendingprojek uiteengesit word. Veral drie projekte van die Eilandesending naamlik die Bybelskool op Reunion, radiowerk en ander kleiner verantwoordelikhede, word aan die kommissie bekend gestel. Die ideaal van Eilandesending was om met die kerk saam te werk of selfs dat hul werksaamhede deur die kerk oorgeneem sou word. In die skrywe word 'n versoek aan die kommissie gerig om by die Eilandesending betrokke te raak of self verantwoordelikheid van die werk te aanvaar (Kommissie vir Wêreldsending, 24 September 1985:5-12).

Uit samesprekings blyk dit dat daar baie ooreenkomste tussen Eilandesending en die kommissie is. Die Sinodale Sendingkommissie besluit in beginsel om met die Eilandesending saam te werk. Die beste manier van samewerking blyk die Bybelskool te wees. Die besluit was egter onderhewig aan die besluit van die Wes-Transvaal Sinode (Kommissie vir Wêreldsending, 1 Oktober 1985:1-2).

Na aanleiding van die besluit van die Sinodale Sendingkommissie besluit die Kommissie vir Wêreldsending om met die Eilandesending saam te werk.

## 1.10 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat die Kommissie vir Wêreldsending 'n groter rol by sendingwerk in die Ooste gespeel het as net in Sri Lanka. Die beperkte betrokkenheid by sendingwerk in die Ooste met die aanvang daarvan in 1980 het gegroei tot volskaalse betrokkenheid.

Die doel van die plasing van die bylae was om die sendingvelde waar die Kommissie vir Wêreldsending betrokke is en was, aan te toon en om meer agtergrond te verskaf ten opsigte van die geskiedenis en die werking van die Kommissie vir Wêreldsending.

# BIBLIOGRAFIE

Annandale, W 1983. *Die werk van Wes-Transvaal in Sri Lanka.* Die Sendingblad Augustus 1983, pp235-240.

Bandara, H H 1972. *Cultural policy in Sri Lanka.* Unesco, Paris: Universitaines de France, Vendome.

Badenhorst, C H [1977]. Die *Here Onse God regeer.* S l: s n.

________ [ s a ]. *Sendinggeskiedenis. Saamgestelde aantekeninge.* S l: s n

Bavinck, J H 1960. *An introduction to the science of missions*, ed by D H Freeman. Phillipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

Benbow, C H 1962. *Boer prisoners of war in Bermuda.* 1st ed. The Island press limited.

Booysen, W A 1927. *Wyle eerw. A.J.K. de Klerk.* Die Kerkbode 21 September 1927, p421.

Bosch, D J 1979. *Heil vir die wêreld.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

_______ 1986. *Sending. 'n Prinsipiële besinning*, in P Robinson en J Botha (reds), Wat is sending? 'n Werkswinkel vir die familie van N.G. Kerke. Bellville: NG Sendingkerk.

_______ 1991. *Transforming mission.* New York: Orbis Books.

Boshoff, P 1901. *De krijgsgevangenen in Ceylon*. Die Kerkbode 15 Augustus 1901, pp465-468.

_______ 1902. *Het nieuwe jaar.* De Strever 4 Januarie 1902, p9.

_______ 1902. *Uit de kampen: II Diyatalawa*. Die Kerkbode 20 Maart 1902, p214.

Botha, E 1980. *Wêreldsending Wes-Transvaal.* Die Sendingblad Mei 1980, p150.

_______ 1981. *Die werk in Sri Lanka ondervind seën*. Die Sendingblad Maart 1981, p75.

Botha, E & Du Plessis J v W 1983. *China*. Die Sendingblad April 1983, p110.

Brink, J A 1902. *Ragama ( Ceylon ).* Die Kerkbode 8 Mei 1902, p363.

_______ 1902. *De kampen: Ragama ( Ceylon ).* Die Kerkbode 14 Augustus 1902, pp531-532.

Brink, J N 1904. *Ceylon en de bannelingen*. Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Brohier, R L 1946. *The Boer prisoners of war in Ceylon (1900-1902).* Journal of the Dutch Burger Union of Ceylon. Vol 36. (1).

Crafford, D 1982. *Aan God die dank Deel I. Geskiedenis van die sending van die Ned. Geref. Kerk binne die Republiek van Suid-Afrika en enkele aangrensende Buurstate*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

________ 1988. *Sendingwetenskap waarheen?* Intreerede gelewer ter bevordering tot hoof van die departement Godsdiens-en Sendingwetenskap. Pretoria.

Cronje, J M 1981. *Aan God die dank. Deel II. Geskiedenis van die sending van die Ned. Geref. Kerk buite die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

_______ 1982. *Born to witness. A concise history of the churches born out of the mission work of the Dutch Reformed Church ( Nederduitse Gereformeerde Kerk) of South Africa.* Pretoria: N G Kerkboekhandel Transvaal.

*Daily News*, 25 Oktober 1995. Forces foil attack, kills 30 Tigers, p1.

De Klerk, A J K 1927. *Diyatalawa, Ceylon*. Die Kerkbode 6 April 1927, pp494-495.

*De Strever*, 25 Januarie 1902. Voorbidding, p29.

*De Strever*, 26 Januarie 1902. De Zending ontwaakt, p21.

*De Strever*, 8 Februarie 1902. Onze Zendingwerkers, pp38-40.

*De Strever*, 1 Maart 1902. Adverteerders, p60.

*De Strever* , 15 Maart 1902. Onze Christelijk Strevers Vergaderingen, pp69-71.

*De Strever*, 12 April 1902. Wat is Zending?, p96.

*De Strever,* 28 Junie 1902. Briewekolom, p161.

*De Strever*, 19 Julie 1902. Reglement Ceylon-Hulp Zendinggenootschap, p176.

De Swardt, W H 1927. *Wyle eerw. A.J.K. de Klerk*. Die Kerkbode 15 Junie 1927, p862.

De Wet, P W 1984. *Hong Kong*. Die Sendingblad September 1984, p278

*Die Kerkbode*, 22 Februarie 1900. De krijgsgevangenen te Simonstad, pp114-116.

*Die Kerkbode,* 8 April 1925. De Ned. Ger. Kerk van Ceylon, p455.

*Die Kerkbode*, 15 Junie 1927. 'n Getuienis uit Ceylon: Waardering van het leven en de arbeid van eerw. A.J.K. de Klerk, p857.

*Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Algemene Sinode Oktober 1994.

_______ Oranje Vrystaat 1995. Bloemfontein: s n.

Dutch Reformed Church in Sri Lanka. *Report of Elders and Committee II held at the Dutch Reformed Church Wellawatte,* 1 March 1978.

Du Plessis, J 1911. *Merkwaardige verhaal aangaande het leven en de lotgevallen van Michiel Christiaan Vos.* Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Du Plessis, J. v W 1982. *Abraham de Klerk: Pionierssendeling in Ceylon (Sri Lanka).* Die Sendingblad Januarie 1982, pp25-28.

_______ 1983. *Duisend maal ja.* Die Sendingblad Augustus 1983, p239.

_______ 1983. *Thurairajah by Wes-Transvaal.* Die Sendingblad Augustus 1983, p243.

_______ 1983. *Die Sinode bid vir hulle.* Die Sendingblad Oktober 1983, p307.

_______ 1984. *Thurairajah en gesin.* Die Sendingblad Januarie 1984, p11.

_______ 1984. *Druppel bloed in Indië.* Die Sendingblad Februarie 1984, p39.

_______ 1984. *Die jongste nuus uit Sri Lanka.* Die Sendingblad September 1984, p301.

_______ 1984. *Lidmate en praktiese sending.* Die Sendingblad Oktober 1984, p327.

Du Toit, W J 1927. *Die kerkgebou te Diyatalawa.* Die Kerkbode 12 Oktober 1927, pp522-523.

Dwight, R 1993. *Five S A cricketers at Dutch Reformed Church.* The Herald July, August, September 1993, p6.

Eybers, I H 1982. *Inleiding op die Teologie.* 3rd ed. Pretoria: N G Kerkboekhandel Transvaal.

Ferreira, C R 1927. *Die Ceylon-Sending.* Die Kerkbode 30 November 1927, p785.

Franciscus, S D 1983. *Faith of our Fathers.* Colombo: The Evangel Press.

*Gulf News*, 22 October 1995. Tigers kill 66 in Lanka massacre, p1.

Henning, C G 1974. *Boerekrygsgevangenes in Ceylon.* Militaria 4, 1-14.

Herholdt, J H 1980. *Ondersoek na sendingveld.* Die Sendingblad April 1980, p13.

_______ *Wêreldsending Wes-Transvaal.* Die Sendingblad Mei 1982, p175.

Hofmeyr, A M 1993. *Through the eyes of South Africa ...* The Herald July, August, September 1993, pp16-17.

Hofmeyr, J W L 1928. *Abraham de Klerk.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. 1992. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Jantz, C N 1993. *The Kruger national park... and the church with long arms.* The Herhal July, August, September 1993, pp14-15.

Johnson, B L C 1981. *Sri Lanka. Land, people and economy.* London: Heinemann Educational Books.

*Journal of the Principal Events connected with South Africa*, Part 2, 1900.

*Kerk en Samelewing*, 1990. 'n Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk . Bloemfontein: N.G. Sendingpers.

Kok, H S 1902. *Diyatalawa ( Ceylon ).* Die Kerkbode 8 Mei 1902, p363.

Kok, J W 1971. *Sonderlinge Vrug - Invloed van dieTweede Vryheidsoorlog op die Sendingaksie van die NG Kerk in Suid-Afrika*. Pretoria: NGKB

Kriel, C J 1961. *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1956*. Doctor Litterarum et Philosophiae aan die universiteit van Suid-Afrika.

Kritzinger, J J 1982. *Die onvoltooide sendingtaak in Noord- en Oos-Transvaal Deel I*. Universiteit van Pretoria: Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing ( ISWEN ).

_______ 1987. *Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika*. Universiteit van Pretoria: Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN).

_______ 1988. *Die onvoltooide Sendingtaak in Suid-Afrika*. Universiteit van Pretoria: Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing Teologiese Fakulteit.

Keuneman, H 1994. *Insight guides Sri Lanka*. 6th ed. Singapore: Höfer Press.

Liebenberg, D 1902. *Iets aan onze Zendingklasse*. De Strever 14 Junie 1902, pp145-146.

Louw, J 1963. *Ds. A.F. Louw op St. Helena*. Kaapstad en Pretoria: NG Kerk-uitgewers.

Louw, J S 1927. *Eerw. A. J .K. de Klerk.* Die Kerkbode 1 Junie 1927, p793.

Meintjies, J 1976. *The Anglo-Boer war 1899-1902. A Pictoral History.* Cape Town and Johannesburg: C. Smith Publishers.

Murray, A 1988. *Die sleutel tot 'n kragtige getuienisaksie*, ed by W Rust. Roodepoort: Transco.

_______ [s a]. The secret of the abiding presence. London: Morgen and Scott.

Murray, G 1900. *De krijgsgevangenen te Ceylon.* Die Kerkbode 27 Desember 1900, pp804-805.

_______ 1900. *De krijgsgevangenen, op reis, naar Ceylon.* Die Kerkbode 13 Desember 1900, pp774-775.

_______ 1901. *Brief uit Ceylon.* Die Kerkbode 28 Maart 1901, pp198-199.

Nederduitse Gereformeerde Kerk Wes-Transvaal. *Agenda van die derde vergadering,* 10-19 Julie 1979.

_______ *Handeling van die derde vergadering*, 10-19 Julie 1979.

_______ *Sinodale Sendingkommissie*, 11 November 1979.

_______ *Sub-kommissie werkers oorsee*, 24 Februarie 1986.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 11 Augustus 1980.

_______ Sinodale Sendingkommissie, *verslag Kommissie vir Wêreldsending*, 22 September 1980.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 27 September 1980.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 30 Oktober 1980.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 5 Maart 1981.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 7 Augustus 1981.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 9 Februarie 1982.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 28 Februarie 1982.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 2 Maart 1982.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 28 Junie 1982.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 16 September 1982.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 28 Junie 1983.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 25 November 1983.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 3 Julie 1984.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 31 Julie 1984.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 21 Junie 1985.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 24 September 1985.

_______ *Addendum verslag Kommissie vir Wêreldsending*, 1 Oktober 1985.

_______ *Ooreenkoms Chinese Church Research Centre en die Kommissie vir Wêreldsending,* 1985.

_______ *Ooreenkoms tussen Kommissie vir Wêreldsending, die Sinodale sendingkommissie Oranje Vrystaat en sending onder die kommuniste,* 1985.

_______ *Dagkonferensie Kommissie vir Wêreldsending*, 4 Februarie 1986.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 28-29 April 1986.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 14 Augustus 1986.

_______ *Ouditverslag Kommissie vir Wêreldsending*, 15 Mei 1987.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 22 Januarie 1988.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 7 November 1988.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 24 Februarie 1989.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 28 Julie 1989.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 16 Februarie 1990.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 6 Junie 1990.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 29 Januarie 1991.

_______ *Agenda Kommissie vir Wêreldsending*, 19 April 1991.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 7 Mei 1991.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 11 November 1991.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 24 April 1992.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 5 Februarie 1993.

_______ *Samesprekings te Nirwara Eliya Kommissie vir Wêreldsending*, 29 Maart 1993.

_______ *Notule Dagbestuur Kommissie vir Wêreldsending*, 29 Maart 1993.

_______ *Agenda Kommissie vir Wêreldsending*, 25 Junie 1993.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 22 November 1993.

_______ *Agenda en notule Kommissie vir Wêreldsending*, 9 Junie 1994.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 7 Oktober 1994.

_______ *Notule Kommissie vir Wêreldsending*, 14 Augustus 1995.

Neill, S 1964. *A History of Christian Missions*. Great Britain: Hazell Watson & Viney.

Olwagen, W J C 1980. *Sri Lanka I*. Die Sendingblad Mei 1980, p147.

_______ 1980. *Anuradhapura*. Die Sendingblad Julie 1980, p219.

_______ 1980. *Briefie uit Sri Lanka*. Die Sendingblad Julie 1980, p221.

Oosthuizen, S P R 1975. *Die beheer, behandeling en lewe*

*van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boere oorlog, 1899-1902*. D Phil proefskrif, Universiteit Oranje Vrystaat.

Pakenham, T 1982. *The Boer War*. Great Brittain: The Guernsey Press Co. Ltd.

Postma, D 1900. *De krijgsgevangenen te Ceylon*. Die Kerkbode 27 Oktober 1900 ,p612.

Pretorius, C P 1900-1902. *Gevangenisherinneringe Carel P. Pretorius Diyatalawa Deel I en Deel II.*

Reid, R 1989. *Boer prisoners of war at Green Point*, March 1900-Dec. 1901. Honours paper, University of South Africa, Pretoria.

Rossouw, W A 1982. *Dagbreek oor Sri Lanka*. Die Sendingblad Augustus 1982, p254.

Roux, H A 1901. *Brief van ds. H. Roux uit Ceylon*. Die Kerkbode 17 Oktober 1901, pp573-574.

________ 1902. *De kampen: Ceylon ( Diyatalawakamp )*. Die Kerkbode 14 Augustus 1902, pp532-533.

Roux, J 1976. *Ds. De Klerk van Ceylon*. Die Kerkbode 19 Mei 1976, pp640-641.

Skeen, S F 1927. *Die afsterwe van eerw. A.J.K. de Klerk*. Die Kerkbode 15 Junie 1927, p859.

_______ 1927. *Die kerk in Ceylon in die dae van die Hollanders*. Die Kerkbode 28 September 1927, pp454-455.

Smit, C J v R 1902. *Zending Conferentie*. De Strever 17 Mei 1902., p125.

_______ 1902. *Diyatalawa Zending Conferentie Dec.1902. De Strever 26 April 1902*, pp103-104.

Thom, G 1901. *Diyatalawa*. Die Kerkbode 7 Maart 1901, pp147-148.

_______ 1902. *Ceylon*. Die Kerkbode 26 Junie 1902, pp445-446.

_______ 1902. *De kampen: Hambantota, Ceylon*. Die Kerkbode 7 Augustus 1902, pp516-518.

Thorn, G 1902. *De kampen: Hambantota, Ceylon* 1902, pp554-555.

Van Biljon, 1902. *Briewekolom*. De Strever 8 Februarie 1902, p38.

Van den Berg, J 1956. *Constrained by Jesus' love: An enquiry into the Motives of the Missionary Awakening in Great Britain in the Period Between 1698 and 1815*. Kampen: Kok.

Van der Merwe, P 1901. *Brief uit Ceylon*. Die Kerkbode 23 Mei 1901, pp301-303.

Van der Merwe, W J 1934. *The development of missionary attitudes in the Dutch Reformed Church in*

*South Africa*. D Phil, Kennedy School of Missions of the Hartford Seminary Foundation.

_______ 1967. *Gesante om Christus wil*. Kaapstad en Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers.

Van Heerde, G L 1951. *Twee eeue van Sendingwerk. 'n Oorsig oor ons Kerk se sendingwerk in Suid-Afrika 1652-1857*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Van Jaarsveld, F A 1975. *Uit die album van 'n Boerekrygsgevangene: Friedrich Ernst Otto Mors*. Historia, pp39-44.

Van Tonder, J M 1982. *Die kerk onder die krygsgevangenes te Bermuda 1899-1902. Met besondere verwysing na die werk van D. Postma*. S l.

Van Wijk, A 1983. *Tweede kursus vir Sri Lanka*. Die Sendingblad November en Desember 1983, p345.

Webb, M 1987. *Bedevaart na Ceylon*. Lantern, pp13-21.

Wessels, A 1991. *Die Anglo-Boere oorlog 1899-1902.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

Wijesekera, M 1993. *Friendship across the seas*. The Herald July, August, September 1993, pp8-10.

**Onderhoude**

*Du Plessis, J v W* 1996. *Onderhoud met navorser.* Suid-Afrika, Delareyville.

*Jantz, C N* 1995. Onderhoud met navorser. Pretoria, Suid-Afrika.

*Senasinghe, J* 1995 . Onderhoud met ds. J. v. W. du Plessis. Colombo, Sri Lanka.

*Skeen, M M (mev.)* 1995. Onderhoud met navorser. Roodepoort, Suid-Afrika.

*Ter Haar*, P 1995. Onderhoud met navorser. Bangkok, Thailand.

*Thurairajah*, K (mev) 1995. Onderhoud met ds. J.v.W. du Plessis. Colombo,Sri Lanka.

*Van Rensburg*, J 1995. Onderhoud met navorser. Pretoria, Suid-Afrika.

## OPSOMMING

## DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SRI LANKA 1900 TOT 1995. 'N SENDING-HISTORIESE BEOORDELING

Die eerste kontak tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Dutch Reformed Church in Ceylon het reeds in 1804 plaasgevind. **Ds. M. C. Vos** het as verteenwoordiger van die Londense Sendinggenootskap in Ceylon sendingwerk gaan doen.

Met die aankoms van die **Boerekrygsgevangenes** in Ceylon is die kontak tussen lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die inwoners van Ceylon weer eens hervat. Tydens die aanhouding van die Boerekrygsgevangenes in Ceylon het daar 'n geestelike herlewing in die kampe plaasgevind. Die lot van die miljoene verlore mense in Ceylon het die Boere aangespoor om die Ceylon-Hulp Zendinggenootschap te stig met die doel om die evangelie aan dié mense te verkondig. Elke lid van dié genootskap sou 'n maandelikse bydrae maak om 'n evangelis in Ceylon finansieel te ondersteun. Die Boerekrygsgevangenes was kinders van hul tyd, wat die sendingentoesiasme wat gedurende die negentiende eeu in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontwikkel het, verteenwoordig het.

As gevolg van die kontak tussen ds. C. R. Ferreira, sekretaris van die Ceylon-Hulp-Zendinggenootschap en die Dutch Reformed Church in Ceylon, gaan eers **eerwaarde A. J. K. De Klerk en daarna S. F. Skeen** na Ceylon om dié kerk behulpsaam te wees. Eerw. De Klerk, 'n afgestudeerde student van die Sendinginstituut te Wellington het diep spore in die Dutch Reformed Church in Ceylon getrap. Eerw. De Klerk het ernstig siek geword en na slegs twee jaar op die eiland sterf hy in 'n hospitaal in Colombo. Eerw. Skeen het hom

opgevolg en 'n belangrike bydrae tot die administrasie van sy gemeente gelewer.

Die verhandeling handel vervolgens oor die sendingbetrokkenheid van die **Kommissie vir Wêreldsending** van die Sinode van Wes-Transvaal in Sri lanka. Die Boerekrygsgevangenes en eerwaardes De Klerk en Skeen het as' t ware die pad vir die kommissie voorberei. Die werk van die kommissie kan egter nie los van die werk van **ds. Rajkumar Thurairajah** gesien word nie. In 1980 het 'n ontmoeting in Sri lanka tussen die kommissie en ds. Thurairajah plaasgevind waarna die kommissie besluit het om by ds. Thurairajah se werk betrokke te raak, 'n verhouding wat sou strek tot en met sy afsterwe in 1993. Saam met woordverkondiging aan die nie-Christene in Sri lanka het die kommissie en ds. Thurairajah *Biblecor Lanka* op die been gebring, 'n Bybelverspreidingsprojek en 'n kinderevangelisasieprojek van stapel gestuur.

Weens verskeie redes was die verhouding tussen die kommissie en die **Dutch Reformed Church in Sri lanka** nie gesond nie. Deur die jare heen en as gevolg van omstandighede het dié twee partye nader aan mekaar beweeg. Na die afsterwe van ds. Thurairajah het die kommissie met die Dutch Reformed Church in Sri lanka onderhandel sodat hulle in die toekoms moontlik as vennote kan saamwerk. Die Dutch Reformed Church in Sri lanka het egter 'n verskraalde sendingbenadering, omdat dié kerk nie daadwerklik by sendingwerk onder die nie-Christene betrokke raak nie.

Die Kommissie vir Wêreldsending het steeds 'n belangrike rol in Sri lanka te speel. Lesse uit die verlede moet ter harte geneem word sodat die sendingbetrokkenheid van die kommissie in die toekoms in Sri lanka verseker kan word.

## SUMMARY

# THE MISSIONARY INVOLVEMENT OF THE DUTCH REFORMED CHURCH (NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK) IN SRI LANKA FROM 1900 TO 1995. A MISSION HISTORICAL EVALUATION

The first contact between the Dutch Reformed Church and the Dutch Reformed Church in Ceylon took place as early as 1804. **Rev. M. C. Vos** was a representative of the London Mission Society, who worked in Ceylon.

When the **Boer prisoners of war** arrived in Ceylon, this contact between the members of the Dutch Reformed Church and the people of Ceylon was resumed. During the imprisonment of the Boers as prisoners of war, at Ceylon a religious revival took place in the camps. The plight of millions of unsaved souls in Ceylon encouraged the Boers to form the *Ceylon-Hulp Zendinggenootschap* with a view to bring the gospel to the people. Every member of the *Genootschap* would make a monthly contribution to support an evangelist in Ceylon financially. These Boers, were in accordance with the spirit of that time, missionary enthusiasts - a trend that had been developing since the nineteenth century in the Dutch Reformed Church.

As a result of the contact between the rev. C. R. Ferreira, secretary of the *Ceylon-Hulp Zendinggenootschap*, and the Dutch Reformed Church in Ceylon, first the missionary **A. J. K. De Klerk** en then **S. F. Skeen** went to Ceylon to assist the church. Rev. De Klerk fell seriously ill and after only two years on the island died in Colombo. He was succeeded by rev. Skeen, who made an important contribution to his congregation's administration.

This thesis deals furthermore with the mission involvement of the **Commission of World Mission of the Synod of Western Transvaal** in Sri lanka. The Boer prisoners of war, as well as rev. De Klerk and Skeen, prepared the way for the commission. The work of the commission may however not be seen as something separate from that of rev. Rajkumar Thurairajah. In 1980 a meeting was held between the commission and rev. Thurairajah in Sri lanka, where after the commission decided to involve itself with rev. Thurairajah's work - a relationship that would last until his death in 1993. Along with the preaching of the gospel to non-Christians in Sri lanka, rev. Thurairajah and the commission started *Biblecor Lanka*, launched a Bible distribution project and a children's evangelisation project.

There are many reasons for the unhealthy relationship between the commission and the **Dutch Reformed Church in Sri lanka**. Through the years and as a result of circumstances these two parties moved closer to each other. After the death of rev. Thurairajah the commission negotiated with the Dutch Reformed Church in Sri lanka about the possibility to co-operate in future.

The Commission for World Mission still has an important role to play in Sri lanka. Examples from the past must be heeded so that the mission involvement of the commission in Sri lanka may be ensured.